Vir Elke Dag

'n Bybelse Dagboek

ten dienste van

die daaglikse gebruik

deur gelowiges.

'N WOORD VOORAF

'n Mens wonder of lidmate altyd besef watter voorreg dit is om elke jaar vir hulle huisgodsdiens 'n splinternuwe oordenkingsreeks te ontvang. Die dagboekstukkies vir 1977 word hiermee aangebied met die vertroue dat dit deur lidmate en ampsdraers by huisgodsdiens en huisbesoek gebruik sal word.

Dank word betuig aan medewerkers vir hulle aandeel.

P. M. Smith
J. H. Koekemoer
M. J. Naudé

1 Januarie **Lees:** Mark. 1:1-13 **Teks:** Mark. 1:1

DIE EVANGELIE

Die eerste vers kan dien as opskrif van die Evangelie van Markus, en met dié woorde maak hy bekend wat hy aan sy lesers wil skryf. In die opskrif word 'n dubbele doelstelling aangedui: hy wil die begin van die evangelie beskrywe en wil daarby ook die geloof versterk dat Jesus Christus die Seun van God is. Die bron en oorsprong van die evangelie is geleë in die menswording, lewe, sterwe en opstanding van Jesus. Hierdie gebeure wil Markus op só 'n manier beskrywe dat selfs die heidene dit sal glo, en sal bely, naamlik dat Jesus Christus die Seun van God is. Hierdie getuienis dat Jesus die Seun van God is, is die tema van die hele Markus Evangelie.

Markus wil alles te boek stel wat hoort by die begin van die evangelie. Die begin van die evangelie is geleë in die vleeswording van Jesus Christus op aarde. Die begin van die evangelie is dus alles wat Jesus geleer, gepreek en gedoen het en waarop die apostels voortgebou het soos dit vir ons in die Handelinge van die Apostels beskryf word.

Die evangelie is die blye boodskap aangaande Jesus Christus. Dit is blye boodskap omdat dit die vervulling is van die verwagting van die koms van die Messias uit Israel. Die verhaal wat Markus skryf, staan nie los van die Ou Testament nie, maar dit is evangelie, blye tyding juis omdat dit ook die vervulling van die beloftes van God is.

Hierdie evangelie getuig van die verlossing. Jesus is Here, Seun van God, wat die mens verlos. Hierdie verlossing is 'n verlossing van die oordeel en straf van God vir die sonde wat ons begaan het. Die verlossing in Christus is nie 'n verlossing uit armoede, slawerny en politieke onderdrukking nie. Die Verlosser verlos ons van ons sonde, dit is die grootste nood van alle mense. Markus wil van hierdie blydskap getuig, daarom stel hy sy evangelie op skrif.

2 Januarie **Lees:** Mark. 1:14-20 **Teks:** Mark. 1:15b

BEKERING EN GELOOF

Nadat Jesus deur sy doop met die Heilige Gees toegerus is vir sy Messiaanse taak, begin Hy sy werksaamheid onder die mensdom. Jesus kondig die langverwagte koms van die koninkryk van God aan, die tyd is vervul en die ryk is naby. Die koninkryk is egter nie 'n ryk van 'n aardse maghebber wat met 'n groot leërmag sy koninkryk op die aarde sal vestig nie. Hierdie koninkryk is anders as die ryke van die wêreld deurdat dit oënskynlik in „swakheid" gevestig word.

Met die koms van hierdie koninkryk kom daar ook 'n oproep hoe die mens hom teenoor die koninkryk moet stel: „Bekeer julle en glo die evangelie." Jesus bring die boodskap van die koms van die koninkryk en verkondig dit as 'n blye boodskap.

Die oproep tot bekering boesem by ons nie vrees in nie, maar is eerder 'n oproep wat met vreugde tot uitvoer gebring word. By hierdie oproep tot bekering word nie die doop geëis nie, maar die geloof. Ons weet uit die kategismus dat die geloof 'n sekere kennis en 'n hartlike vertroue is, en dat hierdie geloof in ons hart sterk gemaak word op grond van die gepredikte woord. Die geloof is dus 'n gawe van God en nie 'n menslike prestasie nie. Die ongelowige kan God nie verwyt dat sy geloof swak is nie; daarenteen kan die gelowige net dankbaar bely dat dit God se werk aan hom was.

Die bekering is ook nie 'n uit en uit menslike onderneming nie. God gee die opdrag, maar voorsien ook die moontlikheid tot die bekering. Aangesien die geloof daagliks deur die omgang met die Woord versterk moet word, geld dieselfde ook vir die bekering. Bekering word nie in een dag afgehandel nie, maar is 'n saak wat daagliks, voortdurend, moet gebeur. Want die mens hou nie op om sondaar te wees wanneer hy tot bekering gekom het nie, inteendeel, hy word nooit meer as 'n bekeerde sondaar nie.

3 Januarie **Lees:** Mark. 1:21-45 **Teks:** Mark. 1:37 en 38

DIE GENEESHEER

Volgens Markus begin die ampswerk van Jesus in Kapernaum. Jesus verrig in 'n kort tyd drie wonderwerke waardeur Hy Homself openbaar as die Messias. Hy dryf 'n onreine gees uit, Hy genees 'n melaatse. Behalwe hierdie twee wonderwerke genees Hy ook die skoonmoeder van Petrus wat siek was aan koors. Buiten hierdie drie persone wie se genesings vir ons in besonderhede opgeteken staan, het Hy „baie wat aan allerhande siektes gely het, gesond gemaak en baie duiwels uitgedryf . . ."

Hierdie wondergenesings veroorsaak dat baie mense Jesus volg. Dit mag wees dat die volgelinge Jesus nog nie ten volle geken het nie, en Hom bloot uit nuuskierigheid volg. Maar die bose geeste wat Jesus uitdryf ken Hom selfs by die naam. Hulle weet dat hulle mag vernietig is met die koms van die Seun van God in die wêreld. Hulle noem Jesus by die naam, nie omdat hulle Hom bely nie, maar omdat hulle Hom volgens die destydse volksgeloof probeer besweer.

Jesus dryf nie net duiwels uit nie, maar Hy maak ook die siekes gesond. Jesus geniet die gasvryheid van Simon en hoor onmiddellik by sy aankoms van die siekte van die skoonmoeder van Petrus. Jesus maak haar gesond. Jesus reinig ook 'n melaatse. Hierdie gebeure bring mee dat die skare Hom volg in groot getalle, en almal na Hom toe bring wat ongesteld is.

Almal soek Jesus. Natuurlik sal almal Hom soek, want hier is wonderwerke besig om te gebeur. Hulle word gedryf deur die tydelike nood.

Jesus het nie net gekom om van die tydelike nood te genees nie, maar Hy genees eintlik die geestelike nood. Jesus skenk verlossing uit die geestelike nood aan almal en deur die verkondiging lê die taak op die kerk om nie net aardse brood te voorsien nie, maar die ewige brood.

4 Januarie **Lees:** Mark. 2:1-12 **Teks:** Mark. 2:5

SIEKTE EN SONDE

Jesus is weer terug in Kapernaum, en omdat die mense Hom ken, versamel daar weer 'n baie groot skare rondom Hom om te sien wat Jesus doen, en te hoor wat Hy sê.

Die gehoor dink nie, almal dieselfde van Jesus nie. Sommige het gekom omdat hulle reeds in Hom geglo het, ander is teenwoordig omdat hulle nie in Hom glo nie. Die laasgenoemde groep is die skrifgeleerdes en die Fariseërs.

Die skrifgeleerdes was die mense wat moes waak teen allerhande vreemde leringe en alle nuwe beskouinge wat mag opduik. Die berig van Jesus, die geneesheer, het reeds wyd geloop. Daarom is hulle hier om Hom te toets aan hulle woord en om te waak dat hier nie 'n vreemde leer geleer word nie.

Terwyl Jesus besig is om te preek, word 'n verlamde man uit die dak neergelaat. Aangesien die skare die deure so volgestaan het dat dit onmoontlik was om Jesus te bereik, word die dak oopgebreek om die verlamde by Jesus te bring.

„Seun, jou sondes is jou vergewe!" Hierdie woord is vir die skrifgeleerdes aanstootlik. Hierdie man spreek godslasterlik, want net God kan sondes vergewe Maar Jesus sê nie net so nie, maar maak die man ook gesond. Hiermee bevestig Hy sy goddelike gesag, die Seun van die mens is God, Hy vergewe die mens sy sonde.

Maar Jesus lê ook 'n verband tussen ons liggaamlike nood en ons sondes. Die siekte, armoede en ellende is die gevolge van die sonde. Jesus verlig ook die gevolge van die sonde. Die wonderlike genesingskrag van Jesus is teken daarvan dat Hy die Seun van God is wat gekom het om die werklike vyand van die mens te oorwin, naamlik die sonde. Die jong man kan loop, hy is liggaamlik genees, maar ook sy sondes is vergewe, nou is hy werklik gesond.

5 Januarie **Lees:** Mark. 2:13-17 **Teks:** Mark. 2:14

JESUS, GOD VAN TOLLENAARS

Die spanning tussen Jesus en sy vyande laai op. Die skrifgeleerdes en die Fariseërs volg Jesus saam met die skare. Jesus se handelswyse staan hulle nie aan nie.

'n Tollenaar was 'n Romeinse amptenaar wat in diens van hulle regering sekere belastings van hulle volksgenote moes eis. Gevalle van oneerlikheid en wanpraktyke het onder hulle voorgekom. Hulle amp het meegebring dat hulle in aanraking gekom het met almal wat die paaie gebruik, en dus volgens Joodse wet onrein was omdat hulle met die onreines op die

pad in aanraking was. Daarom word hulle met sondaars gelykgestel. 'n Jood wat godsdienstig rein was, het nie met 'n tollenaar gemeng nie.

Jesus gaan teen die ervaring van die Jood in. Hy openbaar ook 'n nuwe waarde: nie hy wat deur uiterlike gedrag rein is nie, maar hy wat deur die vergewing van sondes rein geword het, is geskik om dissipel te wees.

Jesus praat nie net met tollenaars nie, maar Hy eet ook saam met hulle. Om saam te eet is teken van vriendskap en onderlinge gemeenskap tussen die disgenote. Vir 'n Jood was dit onmoontlik om saam met mense te eet wat godsdienstig onrein is.

„Volg my," sê Jesus vir Levi. Word 'n leerling en 'n dissipel van my, word dus ook terselfdertyd verlos van die aardse nood en raak bevry van jou sondes. Die tollenaar het die sielenood geken, en uit hulle geledere kom die opregte volgeling, want hulle probeer nie op eie krag staatmaak nie. Die Fariseërs het volgens die letter van die wet probeer leef, en juis deur hierdie poging om hulleself te red, was hulle onder die indruk dat hulle saak in orde is en dat hulle Jesus nie nodig het nie.

Jesus weet waar die nood groot is, nie net in die hart van die tollenaar nie, maar ook in die hart van elke sondaar. Daarom is skuldbelydenis vir die volgeling van Jesus noodsaaklik. Wie sy skuld bely weet dat op eie krag nie gereken kan word nie, maar op God alleen.

6 Januarie **Lees:** Mark. 2:18-22 **Teks:** Mark. 2:22

DIE OUE EN DIE NUWE

In die vorige paar verse het Jesus standpunt ingeneem teen die Jode wat meen dat die onreinheid van jou naaste jou onthef van jou verantwoordelikheid jeens hom. In hierdie gedeelte maak Jesus 'n uitspraak oor hulle verhouding tot God. Hulle wil die guns van God wen deur baie dikwels te vas.

Die Fariseërs wil van Jesus weet waarom sy dissipels dan nie vas nie. Die hele Jodendom vas dan, waarom nie Hy en sy dissipels ook nie? Sy antwoord bestaan uit drie beelde: die huwelik, dié van die nuwe lap op die ou kleed, en dié van die nuwe wyn in die ou sakke. Die beeld van die huwelik wil die gedagte van die Messiaanse ryk sterk onderstreep. Die bruilofsfees is aan die gang, die Messias is daar, en juis daarom is daar nie plek vir die swaarmoedige godsdiens van die Fariseërs nie. Maar die tyd wanneer die bruidegom nie meer teenwoordig sal wees nie, sal aanbreek, dan moet daar gevas word. Dit is waarskynlik 'n verwysing na sy dood.

'n Nuwe tyd het aangebreek. Die gedagte word deur die twee kort gelykenisse onderstreep. Daar bestaan nie plek vir die nuwe binne die raamwerk van die oue nie Jesus se leer sou wees soos 'n nuwe lap op 'n ou kleed. Net soos wat die

samevoeging van die oue en die nuwe die ondergang van die oue beteken, net so ook is dit die ondergang van die nuwe. Ou leersakke kan nie nuwe wyn hou nie. Dit skeur en die nuwe wyn gaan verlore.

Dit is waarskynlik dieselfde gedagte wat die apostel Paulus in gedagte het as hy oor die versoening met God in Christus sê: die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword, 2 Kor. 5:17. In Christus het alles nuut geword. Daarom nuwe wyn in nuwe leersakke, 'n nuwe leer met nuwe lewensvorme.

7 Januarie **Lees:** Mark. 2:23-3:12 **Teks:** Mark. 2:28

EREDIENS EN RUS

Die botsing tussen Jesus en die Fariseërs sluit ook die onderhouding van die vierde gebod in. Twee gebeurtenisse op die sabbat word aanleiding tot 'n verdere verskil van mening tussen Jesus en die Farisieërs.

Terwyl Jesus saam met sy dissipels deur die gesaaides loop, pluk hulle van die are. Die Fariseërs laat hierdie geleentheid om Jesus aan te val nie verbygaan nie. Maar Jesus se antwoord laat die Fariseërs sonder woorde.

Nog 'n ander gebeurtenis vind plaas. Jesus genees op die sabbat in die sinagoge 'n man wat 'n verdorde hand gehad het. Dit staan sy vyande nie aan nie, maar Jesus dryf hulle met sy vraag in 'n hoek. Moet 'n mens op die sabbat goed doen of kwaad doen, 'n lewe red of verloor? Daar is geen middeweg nie, dit is of die een of die ander.

God het die sabbat vir die mens gemaak sodat die mens op die sabbat kerk toe kan gaan waar hy met God in gesprek kan tree deur woord en gebed. Maar God ken die mens. Hy weet dat die mens nie dag in en dag uit kan werk sonder rus nie. Een dag in die week het God vir die mens gegee om van sy handearbeid te rus. Jesus gaan self na die sinagoge soos wat sy gewoonte was, maar erken ook die moment van rus en dui aan dat rus nie 'n absolute stilstand is nie.

Die Jodendom het wel die moment van rus raakgesien, maar belaai dit met soveel „mags" en „moenies" dat dit niks anders word as 'n soort van werkheiligheid nie.

Die Seun van die mens heers ook oor die sabbat en kan die dag volgens sy wil aanwend vir die mens tot voordeel. Jesus maak die gelowige vry van al die bykomstige wette wat die Jode op die sabbat moes hou. Hy maak die mens vry, sodat die mens Hom mag dien en deel in die rus wat God beskik het.

Soos God na sy skeppingswerk gerus het, wil Hy ook dat ons sal rus na ons weeklikse werk, om sodoende deur die verkondiging van die evangelie van rus en vrede, bewus te word van die ewige rus aan die einde van ons verblyf op aarde. Sabbat beteken om klaar te wees met iets. Daarom roep die sabbat ons op om klaar te kry, nie net met ons weeklikse handewerk nie, maar om ook klaar te kry met ons sonde.

8 Januarie **Lees:** Mark. 3:13-35 **Teks:** Mark. 3:35

DIE FAMILIE VAN JESUS

Elkeen wat die wil van God doen, is die familie van Jesus. Met hierdie woorde maak Jesus 'n keuse teen sy familie in. Sy familie soek Hom onderwyl Hy besig is om die skare van mense wat Hom volg, toe te spreek. Die familie van Jesus is nie diegene wat deur aardse familiebande aan Hom gebind is nie. Sy familie verstaan nog nie presies wie Hy was en waarvoor Hy na die aarde gekom het nie. Hulle verstaan nie dat Hy die Seun van die mens is wat 'n taak het om te verrig aan 'n wêreld wat die wil van God nie doen nie. Om hierdie taak te verrig, kies Jesus vir Hom 'n klein groepie dissipels uit. Hy sou hulle uitstuur om aan die wêreld die verlossingsboodskap te gaan verkondig. Hulle sou ook die oog en oor-getuies wees wat daarvoor verantwoordelik sou wees om hierdie woorde en dade van Jesus aan die gemeentes oor te dra.

Hierteenoor staan die Jodendom, soos verteenwoordig deur die skrifgeleerdes. Hulle beskuldig Hom dat Hy iemand is wat van Beëlsebul besete is, en duiwels uitdryf deur die owerste van die duiwel; dit wil sê Hy staan in diens van Satan. Deur Jesus met Beëlsebul te verbind wil die skrifgeleerdes sy wonders bestempel as towery. Op hierdie mense rus die oordeel, want hulle noem die werk van die Gees, duiwels en ontken dus die werking van die Heilige Gees.

'n Groot skare volg Hom nog, maar sy familie aanvaar Hom nie vir wat Hy is nie, die skrifgeleerdes beskou Hom as iemand in diens van Satan, en uiteindelik sal Jesus oorbly met sy groepie dissipels.

Die apostels vorm so die fondament van die kerk van Jesus hier op aarde. Die kerk het die taak om seker te maak dat hy die wil van sy gekruisigde en opgestane Heer doen. Die kerk, die familie van Jesus, moet kragtig getuig van sy woorde en werke, sodat die wêreld tot geloof sal kom en so sy wil doen, om God en ons naaste lief te hê.

9 Januarie **Lees:** Mark. 4:30-34 **Teks:** Mark. 4:33

MET GELYKENISSE HET HY GESPREEK

Hierdie opskrif staan in vers drie en dertig. So het ons die wonder daarvan van kleintyd af ervaar as ons oop mond sit en luister het. So bring dit nog steeds rus en kalmte in die onstuimige gemoed van die opregte luisteraar.

Dit is daarom dat ons dikwels wens dat nog meer van die gelykenisse vir ons bewaar gebly het — al die baie waarvan Markus praat. Ons berus egter in die versekering van Johannes, dat soos met die tekens, ook genoeg gelykenisse vir ons nagelaat is dat ons kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God en dat ons deur te glo, die lewe kan hê in sy Naam.

Hiertoe is ook elke gelykenis vir ons voldoende verklaar. Ons hoef nie te wees soos iemand wat kyk en kyk, en nie sien nie; en hoor en hoor en nie verstaan nie.

Gelykenisse is nie vreemd vir die mens nie. Dit kom voor so vroeg as die tyd van die Rigters. Ons vind dit ook in die oudste tale en in die mond van selfs die primitiefste volk. Daarom hoef dit ook vir sy dissipels en vir ons nie vreemd te wees dat Jesus ons in gelykennise wil leer nie.

Die fout van die nie verstaan nie, lê nie by die verteller nie, maar by hom of haar wie se hart verhard is. Jesus, so verseker ons teksvers ons, het gespreek volgens wat hulle kon verstaan. Soos lewegewende water uit die hemel, val die seën van sy woorde ook nog steeds op ons harte. Soms sak dit in om tot die wortel te raak. So dikwels rol dit af oor 'n onverstandige hart nog meer verblind.

Geseënd is die mens vir wie Jesus dan eenkant toe neem en soos vir sy dissipels diep in die geheimenisse van die lewe wil inlei.

10 Januarie **Lees:** Mark. 4:35-41 **Teks:** Mark. 4:36b

ANDER SKUITJIES SAAM MET ONS

Dit is die einde van nog 'n dag waarin Jesus sy dissipels en so baie ander mense geleer het. Baie het kom luister, so lees ons in Matteüs 8 waarin breedvoeriger vir ons vertel word wat hierdie gebeurnis voorafgaan. Seker almal sou saam wou oorvaar na die ander kant. Hulle het gehoor hoe Hy geleer, vermaan en vertroos. Hulle het gesien en ervaar hoedat Hy genees en gevoed het.

Maar nie almal kon meegaan nie. Nie vir elkeen was daar 'n skuitjie of plek in die skuit nie. Sommige, die meeste sou ons sê, moes agterbly.

In hulle harte sou daar seker teleurstelling en selfbejammering wees teenoor die tevredenheid en geluk van hulle wat saam kon gaan.

En tog, weldra sou die gevoelens net omgekeerd wees. Wanneer die storm op die see ontstaan, sou hulle wat agter moes bly 'n sug van verligting kon slaak soos so baie van wie ons lees in ons tyd wat 'n rampskip of vliegtuig verpas het. Teenoor die veiligheid en verligting op land is daar nou die kommer en die dood op see.

So het daar ook baie skuitjies saam met ons gekom uit Europa na die suidpunt van Afrika. Uit die probleemvolle wêreld van destyds kon 'n klompie mense ontvlugting soek in 'n nuwe land met nuwe hoop. Ook daar het seker baie teleurgesteld agtergebly. Ook vandag is daar nasate wat dankbaar is oor 'n voorouer wat agtergelaat is.

Want kyk ook ons skuitjies op die see van belofte het in 'n storm beland. Hoe ver daardie storm sal gevorder wees

wanneer u oor meer as 'n jaar hier lees, weet vandag die Here alleen. Maar weet dit: Saam met u, vaar daar ook baie ander skuitjies — die troos van 'n mens wat nie alleen wil wees in sy stryd nie.

Meer nog, alles nog: Ook by u is Jesus Christus wat in staat is om die storm stil te maak. En as u skuitjie dalk gesink het, neem Hy ook u aan die hand soos vir 'n drenkeling Petrus, met die woorde: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?

11 Januarie **Lees:** Mark. 5:21-43 **Teks:** Mark. 5:40

WIE LAASTE LAG

Aan die mens is die lag gegee as uiting van gesonde genot. Maar net soos met ander goeie gawes in die paradys, het ook hierin die satan sy hand laat voel en sy stem laat hoor. Die suiwer lag het reeds vroeg in die Bybel spotlag geword.

Bokant die werksgeluide, klink daar die spotstem op by die bou van Noag se ark. Selfs die gelowige Abraham val op sy aangesig van die lag en sê in sy hart: Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, 'n kind gebore word? Maar in die naam van Isak, sy seun, het God self gelag. Die naam Isak, het die betekenis van lag wat werklikheid was by Abram sowel as Sara; maar wat in volliediger vorm ook die lag van God in hierdie saak ingehou het.

So 'n lag hoor ook die digter van Psalm 2 uit die hemel. God lag oor die woelinge van die nasies en die nietige dinge wat hulle bedink. Hy lag vir die konings en die vorste van die aarde wat saam raad hou en gereed staan teen sy gesalfde. Ja, Hy lag vir hulle wat lag vir sy Seun, hier by die bed van die dogtertjie van Jaïrus. Ook hier sou Jesus aan die spotters kon sê soos in sy bergrede: „Wee julle wat nou lag, want julle sal treur en ween."

Maar nee, Hy ontferm Hom oor 'n bedroefde vader in wie se hart daar ook maar 'n sweem van lag kon wees oor die onmoontlike aanbod om hulp.

Ten spyte van dit alles bly die laaste lag nie in die hart van die ongelowige nie. Ook die dood moet sy oorwinnaarsglimlag nog bleker laat verbleek voor die waarheid in die woorde van 'n Paulus wat die opstanding in Jesus Christus verkondig. Ook van Paulus lees ons hoedat die Atheners hom bespot het oor die opstanding uit die dood.

Ja, vernietigend is die spotlag van hierdie wêreld op menige gebied, maar die laaste vyand wat vernietig word, sê die skrywer aan die Korintiërs, is die dood.

12 Januarie **Lees:** Mark. 6:1-6 **Teks:** Mark. 6:4

WAARDEER EN EER U EIE

Elke volk het sy land, sy taal en nog meer wat sy eie is. Elke mens mag rondom hom kyk en iets bemerk wat sy eie kan wees, deur God geskenk.

Min, indien enige, waardeer werklik wat sy eie is. Die gras anderkant die draad, jou buurman se vrou, sy huis, sy os of sy

esel, is begeerliker in jou oog as dit wat jou hart jou eie kan noem.

Net so is dikwels die gesindheid teenoor die gesonde leer. Daar is altyd dié mens wat dit verwerp ter wille van die oor wat gestreel wil wees. Daar word gegryp na alles en almal wat die gevoel kan opsweep, die hart kan laat klop om 'n gloed oor die hele liggaam uit te stuur. Daar word gesoek na die teenwoordigheid van iemand wat met mooi gekeurde en gepoleerde woorde 'n warme sekerheid bring.

Bekende mense wek daardie gevoel nie meer op nie. Hoe meer jy met hom verkeer, hoe meer merk jy foute en tekortkominge wat jou hom minder laat respekteer.

Iemand uit jou eie klein kring mag 'n groot waarheid verkondig, maar dit word eers aanvaar wanneer dit kom uit die mond van 'n bekende geleerde.

So het dit gegaan met Jesus en sy mense. Hy het voor hulle grootgeword. Hulle het Hom gereeld as kind gesien. In hierdie kind van die timmerman kon hulle eenvoudig nie die Messias sien wat sou kom ter wille van hulle verlossing nie.

So is dit nog steeds met sy gesante wat saam met sy leer verwerp word. Maar ook hier, soos by die laaste lag, geld die laaste woord van Hom wat nog altyd eerste was en laaste bly. Hy waarsku u en my: elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.

13 Januarie **Lees:** Mark. 6:7-13 **Teks:** Mark. 6:7

GESANTE VAN JESUS

Eers wanneer die mens in die werk staan waarvoor jy jou bekwaam het deur studie of vakleerlingskap, besef jy die erns van die saak. Eers dan ervaar jy die sware verantwoordelikheid, maar daarmee saam ook die bevrediging van tot diens te wees.

'n Voorsmaak van wat op hulle wag, ervaar die leerlinge van Jesus in ons gelese gedeelte. Tot nou toe was hulle nog onder die wakende oog, die besturende en beskermende hand van hulle Leermeester. Ja, Hy het selfs toegesien dat dit hulle aan die daaglikse behoeftes nie ontbreek nie.

Maar nou word hulle uitgestuur sonder enige voorraad voedsel, geld of klere. Hulle moet leer om staat te maak op die voorsiening van God deur middel van milde hande en vriendelike oë. Dit wat van ewigheid by God is, soos Psalm 25 ons leer, kom ook by die mens tot wie se hart Hy spreek. Dit is dan ook hulle wat die gesante van God herken en erken, hulle voed en hulle klee.

Daarteenoor is daar die ander wat hierdie gesante nie wil ontvang nie en selfs nie na hulle wil luister nie. Dit ervaar ook elkeen vandag nog wat staan in diens van die Heer van die kerk. Nog steeds word daar deure toegeslaan in die gesig van

sensusopnemers wat gaan soek om te vind wie verlore is. Nog steeds word mense in diens van die kerk uit huise gejaag van lidmate van die kerk.

Vir die Christen wat sy plig aanvaar het met 'n dankbare ywer vir die eer en die voorreg hom of haar toegeval, is dit dikwels 'n verpletterende skok. So iets was ondenkbaar vir daardie gemoed wat nog altyd net die meelewende gesindheid van 'n mede-Christen ervaar het. Soms tree daar dan diepe insinking in of kom daar wraakgedagtes en teenreaksie by 'n sterkere persoon na vore.

Maar, tot albei kom die vermaning en vertroosting van Hom wat stuur: Ek sal vergeld, meer as in Sodom. Hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin.

14 Januarie **Lees:** Mark. 6:14-29 **Teks:** Mark. 6:28

JOU HOOF OP 'N SKOTTEL

Die wreedhede van die vervolginge van gelowiges deur heiden, Jood, Mohammedaan deur die eeue heen is in baie verhale opgeteken. Nog meer is miskien nie vertel nie. Alles klink in elk geval vir ons so onwerklik en ver.

Wanneer ons egter dinge op fotos in koerante, boeke en tydskrifte begin sien, moet ons begin glo dat ook in ons sogenaamde verligte eeu, dieselfde dinge en wreder nog, die lot van elke ware Christen kan word. Tot hiertoe het menige gesant van God net maar dag vir dag gesterwe soos Paulus dit stel in sy eerste brief aan die Korinthiërs. Daar word elke dag gesterwe aan die hand van spotters, vervolgers en veragters, net om môre weer op te staan en voort te gaan met die werk.

Nou egter, is die groot vraag wat al dringender word dit: sal ons voortgaan met die stryd as ons sou weet vandag se opstaan was die laaste kans? Is ons bereid om pal te staan met die woord van die Gees in die hand in die aangesig van die swaard wat bloed laat vloei? Met ander woorde, is ons bereid om die opdrag aan Timótheüs uit te voer aan wie gesê is: „Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord, hou aan tydig en ontydig, weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering."

Dit is wat Johannes die Doper gedoen het, en sy hoof het op 'n skottel beland.

Maar wees daarin getroos, geliefde Christenstryder, dat hoewel die dissipels van Johannes slegs sy liggaam kon wegneem en om dit in 'n graf neer te lê, meer as dit deur Christus vermag word. Dit is Hy wat elke vernederde liggaam wat in Hom gesterf het, aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en tot Hom sal neem in ewigheid.

15 Januarie **Lees:** Mark. 6:45-56 **Teks:** Mark. 6:50

MOENIE VREES NIE

God het die wêreld goed geskape — baie goed. Op hierdie ou aarde van ons en in die ruimtes daar bo is daar baie om te geniet en vreugde uit te put. En so doen die dankbaar gelowige mens dan ook in arbeidsgenot en ontspannings-vreugde.

Tog is daar ook die ander sy van die saak. Die wêreld is vol struikeling, dorings en distels. Tussen die smart en die droefheid deur, skyn daar nog boonop 'n skaar van drogbeelde en skrikbeelde aanwesig te wees. Dit is dinge wat die oog waarneem en die hart in sy sondige siekte in gedaantes heel anders as wat die werklikheid is omvorm.

Menige mens het al die waarneming van skrikwekkende gedaantes gehad en ligte in die nag wat by nadere ondersoek doodgewone voorwerpe blyk te gewees het. Selfs in die dag bedrieg jou oë jou. Baie leeus en olifante in die wildtuin het al verander in stompe en skaduwees wanneer die kamerajagter nader ry.

So was dit ook met die dissipels van Jesus, die nag daar op die see waar hulle na Betsaida vaar. Hulle oë wat so pas die Meester op bomenslike wyse die vyf brode en twee visse aan die vyf duisend sien verdeel het, wil nie inneem en oordra aan die hart, wat hulle werklik sien nie. Hulle sien vir Jesus, maar gewaar in Hom 'n spook wat hulle kleingelowig en bygelowig laat uitskree van vrees. Selfs toe die werklikheid tot hulle deurdring, is daar vrae in die hart wat daarvan getuig dat hulle die krag in die uitdeel van die voedsel nog nie begryp het nie.

Met ons is dit nie anders nie. Ook aan ons is voedsel uit die Woord van God uitgedeel en ervaring van die waarheid daarin deur voorgeslagte. Nogtans is ons as volk en enkeling benoud by die aanskouing van sluipende skaduwees rondom ons grense, in ons midde en in ons harte. Geen mens kan ons hieroor kwalik neem nie, maar Jesus self wil ons kalmeer — nie met ydele troos nie, maar met sekere woorde: moenie vrees nie!

16 Januarie **Lees:** Mark. 7:1-23 **Teks:** Mark. 7:20

SONDE: VAN BUITE OF VAN BINNE?

By baie van ons lewe daar die gedagte dat sonde iets is wat van buite af op ons mense inwerk. Dit is te soek en te vind in die dinge om ons, die omstandighede, die wêreld waarin ons lewe. Hierdie mense sien dit so dat sonde 'n mag is wat op ons lê en loer, wat van buite af op ons toeslaan en ons dan ten kwade beïnvloed — ons besoedel.

So het die Fariseërs dit ook gesien. Vir hulle was dit 'n gruwel dat die dissipels met ongewaste hande geëet het. Hulle self sou so iets nooit doen nie, want dit sou veroorsaak dat hulle onrein word.

Maar nou verduidelik Christus dat dit nie so werk nie. Die sonde kom van binne, vanuit ons hart te voorskyn. Ons hart beweeg ons onophoudelik tot sonde. Uit ons hart kom die bose gedagtes na vore wat later gestalte kry in bose woorde en bose werke.

Om die saak weer reg te stel, is dit dus nie nodig dat ons omgewing sal verander nie. Nee — ons sélf moet verander. Ons hart moet deur die bloed en Gees van Christus gereinig word. Hy wil ons herskep. Ons oue mens moet verdwyn en die nuwe, God-welgevallige, moet in ons na vore kom. As ons besef dat die sonde in ons is, as ons aanvaar dat slegs Christus ons daarvan kan reinig, sal daar noodwendig by ons waaragtige dankbaarheid te vind wees.

17 Januarie **Lees:** Mark. 7:24-30 **Teks:** Mark. 7:29

BESKEIE VOLHARDING

Wanneer ons ons teksgedeelte lees, word ons getref deur die sterk geloof by hierdie Siro-Fenisiese, heidense vrou. Sy het Christus opgespoor waar Hy Homself 'n bietjie in eensaamheid wou terugtrek. Sy stel haar probleem reguit, onomwonde. Sy doen 'n beroep op Christus om as Redder uit ellende, haar bede te verhoor.

Maar dan gebeur daar 'n eienaardige ding. Christus wys haar af. Die Here is doof vir haar gebed. Hy verduidelik vir haar dat Hy gekom het om die verlore skape uit die huis van Israel te kom soek. Die brood is bedoel vir die kinders — nie vir die honde nie.

Dit is 'n harde antwoord wat Christus gee en baie van ons sou ons seker daardeur laat afskrik. Maar nie hierdie vrou nie. Sy hou vol. Sy pleit om genade: „. . . die hondjies eet darem onder die tafel van die kinders se krummels." Sy openbaar 'n sterk geloof, 'n geloof wat kan wag, 'n beskeie geloof. Sy hou vas aan die liefde en aan die goedheid van God.

Volharding is ook 'n gawe van God. Volhardende geloof lei tot oorwinning. Deur haar geloof blyk hierdie naamlose vrou ook 'n dogter van Abraham te wees. Sy is ook een van die verlore skape vir wie Chrsitus na die wêreld gekom het. Haar gebed word verhoor. So is dit met alle gebede wat in opregtheid en met volharding gebid word.

18 Januarie **Lees:** Mark. 7:31-37 **Teks:** Mark. 7:34

GAAN OOP!

Alhoewel daar vandag wonderlike skole en opleidingsgeleentheid vir sulke mense is, bly doofstommes mense met wie ons die grootste simpatie moet hê. Hulle lewe in 'n eensame wêreld. Hulle kan nie hoor wat hulle medemense gesels nie. Van hulle kant af, kan hulle nie hul gedagtes aan hulle medemens bekend maak nie. Hulle wêreld is stil en afgeslote.

Ons kan ons die juigende blydskap indink van hierdie man wat die wonderwoord gehoor het: Éffata! Gaan oop! Hy kon

hoor. Hy kon praat. Slegs die magswoord van die groot Ontfermer kon dit bewerkstellig. Sy Naam moet die eer ontvang. Want wie doen sulke weldade soos Hy? Hy laat dowes hoor en stommes praat.

Van nature het ons sondaar-mense nie 'n oor vir die boodskap van heil nie. Ons het nie 'n tong om oor die groot dade van God te spreek nie. Maar nou het Christus in die wêreld van stilte en duisternis lig, gehoor en spraak gebring. Hy wil dat ons die ewigheidslig sal sien; dat ons die evangelie van verlossing sal hoor; dat ons oor Gods liefde en genade tot sondaars sal praat. Ons ore moet oop wees om sy Woord te hoor en ons tonge moet losraak om van sy groot dade aan almal wat op ons weg kom te vertel.

19 Januarie **Lees:** Mark. 8:27-33 **Teks:** Mark. 8:29

WIE IS JESUS?

Daar is seker al honderde-miljoene male in die geskiedenis gevra: wie is Jesus? Die Man van Nasaret is en bly 'n uiters belangrike Persoon. Elke mens moet vir homself 'n antwoord vind op die vraag: wie is Jesus?

As ons let op die antwoorde wat die gewone publiek, die tydgenote van Jesus, gegee het, val dit ons op dat hulle van mening was dat Hy beslis nie sommer net 'n gewone mens was nie. Hy was so besonder dat hulle Hom sou identifiseer met een van die groot manne uit die verlede. Maar presies wié Hy was, dit weet hulle nie.

Die gewone publiek se antwoorde verskil. Hulle was nie eenstemmig in hul mening oor wie Jesus is nie. So is daar vandag nog groot meningsverskil oor die beantwoording van dié vraag.

Jesus trek die kring nouer. Hy vra direk aan sy dissipels: maar julle, wie sê julle is Ek? Die antwoorde van die publiek is blote gissings. Dit is maar menings sonder diepere kennis. Daarom vra Jesus aan sy dissipels ook die vraag. Hulle behoort Hom tog beter te ken.

Wat sal die antwoord wees? Kan iemand hier 'n antwoord skuldig bly? Sekerlik nie. Ons móét hierdie vraag antwoord. Ons mag nie neutraal staan nie. Van ons beantwoording van hierdie vraag, hang ons toekoms af. Ten einde te kan antwoord moet ons Jesus goed ken. Ons moet deur die geloof aan Hom verbonde wees. Geloof is kennis plus vertroue. As ons Jesus ken en ons stel al ons vertroue op Hom alleen, kan ons saam met Petrus korrek antwoord.

20 Januarie **Lees:** Mark. 8:27-33 **Teks:** Mark. 8:29

DIE CHRISTUS

Wie is Jesus? Die mense wat Hom nie ken nie, die gewone publiek, het wel allerlei opinies aangaande Jesus. Maar Petrus weet beter en daarom sy belydenis: U is die Christus.

Deur sy persoonlike kontak met Jesus, het Petrus Hom goed leer ken. Hy het gehoor en gesien hoedat Jesus met mag

leer. Petrus kon voel, hy het gewéét dat Jesus Gods woord spreek. Hy het geweet dat Jesus die Een is wat deur God die Vader met die Heilige Gees gesalf is. Hy is die verwagte Messias. Hy is die Redder, die Seun van God wat ons mensekinders van dood en hel verlos.

Petrus beskou Jesus nie as 'n groot rabbi, 'n uitnemende leraar, 'n besonder voorbeeldige en navolgenswaardige mens nie. Dit is wat Hy in die oë van die publiek van sy tyd was. En dit is hoe baie Hom ook in ons tyd sien. Maar dit is Hy nie. Hy is nie die wonderlikste mens wat daar ooit was nie. Hy is die Seun van God. Hy is God en mens tegelyk. Hy is die Middelaar tussen God en die mense.

Ons kan alleen soos Petrus bely as ons deur die Heilige Gees geleer is om Jesus as Koning, Priester en Profeet te ken. Uit ons eie, as natuurlike mense, kan ons dit nie doen nie. Ons kan die hoogte van hierdie belydenis slegs bereik as God dit vir ons openbaar. En ons moet ontvanklik wees vir sy openbaring, sodat ons saam met Petrus kán bely: U is die Christus.

21 Januarie **Lees:** Mark. 9:14-29 **Teks:** Mark. 9:28

WAAROM IS ONS SO MAGTELOOS?

Petrus, Johannes en Jakobus het die verheerliking van Jesus Christus op die berg bygewoon. Hulle het hulle met geestelike dinge besig gehou. Hulle was dig by God.

Op dieselfde tydstip was hulle kollegas aan die voet van die berg besig met tydelik-stoflike dinge. Hulle het teen die bose stryd gevoer.

Die dissipels was buite raad. Hulle wou 'n bose gees uitdryf. Christus het tog aan hulle mag gegee om dit te doen. En tog het hulle hier misluk. Die bose gees wou hulle nie gehoorsaam nie. Hulle het hul onmag besef, maar hulle het nie geweet wat die oorsaak daarvan is nie.

So gaan dit ook met die kerk. Ons besef ons onmag, maar ons weet nie altyd wáárom is ons so onmagtig nie. Ons vra baie maal vir onsself: waarom kan ons hom nie uitdrywe nie? Waarom kan die Christendom nie die invloed van die bose uit die wêreld uitdryf nie? Waarom kan ons nie die mag van die bose uit ons eie lewens verban nie?

Christus verduidelik: hierdie geslag kan deur niks anders uitgaan as deur gebed en vas nie. En dit is die antwoord op al ons „waaroms". Gebrek aan gebed en vas, gebrek aan waaragtige geloof en vertroue op die krag van God, is die oorsaak van ons magteloosheid. Christus wys die oorsaak van ons onmag duidelik aan. Hy diagnoseer ons sieklike geestelike toestand vir ons. En sodra dit genees is, sal ons magteloosheid ook iets van die verlede wees.

22 Januarie **Lees:** Mark. 9:30-37 **Teks:** Mark. 9:34

KLEIN VOOR GOD

In die geheime wegsteekplekkies, in die skuilhoeke van ons hart, worstel ons mense met die waan dat ons in die oë van God, darem meer werd is as die ander mense; dat ons Hom darem met meer oorgawe liefhet; dat ons darem vaster en suiwerder in Hom glo; dat ons Hom darem beter en getrouer dien en sy saak in hierdie wêreld met groter ywer en doelgerigtheid bevorder.

Sulke eiewaan is 'n tipies menslike ding. Ons is almal daaraan onderhewig. Die dissipels het selfs so ver gegaan dat hulle 'n ranglys wou opstel. Dié een is dan die grootste, daardie een die tweede grootste, ens. En wanneer ons dit van die dissipels lees, wil ons onmiddellik in meerwarigheid op hulle neersien.

Om onsself werklik gering te ag, om sonder voorbehoud van genade alleen te lewe, dit is vir ons bitter moeilik. En tog, alleen só behoort ons tot die koninkryk van die hemele. Ons kan onsself nie in die hemel bring nie. Ons is afhanklik van Christus om ons by die hand te neem en binne te lei. Ons moet as verleë, afhanklike kinders met leë hande kom om die skatte van Gods ontferming te aanvaar. Ons geskiktheid vir die koninkryk in ons eie oë, moet plek maak vir geskiktheid in sý oë. Dit gebeur alleen as ons grondig gestroop word van alle eiewaan en selfingenomendheid.

23 Januarie **Lees:** Luk. 1:1-4 **Teks:** Luk. 1:4

INLEIDING

Lukas, die mediese dokter, dra die evangelie wat hy skryf op aan 'n hooggeplaaste Romeinse amptenaar naamlik Theofilus. Laasgenoemde sou volgens gebruik van daardie tyd die onkoste dra om die eerste eksemplare te druk en dit verder versprei aan 'n wye groep mense. Uit die inhoud van die evangelie is dit duidelik dat dit nie alleen bedoel is vir Theofilus nie, maar vir alle mense van alle plekke en alle tye.

Lukas skryf die evangelie om vir die heidene aan te toon dat Jesus Christus ook vir hulle gely en gesterf het. Die besondere doel van die evangelie kom goed tot uitdrukking in ons teksvers: „sodat u met volle sekerheid kan weet die dinge waaromtrent u onderrig is." Die evangelie, die blye boodskap, is op skrif gestel sodat elkeen met volle sekerheid kan weet.

Die woord „weet" of „ken" het in die Bybel breër betekenis as wat ons daaronder verstaan. In die Bybel is dit in die eerste plek aanduiding van 'n besondere verhouding tussen twee persone.

In die Ou Testament word die woord „weet" of „ken" veral gebruik om die verhouding tussen God en mens uit te beeld. Met die sondeval is die verhouding tussen God en mens verbreek. Uit liefde en genade het God deur sy Seun Jesus Christus weer hierdie gebroke verhouding herstel.

Vanuit hierdie gegewens kan ons sê, skryf Lukas, of eerder word hy deur die Heilige Gees gedryf om te skryf, sodat die evangelie sal dien as middel om elkeen te bring tot die sekerheid: in en deur Jesus Christus is die verhouding tussen God en mens weer reggestel. Op geen ander wyse as deur sy Woord, wil God mense roep en bewaar in die geloof. „Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God." (Rom. 10:17.)

24 Januarie **Lees:** Luk. 2:8-20 **Teks:** Luk. 2:11

DIE SALIGMAKER, CHRISTUS, DIE HERE

Jesus Christus het vir die mens, na die wéreld gekom in die plek van die mens het Hy kom staan en daarom is dit nodig dat die mens dit sal weet en glo. Die mens verduister deur die sonde, verblind deur die ongeregtigheid bemerk nie self wanneer Hy kom en wat die betekenis van Sy koms is nie.

Dit wat die mens self nie weet en self nie bemerk nie, maak God op sy eie wyse aan die mens bekend waar Hy wil en wanneer Hy wil. Die engele, boodskappers van God, kondig Christus se geboorte aan. Terwyl die herders nog rustig verkeer agter hulle skape hoor hulle uit die mond van 'n engel die woorde van ons teks.

Hy wat in Betlehem gebore is, is die Saligmaker wat Christus, die Here is. Verhewe is Sy naam en wese bo elke naam en elke persoon. Hy is Saligmaker, Verlosser. Hy is nie Verlosser uit materiële nood en sosiale ongeregtigheid nie, maar Verlosser uit sonde en dood. Hy is die Christus. Hy is deur God self met sy Gees gesalf tot dié Profeet, Priester en Koning. Deur Hom word die wil van God, ja God self, aan die mens wie se verstand verduister is deur die sondeval, bekend gemaak. Hy is die Priester wat die hoogste offer gebring het om te betaal wat die mens self nie kon betaal nie. Hy is die Koning wat met sy Woord en Gees oor sy gemeente heers, maar ook oor die ganse skepping. Hy is die Here. Met sy kosbare bloed het Hy uit die hele mensegeslag vir Hom 'n gemeente, eiendom, gekoop. Ons behoort aan Hom en nie meer langer aan onsself, die wéreld of die satan nie.

Sy koms is „goeie tyding", „blye boodskap", lewe en verlossing vir die „hele volk", maar ook vir elkeen persoonlik.

25 Januarie **Lees:** Luk. 3:23-38 **Teks:** Luk. 3:38

CHRISTUS VIR ALLE MENSE

As ons Jesus se geslagregister soos dit deur die vier evangelies gegee word met mekaar vergelyk, is daar 'n opmerklike verskil. Johannes wil die godheid van Christus beklemtoon en gee gevolglik geen geslagregister om Jesus se afkoms na sy mensheid aan te toon nie. By Markus tref ons ook nie 'n geslagregister van Jesus aan nie. Matteus wil aantoon dat Jesus die beloofde Messias van die Ou Testament is en voer daarom die geslagregister van Jesus net terug tot

by Abraham. Lukas voer die geslagregister van Jesus terug tot hy die eerste mens „seun van Adam".

Langs hierdie weg wil Lukas 'n paar sake baie duidelik aan sy lesers maak. Hy wil vir hulle sê dat hierdie Jesus wat in Betlehem gebore is, wat die Seun van God is, mens in die volle sin van die woord is. Omdat Hy tenvolle mens is, kon Hy in die plek van die mens kom staan en vir die mens se sonde betaal. Vir sy lesers wat hoofsaaklik heidene was, wou Lukas ook sê: hierdie Jesus het nie net gekom vir die Jode of net vir sekere mense nie. Hy het gekom om vir die sonde van die ganse mensegeslag te betaal. So verseker hy hulle dat Christus waarlik ook vir hulle gely en gesterf het. Indirek roep hy hulle ook op om hierdie blye boodskap na alle volke en alle nasies uit te dra. „Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde" (Hand. 1:8). Hierdie Jesus is uit die geslag van Adam, maar ook vir die geslag van Adam. Omdat Hy wat die Seun van Adam is, tegelyk die Seun van God is, is sy verlossing waaragtig.

26 Januarie **Lees:** Luk. 4:14-32 **Teks:** Luk. 4:16

DIE GEWOONTE VAN EREDIENSBYWONING

Na Jesus se versoeking in die woestyn, kom Hy in Nasaret, die stad van sy geboorte. Dit is sabbat, die rusdag, die dag deur God self afgesonder vir sy diens. Dit is die dag waarop die mens ophou om vir homself te werk, sodat hy vry kan wees om met al sy kragte in die diens van God te staan.

Wat maak Jesus op hierdie dag? Soos Hy gewoond was, gaan Hy op na die sinagoge, die plek waar God se Woord verkondig word, waar God se Naam aangeroep word in die gebed, waar God geloof en geprys word.

In die sinagoge staan Christus self op om die Skriflesing waar te neem en die voorgelese gedeelte te verklaar. Die Skriflesing is uit die profeet Jesaja. Die verklaring van die Skrif is Christosentriës. (Chrsitus in die middelpunt.) Christus verklaar die Skrifte met betrekking tot sy eie persoon, woord en werk. Hy verklaar die Skrifte so dat dit vir elkeen duidelik word dat Hyself die Messias is, dat Hyself die Verlosser uit sonde en dood is.

Volgens die Nuwe Testament is dit God welbehaaglik dat daar telkens opnuut 'n rusdag in ons elkeen se lewe sal aanbreek. Dat ons hierdie dag nie sal gebruik vir onsself nie, maar vir God en sy diens. Sodat dit 'n ingewortelde gewoonte in ons lewe sal word om op hierdie dag op te gaan na die kerk, nà die plek waar God se Woord verkondig word, waar dit aan ons verkondig word dat Jesus Christus ons enigste Verlosser en Saligmaker is.

Deur dei verkondiging van die Woord met Jesus Christus as inhoud, wil God met sy Gees aan ons die grootste van alle dinge gee naamlik die geloof in Jesus Christus, die geloof in Hom deur wie alles vir ons volbring is.

27 Januarie **Lees:** Luk. 5:27-32 **Teks:** Luk. 5:28

ALLES VERLAAT OM JESUS TE VOLG

Levi, beter bekend aan ons as Matteus, sit by die tolhuis, die belastingkantoor. Hy is besig om sy alledaagse werk te doen. Hy be-oefen 'n beroep wat in die oë van die Fariseërs veragtelik was. Volgens die Joodse skrifgeleerdes was alle tollenaars landsverraaiers en sondaars.

Jesus kom by die tollenaar Levi. Ons verwag dat Hy ongemerk by hom sou verbygaan. Nee, Jesus gaan staan by hierdie man. Hy het juis vir sondaars gekom. Jesus sê vir Levi: „Volg My."

Ons verwag Levi se reaksie sal negatief wees. Hy kon tog so baie verskonings hê wat volgens ons norme aanvaarbaar sou wees. Hy kon maklik sê: „Nee! Ek is besig met my alledaagse werk. Ek is besig met my brood en my botter. Sal U miskien vir my kos en klere gee? Sal U vir my gesin sorg as ek U volg?" Presies die teendeel gebeur. Hy het sy werk, sy besittings, alles wat hy het net so gelaat en Jesus gevolg. Jesus was vir hom meer as sy eie besittings en sy eie belange. God het met sy Gees so in hom gewerk dat hy besef het dat alles wat materieël is, tydelik en verganklik is. Hy het besef dat dit die mens niks sal baat om die hele wêreld te wen, maar aan jou siel skade te ly nie.

Uit genade het Jesus Christus aan ons die grootste en belangrikste van alles gegee naamlik om deel te hê aan die koninkryk van God. Laat ons hierdie genadegawe in die geloof aanvaar en soos Levi uit dankbaarheid bereid wees om Hom en sy diens eerste in ons lewe te plaas.

28 Januarie **Lees:** Luk. 6:17-36 **Teks:** Luk. 6:36

BARMHARTIGHEIDSDIENS

Van nature is die mens nie barmhartig nie. Van nature gee die mens nie, maar ontvang eerder. Alleen God is van nature barmhartig. Reeds in die Ou Testament openbaar Hy Hom as die God van barmhartigheid en genade. Hy is die God wat die mens nie in sy nood en ellende laat nie, maar hom telkens daaruit red. Wanneer die Bybel God die barmhartige noem, word Hy nie so genoem omdat Hy die een is wat primêr aan die mens brood en water gee nie. Hy word in die eerste plek so genoem omdat Hy die mens uit sy sondenood red, omdat Hy die mens weer met Hom versoen. „Barmhartig en genadig is die Here . . . Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie" (Ps. 103:8-10).

In die volheid van die tyd het God dit wat in die Ou Testament nog net beloof is, tot volle werklikheid laat word in en deur Jesus Christus. Deur Jesus Christus het Hy die hoogste prys vir ons sonde betal. Sonder enige verdienste van ons kant is ons sonde deur Jesus Christus vergewe, is ons weer met God versoen, is ons vrygemaak van dood en hel.

Soos God in Jesus Christus die allergrootste barmhartigheid aan ons bewys het, word ons ook opgeroep om uit dankbaarheid ons oor ander te ontferm, om ander te bevry uit hulle nood en ellende. Aangesien die mens se grootste nood nie sy materiële nood is nie, maar sy geestelike nood, sal die grootste barmhartigheid nooit die gee van brood en water wees nie, maar die gee van dié brood wat versadig tot in alle ewigheid, die verkondiging dat Jesus Christus ons enigste Verlosser is.

29 Januarie **Lees:** Luk. 6:39-49 **Teks:** Luk. 6:44

GELOOF EN WERKE

Die woorde van ons teksvers is opgeteken in 'n gedeelte van die Nuwe Testament wat by ons bekendstaan as die bergrede. Die bergrede van Christus is oor die algemeen aan ons almal goed bekend. Baie mense heg soveel waarde aan die bergrede dat hulle maak asof dit die enigste is wat in die Bybel staan.

Om die bergrede reg te verstaan, moet ons dit sien in verband met die hele Nuwe Testamentiese boodskap. Die bergrede word nie deur Jesus gegee as 'n nuwe wet om daarmee jou saligheid te verdien nie. Die bergrede is eintlik die antwoord wat die gelowige behoort te gee op die verlossingswerk van God in Jesus Christus. Dit is die goeie werke wat die gelowige uit dankbaarheid behoort te doen.

Twee groot wanopvattings bestaan daar vandag ten opsigte van die boodskap van die Bybel. Enersyds word gedink dat jou saligheid volkome afhang van dit wat jy doen. Andersyds word gesê dat alleen die geloof in Christus jou saligmaak en dit beteken jy kan nou maar leef en handel net soos jy wil, net soos dit vir jou die meeste voordeel sal inhou.

Die Bybel leer wel dat die geloof in Christus genoeg is vir ons saligheid. Dit beteken egter nie jy kan nou maar leef net soos jy wil nie.

Op grond van Christus se lyde en sterwe het ons tot nuwe skepsele geword. Die geloof in Hom bring mee dat ons voortaan ook soos nuwe skepsele moet leef. Uit ons geloof moet outomaties die goeie werke voortvloei net soos 'n goeie boom outomaties goeie vrugte dra. As daar uit ons geloof goeie werke voortvloei, is ons geloof ooreenskomstig die wil van God. As ons geloof geen goeie werke voortbring nie, maar ons nog steeds in die allergrootste sonde en roekeloosheid leef, is ons geloof in Christus nog nie waaragtig nie.

30 Januarie **Lees:** Luk. 7:36-50 **Teks:** Luk. 7:50

DEUR DIE GELOOF ALLEEN

'n Vrou wat in die Bybel beskryf word as 'n sondares salf die voete van Jesus en benat sy voete met haar trane. Die sonde van hierdie vrou word in die Bybel nie vermeld nie. Dit was seker by uitnemendheid ergerlike sonde gewees, sonde

wat algemeen bekend was, sonde wat daartoe gelei het dat sy 'n gebrandmerkte persoon was, iemand deur die Fariseërs geheel en al veroordeel.

Jesus stoot hierdie vrou, wat in sonde en ongeregtigheid gedompel is, nie weg nie. Hy spreek indirek die oordeel oor die Fariseërs wat haar veroordeel het uit en sê vir die vrou self: „Jou sonde is jou vergewe . . . jou geloof het jou gered" (vers 48 en 50).

Geen sonde is vir Jesus te groot om te vergewe nie. Aan elkeen, afgesien van wie en wat hy is, skenk Hy vergifnis. Selfs vir die moordenaar aan die kruis sê Hy: „Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Luk. 23:43).

Hierdie vrou het deel gekry aan die vergifnis as gevolg van haar geloof in Jesus Christus. As ons na die gegewens in die ander evangelies gaan kyk, kan ons sê: God het met sy Gees aan hierdie vrou ge-openbaar dat Jesus Christus sou sterf vir die sonde van die mens. Hierdie waarheid het sy geglo en daarom kom sy om Hom met die oog sy begrafnis te salf. Sy kom omdat sy alles van Jesus Christus alleen verwag. Haar geloof in Hom was genoeg vir haar saligheid. Hierdie boodskap dat die geloof in Christus genoeg is vir ons saligheid, klink deur die hele Bybel. „Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin". (Hd. 16:31.) „Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê" (Joh. 3:16.)

31 Januarie **Lees:** Luk. 8:16-25 **Teks:** Luk. 8:25a

JESUS CHRISTUS ONS EWIGE BESKERMER

In elke mens se lewe kom daar tye wanneer die koue greep van vrees en angs hom beetpak. Dit is oomblikke waarin die mens van sy nietigheid en verganklikheid bewus word.

In so 'n situasie het die dissipels van Jesus verkeer toe die storm hulle op die see oorval het. Doodsangs en vrees het hulle in daardie oomblikke beetgepak. Hulle menslike kragte en vermoëns was nie opgewasse om teen die magte van die natuur te veg nie. Gou was dit vir hulle duidelik dat hulle 'n hopelose stryd voer — die mag van die natuur kan nie deur die mens bedwing word nie.

Hulle laaste hoop was om hul na die slapende Jesus te wend. Dan tree Jesus op soos Een wat die volle beheer oor die situasie het. Met Goddelike mag tree Hy op en bestaf die wind en die see. Die natuur swig voor sy almag en die storm bedaar.

Dan vra Jesus aan sy dissipels: „Waar is julle geloof?" Hierdie woorde dui nie daarop dat die dissipels oor die mag sou beskik om die storm stil te maak nie. Jesus vra waarom hulle gevrees het. Hy, die Seun van God, was tog saam met hulle in die skuit. En waar Hy teenwoordig is, is daar geen grond vir vrees en angs nie.

So is dit ook met ons. Indien Jesus Christus die middelpunt in ons lewens is, hoef ons nooit wanhopig van vrees te word nie. Geen siekbed, geen operasie hoef vir ons grenslose vrees in te hou nie. Jesus Christus wat ons so liefgehad het dat Hy sy lewe as 'n soenoffer vir ons sondes gegee het, sal ons op hierdie aarde ook deur die grootste gevare heen lei. Ja, al gaan ons ook deur 'n dal van doodskaduwee hoef ons nie te vrees nie want Jesus Christus is in die lewenskuit van elke gelowige.

1 Februarie **Lees:** Luk. 8:40-56 **Teks:** Luk. 8:52 en 53

JESUS CHRISTUS ONS ENIGSTE HOOP

Deur hul woorde en werke gee duisende mense daagliks daarvan blyke dat hulle Jesus Christus as die Seun van God verwerp. Hulle lag die kerk met die boodskap wat hy verkondig openlik uit.

In die huis van Jaïrus was dit destyds al die geval. Jaïrus het wel geglo toe hy by die voete van Jesus neergaval het, maar die vriende en rouklaers in sy huis was absolute ongelowiges. Vir hulle het die wonders en die tekens wat Jesus gedoen het geensins op die vervulling van die profesië gedui nie. Hulle het Hom as 'n oproermaker en 'n godlasteraar beskou.

Daarom lag hulle Hom uit wanneer Hy sê: „Moenie huil nie; sy is nie dood nie, maar slaap." Hulle lag omdat hulle met hul eie oë gesien het hoe haar liggaam die laaste stuiptrekkings gee — hoe die glans in haar oë verbreek — hoe sy die laaste asem uitblaas. Hulle lag want nou kom hierdie Man van Nasaret en sê sy slaap net.

Dan doen Jesus 'n groot wonderwerk. Hy maak die dooie lewendig. Meer nog, Hy toon aan die ongelowiges dat Hy waarlik die Seun van God is. Hy toon aan hulle dat Hy oor die mag en die krag beskik om selfs die grootste vyand van die mens, die dood, te vernietig. Hy toon aan die spotters van destyds en aan die mens van vandag, dat die dood by God niks meer as net 'n slaap is nie.

Op die eerste paassondag het Jesus hierdie daad weer eens bevestig toe Hyself uit die graf uit opgestaan het. Op paassondag het Jesus ons ook begenadig en is ons dood ook net 'n deurgang want die ewige lewe wag op elke gelowige.

2 Februarie **Lees:** Luk. 9:10-27 **Teks:** Luk. 9:20

JESUS DIE CHRISTUS

Vandag, in die moderne wêreld, word Jesus nie meer geken nie. Vandag is die antwoord op sy vraag: „Wie sê julle is Ek?" skokkend en angswekkend. Baie sê: Hy is die grootste vegter vir menseregte wat daar nog ooit was.

Die wat sy wonders en tekens van destyds gesien het, wie het hulle gesê is Hy? Die antwoorde was uiteenlopend.

Sommige was vyandig teenoor Hom. Die Joodse leiers het Hom veroordeel as 'n verleier van die volk en 'n godlasteraar. Ander het weer gesê dat Hy die dienaar van Beëlsebul, die owerste van die duiwels was. Ja, sommiges het Hom selfs uitgeskel as 'n vraat en 'n wynsuiper.

Die volksmenigtes het 'n hoër waardering vir Hom gehad. Dit was tog immers hulle wat die meeste voordeel uit sy wonders en tekens getrek het. Vir hulle was Hy „Johannes die Doper" of „Elia".

Petrus, die dissipel van Jesus, bely dat Hy: „Die Christus van God is." Petrus glo dat Jesus die beloofde Messias is. Hy is die Gesalfde wat God na hierdie wêreld sou stuur om sy volk te verlos.

Hierdie belydenis van Petrus het nie uit homself gekom nie. Dit was nie 'n napratery van ander mense nie. Hierdie insig het hy deur die werking van die Heilige Gees gekry — en hy het dit aanvaar. Deur die Gees van God het hy die krag gekry om Jesus as die Christus te bely.

Salig is elkeen wat deur die Gees van God begenadig is om Jesus as die Christus te bely. Salig is elkeen wat ook elke dag in hierdie belydenis leef, want hy het die ewige lewe.

3 Februarie **Lees:** Jes. 53:1-12, Luk.9:51-56 **Teks:** Luk. 9:56

JESUS CHRISTUS ONS LEWENSREDDER

Die profete het al voorspel dat daar vir die Seun van God nie 'n plek op hierdie aarde sou wees nie. Dikwels sou Hy deur die mense verneder en verag word.

Hy, die ewige Koning, is in 'n stal gebore en in 'n krip neergelê. Vir Hom, die Seun van God, was daar nie 'n wiegie met sagte wolkomberse nie — nee, Hy is in doeke toegedraai.

In Nasaret, sy tuisdorp, is Hy deur sy eie mense verag en bespot. Hulle het Hom nie as die Christus aanvaar nie. Hulle het Hom uitgelag. Hulle wou Hom selfs om die lewe bring.

Ook die Samaritane was nie bereid om Hom te aanvaar nie. Hulle wou nie eers aan Hom vir een nag herberg gee nie. Hulle wou niks met Hom of met die boodskap wat Hy verkondig het, te doen gehad het nie.

Hierdie optrede van die Samaritane maak Jacobus en Johannes baie opstandig. Hulle dink aan Elia wat vuur uit die hemel laat neerdaal het om die soldate van Ahasia te verteer. Nou wil hulle hê dat Jesus aan hulle die krag moet gee om dieselfde te doen.

Jesus laat dit nie toe nie. Gedagtes van wraak is absoluut strydig met die Gees van Christus. Met selfbeheersing draai Hy om en wys sy dissipels tereg.

Jesus Christus, die lydende Kneg van die Here, het nie gekom om te vernietig nie, maar om te red. Dood en verdoemenis was nie die doel van sy koms na hierdie wêreld nie. Hy het gekom om te red en te laat lewe.

Hy het gekom om elkeen van ons te red. Ja, Hy het gekom om óns te red — ons wat dikwels vir Hom geen plek en tyd in ons lewens het nie. Toe Hy met 'n groot stem uitgeroep het: „My God, my God, waarom het U My verlaat?" toe het Hy ons van die ewige verdoemenis gered. Aan die kruis het Hý verseker dat ons nooit deur God verlaat sou word nie.

Dank God elke dag van u lewe daarvoor.

4 Februarie **Lees:** Luk. 9:57-62 **Teks:** Luk. 9:62

DIE EIS VAN DISSIPELSKAP

Drie persone word aan die eise van dissipelskap getoets. Die eerste was oorweldig deur die boodskap wat Jesus aan die skare gebring het. Daarom sê hy dadelik: „Here ek sal U volg waar U ook mag gaan!" Jesus verwelkom hom nie — Hy roep hom tot nadenke. Die Seun van die mens word nie deur die mense aanvaar nie. Hy is 'n swerwer. Hy het geen tuiste nie. Die diere van die veld is beter af as Hy. Daarom, dié een wat Hom werklik wil volg sal dieselfde ontberings moet deurgaan. Hy sal 'n vreemdeling in hierdie wêreld moet wees. As jou geloof eg is, dan sal jy Hom kan volg; maar as dit net opgesweepte emosies is, dan sal die pad vir jou te lank wees.

Die tweede persoon word deur Jesus geroep: „Volg My!" Maar hierdie man wil eers sy vader gaan begrawe. Sy vader is bejaard en hy wil aan sy ouerlike plig gehoorsaam bly en hom versorg totdat hy sterf. Maar Jesus sê dat die koninkryk van God 'n hoër eis stel. Die dooies moet hul eie dooies begrawe. Die wat geestelik dood is en nie geroep is tot navolging van Jesus nie, moet die voorgeskrewe verpligtinge nakom ten opsigte van die sterwendes. „Volg My" — hierdie woorde van Jesus vernietig nie alle instellings en verpligtings nie, maar dit stel 'n eis: Jesus Christus moet altyd eerste kom.

'n Derde persoon kom na vore en verklaar dat hy bereid is om Jesus te volg maar nie onmiddellik nie — hy moet eers sy mense gaan groet. Jesus antwoord hom deur gebruik te maak van die beeld van 'n man wat ploeg. As hy aanhou omkyk sal hy nie reguit vorentoe gaan nie. Wie Jesus wil volg, kan nie ook nog die wêreld dien nie. Wie Hom volg, moet Hom heelhartig volg want „julle kan nie God en Mammon dien nie."

Waar staan u? Oordeel vir uself.

5 Februarie **Lees:** Mat. 6:28-34 Luk. 10:38-42 **Teks:** Luk. 10:41 en 42

DIE NOOD VAN DIE LEWE

Martha en Maria het saam met hul broer, Lasarus, in die dorpie Bethanië gewoon waar Jesus dikwels by hulle aan huis gekom het.

Op 'n dag, vroeg in die winter, het Jesus en sy dissipels weer by hulle opgedaag. Marta was gou by die deur om hulle welkom te heet. As bekwame gasvrou het sy gou daarin geslaag om haar gaste tuis te laat voel.

Dan spring Marta, die bedrywige huisvrou, aan die werk. Daar is baie gaste. 'n Groot maaltyd moes berei word. Innerlik moes haar gaste met die beste uit haar kombuis versterk word. Dit is mos 'n eer vir 'n vrou om 'n heerlike maaltyd aan haar gaste voor te sit. Daarom het sy nie tyd om te luister na dit wat Jesus vertel nie.

Maria tree egter anders op. Sy het by die voete van Jesus gaan sit en luister. Met erns het sy elke woord ingeneem wat Hy gesê het. Aan kos het sy haar nie gesteur nie. Die boodskap van verlossing uit die sonde wat Jesus verkondig het, was vir haar baie belangliker.

Marta het haar oor die gedrag van haar suster vererg. Waarom moes sy alleen al die voorbereidings werk doen? Sy huiwer dan ook geen oomblik om vir Jesus te vra om haar suster tereg te wys nie.

Sag verwytend antwoord Jesus vir Marta. Sy moet onderskeid maak tussen die wesenlike en die bykomstige dinge in die lewe. Voorbereiding van voedsel is nie die belangrikste nie, maar wel die luister na die woord van Jesus en die oordenking daarvan.

Maria het reg gekies en Jesus sou haar die voorreg nie ontneem nie.

Is baie van ons nie ook Martas nie? Is die maaltyd van Sondagmiddag nie baie keer vir ons ook belangriker as die woord van Jesus nie? Hoe dikwels stel ons nie ons eie belange voor die kerk en die diens aan God nie.

As u weer die kerkklokke hoor — moenie aarsel nie. Soek altyd eerstens na die koninkryk van God.

6 Februarie **Lees:** Luk. 11:1-4 **Teks:** Luk. 11:2

VADER

Die woord wat Jesus hier gebruik is Abba.
Dit is 'n woord wat uit die Joodse huistaal kom,
soos 'n kind wat in vertroue pappa sê.

'n Jood sou nooit so 'n aanspreekvorm vir God gebruik nie. In die Ou Testament is God nooit die Vader van 'n enkele mens nie. Hy is die Here, die God van hemel en aarde. Daarom het die Jode hulle vereg vir die manier waarop Jesus met God gepraat het. So asof Hy die Seun van God is. Juis daarom het hulle aanstoot aan Hom geneem. Omdat hulle Hom nie as Seun van God geken en geglo het nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, hulle wat in sy Naam glo. Hierin kom die „nuwe" van die Nuwe Testament na vore. Jesus Christus bring 'n nuwe verhouding tussen God en mens. Deur Hom mag die mens nou in die huishouding van God inkom. Hy mag 'n kind wees wat met sy vader kan praat. In die vroeë kerk was Abba Vader die aanspreekvorm waarmee tot God gebid

is, maar nie alle mense is toegelaat om God so aan te spreek nie. Slegs diegene wat met hul doop en belydenis verklaar het dat hulle glo dat Jesus Christus die Seun van God is, is toegelaat om God so te noem. Ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun, en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar (Mat. 11:27). Die res van die gebed trek die groot lyne in die verhouding tussen God as ons Vader en ons as sy kinders.

7 Februarie **Lees:** Luk. 11:5-8 **Teks:** Luk. 11:8

VRYMOEDIGHEID

In ons stede staan ons stadserwe met hoë betonmure omring as teken van ons afgeslotenheid. 'n Treksel koffie, 'n bietjie suiker, 'n plantjie suurdeeg word nie meer gevra nie. Met die bure waarvan Jesus vertel, was dit anders. Middernag daag daar by 'n huis gaste op. Tot sy verleentheid besef die gasheer dat daar nie brood in die huis is nie. Die tyd van die nag is ook 'n ongeleë tyd. Waar sal jy geholpe raak? Maar die man het vrymoedigheid teenoor sy buurman. Hy gaan daarheen. Dit is duidelik aan die geslote donker huis dat hulle al slaap. Sal hy hulle steur? Dan klop hy tog — aanhoudend, tot die buurman oopmaak. In plaas van vererg te wees omdat hy en sy gesin se rus versteur is, is hy bly oor die vertroue wat sy vriend in hom stel om met sy verleentheid na hom te kom.

Al was dit nie sy vriend nie sou hy nogtans nie hierdie vertroue in hom wou teleurstel nie. Hy gee hom soveel as wat hy nodig het.

Christus maak aan ons bekend dat die Vader in ons gebed sy kinders se vrymoedigheid wil bemerk. Teenoor 'n vreemdeling bestaan daar geen vrymoedigheid nie. 'n Voorwaarde vir die gebed is kennis van God, geloof in God en vrymoedigheid tot God.

Dit is geloof: 'n sekere kennis van God en sy beloftes soos dit in die evangelie geopenbaar is en 'n hartlike vertroue dat my al my sondes om Christus ontwil vergewe is.

8 Februarie **Lees:** Luk. 11:9-13 **Teks:** Luk. 11:13

DIE GOEIE GAWE

Hierdie God wat ons deur Jesus Christus leer ken het as ons Vader wil na die node van sy kinders luister wanneer hulle ookal tot Hom bid. Meer nog: Hy wil in die werklike nood van sy kinders voorsiening maak. Dit is nie altyd dieselfde as wat ons in ons gebed onder woorde bring nie.

As Matteüs hierdie deel vertel, dan lees ons: „. . . hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid" (Mat. 7:11).

Hier in Markus lees ons: „. . . hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?"

Hierdie is nie twee teenstrydige berigte nie. Die Heilige Gees is die Een wat die verbondenheid tussen die Vader in die hemel en sy kinders op die aarde instandhou. Die goeie dinge

waarvan die goeie boodskap ons vertel wat deur Jesus Christus verkry is, word deur die Heilige Gees geneem en aan ons meegedeel (vgl. Luk. 16:13-15). Ook op 'n ander wyse is die Heilige Gees die goeie Gawe. Hy is ons tolk by God. Want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Heilige Gees self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Die Heilige Gees is die eerstelinggawe. Ons deel nog nie ten volle in die goeie dinge nie. Totale verlossing ook van ons liggaam, lê nog voor. Die Heilige Gees kom vooruit en weet wat daar te wagte is. Hy bring met sy magtige en goddelike versugting die nood van die wêreld voor God. Hy het van God af in die nood van die wêreld neergedaal om daarin as voorspraak vir die skepping en vir die gemeente die weg na die toekoms oop te hou. Ons gebed wat deur die Heilige Gees vertolk word by God, word verhoor want die Heilige Gees bid volgens die wil van God.

Daar is mense wat die bewys dat hulle die Heilige Gees ontvang het, wil sien in dit wat hulle self kan doen. Die Heilige Gees moet gedemonstreer word in die optrede van mense: tongetaal, gesondmaking, wonders en verrukkings. Die Heilige Gees wil ons egter langs 'n baie sekerder weg lei. Hy wil ons bring tot die belydenis dat ons sleg is (Luk. 11:13) en ons weet nie eers reg wat ons moet bid nie (Rom. 8:26). Hy wil egter ons nood aan God bekend stel en Gods goeie dinge in Jesus Christus aan ons bekend stel.

9 Februarie **Lees:** Luk. 11:14-28 **Teks:** Luk. 11:20

DIE VINGER VAN GOD

As Jesus die duiwel uitgedryf het en die stomme praat, is dit bedoel as 'n teken dat die Messiasverwagting uit die Ou Testament in die midde van die omstanders in vervulling gaan. In plaas van in verwondering te juig, is hulle reaksie: deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels, dryf Hy die duiwels uit. Hulle sien Jesus dus as 'n onderhorige van die duiwel in plaas van as die Verlosser uit die mag van die duiwel. Hierdie hele situasie maak Jesus aan hulle duidelik as Hy verwys na die vinger van God. Dit is 'n uitdrukking wat uit die deel van Israel se geskiedenis kom wat aan die Jode baie bekend was. In Exodus 8 lees ons hoe Moses en Aäron voor die farao van Egipte en tussen die towenaars en geleerdes van Egipte gestaan het. Hulle is deur God gestuur om sy volk uit die slawediens in Egipte te verlos. As tekens dat hulle deur God gestuur is, is die water van die Nyl al in bloed verander, het paddas Egipte oordek en het die stof van die aarde muskiete op mens en dier geword. So het die teken van God nou plae oor die verharde farao geword. Farao wou hierdie laaste teken nie erken as komende van God nie en gee sy towenaars opdrag om dit ook te doen. Hulle kan egter nie en erken dat dit die vinger van God is. Hierdeur staan die omstanders in die tyd

van Jesus soos die farao wat hul hart verhard om Gods teken van verlossing nie te erken nie en dan as plae te ervaar.

Maar oor die vrygemaakte volk se vryheid wil Jesus ook iets sê. Soos die vrygemaakte Israeliete in die wildernis 'n aanloklike prooi vir ander magte was, is die mens van die duiwel nie sonder gevaar verlos nie.

Die vryheid op sigself is leeg. Dit moet gevul word.

Die Satan wil dit met die bose vul nog meer as wat dit voor die vrywording was. Die mens wat van die bose verlos is, moet weet dat sy vryheid gevul moet word met die Heilige Gees wat ons in die volle waarheid wil lei. Want julle het nie 'n gees van slawerny ontvang om weer te vrees nie, maar julle het die Gees van aanneming tot kinders ontvang.

10 Februarie **Lees:** Luk. 12:1-34 **Teks:** Luk. 12:31

JULLE VADER WEET DAT JULLE HIERDIE DINGE NODIG HET

Jesus praat dikwels oor die natuur. 'n Mens kan byna sê sy natuur. Want alle dinge het deur Hom ontstaan en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie (Joh. 1:3). Maar tog, as Hy oor die vyeboom, die wingerdstok, die koringkorrel, die voëls van die hemel en die lelies van die veld praat, wil Hy nie bloot oor die natuur en sy lesse praat nie. Hy wil ook nie probeer aantoon dat 'n mens God deur die natuur kan ken nie. Nee, Hy gaan van Gods sorg oor sy skepping uit. Die kraaie is weerloos. Daar is nie gesaai of gemaai nie, hulle het geen voorraadkamer of -skuur nie. Tog voed God hulle.

Ook die lelies arbei en spin nie, tog klee God hulle met 'n purper blom, mooier as die purper koningskleed van Salomo. Die weerlose skepping is goed versorg deur Gods hand.

Julle, sê Christus, is vir God meer werd as kraaie en lelies. So het Genesis ons vertel hoe God die skepping in gereedheid gebring het om die mens in volle harmonie met God en wêreld onder Gods versorgende hand te laat leef. Genesis vertel ook hoe die mens soos God wou wees (Gen. 3:5) en in plaas van versorgde van God word die mens slaaf van die satan. Nou leef die mens te midde van distels en dorings en met sweet op sy aangesig, is hy nou stof wat tot stof terugkeer.

Die benouende oor die mens se bestaan is dat sy hele lewe 'n najaag van die stoflike is totdat hy, vanweë die kommer daaroor, sterf en in die graf tot stof word.

Uit hierdie troostelose bestaan wil Jesus ons uithaal. Hy wil ons nie terugbring paradys toe nie maar na God, verby die gerubs met die swaard wat vlam en flikker waarmee hulle die boom van die lewe bewaak. Daarom het ons nie nodig om soos die nasies van die wêreld in onrus te lewe oor ons eet en drink en klere nie. Ons soek moet gerig wees op die koninkryk van God. Hierdie soek is nie 'n dobbelspel wat eindig in die graf nie. Nee, vooraf het ons al die versekering: moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.

11 Februarie **Lees:** Luk. 12:35-59 **Teks:** Luk. 12:56

DIE TEKEN VAN DIE TYD

Vir die mense is baie van die dinge wat hulle sien, 'n teken dat iets sal volg. Wolke in die weste bring reën. Die suidewind bring hitte. Hulle sien Jesus ook. Hulle dring in massas om Hom saam.

Wat sien hulle in en aan Hom?

Hy is die teken van die tyd. In Hom gaan vroeë en laat profesië in vervulling. Hy is 'n teken van die einde van die tyd. Die beslissende tyd het aangebreek. Elkeen sal voor God in Sion verskyn. Hulle hoor sy Woord en tog verander hulle nie. Dit is die verwyt van Christus se kant. Dat die mense die tyd nie kan beoordeel nie. Wat nodig is om die tyd reg te kan beoordeel, is om 'n mens se eie posisie te besef en Hom te ken. Die mens is onderweg na God wat oor alle mense Regter is. In hierdie tyd waarin ons nog op pad is, moet ons weet dat ons die aangeklaagde skuldiges is. Onderweg kry ons die geleentheid om die saak te skik. Die kans is die ontmoeting met Jesus Christus Wie se Woord ons van die verhoor wil red. Jesus se teenwoordigheid in die tyd, is 'n oproep tot skikking. Daarom is ons lewenstyd 'n tyd van beslissing. Hy wil dat ons begryp wat dit beteken om in volkome bereidheid die koninkryk van God te verkondig in 'n wêreld wat onverbonde wil bly en daarom tyd verspeel om vanuit die oordeel tot die versoening te kom.

12 Februarie **Lees:** Luk. 13 **Teks:** Luk. 13:15

OP DIE SABBAT

Die sabbat het sy grond in die Skeppingsordening van God. En op die sewende dag het God gerus van al sy werk wat Hy gemaak het (Gen. 2:2).

Vir die trekkende volk Israel deur die woestyn was die sabbat die herhaalde teken van die rus wat een maal sal aanbreek. Dit is die een dag wat nog oorgebly het na die sondeval waar die mens 'n dag lank met 'n teken van God se onderhoudende goedheid kan leef; 'n belofte van 'n rus wat sal kom daar waar die sonde verbreek en die vrede van God sal heers. Hierdie sabbat kom in Jesus Christus na die wêreld toe. Hy is die rus wat daar kan wees waar God vrede op die aarde aankondig en sê dat Hy 'n welbehae in die mens het.

Met die genesing van hierdie vrou wil Jesus 'n teken van die rus wat aanbreek, bied. Agtien jaar was sy gebind met die band van siekte. Ook die sabbat is die osse en esels losgemaak om te suip. Vir hierdie vrou was daar eintlik geen sabbat nie. Sy kon nie meer regop staan nie. Daarom kies Jesus juis die

sabbat uit om haar van die ellende te verlos. Die Jode neem aanstoot. Dit is sabbat. God dink meer van die mens as van die voëls van die hemel en die lelies van die veld. Maar die Jode dink minder van 'n dogter van Abraham — 'n gelowige — as van 'n os of 'n esel. Goddank dat sy weë anders is as ons weë en sy gedagtes as ons gedagtes. Sy weë en gedagtes is weë van verlossing en gedagtes van bevryding.

13 Februarie **Lees:** Luk. 14:1-6 **Teks:** Luk. 14:5

DIE KALF IN DIE PUT

Jesus en sy dissipels is op pad na Jerusalem. Een van die Fariseërs het Jesus uitgenooi om op die sabbatdag by hom te kom eet. Dit was destyds 'n algemene verskynsel om op sabbatdae oor en weer by mekaar te eet. Die enigste voorwaarde was dat al die voedsel op die voorafgaande dag voorberei moes gewees het.

Maar hierdie Fariseër het Jesus met opset genooi en vir Hom 'n valstrik gestel. Die Fariseërs was woedend oor die wyse waarop Jesus hulle skynheiligheid voor die volk aan die kaak gestel het. (Lees hoofstuk 11:39-52.) Daarom wou hulle Jesus in onguns by die volk bring. 'n Persoon wat watersug gehad het, word so in die eetvertrek geplaas dat Jesus hom moes raaksien. Indien Jesus hom sou genees op die sabbat, sou dit 'n oortreding wees en daaroor sou hulle Hom kon aankla.

Onmiddellik sien Jesus deur hulle plan. Daarom onderskep Hy hulle plan deur aan hulle te vra: „Is dit geoorloof om op die sabbat te genees?" Maar hierop wou die Fariseërs nie antwoord nie, want dan sal hulle hulleself vaspraat. Antwoord hulle dat 'n mens wel op die sabbat mag genees, verval die valstrik waarmee hulle Jesus wou vang. Antwoord hulle nee, dan beteken dit dat hulle geen meegevoel met die sieke in sy nood en lyding het nie.

Dit gee Jesus egter die geleentheid om hulle wanopvattinge en misbruike ten opsigte van die sabbat reg te stel. Daarom sê Hy vir hulle: „Wie van julle se esel of os sal in 'n put val wat dit nie dadelik op die sabbatdag sal optrek nie?" Die oorspronklike teks het seun in die plek van esel sodat ons kan lees: „Wie van julle se seun of sy os sal in 'n put val . . ." Die Fariseërs is dus geveins as hulle Jesus sou kwalik neem as Hy siekes op die sabbat sou genees, terwyl hulleself teenoor hulle eie dierbares en selfs hulle vee net so sou handel.

Jesus stel die viering van die sabbatdag in die regte perspektief. Dit is nie 'n dag soos die Fariseërs dit bepaal het wat vol is van allerhande „moet" en „moenies" nie. Want: „Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie." Gelowiges gebruik die sabbatsdag en elke dag van hul lewe om die Here met blydskap en dankbaarheid te dien.

14 Februarie **Lees:** Luk. 14:7-14 **Teks:** Luk. 14:10

OPREGTE NEDERIGHEID

Die genesing van die man wat watersug gehad het, het voor die maaltyd plaasgevind. Die manier waarop Jesus die valstrik wat die Fariseërs vir Hom gestel het, vermy het, het hulle verstom. Nou wil hulle by die tafel gaan aansit. Die genooides het hoofsaaklik uit Fariseërs en wetgeleerdes bestaan. Jesus bemerk hoedat hulle probeer om die voorste en meer eervolle sitplekke te probeer bekom.

Hy gebruik dit om hulle te onderrig oor opregte nederigheid. Wanneer jy na 'n bruilof uitgenooi word, is jy slegs 'n gas. Dit hang van die gasheer af om jou 'n plek aan te toon. Indien jy dus nie jou gasheer wil toelaat om daardie reg uit te oefen nie, maar self wil kies waar jy wil sit, is jy nie alleen hovaardig, eiegeregtig en selfsugtig nie, maar kan dit gebeur dat die gasheer sowel as jyself in 'n groot verleentheid gestel word. Aangesien jy nie weet watter ander gaste ook genooi is nie, moet die gasheer dalk vir jou sê: „Maak plek vir hierdie man."

Indien jy egter opreg nederig is, sal jy eerder die agterste sitplek inneem. Dan kan dit gebeur dat die gasheer jou na 'n meer eervolle sitplek neem wat ook vir jouself groter eer sal meebring.

Ook met hierdie gelykenis wys Jesus die Fariseërs tereg. Die Fariseërs het juis gemeen dat hulle die eerste en grootste aanspraak het op die koninkryk van God. Die gewone volk mag dit moeilik vind om in Gods koninkryk in te gaan, maar die Fariseërs, vir hul sal dit maklik wees — so het hulle gedink. Met hierdie gelykenis bring Jesus op 'n baie mooi manier onder hulle aandag dat wie homself verhef in hierdie lewe, sal met skade en skande daarvan afkom. Wanneer die Here, die volmaakte kenner van die menslike hart en lewe, elkeen na sy oordeel 'n plek sal aanwys. Wie egter in opregtheid nederig wandel, sal ryklik geseënd wees.

„Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word."

15 Februarie **Lees:** Luk.14:25-35 **Teks:** Luk. 14:26

VOLG CHRISTUS IN DIE GELOOF

Hoe moet Jesus gevolg word? Hyself stel duidelik die eise vir elkeen wat 'n dissipel, 'n navolger van Hom wil wees. Daarvoor gebruik Hy 'n baie sterk uitdrukking naamlik: „As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie." In die sin wat Jesus dit bedoel, beteken haat hier eintlik om minder lief te hê. 'n Navolger van Jesus moet Hom liefhê bokant alles; ja liefhê met 'n liefde groter as vir jou dierbares of vir jouself. Lojaliteit teenoor Christus moet altyd eerste kom by sy volgelinge. Niks of niemand mag belangriker wees as Jesus nie.

Die volgende uitdrukking wat Jesus gebruik, is om 'n kruis te dra en agter Hom aan te loop. Dit beteken nie net 'n gelowige onderwerping aan droefheid, smart, pyn, teenspoed, krankheid en so meer nie. Dit beteken ook die totale verloëning van die eie-ek en die persoonlike selfbelang ter wille van Christus. Dit beteken veral ook dat die navolger van Christus gewillig moet wees om agtervolging, lyding, straf, spot en selfs dood te dra ter wille van Hom.

Die gelykenisse wat nou volg van die man wat 'n toring bou en die koning wat oorlog voer wil Jesus gebruik om die betekenis van sy voorafgaande woorde te beklemtoon. Om Christus na te volg is soos om 'n toring te bou. 'n Toring kan van ver af deur almal gesien word. So moet die gelowiges in Christus se lewe ook sigbaar wees soos 'n lamp op 'n staander die hele vertrek moet verlig. Maar om 'n toring te bou, kos baie geld en deursettingsvermoë. Om Christus na te volg, kos egter veel meer as net dit — dit vra die opoffering van jou eie lewe vir 24 uur per dag en vir 12 maande per jaar.

Kan 'n koning met 10 000 man optrek teen 'n vyand met 20 000? Nee, hy moet voorof ers sit en deeglik besin. Indien hy dan wel optrek, moet hy weet dat dit 'n geveg teen 'n oormag sal wees en daarom sal dit 'n geveg tot die dood toe wees. Net so, as iemand Christus wil navolg moet hy weet dat die satan 'n oormag van versoekinge teen hom sal opstel. Die navolger van Christus sal teen die oormag van die sonde moet veg — elke dag — tot die dood toe.

Gelowiges in Christus is soos goeie sout. Sout gee smaak; sout werk bederf teë. Die gelowiges maak die lewe op aarde sinvol; hulle werk bederf en afval teë.

16 Februarie **Lees:** Luk. 15:1-10 **Teks:** Luk. 15:10

BLYDSKAP OOR BEKERING

In die voorafgaande hoofstuk het Jesus twee gelykenisse gebruik om aan die mense te verduidelik hoe Hy gevolg moet word. Daaruit is dit duidelik dat die mens alleen met groot opoffering, volharding, moed en 'n totale verloëning van die eie-ek en eie-belang Jesus kan navolg. Met die twee gelykenisse oor die afgedwaalde skaap en die verlore penning verduidelik Jesus nou watter moeite en opoffering Hy bereid is om te doen om sondaars tot bekering te bring.

Omdat die Fariseërs hulleself hoër, meer regverdig en beter geag het as tollenaars en sondaars, het hulle hulle vermy en nie met hulle gemeng nie. Hulle het die tollenaars en sondaars soos uitgeworpenes behandel. Maar Jesus het hulle nie verag en verstoot soos die Fariseërs nie. Daarom het die tollenaars en sondaars gereeld na Jesus gekom en na sy woorde geluister. Omdat die Fariseërs en skrifgeleerdes Jesus hieroor gekritiseer het, vertel Hy aan hulle die gelykenisse van die afgedwaalde skaap en die verlore penning.

In hierdie gelykenisse leer ons die soekende genade van God ken. Omdat die Fariseërs en skrifgeleerdes hulleself as heilig en rein beskou het, en hulle beroem het dat hulle die Wet van Moses volkome nagekom het, het hulle hulleself as gereddes gesien. Daarom is hulle dan seker die 99 skape wat veilig in die kraal is; of die nege pennings wat die vrou nog by haar gehad het. Maar omdat die tollenaars en sondaars uitgeworpenes was en hulle hul sondes en oortredings besef het, is hulle die een skaap wat in die woestyn verlore geraak het, of die een penning wat weggeraak het. God stuur in sy groot genade, sy Seun Jesus Christus om diegene wat verlore sou gaan te soek en te red.

Jesus Christus is die Goeie Herder wat die kudde van God bymekaar maak. Oor elke sondaar wat hom bekeer, is daar groot blydskap. Hierdie soek en bymekaarmaak wat verlore was, kos Jesus Christus sy lewe. Dit is God bereid om vir die mens te doen. Is dit dan te veel van die mens gevra om Jesus Christus in die geloof na te volg met die hele lewe?

„Soos 'n herder soek die Heer elke skaap wat afgedwaal het, bring dit na die kudde weer, waarvoor Hy so duur betaal het. Hy laat geen verdwaalde staan — Jesus neem die sondaars aan! (Gesang 39:3.)

17 Februarie **Lees:** Luk. 15:11-32 **Teks:** Luk. 15:18

DIE VERLORE SEUN

Met die vorige twee gelykenisse het Jesus verduidelik wat God doen om die mens tot bekering te bring. Deur Jesus Christus soek Hy die mense wat in sonde verval, verdwaal en verlore geraak het. Vir elke sondaar wat hom bekeer, is daar groot blydskap in die hemel. Maar met die gelykenis van die verlore seun wil Jesus beklemtoon wat die mens moet doen ten opsigte van bekering.

Op die oog af lyk dit of hierdie gelykenis slegs 'n alledaagse gebeurtenis wil uitbeeld. 'n Vader het twee seuns gehad. Die jongste seun wou nie langer by die vaderhuis bly nie. Met sy deel van die erfenis vertrek hy na 'n ver land waar hy op 'n losbandige manier alles verkwis en uiteindelik 'n oppasser van varke word. Eers nadat hy so laag in die sondemoeras gesink het, kom berou by hom op en besluit hy: „Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u . . ."

Deur die eeue heen was daar dus maar altyd die opstandigheid van die jeug: die jeug wil beter weet as hul ouers; die jeug wil nie ouerlike toesig oor hulle lewens hê nie; die jeug wil op hulle eie manier die lewe ingaan sonder die raad, leiding en vermaning van ouers. Gewoonlik beland die jeug dan ook presies waar die verlore seun beland het.

Maar hierdie gelykenis is meer as die alledaagse verhouding tussen ouers en kinders. God self is die Vader en die mense in en deur Jesus Christus sy kinders. Van Eva en Adam

se tyd af wou die mens nie God se raad en vermaning aanvaar nie. So het hulle in die sondemoeras gesink.

Tog bly God wag dat sy kinders in en deur Jesus Christus, hulle nood en ellende moet besef soos die verlore seun dit besef het. En as die mens dan sê: „Ek sal opstaan en na my vader gaan . . .", ontvang die Hemelse Vader hulle met ope arms. Hy omhels en soen hulle. Hy reinig hulle van hul sondes — skoon klere, 'n ring vir die hand en skoene vir die voete gee Hy hulle. Hy roep almal bymekaar om vrolik te wees en fees te vier.

God wag dat sy kinders na Hom moet terugkeer. In Jesus Christus het God self die terugkeer voorberei en aangedui. So het Gods soekende genade die mens bereik. God sal nie uitskel of verwyt nie. Hy sal Hom laat vind deur almal wat na Hom soek en vra. Hy sal die sondaarmens herstel as volwaardige kind van God. Hy wag dat die mens moet sê: „Ek sal opstaan en na my vader gaan . . ." Hyself snel ons tegemoet en daar is blydskap en vrolikheid in sy huis.

18 Februarie **Lees:** Luk. 16:19-31 **Teks:** Luk. 16:31

LUISTER EN JULLE SIEL SAL LEWE

Jesaja moes op bevel van God aan die volk Israel sê: „Luister en julle siel sal lewe!" (55:3.) Christus druk dit so uit: „Wie ore het om te hoor, laat hom hoor." (Luk. 14:35.) In die Openbaringboek kom die uitdrukknig in elkeen van die briewe aan die sewe gemeentes voor: „Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

In die gelykenis wat Jesus vertel het oor die ryk man en Lazarus pleit die ryk man uit die doderyk waar hy smarte ly in die vlam, dat Abraham tog vir Lazarus moet terugstuur aarde toe om sy vyf broers dringend te waarsku sodat hulle ook nie dáár sou beland nie. Maar daarop antwoord Abraham: „Hulle het Moses en die Profete, laat hulle na dié luister." As die ryk man egter beweer dat sy broers sal luister as iemand uit die dode na hulle terugkeer, sê Abraham: „As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."

In hierdie uitspraak lê 'n groot stuk tragiek opgesluit. As die ryk man op aarde sou geluister het na Moses en die Profete, sou hy nie in die vlam gepynig word na sy dood nie. Sy sonde was nie sy rykdom nie. Maar sy sonde was dat hy nie sy Godgegewe rykdom reg aangewend het nie. Hy het sy rykdom bestee aan klere en maaltye, met ander woorde hy het sy rykdom net aan homself en sy eie genot gewy. Hy het nie sy rykdom gebruik om God daar mee te dien of om 'n siek man wat teenaan sy hoofhek gelê en bedel het, te help of te versorg nie. Nou pleit hy by Abraham — maar Abraham sê hy moes geluister het na Moses en die Profete, dit wil sê

na die destyds bestaande Bybel toe hy op aarde was. Nou is dit vir hom vir ewig te laat. Ook sy vyf broers het die Bybel waarin hulle na Gods Woord kan luister.

Lazarus, die arm bedelaar, is na sy dood opgeneem in die boesem van Abraham — nie omdat hy op aarde arm was nie, maar wel omdat hy na Gods Woord geluister en in God geglo het. Die naam Lazarus beteken: „God het gehelp; God is my hulp." Dit is die enigste gelykenis wat Jesus vertel het waarin hy aan een van die karakters 'n naam gegee het. Lazarus is na sy dood by Abraham omdat hy op die aarde na Gods hulp gesoek, en na Gods Woord geluister het. Dit het die ryk man nie gedoen nie — en waar bevind hy hom nou?

In die Nuwe Testament het ons veel meer as die ryk man en Lazarus in hul Bybel, dit is die Ou Testament gehad het. Ons het iemand wat uit die dood opgestaan het om weer die blye boodskap van Gods genade te verkondig, naamlik Jesus Christus. Daarom: „Luister en jou siel sal lewe."

19 Februarie Lees: Luk. 17:11-17 Teks: Luk. 17:15

DANKBAARHEID TEENOOR ONS ENIGSTE HOËPRIESTER

In die ou tyd het die priesters ook dikwels as geneeshere opgetree. Die wette aangaande melaatsheid was besonder skerp omdat melaatsheid aansteeklik was en gewoonlik as 'n straf van God beskou was. (Lees hieroor Leviticus 13.) Indien iemand merk dat hy melaats raak, moes hy homself aan die priester vertoon. Bevind die priester dat so 'n persoon wel melaats is, moet hy onmiddellik die dorp of stad verlaat. Kom so 'n persoon mense teë wat nie van sy siekte weet nie, moet hy van 'n afstand af vir hulle toeroep: „Onrein! Onrein!" Gewoonlik het melaatse persone buitekant die stad rondgedwaal. Op sekere tye het hulle familie dan 'n bak kos op 'n afstand neergesit.

In hierdie geval was daar buitekant 'n sekere dorp tien melaatse persone. Vir geselskap het hulle bymekaar gebly. Toe hulle Jesus en sy dissipels opmerk het hulle van verat geroep: „Jesus, Meester, wees ons barmhartig!" Hulle het dus ook al van Jesus en die wonderwerke wat Hy gedoen het, gehoor. Inderdaad het Jesus al voorheen 'n melaatse persoon genees. (Luk. 5:12-16.) Daarom sê Hy nou ook weer: „Gaan vertoon julle aan die priesters." Eintlik beteken dit dat Hy hulle bede verhoor en hulle genees het. Nou moes die priesters volgens voorskrif hulle rein verklaar.

Toe een van die tien sien dat hy gesond geword het, het hy omgedraai. Die ander nege het voortgedraf om by die priesters en weldra by hul huise en dierbares in die stad te kom. Maar hierdie een het voor Jesus se voete neergeval op sy aangesig en God met 'n groot stem verheerlik. Vir hom het Jesus gesê: „Jou geloof het jou gered." Hy is dus nie alleen van melaatsheid genees nie, maar omdat hy dankbaarheid teenoor God betoon het, het hy homself aan Jesus verbind.

Hy het meer as genesing gekry — hy het ook die geloof in Jesus gekry wat hom gered het vir die ewige lewe.

Jesus Christus is ons enigste hoëpriester. Hy het juis van God af gekom om die mense van 'n groter en dodeliker siekte as melaatsheid te kom red, naamlik van die sonde en die verderf. As ons enigste hoëpriester kan slegs Hy ons rein van ons sondemelaatsheid verklaar. Deur sy versoeningswerk aan die kruis het Hy ons krankhede op Hom geneem en ons smarte het Hy gedra. Elkeen wat in Hom glo, skenk Hy vergifnis van sonde, die opstanding uit die graf en die ewige lewe. Betoon ons opregte dankbaarheid teenoor Hom vir ons redding en verlossing?

20 Februarie **Lees:** Joh. 3:7-15 **Teks:** Joh. 3:14

EEN WEG TOT REDDING

Op hulle woestyntog na die land Kanaän, het Israel telkens in opstand teen die Here gekom. Na 38 jaar se omswerwinge is die belofte land eindelik in sig. Maar die Edomiete weier dat Israel deur hulle land na Kanaän kan trek. 'n Geweldige omweg moet gemaak word — en dit beteken 'n verdere vertraging. Dit is vir die volk 'n groot teleurstelling en hulle breek in bittere klagte en beskuldigings teen die Here uit. Tenspyte van al die leiding en sorg van die Here slinger hulle die verskriklikste beskuldigings teen die Here.

Daarom straf die Here sy volk. Hy stuur 'n plaag van giftige slange en hulle byte is dodelik. Wie gebyt word, sterwe kort daarna. Met skrik in hulle hart bekeer hulle hulle tot die Here — en vra vir Moses om vir hulle te bid. En die Here is genadig — maar Hy neem nie die plaag weg nie. Hy gee 'n geneesmiddel. 'n Koperslang moet gemaak en op 'n paal gesit word. Dan sal almal wat gebyt is en daarna kyk, lewe. Daar is geen ander weg tot redding nie.

Eeue later gebruik Christus hierdie koperslang as 'n tipe van Homself. Hy voorspel sy verhoging en lyding aan die kruis deur gebruik te maak van die beeld van die koperslang. Die kruis is die teken van vervloeking. Dit toon aan die mens hoe diep hy geval en gesondig het. Hierdeur dra Christus die straf op die sonde. Daar is geen ander weg tot redding nie. Ons is dood in die sonde — op weg na ewige verdoemenis. Slegs deur in die geloof te sien op die verhoogde Christus is daar redding en lewe — vir u en vir my. Daar is geen ander weg tot redding en saligheid nie.

21 Februarie **Lees:** Joh. 3:16-21 **Teks:** Joh. 3:16

DIE LIEFDE VAN GOD

God is liefde. In liefde het Hy die wêreld geskape. En elke dag dra Hy die geskapene in sy liefde. In sy liefde het Hy ook die mens, die kroon van die skepping geskape. En aan die mens het Hy die vermoë gegee om sy liefde met wederliefde te beantwoord. Maar die mens draai sy rug op God. Sy liefde

word met ongehoorsaamheid en opstand beantwoord. Hy word 'n prooi van die satan, reddeloos op weg na ewige verdoemenis.

Maar God laat die mens nie aan homself oor nie. Want God het die mens lief — dit is die kroon van sy skepping. En hoe lief God die mens het, word duidelik en sigbaar deur die koms van sy seun. Hy stuur sy seun, die Enigste wat Hy bo alles liefhet. Hy gee Hom oor aan die wêreld: Hy offer sy Seun vir die sondes van die wêreld. En hierdeur doen God die alleruiterste om ons te red, om ons terug te bring en ons saligheid te verseker.

In hierdie teks het ons die hart van die evangelie in 'n paar woorde saamgevat. Hier word die onsaglike, onbegryplike liefde van God in 'n paar woorde beskrywe. So lief het God vir u en vir my gehad. Hy gee sy geliefde Seun as 'n losprys vir u en vir My. Ons moet dit net aanvaar — hierdie grootste gawe aan die mensdom. God wil dat ons gered sal word — dat ons die ewige lewe sal beërwe. Daarom doen Hy alles vir ons saligheid. In diepe verwondering, en bruisende vreugde, buig ons die hoofde voor sy onpeilbare liefde.

22 Februarie **Lees:** Joh. 3:22-30 **Teks:** Joh. 3:30

HY MOET MEER WORD

Indien daar een ding van die mens is wat waar is, dan is dit dat die mens graag belangrik wil wees, groot wil wees. Dit was een van die redes waarom die mens in sonde geval het. Die satan het vir hom gesê dat as hulle van die vrugte van die verbode boom eet, hulle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken. Hierdie droom om soos God te wees, was vir die mens te aanloklik. Daarom word die mens ongehoorsaam en kom hy in opstand teen God. Daardeur word die mens soos . . . die satan: eersugtig, vol eie belang.

Die droom om groot en magtig te wees, is diep veranker in die lewe van die mens. Dit was een van die grootste oorsake van wêreldoorloë: die strewe van die grotes van die aarde om nog groter te word. Maar ook by die gewone mens word dit aangetref: die strewe na aansien, mag en status.

Maar die mens wat tot die besef van eie sonde gekom het, weer dat hierdie 'n sondige strewe is. Hy ken sy eie nietigheid en sonde en hy weet dat Christus alles in sy lewe moet word. Die gelowige wil dat Christus daagliks meer sal word — dat hy homself moet verloën. Hyself moet minder word sodat die krag van God in hom kan woon. Dan word die strewe en die begeerte van die Christen: Hy moet meer word, Hy moet die middelpunt word ook van my lewe. Mag dit ook die strewe in u lewe word: Christus moet meer word en ek moet minder word.

23 Februarie **Lees:** Joh. 4:31-42 **Teks:** Joh. 4:34

GEESTELIKE VOEDSEL

Tydens die gesprek van Jesus met die Samaritaanse vrou, het die dissipels na die dorp gegaan om voedsel te gaan koop. Na hulle terugkoms dring hulle by Jesus aan om te eet. Hy verklaar egter: „Ek het voedsel om te eet waar julle nie van weet nie." Jesus praat hier van sy geestelike voedsel — en dit is nog veel belangriker as liggaamlike voedsel.

Ook aan die satan het Christus, tydens die versoeking in die woestyn gesê: Die mens sal van brood alleen nie lewe nie. Daar het Christus aangedui wat die ware geestelike voedsel is: „die Woord van God." Hierdie woord is noodsaaklik vir die siel of geestelike lewe van die mens. Daarsonder sterf hy geestelik. Ook nou verduidelik Christus dat dit sy spyse is om die wil van sy Vader te doen, dit wil sê: om die Woord van God gehoorsaam te wees. Want gehoorsaamheid aan God herstel die verhouding tussen God en Mens.

Hoe noukeurig kan ons nie ook aan liggaamlike voedsel aandag gee nie. Ons werk en ons sloof ons af vir die voedsel en die kleding van die liggaam. Maar hoe maklik verwaarloos ons nie ons geestelike lewe nie. Aan die Woord van God en die gehoorsaamheid aan sy Woord word soms so weinig aandag gegee. Duisendes is geestelik verhonger en verwaarloos. Maar wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld sou win en aan sy siel sou skade ly? Sorg daarom ook vir u geestelike spyse: dit is verreweg die belangrikste.

24 Februarie **Lees:** Joh. 4:50 **Teks:** Joh. 4:43-54

DIE SPRONG VAN DIE GELOOF

'n Geleerde het eenkeer gesê: Die geloof is soos 'n sprong oor 'n afgrond — maar nie 'n sprong in die afgrond nie, dit is 'n sprong in die arms van God. Want die geloof beteken die prysgawe van die eie-ek, die verloëning van jouself. Die geloof is die volle oorgawe aan God, die blindelingse vertroue op Jesus Christus. Dit beteken om teen jouself en die sigbare wêreld in, jouself volkome in die hand van God te stel.

In hierdie geskiedenis word pragtig geïllustreer wat die geloof van die koninklike beampte geverg het. Sy seun lê op sterwe. Toe Jesus juis in die omgewing aankom, gaan hy dadelik na Jesus en pleit dat Hy moet kom voordat sy seun sterwe. Al sy hoop is daarop gevestig dat Jesus sal kom. Maar Jesus doen 'n beroep op sy geloof: Gaan, jou seun lewe! Die man weet dat sy seun op sterwe lê. Maar Jesus sê vir hom: Gaan, jou seun lewe! Wat sal die man doen?

Teen sy eie kennis in, teen die sigbare werklikheid aanvaar hy tenvolle Jesus se Woord. Hy stel homself en sy kind volkome in die hand van Christus. Hy verlaat hom geheel en al op die Woord van Christus: Dit is geloof.

Dit wil God ook van ons hê: hierdie volkome blindelingse vertroue. Stel uself ook so tenvolle in die hand van Christus. Wie so glo, het die ewige lewe ontvang.

25 Februarie Lees: Joh. 5:1-8 Teks: Joh. 5:6

WIL JY GESOND WORD?

Wat 'n eienaardige vraag is hierdie nie. Want Jesus vra hierdie vraag aan 'n man wat al 38 jaar lank verlam was. Hoe dikwels moes hierdie man nie al daarna gesmag het nie om ook soos ander mense gesond te kan wees — om vry te kon beweeg. Dit is presies ook waarom hy na die badwater van Bethesda gekom het: om gesond te word.

En nou vra Jesus hom of hy gesond wil word. Natuurlik wil hy: dit is waarna hy al jarelank smag. Maar Jesus vra hierdie vraag nie om hierdie man nog verder te pynig nie. Hy vra hierdie vraag omdat hy die man kan help; omdat Hy hom kan gesond maak. Hy wil dat hierdie man op Hom sal vertrou en in Hom sal glo. As Hy die jarelange smagting in die man se oë sien, kom sy vriendelike stem: staan op, neem jou bed op en loop. En dadelik was die man gesond.

So het Jesus Homself as ons Heiland betoon, as 'n Man van smarte, bekend met krankheid, as een wat medelye het, met ons leed en smart. Hy ken ook u lyding en u smart. Ons krankhede, die het Hy op Hom geneem en ons smarte, die het Hy aan die kruis gedra. Daardeur het Hy vir ons die bitterheid uit ons eie leed weggeneem. Deur die geloof in Christus sal ons eenmaal tenvolle verlos wees van alle pyn en leed, droefheid of smart.

26 Februarie Lees: Joh. 5:16-24 Teks: Joh. 5:24

DIE EWIGE LEWE

Deur die sondeval het die mens geestelik gesterwe. Deur die regverdige oordeel van God is die mens bestem vir ewige verdoemenis. Ewige rampsaligheid is die onontwykbare bestemming van die sondaar wat geestelik dood is. Dit is die deel van elke mens wat in sonde voortlewe. Dit is die afgryslike gevolg van die sonde.

Maar in Christus Jesus het God sy liefde vir die mens betoon. Hy skenk 'n uitweg uit die donker nag van sonde en verdoemenis. God stuur sy Seun om die verlore mens te soek en te verlos. En Christus roep ons deur sy Woord na sy wonderbare lig. Die onmoontlike het in Christus moontlik geword: die mens kan die ewige lewe in hemelse saligheid ontvang.

Daarvoor is daar egter 'n voorwaarde: die mens moet na die Woord van Christus luister en in Hom glo. Sy Woord is die spyse wat ons geestelik vernu en hervorm. Christus is die Woord van God wat vlees geword het. In en deur die vleesgeworde Woord is daar vir ons saligheid, ewige lewe moontlik. As u Christus aanvaar, in sy Woord glo en daarop vertrou: dan het u die ewige lewe. Hoe ontsaglik is hierdie waarheid nie. Voor die wonder van sy genade buig ons in aanbidding: Luister na sy Woord en u het die ewige lewe.

27 Februarie **Lees:** Joh. 26-35 **Teks:** Joh. 6:35

DIE BROOD VAN DIE LEWE

Die manna in die woestyn was vir die Jode brood uit die hemel. Hierdie manna het hulle honger na die liggaam gevoed en versadig. Die liggaam moet elke dag met brood gevoed word, om te kan leef. Die manna het egter 'n beroep op die geloof gedoen. Die ontvanger moet die hart ophef tot die Gewer. So was hierdie manna 'n profesie van 'n heenwysing na die „ware brood uit die hemel", wat sou kom.

Jesus gee aan die omstanders 'n ontdekkende woord: „Ek is die brood van die lewe — wie na My toe kom sal nooit honger kry nie . . ." Die teenoorgestelde is dus net so waar. Wie nie na Hom toe kom nie, sal honger bly — bly in die dood.

Honger moet hier dus geestelik verstaan word. Die manna is tydelik. Jy kry weer honger. En hierdie honger tree op verskillende terreine na vore. Die mens wil die hongerpyne stil deur sy sinnelus te bevredig; deur te jaag na eer, posisie: deur die versamel van rykom; in sy soektog na kennis. Daar word vandag ook alhoemeer gegryp na dwelmmiddels om die leegheid van so 'n lewe te ontvlug. Maar hierdie honger word net groter en groter.

Die honger kan net op een manier werklik weggeneem word. „Ek is die brood van die lewe." Ons honger het ontstaan omdat ons die gemeenskap met Hom verbreek het. Die sonde is die oorsaak van hierdie honger, 'n sinnelose honger. En hierdie honger kan net Jesus Christus wegneem, omdat net Hy ons weer kan terugbring in die gemeenskap met die Vader. Hy het ons sonde versoen. Hiervoor het Hy gesterwe. So het Hy die straf gedra. Wie na Hom toe kom, sal nooit honger kry nie. Hy wil ons elke dag voed. Hy is die algenoegsame spyse. Dit vra van ons 'n opregte geloof.

28 Februarie **Lees:** 1 Kor. 11:23-29 **Teks:** Joh. 6:55

DIE SPYS EN DRANK TOT DIE LEWE

„Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe." Jesus sê hier: „Glo in My as die gekruisigde en julle sal lewe." Daarom moet hierdie woord nie soos die Roomses dit wil, verstaan word as sou die nagmaalsbrood en -wyn werklik verander in die liggaam en bloed van Christus nie. Dit is nie waar nie. Ons eet sy liggaam en drink sy bloed (geestelik) omdat ons glo dat sy liggaam vir ons gebreek en sy bloed vir ons vergiet is net so seker as wat ons die brood en wyn in die nagmaal eet en drink. Die brood en die wyn is tekens wat ons heenwys na die liggaam en bloed van Christus. Daar is niks magies aan verbonde nie. Daar moet dus ook nie bygeloof wees nie.

Jesus is letterlik soos 'n offerlam na die slagplek gelei. Sy liggaam is geslag en sy bloed het aan die kruis gevloei. Sonder die geloof dat Hy vir ons sondeskuld geslag is, is ons

nog dood in ons misdade. Deur die geloof kry ons egter deel aan die ware, die ewige lewe. Ons ontvang die ewige lewe deur sy soenverdienste aan die kruis en ons behou dit ook net as ons voortdurend met Hom in geloofsgemeenskap lewe.

Deur in die ware geloof sy vlees te eet en sy bloed te drink, het ons die onverganklike, ewige lewe — die lewe wat duskant die graf reeds werklik is soos dit anderkant die graf werklik is. Ons geestelike honger en dors word gevoed en gelaaf deur te eet van sy vlees en te drink van sy bloed aan die nagmaalstafel. Hierdeur word die lewe ook onderhou. Hiermee word die geheim van die ware lewe aan ons bekend gemaak. Hiermee word ons opgeroep tot die ware geloof. Hy gee die lewe. Glo in Hom en lewe. Dit is die kern van die evangelie.

1 Maart **Lees:** Heb. 4:6-13 **Teks:** Joh. 6:60

HIERDIE WOORD IS HARD

„Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe." Vir die hoorders was hierdie woord hard. Hard beteken hier eintlik „vermetel". Jesus matig Hom te veel aan, volgens hulle opvatting. Dit is egter nie die eerste keer dat die Jode die woorde van die Here as hard beskou nie. Hierom het hulle reeds die profete gedood wat hierdie woord verkondig het. (Jer. 26:11.) Dit sou ook nie die laaste keer wees nie. Paulus sê: „Ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke" (1 Kor. 1:23). Die woord van Jesus wat verkondig word, word vandag alhoemeer as hard, vermetel, aanmatigend beskou — veral deur die sogenoemde verstandsmense en die kommuniste. Daarom dat die Woord vandag meer en meer as 'n mite, 'n storie beskou word of soos die kommuniste sê: opium vir die volk. Selfs sogenoemde teoloë verkondig dat 'n mens darem nie alles kan en moet glo wat in die Bybel staan nie. So word die verstand deur die sonde verduister.

Een van hierdie mites, hierdie harde woorde, wat verwyder moet word, omdat dit dan aanstoot sou gee, is juis die leer van die versoening — die versoening van ons sondeskuld deur die kruisdood van Christus. Die mens is darem vandag te ver ontwikkel om nog so 'n verhaaltjie te glo. So naïef kan die mens tog werklik nie meer in die twintigste eeu wees nie.

Vir die Jode was hierdie woord hard en hierdie Jode was eers dissipels, volgelinge, leerlinge van Jesus. Glo óns egter hierdie woord onvoorwaardelik? Dit vra genade om voor hierdie woord te buig. En so bly dit nog waar — wie nie voor hierdie woord wil buig nie, vir wie hierdie Woord nie die lig op die pad en lamp vir die voet is nie, wie nie sy deur sonde verduisterde verstand wil laat kruisig nie, sal uiteindelik deur

hierdie woord ondergaan. Dan sal dit vir altyd te laat wees. Luister na hierdie woord en glo dit. Buig daarvoor. Hierdie woord is die weg na die lewe. En hierdie lewe is Jesus Christus, die gekruisigde. Bid om genade om hierdie woord te glo, te aanvaar en daarvolgens te lewe. Dan word die hart sag.

2 Maart **Lees:** 1 Kor. 5 **Teks:** Joh. 6:67

CHRISTUS SOEBAT NIEMAND NIE

As ons nie van iets in die kerk hou nie, loop ons. Ons verbreek die gemeenskap van die heiliges. Die Skrif sê dat hy wat hom afskei, soek sy eie begeerte. Ja, ons maak soos ons wil. Ons hoor maar ons luister nie. Ons word kwaad as die verkondigde woord die sweer in ons lewe oopkrap. Ons wil nie genees word nie. Nee ons wil gevlei word. Ons wil gesoebat word.

Jesus soebat niemand nie. Inteendeel! Sy dissipels, met ander woorde — sy volgelinge hier bedoel — het gesê: „Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?" En hulle draai die rug op Hom. Hy word verlaat. Blykbaar het net die 12 oorgebly. Die sensasie van die wonders en tekens het reeds hulle glans verloor. As wonderdoener is Hy toegejuig. As prediker wat tref, word Hy verlaat.

Ook die twaalf word voor die keuse gestel: „Wil julle nie ook maar weggaan nie?" Hulle moet nou kies. Dit staan hulle vry om te gaan soos al die ander. Jesus maak self vir hulle die opening.

Hier is 'n ernstige saak aan die orde. 'n Saak waaroor ernstig besin moet word. Hoeveel lidmate is nog net in naam by die kerk? Hoeveel lidmate leef nie reeds soos heidene nie? Is ons nie in die kerk „bang" om hierdie lidmate aan te spreek nie? Soebat ons nie maar net altyd nie? Bly ons nie maar liewer stil ter wille van die vrede nie? Ja, sê ons, die taak van die kerk is om te versamel. Hou hulle liewer by die kerk. Die tug in die kerk moet weer sy regmatige plek begin inneem. Ons het dit aanvaar by ons geloofsbelydenis. Tug-hulle wat doopsgelofte verloën, die sakramente minag, die Woord verag. Ons mag hulle nie so laat voort lewe nie. Hulle moet kies. Ons moet hulle laat beslis. Anders bring ons hulle onder 'n valse indruk. Is ons nie die oorsaak van hulle selfgerustheid nie?

As die mense Jesus se woorde hard noem en hulle begin weggaan, begin Hy nie om hulle te paai of om hulle te soebat nie. Jesus ken sy eie en word deur sy eie geken. Hy weet wie in opregtheid glo en volg. As iemand Jesus wil volg: hieroor moet daar 'n besluit geneem word. Elke dag — ook vandag. Niemand mag met uitwendige middele teruggehou word nie. Die geloof moet 'n beslissing, 'n keuse bly — Christus of die wêreld!

3 Maart Lees: Joh. 20:20-28 Teks: Joh. 6:68

BUITE CHRISTUS — NIEMAND

Ons leef in 'n tyd van ontnugtering. Die wêreld erken dit egter nie maklik nie. Die kerk weet dit. Die gelowige sien dit. Die wêreld is vol wegwysers — wegwysers na vrede, rus, ja na 'n heilstaat. Hierdie „altyd op pad wees" na iets of iemand of 'n bestemming is eie aan die mens. Die een sê: kom hierheen, hier is rykdom uit armoede; hier is vrede, hier is nie ellende nie. Dit word egter nooit gevind nie. Ons gaan met ons probleme na psigiaters, die toevlug word na dwelmmiddels geneem en die senuwee-inrigtings word al voller. En moenie die dolosgoeiers vergeet nie. Ons leef inderdaad in 'n siek wêreld. Verdowing en dwelmmiddels kan ons miskien tydelik van ons nood, ons ellende, ons frustrasies, ons probleme laat vergeet. Soos die verlore seun verlaat ons ook die huis van die vader en eindig by die varkbak.

In hierdie soek na iets of iemand bly die mens — of nee, word hy net meer honger en kry hy net meer dors. So gaan dit met elke mens wat Christus verlaat het. „Here na wie toe sal ons gaan?" Die geloof moet daarom keuse bly. Die geloof is egter nie 'n vanselfsprekendheid nie, ook nie 'n onaantasbare besit nie. Dit moet altyd weer versterk en bely word en beleef word — Die mens buite Christus is op 'n doodlooppad.

Na wie toe sal ons gaan? Christus — dit is die enigste antwoord. Hy alleen is deur God tot lewe gegee. Hy is die lewe, die ewige lewe. Na wie toe? Jesus Christus is die antwoord op hierdie noodkreet uit die afgronddiepte van verlorenheid. Buite Hom niks en niemand nie. Geen toevlug buite Christus nie.

4 Maart Lees: Matt. 16:13-19 Teks: Joh. 6:69

DIE BELYDENIS VAN 'N GELOWIGE

„Wie dink julle is Ek?" Hier word 'n ernstige vraag gevra. Die antwoord hierop is 'n keuse tussen lewe en dood. Dit is nie 'n blindelingse antwoord wat verwag word nie. Nee — die antwoord word eers gevra nadat onderrig ontvang is. Eers kategetiese arbeid. Eers leer, hoor, luister, verstaan. 'n Antwoord word dan verwag. Standpunt moet dan ingeneem word. As jy in geloofssake standpunt in neem as jy jou diepste oortuiging so uitspreek, dan noem ons dit 'n belydenis. Jy bely wat jy glo — geloofsbelydenis. Dit is die normale weg waarlangs Jesus met die mens deur die seun gaan. As hulle onderrig is in sy Woord, moet hulle daarna standpunt inneem, bely wat hulle van Hom dink. Paulus knoop ook die geloof en die belydenis aan mekaar vas.

Petrus se standpuntstelling, sy geloofsbelydenis is kort en kragtig maar in omvang en treffwydte die allerskoonste: „Ons het gelo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God." Dit is die antwoord, die belydenis van die dissipels by monde van Petrus, op wat hulle van Jesus geleer

het en glo. Hy is die Een wat sou kom. Hy is die Verlosser, Redder, Saligmaker. Hy is Jesus. In Hom is ons lewe, ons ewige behoud. Hy is die Seun van God wat gekom het om ons seuns en dogters van die Vader te maak.

Hierdie belydenis van Petrus kring wyer en wyer uit, oral waar hierdie Jesus as Seun van God in die geloof bely word, oral daar waar in Hom as Verlosser geglo word:

Ons bely dit, ons glo dit — nie omdat vlees en bloed dit aan ons geopenbaar het nie — dus nooit uit onsself nie — maar omdat die Vader dit aan ons bekend gemaak het. Dit is genade! Dit is 'n wonder van sy barmhartigheid. Na wie anders sal ons gaan. Jesus, U is ons toevlug. — Dit is die geloofsbelydenis van 'n gelowige.

5 Maart **Lees:** Matt. 7:21-29 **Teks:** Joh. 6:70

DISSIPEL OF DUIWEL

„Pasop vir die wolwe wat in skaapsklere na julle kom." 'n Boom word aan sy vrugte geken. 'n Slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie. Nogtans moet ons baie baie versigtig wees. Die mens sien die uiterlike. Jesus ken die hart. Daarom weet Hy dat een van sy dissipels 'n wolf in skaapsklere is — 'n slegte boom, uiterlik met mooi vrugte, maar binne vrot. Agter die uiterlike vroomheid lê die grootste skynheiligheid verberg. Hy bely saam dat Jesus die Here is, maar dit is bloot 'n masker, 'n toneelkleed.

Hierdie ernstige uitspraak van Jesus moes al die dissipels tot 'n dringende selfondersoek gedwing het. Judas het by die laaste pasga waarskynlik ook gevra: „Is dit miskien ek?" Judas word egter nog gewaarsku. Dit is die wonder van God se barmhartigheid, genade en liefde. Daar was vir Judas nog 'n laaste geleentheid om tot inkeer, berou te kom.

Maar Judas het met oop oë sy ondergang tegemoet geloop omdat hy met moedswillige ongehoorsaamheid en onverskilligheid die sondeweg betree en daarop volhard het. Hy was self die oorsaak van sy ondergang. Hy was so naby en tog so ver.

„Een van julle . . ." — nie een wat Hom nie ken nie. Nie een wat net van Hom gehoor het en nie geantwoord het nie. Nie een wat geroep is en nie gekom het nie. Nee — een van julle — een oor wie die genadedag aangebreek het. Een wat in die gemeenskap opgeneem is. Een vir wie daar verlossing en redding was. Vreeslik!

Hierdie waarskuwing roep ons persoonlik tot ernstige selfondersoek op. „Is dit miskien ek, Here!"? Dit is 'n gewetensvraag. U moet self die antwoord gee.

Ons kan diesulkes nie altyd uitwys nie, maar daar is vandag veral nog net sulke duiwels in ampsgewaad onder ons en in die wêreld. Vir hulle is Christus maar net die dekmantel, die toneelkleed. Dit is die wolf in skaapsklere. Dit die boom wat die vrug dra — van buite soms mooi — maar binne vrot. Laat ons egter nie net of eers na ander kyk nie, maar by onsself begin. Is Christus vir my die begin en die einde?

6 Maart **Lees:** Joh. 8:1-11 **Teks:** Joh. 8:10-11

SKULD EN GENADE

Hoe tekenend is hierdie verhaal van die beskuldigde vrou nie van ons mense nie. Die mens beskuldig sy medemens terwyl hyself skuldig staan. Spontane erkenning van skuld geskied ook maar by uitsondering. Eers wanneer die skuldige vasgetrek en uitgelewer staan met die ooggetuies se beskuldigende vingers na hom gedraai, word sy skuld voor die mense bekend. Dan sak die oordeel van mense oor hom toe, sonder gedagte aan die Bybelwoord, om nie te oordeel nie. Die mens is maar suinig om genade te betoon en gretig om dit in oormaat te ontvang.

Ons kan God nooit genoeg dank vir sy genade in Jesus Christus nie. Want onder Gods Wet staan ons almal skuldig, soos die vrou wat betrap is in owerspel. Soos vir haar, spreek ook Jesus se vergewende genade vir ons: „gaan heen en sondig nie meer nie."

Groter genade as dié wat Jesus betoon het toe Hy gepleit het om vergifnis vir hulle wat Hom gekruisig het, ken ons nie. Dieselfde genade openbaar die Here Christus voor die troon van God waar Hy vir ons as pleitbesorger by die Vader intree.

Ons weet nie hoe dié vrou haar dank betoon het nie. Die Bybel leer ons egter om ons dankbaarheid teenoor die Here te betoon deur die doen van goeie werke. Of geskied ons goeie werke dalk met die gesindheid om God se genade daarmee te verdien? Dit mag nooit so wees nie en buitendien sal ons, by gebrek aan genade, omkom omdat ons werke te gering en onbekwaam is om maar die geringste genade daarmee te verdien.

7 Maart **Lees:** Joh. 9:24-41 **Teks:** Joh. 9:39

TOT 'N KRISIS IN DIE WÊRELD

Christus se koms tot 'n oordeel in die wêreld, het 'n krisis meegebring. 'n Krisis soos wat daar plaasvind met die veroudering van melk. Na die skiftingsproses, die verandering van die samestellende dele daarvan, kan dit nooit weer dieselfde wees nie. Algehele omvorming en drastiese verandering het plaasgevind.

So 'n krisis is die evangelie van die Here Christus vir die sondaarmens. Dit spreek van liefde en van toorn, van redding en van oordeel, van vergifnis en skuld, van blindes wat sal sien en van hulle wat sien en blind sal word. Dit gryp diep in in

die lewe van die mens en eis 'n keuse; vir Christus of teen Christus. Hy wat onbewus is van die krisis waartoe Jesus Christus in hierdie wêreld gekom het, is „die ellendigste van alle mense", want sonder dié bewussyn, kan daar geen kennis en ondervinding van die geloofstryd wees nie. Dit is die stryd wat die gelowige louter en die geloofsoog laat oopgaan, sodat ons Christus mag sien as Verlosser aan die kruis, as Middelaar wat die gelowige voor Gods troon, vir ewig van die sondestryd waarin ons in dié wêreld staan, wil bevry. Die ontstellende in hierdie lewe is egter dat so min van ons in ons Christen-wees, daarvan blyke gee dat dié krisis van die kruis ons ook opgeëis en verander het.

8 Maart **Lees:** Joh. 10:1-21 **Teks:** Joh. 10:11

DIE GOEIE HERDER

Christus self is die goeie herder vir sy skape, sy kerk. Met die sorgsaamheid en tere gemoeidheid van 'n herder wat sy kudde liefhet, bejeën Hy dan ook sy kudde. Kommer en deernis kenmerk ook sy gebed ten behoewe van sy dissipels en daarom ten behoewe van die kerk, dat die Vader hulle en ons moet bewaar.

Vir ons, dwalende swakkelinge, het Jesus ingetree. Vir ons onthalwe het Hy die spot en verguising van die rasende skare tydens sy verhoor en langs die weg na Golgota, verduur. Die foltering aan die kruis het Hy sonder verwyt verdra en neergedaal na die hel — 'n goeie herder wat deur graf en hel gegaan het vir sy kudde.

As oorwinnaar is Hy nou aan die regterhand van God waar Hy vir sy volgelinge 'n voorspraak is. Dit kan Hy wees omdat Hy in ons plek graf en hel getrotseer het om ons weer met God te versoen.

Tog waak Hy steeds oor ons, sy kudde, en soek elkeen wat verdwaal. Soos 'n herder roep Hy, deur die Bybelwoord, elkeen wat na sy stem wil luister. Hy lei hulle deur die weivelde van ons aardse bestaan heen. So berei Hy ons voor vir die hemelse velde waarheen ons as sy kudde op weg is.

Elkeen daarom, wat na sy stem luister en Hom volg, lei Hy uiteindelik ook deur die hemelpoorte binne, waar daar ewige rus is.

9 Maart **Lees:** Joh. 11:11-28 **Teks:** Joh. 11:27-28

LEWENDE TOEKOMS

Marta, die suster van Lazarus wat gesterwe het, het met die geloof erns gemaak. Met die oortuiging van die geloof het sy Jesus tegemoet gegaan, gretig dat Hy hulle in hulle droefheid en leed moet kom versterk en bystaan. Jesus het egter vir haar meer beteken as net 'n vriend van die familie. Vir haar was hy die Here en Meester wat selfs net met sy teenwoordigheid, die dood kon afweer. Daarom haar belydenis.

„Ja Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God."

Wie soos Marta vertrou glo en bely, vir hom kry die bestaan van die mens 'n nuwe betekenis. Vir hom lê die dood in die verlede. Geen verskrikking van die dood, die graf of angste van die hel hoef hy meer te vrees nie. Vir die gelowige in Christus is dit reeds op die agtergrond geskuif, want hy het met Christus gesterwe. Daarom lê slegs die lewe voor. Christus is die opstanding en die lewe en daarom kan daar geen benouing wees vir die dood, by dié wat in Christus veranker is nie.

Met dié wete vervul, moet elke Christen maar soos Marta wees, om die ander na die Here Christus toe te roep, sodat ook vir hulle die dood op die agtergrond sal skuif en die lewe tot in ewigheid, voor hulle sal uitstrek. Dit is 'n vreugde om te weet dat Jesus Christus klaar vir my gesterwe het, graf en dood oorwin het en boonop nog die ewige lewe skenk as onverdiende, ewige erfenis.

10 Maart Lees: Joh. 11:45-57 Teks: Joh. 11:49-50

NOODSAALIKE KENNIS

In verbondenheid met die hoëpriesteramp, het Kajafas 'n profetiese waarheid gespreek sonder dat hy daarvan bewus was. Jesus sou wel sterf vir die nasie, vir die hele mensdom, maar om 'n gans ander rede en met 'n heel ander doel, as dié wat Kajafas voor oë gehad het. Daarom was hyself ook maar een van dié wat niks geweet het van die verlossende genade van God in Christus nie.

Moet ons nie ook na al die eeue erken dat daar baie is wat van die evangelie van die Here Christus, niks weet en verstaan nie. As die wêreld die evangelieboodskap wat tog oor die ganse aarde uitgedra is, verstaan, waarom leef dan net so 'n klein persentasie as gelowige Christene, as kerk van die Here?

Die kerk is nie mensewerk en daarom willekeurig vir die mens nie. Die kerk is liggaam van Christus, Gods saak. Wanneer ons met die kerk te doen het, betree ons die gebied waar God sy uitverkorenes opeis vir diens, tot verheerliking van sy Naam. Dan moet ons, ons klein-menslikheid en onreinheid terdeë in ag neem en onsself as offer aan sy voete lê en vra om die genade om aan Christus verbonde te mag bly. Verbonde aan Christus moet die gelowige verkondigend lewe. So kom dan ook die ware priesterskap, tot sy reg in die Christen se lewe naamlik om priester te wees in God se diens, om die groot „soenoffer", Jesus Christus, aan te wys, ook vir die wêreld. Aan die wêreld moet bekend word dat „een man" naamlik Jesus Christus, wel gesterwe het, sodat die hele mensdom nie vanweë die sonde hoef om te kom nie.

11 Maart Lees: Joh. 12:27-33 Teks: Joh. 12:27

STRYD IN VERSOEKING

Jesus is diep in sy siel ontroerd omdat Hy op die vooraand van sy kruisiging staan. Die aankondiging van dié feit deur Homself, het by Hom die menslike reaksie van bewoëndheid ontlok. So geskied dit by ons mense wanneer ons die dood sien nader tree. Dan rem ons terug. Die hemelse heerlikheid wil ons binnegaan maar vir die dood deins ons terug.

By Jesus was hierdie tweestryd intens. Sou Hy nie maar die stryd opgee nie? Maar terugkeer na die heerlikheid wat Hy vantevore by die Vader besit het nie? Daartoe het Hy tog die vryheid gehad om dit van die Vader te smeek. Maar trou aan sy roeping het Jesus by die doel gestaan waarvoor Hy op aarde neergedaal het, naamlik om as Verlosser te sterwe aan die kruis. Daarom het Hy in die stryd van die versoeking, na die verbystering van die nood, bereidwillig oorgegaan tot die gebed om die wil van die Vader af te bid en vir die verheerliking van die Naam van die Vader te vra.

Uit die hemele het die Vader bevestig dat die stryd enduit gestry sal word tot verheerliking van Gods Naam. Alleen só sou God se Naam verheerlik word, as sy verlossingsdaad volvoer sou word tot die einde toe.

In elke gelowige se stryd teen die versoeking kan en moet die motief om te stry en te oorwin, maar altyd net die feit wees, dat die Naam van die Here verheerlik sal word. Dit is seker ook waarvoor God die mens geskape het, naamlik tot verheerliking van sy driemaal heilige Naam.

12 Maart Lees: Joh. 12:35-50 Teks: Joh. 12:46

DIE LIG HEF DIE DUISTERNIS OP

Met Christus se koms het 'n blink môrester opgegaan, die dagbreek van 'n nuwe tydvak het aangebreek. Dit is 'n tydvak waarin dit vir die gelowige nooit weer duister hoef te wees nie, omdat die sondeduister nie meer oor hom kan toevou nie.

God se Lig uit die hemel het die duisternis kom ophef vir dié wat glo, en tog, hoe groot is die duisternis nie nog in hierdie lewe nie! Die evangelie is die draer van lig, soos 'n hoogspanningslyn wat gelaai is met krag en liggewende energie. Kontak en verbondenheid met so 'n kragbron, gee krag en lig. Sonder verbondenheid met die kragbron, kan geen sprake wees van krag en lig nie.

Die evangelie wil nie net blye boodskap wees nie, maar dit bring ons in verbondenheid met Hom, wat die inhoud van die boodskap is, die bron van die Lig, die Lig van die ewigheid.

Die evangelie verkondig aan ons om in Christus te bly sodat Hy in ons kan bly. Die lewe van dié mens in wie Christus bly, word verlig en die duisternis moet daaruit vlug, omdat die krag en lig van Christus die duisternis ophef.

Deur die eeue heen het God mense gebruik om die evangelie as netwerk van kragverbinding oor die ganse aarde te dra sodat die lig oral kan skyn om die duisternis op te hef. Ook ons, die kerk van die Here Christus, vir wie die Lig die duisternis verdring het, moet dié Lig uitdra sodat die duisternis van die sonde kan verdwyn.

13 Maart **Teks:** Joh. 13:1-11 **Teks:** Joh. 13:6

SY HEIL OOK VIR ONS

Jesus se optrede by die voetwassing beeld sy algehele selfvernedering uit ter wille van die sondige mens. Dwarsdeur sy lewe streef Hy geen koningshulde na nie, maar uiteindelik verneder Hy Hom tot in die allerdiepste smaad en angs van die hel met liggaam en siel aan die kruishout.

Petrus hou die gebeure aan tafel noukeurig dop. In plaas daarvan dat 'n dienskneg, soos destyds die gebruik was, inkom en almal se voete was, staan die hoof aan tafel, naamlik Jesus op en Hy begin om een vir een se voete te was. Petrus reageer heftig wanneer Jesus by hom kom: „Here, gaan Ú mý voete was." „. . . in alle ewigheid nooit . . ." Petrus verstaan nog nie Jesus se lydensweg nie.

Na die kruisdood en die opstanding het hy wel verstaan. Toe het hy geweet dat Jesus nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien, en om sy lewe te gee as 'n losprys vir baie. Die evangelie by die voetwassing het hy nou ook verstaan, naamlik dat Jesus se heilswerk deur sy selfvernedering tot die dood toe, nie net vir die ander dissipels nie, maar ook vir hom bedoel was, en so vir alle mense.

Dit wat Jesus by die voetwassing aan sy dissipels gedoen het, het Hy ook aan ons gedoen. Soos Jesus die eiesinnige en sondige Petrus nie wou oorslaan nie, wil Hy ook vandag nog niémand van ons oorslaan nie. Sy heil is óók vir óns bedoel.

14 Maart **Lees:** Mark. 10:35-45 en Joh. 13:12-17 **Teks:** Joh. 13:14

ONVOORWAARDELIKE DIENS AAN GOD EN MEDEMENS

'n Verdere betekenisvolle boodskap van die voetwassing het betrekking op die gesindheid waarmee ons diens lewer. In sy dienslewering is die sondige mens selfsugtig en soek hy na sy eie eer. As hy wel nog diens lewer, wil hy self die grootste voordeel en eer daaruit verkry.

Hierdie sondige swakheid het die dissipels ook gehad. Onder die dissipelkring wil Jakobus en Johannes die belangrikste posisie beklee. Naas Jesus wil hulle in sy koninkryk die mees geëerde mense wees. Die een moet aan sy linker- en die ander aan sy regterhand sit. By die voetwassing stel Jesus aan sy dissipels 'n voorbeeld wat Hy op 'n besondere wyse beklemtoon: „Julle noem My ‚Meester' en ‚Here', en julle is

reg, want Ek is dit. As Ek, wat julle Here en julle Meester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was."

Hierdie woorde van Jesus hou verband met wat ons in vers 1 lees, waar dit gaan oor Jesus se liefde vir die mens wat Hy tot die uiterste toe bewys. Dit is sy liefde wat Hy tot die dood toe aan die kruis openbaar. Omdat Hy só liefgehad het, het Hy ook tot die dood onvoorwaardelik gedien.

Die nuwe mens in Christus is die mens wat voortdurend Gods liefde deur Christus as gawe ontvang. Hierdie liefde wil in ons lewe vrugte dra. Dit wil in ons gedagtes, woorde en dade tot uiting kom. Die nuwe mens in Christus dien God en sy medemens met die liefde van God tot die dood toe.

15 Maart **Lees:** Joh. 13:18-30 **Teks:** Joh. 13:21

JESUS HEWIG ONTSTELD

Jesus is besig om die laaste pasga met sy dissipels te eet. Oor 'n paar uur verder sal Hy 'n gevangene in die hande van die owerpriesters en Fariseërs wees. Dit is die laaste keer voor die hoogtepunt van sy lyding dat Hy op so 'n intieme wyse met sy dissipels verkeer. Hierdie manne is die geroepenes om binnekort die evangelie van verlossing aan Jood en heiden te gaan verkondig. Hy leer hulle vir oulaas. Hy bemoedig en vertroos hulle.

Judas, die verraaier, is ook nog aan tafel. In sy gedagtes deel Judas waarskynlik nie in die intieme verkeer tussen Jesus en sy dissipels nie. Judas se planne om Jesus te verraai, is klaar afgespreek met die owerpriesters en Fariseërs. Hy wag met spanning op die aanbreek van die regte tyd, later gedurende die aand.

Jesus weet wat Judas se planne is, en wat in sy gedagtes omgaan. Dit raak Hom intens. Judas verpersoonlik die sondige mens wat God haat. Op Judas en die ganse mensdom rus die toorn van God oor die sonde, wat aan die kruis gewreek moet word. Daarom is Jesus hewig ontsteld en sê vir sy dissipels: „Ja, dit verseker Ek julle: een van julle sal My verraai." Jesus moet hierdie kruis dra. Op Hom moet die oordeel van God voltrek word, die oordeel van God oor Judas en alle mense.

Jesus se hewige ontsteltenis was nie net vanweë Judas se sondige planne en gedagtes nie, maar ook vanweë ons daaglikse planne en gedagtes van haat teenoor God. Ter wille van elkeen van ons moes Hy die bitter beker drink, en godverlate aan die kruishout hang.

Uit die leë graf klink die blye boodskap. Jesus se hewige ontsteltenis was ook ter wille van ons. Hy het vir ons oorwin.

16 Maart Lees: Joh. 13:31-38 Teks: Joh. 13:31

VOLGELINGE VAN CHRISTUS

Deur die eeue heen is dikwels na groepe mense verwys as volgelinge van 'n bepaalde leer of lewenswyse. 'n Groep mense volg 'n bepaalde persoon vanweë sy besondere gesagsinvloed of vanweë sy besondere leer of lewenswyse wat hy verkondig. So lees ons ook in die Nuwe Testament van die dissipels of van 'n skare mense wat Jesus gevolg het. Sedertdien word tot vandag toe dikwels na die Christene verwys as volgelinge van Christus.

Wat beteken dit om volgeling van Christus te wees? Wat hou ons Christen-wees vir ons in? Na die wonderbare spysiging vermaan Jesus die skare wat Hom soek en volg, omdat hulle alleen belangstel in die brood wat hulle geëet en waarvan hulle versadig geword het.

Ons teks leer ons iets besonders van wat dit beteken om Christus te volg. Wanneer Jesus vir Petrus sê: „. . . later sal jy My volg," wys Hy heen na die lewe hierna. Hy gee aan Petrus en alle gelowiges die belofte van ewige heil. Om volgeling van Christus te wees, hou nie slegs waarde in vir die lewe hier en nou nie. Dit het ewigheidswaarde. Dit is 'n volg oor graf en dood heen na die ewige Vaderhuis.

Ons moet daagliks nadink oor ons Christen-wees en ons lidmaatskap aan die kerk van Christus. Dit mag nie gaan om tydelike voordele en aansprake nie. Dan sal ons volgelingskap van Christus by die dood ten einde loop. Christus wil dat ons Hom sal volg, nie ter wille van die tydelike brood nie, maar ter wille van die lewende brood — sy belofte van ewige heil in die lewe hierna.

17 Maart Lees: Joh. 14:1-12 Teks: Joh. 14:3

CHRISTUS KOM ONS HAAL

Die dissipels begin onrustig raak. Jesus praat van weggaan, dat hulle Hom sal soek en dat hulle nie kan kom waar Hy heengaan nie. As hulle maar net meer kan weet van die plek waarheen Hy gaan, of die pad wat daarheen lei. Thomas vra om meer inligting: „. . . hoe kan ons die weg daarheen ken? . . . Here, wys ons die Vader . . ." Miskien sal hulle dan tog by die plek kan uitkom waar Jesus heen gaan.

Jesus stel die dissipels gerus. Hulle hoef nie uit hulle eie by die plek uit te kom waar Hy heen gaan nie. „. . . Ek kom terug en sal julle na My toe neem." Dit is die heerlike belofte van sy wederkoms om diegene wat in Hom glo, te kom haal. Wat intussen nodig is totdat Hy weer kom, is aan die mens bekend, naamlik „Ek is die weg en die waarheid en die lewe".

Dit is menslik om soms te dink en vrae te stel oor die lewe hierna: of ons mekaar in die ewige lewe weer sal herken, hoe dit daar sal uitsien, hoe lank dit nog sal duur. Oor al hierdie en dergelyke vrae hoef ons ons nie te bekommer of moeg te maak nie. Wat van belang is, is dat ons na die dood daar sal uitkom. Daarvoor sal Hý sorg. Hy kom ons haal om ons na Hom toe te neem.

18 Maart **Lees:** 14:15-25 **Teks:** Joh. 14:16, 17

GOD BY ONS

'n Moeilike tyd lê vir die dissipels voor. Intussen het hulle gewoond geraak aan die wondervolle nabyheid van hulle Heer en Meester. Wanneer daar nie voedsel was nie, het Hý raad geweet; wanneer die stormwinde lewensgevaarlik was, het Hý uitkoms gegee. Elke gevaar en alle nood het teikens in die niet verdwyn.

Maar gedurende die nag wat voorlê, die nag van sy gevangeneming, en die dae daarna sal hulle radeloos en reddeloos wees. Hulle sal verskrik uitmekaar spat. Petrus sal op 'n afstand volg en uit vrees vir sy lewe sy Meester verloën. Op pad na Emmaus sal mense met mekaar redeneer oor die grootste verwagtinge wat hulle tevergeefs gekoester het.

God ken die eensaamheid van die mens. Hy weet dat die mens geen oomblik kan bestaan of leef sonder sy wondervolle nabyheid en sorg nie. Daarom verseker Jesus sy dissipels dat Hy hulle nie as weeskinders sal agterlaat nie. Hy sal die Vader bid, en Hy sal aan hulle 'n ander Trooster gee om vir ewig by hulle te wees, die Heilige Gees wat by hulle en in hulle sal wees.

'n Ongelowige ruimtereisiger het, toe hy baie ver weg van die aarde in die ruimte gesweef het, gesê dat hy rondgekyk het maar dat hy God nie kon sien nie. Dit bevestig die woorde van ons teks: „Die wêreld kan Hom (die Heilige Gees) nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie." Die gelowige is egter nooit godverlate nie. Christus het in ons plek die godverlatenheid aan die kruis verduur, en nou ervaar ons te midde van alle omstandighede in ons lewe die wonder van Gods nabyheid, wat deur sy Gees vir ewig by ons is.

19 Maart **Lees:** Joh. 15:1-13 **Teks:** Joh. 15:9

DIE VLOEI VAN GODS LIEFDE NA ONS TOE

In hierdie skrifgedeelte leer ons 'n baie belangrike aspek van ons deelname aan en ons meelewing met die kerk van Christus ken. Jesus vergelyk sy kerk met 'n boom. 'n Boom bestaan uit 'n stam of wingerdstok wat eerste geplant word. Die lote groei aan hierdie stam en ontwikkel tot 'n boom. Die ontwikkeling en groei van die boom, en die vrugte wat die lote dra, word moontlik gemaak deur die voedingsap wat deur die

stam na die lote vloei. Die lote of takke waar die vloei van die voedingsap versteur word, verdroog. Omdat hierdie takke nie meer vrugte kan dra nie, word hulle weggesnoei en vernietig.

In die midde van sy kerk op aarde is Jesus die wingerdstok of stam, en almal wat aan sy kerk behoort, is die lote wat aan hierdie stam groei. Ons teks sê vir ons wat die voedingsap is, wat deur Jesus Christus na ons as sy lote vloei: dit is die liefde van God wat Hy deur Jesus Christus aan ons skenk.

Hoe vloei die liefde van God na ons toe? Deur die verkondiging van die evangelie, waarna ons elke Sondag mag luister. Die verkondiging van die evangelie is weer en weer openbaring en verklaring van Gods liefde vir ons. Terwyl die liefde van God deur sy evangelie na ons toe vloei, word ons as lote in staat gestel om te bloei en vrugte te dra.

Hier is egter ook 'n dringende waarskuwing in hierdie gelykenis. Die takke wat nie meer voedingsap ontvang nie, verdroog. Hulle word weggesnoei en word vernietig. Wat doen ons as takke van die boom, van Christus. Sien ons toe dat die vloei van sy leifde na ons onversteurd en sonder ophou voortgaan. Of oordeel ons dat dit genoegsaam is as sy liefde net so nou en dan na ons toe vloei. Só 'n mens ly gebrek aan die liefde van God, en sy uiteinde is ewige vernietiging.

Wat 'n voorreg is dit nie om meelewende lid te wees van die kerk van Christus nie! Hý sorg vir ons. Hý voed ons. Hý laat ons vrugte dra.

20 Maart **Lees:** Joh. 16:1-4 **Teks:** Joh. 16:2

WIE DIE SEUN NIE EER NIE, EER NIE DIE VADER NIE

Waarom dink mense dat hulle 'n diens aan God bewys as hulle Christengelowiges vervolg? Jesus sê hulle doen dit omdat hulle die Vader nie ken nie en Hom ook nie. Hierdie vervolgings vind plaas omdat mense nie bereid is om in Hom te glo nie.

Solank 'n mens nie in God glo nie, kan jy mos maak soos jy wil. Dan het jy niemand aan wie jy verantwoording moet doen nie. So dink die mense immers. Die mens wil vry wees van God of enige gesag. Daarom word die eise wat van Godsweë deur die kerk opgelê word as struikelblokke en beperkings op 'n mens se vryheid beskou. Die mens word al minder bereid om die ware God te leer ken. Hy verkies om in gode te glo wat hy vir homself ontwerp het. Talle beskou die God van die Bybel slegs as een van die baie gode waarin mense glo. Dikwels word verkondig dat daar geen verskil tussen godsdienste is nie. Daar word selfs pogings aangewend om al die godsdienste onder een dak saam te bring.

Mense doen sulke dinge omdat hulle God nie ken nie. Dit lei dan daartoe dat hulle soms selfs vyandig gesind word teen die Christengelowige wat alle eer vir God alleen opeis. Soos Jesus hier op die vooraand van die kruisiging staan en

besef dat hulle sy dood soek omdat hulle die Vader nie ken nie en daarom nie in Hom glo nie, so is die mens nog altyd om dieselfde rede vyandiggesind teen Jesus en is hulle bereid om Christengelowiges te vervolg.

Die mens is óf bereid om God te ken en te eer óf hy soek die eer vir homself alleen en dan is hy bereid om, soos die Jode, Jesus te kruisig. Daarom kan die Vader alleen geëer word as die Seun geëer word.

21 Maart **Lees:** Joh. 16:12-16 **Teks:** Joh. 16:16

CHRISTUS OMSKEP ONS KLEIN TYDJIE TOT EWIGHEID BY GOD

Kort na hierdie laaste onderrig van Jesus aan sy dissipels triomfeer die satan oënskynlik wanneer Jesus gekruisig word. Die tydjie waarin die dissipels met Jesus kon verkeer, word al korter. Dit is net 'n klein tydjie en hulle sal Hom nie meer sien nie. Hy sal weggeneem en gekruisig word.

Maar, sê Jesus, hulle moet nie moed verloor nie, want nog 'n klein tydjie en hulle sal Hom weer sien omdat Hy na sy Vader gaan. Die feit dat Hy na sy Vader gaan, moet vir die dissipels 'n bron van vreugde wees. Daarmee het Hy hulle wat in Hom glo, vooruitgegaan om vir hulle plek te berei.

Noodwendig moes die dissipels bedroef wees omdat Hy weggaan. Maar dit was vir almal 'n groter vreugde dat Hy weggegaan het want dit was tot ons almal se voordeel. Hy het nie vir goed weggegaan nie. Hy het verseker dat deur sy dood, opstanding en hemelvaart ons eenmaal met Hom sal wees.

Nou was dit nie net die dissipels wat bevoorreg was om met Hom te verkeer nie en daarom bedroef was om Hom te sien weggaan nie. Nou het ons almal deur sy weggaan in die geleentheid gekom om na 'n klein tydjie Hom weer te sien. Ons almal wat in Hom glo het nou die blye verwagting dat ons eenmaal vir ewig by Hom sal wees.

Hy het na sy Vader gegaan. Daarom weet ons dat ons ook op die tyd deur God bepaal eenmaal by ons Vader in die hemel sal wees.

22 Maart **Lees:** Joh. 16:29-33 **Teks:** Joh. 16:33

JESUS VERSEKER DAT ONS VREDE BY GOD HET

Vrede klink vandag dikwels na 'n towerwoord. Te midde van oorloë en gerugte van oorloë wil 'n mens tog graag sien dat daar vrede moet wees. Dit sal tog goed wees as al die haat in die wêreld kan plekmaak vir liefde en verdraagsaamheid teenoor mekaar.

In hierdie soek na vrede word die Bybelse begrip van vrede heeltemal uit verband geruk. Jesus kom nie in die wêreld sodat almal nou meteens mekaar om die hals moet val en hulle liefde vir mekaar betuig nie. Hy sterf ook nie aan die kruis sodat almal skielik in vredevolle eensgesindheid met mekaar sal leef nie.

In hierdie teks praat Jesus van vrede maar Hy praat ook meteens van verdrukking. Dit is tog twee dinge wat nie by mekaar pas nie! Dit lyk eienaardig dat die Christen vrede kan hê terwyl hy verdrukking moet verduur.

Tog het ons 'n vrede wat niemand of enige oorlog van ons kan wegneem nie. Jesus sê Hy het die wêreld oorwin. Hy het met sy dood en opstanding ons grootste vyand oorwin. Waar die mens geneig is tot die sonde om God en sy naaste te haat, het Christus gekom en die middelmuur van skeiding tussen God en ons afgebreek sodat ons vrede met God kan hê.

So juig ons in sy oorwinning. As die sonde ons laat twyfel en ons in ons gemoed onrustig maak, kom die vreugde: waar ons sonde ons kragteloos gemaak het om met God vrede te kon hê, het Jesus vir ons kom intree. Hy het gely en gesterwe sodat ons gered kon word. Nou het daar vrede gekom, nie omdat ons die groot vredemakers is nie maar omdat Christus as Middelaar vir ons by God intree.

23 Maart **Lees:** Joh. 17:1-5 **Teks:** Joh. 17:1

OP DIE UUR VAN ONS VERANTWOORDING TREE JESUS VIR ONS IN

Jesus is ten volle bewus van die dinge wat binne enkele ure gaan gebeur. Dit word die beslissende uur waarby die lotgevalle van die ganse mensdom betrokke is. Dit word 'n opeenhoping van satansmagte wat die stryd met God wil aandurf. Dit word ingebrand in die geskiedenis van die mensdom as die oomblik waarin die mens met alle mag wil toon dat hy nie bereid is om hom aan die wil van God te onderwerp nie.

Geen mens sou instaat wees om die toorn van God teen die sonde te dra nie. 'n Mens voel die geladenheid van die oomblik wanneer Jesus sê: „die uur het gekom." Alleen Hy wat tegelyk waaragtig regverdig God en regverdig mens is, sou instaat wees om hierdie uur met sy hoogte en dieptepunte te kon deurstaan.

Dit word toonbeeld van die mens se opstand teen God. Maar dit word ook toonbeeld van God se oorwinning oor die satansmag wat bereid is om die stryd desnoods met God self aan te durf. In die volle gehoorsaamheid van sy Seun in sy bereidheid om die beker te ledig, kom die Vader om Hom te verheerlik.

So staan die kruis steeds in die geskeidenis van die mensdom as toonbeeld van die sonde van die mens wat die toorn en straf van God verdien. Maar so staan die kruis ook in die geskiedenis van die mensdom as die uur waarin God die Vader deur die toedoen van sy Seun die mag van sonde en hel oorwin het. So word die smaad wat die Seun aan die kruis moes verduur, deur die Vader omskep tot sy heerlikheid. Die angs oor die uur wat moes aanbreek, word omskep in vreugde sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê.

24 Maart **Lees:** Joh. 17:6-9 **Teks:** Joh. 17:3

DAAR IS MAAR EEN ENIGE EN WAARAGTIGE GOD

Daar word dikwels deur sommige mense met groot ywer verkondig dat daar geen verskil tussen die verskillende godsdienste is nie. Almal, so word dikwels gesê, aanbid tog dieselfde Here.

Maar die Christen mag hom nie deur sulke uitsprake laat mislei nie. Die Christen wat sê dat hy dieselfde god aanbid as mense van 'n ander geloof, verloën sy belydenis. Daar is maar net een enige en waaragtige God en dit is die God soos Hy Homself deur sy Woord aan ons bekend gemaak het. Ons ken Hom op geen ander manier nie as net deur Jesus Christus nie.

Daar is dus net een manier waarop 'n mens die ewige lewe kan verkry en dit is deur Jesus Christus wat deur die Vader in hierdie wêreld gestuur is. Dit is opvallend dat in die meeste godsdienste van ons tyd die gedagte aan die ewige lewe verdwyn. Alles word toegespits op die mens se lewe in die wêreld. Die Christen kyk egter deur sy geloof verder as sy daaglikse lewe. Hy sien die ewige lewe by God raak. Voorwaarde daarvoor is egter die geloof in die God van die Bybel; dit wil sê ons mag net een God ken en in Hom glo. Hy duld geen ander gode voor sy aangesig nie want al sulke gode is afgode.

Ons kan daarom alleen maar een geloofsbelydenis hê in een enige en waaragtige God. Ons voorwaarde om Hom te ken en in Hom te glo, bly die getroue luister na sy Woord. Daarenteen gee die mens wat Hom nie meer ken nie of Hom met ander gode gelyk wil stel, die moontlikheid op die ewige lewe in Jesus Christus prys.

25 Maart **Lees:** Joh. 17:12-17 **Teks:** Joh. 17:15

GOD BEWAAR DIE GELOWIGE VAN DIE BOSE

Dit was die wil van God dat die mens in die wêreld sal wees. Daarom het Hy die mens geskape en 'n plek in die wêreld gegee. Hy wou nie van die mens 'n engel of 'n swewende gees maak nie. Hy moes sy plek in die wêreld volstaan.

Een belangrike vereiste aan die mens was dat hy gehoorsaam aan die gebod van God moes wees. Spoedig egter word hy op raad van die bose ongehoorsaam aan God. Dit lei daartoe dat hy straf en toorn van God moes ontvang.

Daarom kom Jesus in die wêreld. Hy kom om die mens te red uit die mag van die bose. Daarvoor moes Hy die kruisweg gaan. Ter wille van ons moes Hy ly en sterwe aan die kruis. Hy was ten volle gehoorsaam om ons ongehoorsaamheid tot niet te maak. Maar daarmee neem Hy nie die gelowiges uit die wêreld weg sodat hulle nie verder aan versoekings blootgestel sal word nie.

God het ons in die wêreld gestel te midde van al die boosheid en ongeregtigheid wat daar is. Baie maklik verval die mens ook in hierdie dinge omdat hy van nature sondig is. God alleen, in sy grote genade, kan ons hiervan bewaar. Jesus weet dit ook. Daarom bid Hy hier op die aand voor die kruisiging dat God Hom oor die gelowiges sal ontferm sodat hulle van die bose bewaar mag bly.

Sy gebed was ook vir u. Sy lyding en sterwe aan die kruis het plaasgevind om ons van die bose te bewaar. Ons kan alleen maar juig oor hierdie groot liefde van God dat Hy sy Seun gegee het om vir ons wat swak is, in te tree.

26 Maart **Lees:** Joh. 17:18-23 **Teks:** Joh. 17:20

JESUS DOEN VIR ONS VOORBIDDING

Wat 'n besondere betoning van liefde is dit nie wanneer 'n persoon besef dat sy einde nader en hy nie aan homself dink nie maar aan ander mense. Jesus is op die vooraand van die kruisiging. Hy het niks gedoen wat die dood verdien nie. Hy het mense gehelp en gesond gemaak. Hy het aan hulle die Woord van God bekend gemaak. Tog skreeu 'n opgeswepe menigte in die voorhof van die paleis van Pilatus om sy dood. 'n Mens sou verwag dat Hy in woede sou reageer teen sulke ondankbaarheid. En tog, wanneer die hamerhoue weerklink, pleit Hy om genade vir hierdie mense.

So het 'n ondankbare mensdom deur die eeue heen onophoudelik die liefde van God verwerp. Daarenteen het God telkens weer in sy liefde na die mens toe neergebuig en Hom oor hulle ontferm. Uiteindelik het Hy sy Seun gestuur om die mens te red.

Jesus weet Hy moet aan die kruis sterf vir die sondes van die mensdom. Hy sterf vir hierdie mensdom, wat oorsaak van sy dood is. Hy dink nie net aan die klein groepie dissipels wat daar saam met Hom vergader het nie. Hy dink ook aan almal wat deur die woord van die apostels in Hom sou glo. Daarom dink Hy op die aand voor die kruisiging ook aan ons. Hy doen vir ons almal voorbidding. Die volgende dag lê Hy gewilliglik sy lewe aan die kruis af om ons te red.

Bid u tot God en wonder u soms of Hy na u luister? Kyk, Jesus het lank voor ons gebore is, reeds vir ons voorbidding gedoen en vir ons ingetree. Daarom wil God na ons luister om Christus ontwil.

27 Maart **Lees:** Joh. 18:1-5 **Teks:** Joh. 18:2

SY VERRAAIER HET OOK DIE PLEK GEKEN

Dit is opmerklik dat wanneer Johannes moet berig oor die gevangeneming van Jesus, hy dan nie so volledig vertel van alles wat met Jesus gebeur het van die paassaal totdat Hy gevang is nie. Die bedoeling van Johannes was waarskynlik dat hy hier wil aantoon dat Jesus selfs op sy laaste lydensweg

nog die handelende Persoon is. Hy behou die inisiatief en kies self om die lydensweg tot die einde toe te loop, want Hy het ook alles geweet wat oor Hom sou kom.

Jesus het dan met sy dissipels oor die spruit Kedron getrek en so by die tuin van Getsémané aangekom. Van die gebedstryd van Jesus in hierdie tuin waar die olywe gekweek en bewerk is vertel Johannes egter niks nie. Maar wetende wat oor Hom sou kom het Jesus en sy dissipels by die bekende plek, waar hulle dikwels saam gekom het, aangekom.

Hierdie bymekaarkomplek was dus geen wegkruipplek nie want Jesus het geweet dat Judas, sy verraaier, ook die plek geken het. Hierdie optrede van Jesus toon dan ook sy gehoorsaamheid en gewilligheid om die goddelike taak te volbring. Na hierdie wêreld is Jesus gestuur om die las van ons sonde te dra en voor hierdie opdrag het Hy nie geswig nie.

Judas het ook die plek geken en daarom het hy die soldate, tempelwagters en Fariseërs vergesél, want hy moes Jesus verraai sodat hulle Hom kon vang. Maar die verraaier was hier skynbaar oorbodig, want God is in sy bemoeienis met die mens nie afhanklik van die verraad van die goddelose nie. Jesus het self navore getree en Hom vrywillig as offer in ons plek oorgegee. Die gemene verraad van Judas en so ook elkeen wat hom teen God verset bereik daarmee niks. Dit bring die goddelose so alleen maar onder die vernietigende oordeel van God.

28 Maart **Lees:** Joh. 18:6-11 **Teks:** Joh. 18:10

NIE NA EIE GOEDDUNKE NIE

Die besondere geskiedenis van Jesus se gevangeneming is nie alleen net 'n aangrypende geskiedenis om te lees nie, maar hierdie gedeelte dra ook 'n ryke boodskap. 'n Onskuldige word gesoek en om alles te kroon, tree hierdie Man, wat sonder skuld was na vore, en bied Homself aan as die ware Jesus van Nasaret wat hulle gesoek het.

„Dit is Ek." 'n Vriendelike woord van Jesus, maar selfs hierdie vriendelike aanduiding dat hulle hier met Jesus die Nasarener te doen het, slinger Judas en sy bondgenote teen die grond. Jesus is byna op sy laaste lydensweg, maar selfs in hierdie uur van „nood" betoon Hy Hom as die Christus wat mag het. Hoeveel te meer sal sy oordeel nie wees oor die goddelose en ongehoorsames as Hy op die regterstoel sit, as die verheerlikte Seun van God, om te oordeel tussen lewe en dood.

Sy teenstanders kon Hy maklik met 'n enkele woord vernietig het maar gehoorsaam aan sy goddelike opdrag tree Hy navore. Hy gee Homself gewillig oor aan die soldate, dienaars van die owerpriester en die vyandige Fariseërs.

As Petrus dan die swaard trek om sy Meester te verdedig en in die proses Malgus se oor afkap, bestraf Jesus hom. Niemand mag hom teen die wil van God verset nie, want selfs

ons beste is voor God doemwaardig. As iets nie gedoen word in opdrag van God volgens sy wil en Woord nie, is dit verset teen God wat bestraf word.

Soos wat Christus hier Petrus se optrede veroordeel, so veroordeel Hy ook vandag nog alles wat die mens na eie goeddunke doen los van die Woord van God.

29 Maart **Lees:** Joh. 18:12-27 **Teks:** Joh. 18:25

VOLG EN MOENIE VERVOLG NIE

Die beriggewing van Johannes oor die verskyning van Jesus voor die Joodse Raad en die verloëning van Petrus, beskryf nog 'n faset van Jesus se lydingsgeskiedenis. In afwisseling met mekaar skets Johannes Jesus se voorondersoek en Petrus se optrede — gebeure wat Jesus se lydensweg nie ligter gemaak het nie.

Geboeid soos 'n misdadiger is Jesus van die een na die ander gestuur. Die hoëpriester ondervra Hom asof Hy die hoof van 'n sekte of valse profeet was. Petrus wat altyd naby aan Jesus was, was ook teenwoordig maar ontken dat hy deel van Jesus se dissipelkring was. Kort te vore nog het Jesus vir sy dissipels gesê dat waar Hy gaan hulle nie kan volg nie, maar daar het Petrus belooft dat hy saam met Jesus in die gevangenis sou gaan en selfs sy lewe vir Hom sou gee. Maar nou ontken Petrus dat hy deel was van Jesus se groep. Nee „Ek is nie" met Hom bekend nie en „Ek is nie" een van sy dissipels nie.

Maar Jesus het nie gehuiwer nie. „Dit is Ek." Met hierdie woorde het Jesus sy dissipels losgemaak van die las om Hom verder te volg in sy uur van bittere lyding en smaad. Maar hiermee het Jesus ook gevare getree sodat nie een van sy dissipels dalk gevang sou word nie.

Toe Petrus Jesus na die plek van die voorondersoek gevolg het, het hy dit in eie krag probeer doen en ook teen die opdrag van Jesus, want hy sou eers later weer moes volg. Deur sy verloëning van Jesus word Petrus hier eintlik 'n mede-vervolger in plaas van 'n volgeling.

„Dit is Ek" sê Jesus ook vandag vir ons. Hy is die Een wat vir ons intree en ons sondes vergewe. Daarom verklaar ons ook met elke sondige daad en ongehoorsame optrede: „Ek is nie" 'n dissipel van Jesus nie.

30 Maart **Lees:** Joh. 18:28-40 **Teks:** Joh. 18:36

'N KONINKRYK NIE VAN HIERDIE WÊRELD NIE

Die Jode het 'n magtige aardse ryk begeer en daarom het hulle die Messias verwag as 'n kragtige koning wat vir Israel weer 'n gedugte koninkryk sou oprig. Daarom kon die kleingelowige Jode dit nie verstaan dat God toelaat dat hulle Koning sonder aansyn en eer in 'n nederige stal die wêreld

intree nie. So was Jesus se weg van die krip na die kruis 'n lydensweg van verset en onaanvaarbaarheid van die Jode se kant.

As Jesus nou hier in sy verhoor voor Pilatus sê dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, gryp hierdie woorde baie verder as net 'n antwoord aan Pilatus. Want net soos die Jode is daar in ons dag ook baie mense wat 'n koninkryk vir God duskant die graf wil oprig. Vir hierdie mense lê die kwaad nie in die mens nie, maar in die sondige strukture wat verander moet word. Hulle verwag verder die bekering van die mens en dat hy daarna in 'n sondelose staat sal lewe. Dit is alles maar net pogings van die mens om verder te bou aan die toring van Babel en onafhanklik van God en sonder sy hulp 'n paradys hier op aarde te skep. Daarom soos vir die Jode, sê Jesus ook hier vir diegene wat die heil duskant die graf soek, dat sy koninkryk nie van die wêreld is nie.

Die Bybel praat van die koninkryk wat hom en daarom is die kerk van Christus eintlik die voorhof van hierdie komende ryk van God.

Wie daarom streef na 'n koninkryk van God op die aarde, soek nie na Jesus nie, maar skreeu saam met die Jode om die vrylating van Barabbas. Aan die ander kant wie glo dat Jesus ons enigste Saligmaker is en dat die heil in Hom te vinde is, leef met sy positiewe houding op aarde reeds as 'n burger of burgeres van die hemelse koninkryk.

31 Maart **Lees:** Joh. 19:1-16 **Teks:** Joh. 19:16

WAT IS ONS KEUSE?

Die beriggewing van Johannes oor die optrede en keuse wat Pilatus moes maak word hier volledig en uitgebreid vir ons geskets.

Die Jode het Jesus aan Pilatus oorgelewer, nie so seer om Hom te verhoor nie, maar om Jesus te kruisig. Maar Pilatus was in 'n verleentheid, want hy moes Jesus laat kruisig terwyl hy geen skuld in Hom gevind het nie. Pilatus laat Jesus selfs die bitterste géseling deurgaan net om te sien of hy nie daarmee die volk hulle sin kon gee nie.

Pilatus was in verleentheid. Sy vrae aan Jesus was nou versigtiger — hy vra nie meer na die vaderland van Jesus nie maar soek eerder bevestiging of Jesus waarlik die Seun van God is. Hy het geweet dat Jesus onskuldig was en juis dit het groot vrees in sy hart gebring omdat hy bang was dat hy dalk hier 'n heilige van God moet bind.

Maar Pilatus wou darem ook graag in guns by die Jode wees. Die uitroep dat as hy Jesus sou loslaat hy dan nie die keiser se vrind is nie, het Pilatus laat swig. Daarom moes hy kies tussen die waarheid en die guns van mense. Ja, Pilatus het verkeerd gekies en so die guns van mense probeer wen.

Die gevolg van Pilatus se keuse was dat hulle Jesus weggelei het om Hom te kruisig en so het Pilatus ook deel gekry aan die kruisiging van Jesus Christus, die Koning van die Jode.

Ook ons moet elke dag in ons lewe vir of teen Jesus kies. Dan is dit belangrik dat ons reg sal kies want ons keuse sal bepaal of ons deel sal hê aan die Vaderhuis met sy baie wonings, aan Jesus Christus en al sy heilsgoedere.

1 April **Lees:** Joh. 19:17-37 **Teks:** Joh. 19:23

IS ONS DAN BETROKKE?

Johannes huiwer nie om in hierdie gedeelte die drie hoofmomente uit te lig en byna volledig te omskryf nie. Hy skets 'n duidelike beeld van die opskrif van die kruis, die verdeling van Jesus se klere en die vroue om die kruis. Wat die kruisiging egter self betref, skryf hy ast'ware as naskrif dat die soldate dit gedoen het.

Dit is asof Johannes hiermee die Jode, die owerpriesters, die vroue en die ander omstanders byna as die vrae figure op die randakker van die gebeure beskryf. Hy doen dit dan ook met reg, want dit was inderdaad die houding van die Jode en teenwoordiges: ons het dit nie gedoen nie. Daarom berig Johannes terég dat die soldate dit gedoen het.

Maar die opskrif van die kruis in Hebreeus, Grieks en Latyn proklameer iets in die midde van hierdie menigte om die kruis. Die opskrif in Hebreeus kla die Jode aan dat dit hulle is wat Jesus na die kruis gedryf het, dat hulle hul Koning verwerp het en daarmee so die heilsverwagting prys gegee het.

Die opskrif in Latyn sê aan die Romeinse soldate dat alhoewel hulle hierdie kruisiging as starre pligsvervulling gesien het, hulle nie te verontskuldig is nie, want hulle het die Koning van sy uitverkore volk aan die kruis vasgenael.

Die opskrif in Grieks roep die Griekse omstanders toe dat ook hulle deel het aan die evangelie wat vir hulle dwaasheid is.

So roep die opskrif van die kruis vandag ook elke toeskouer en omstander wat die kerk van Jesus Christus nog net op 'n afstand betrag toe dat elke onverskillige, sondige daad en houding eintlik niks anders is as 'n verwerping van die Christus van die Skrifte nie.

2 April **Lees:** Joh. 19:38-42 **Teks:** Joh. 19:40

NIE DIE EINDE NIE, MAAR REEDS AL DIE BEGIN

Nadat Christus die vloek van die kruishout gedra het en die bittere en smadelike dood gesterf het ,het sy verhoging reeds met 'n eervolle begrafnis begin. So is daar in die begrafnis van Jesus reeds al 'n voorspel tot sy heerlike opstanding.

Josef van Arimatea vra toestemming by Pilatus om die liggaam van Jesus van die kruis af te haal. Ook Nikodemus ontsien geen moeite met die speserye vir die begrafnis nie. So tree twee rykes op om Jesus volgens die Joodse wet te begrawe.

Die lieflike geur van Christus se dood het so in die harte van hierdie twee manne versprei. Waar hulle eers miskien deur hulle rykdom en posisie verhinder was om Jesus openlik te dien, was die dood van Jesus so lewewekkend dat dit hulle aangegryp het om met hierdie begrafnis ook deel te kry aan die genade van Jesus Christus.

Josef en Nikodemus begrawe Jesus in 'n nuwe graf wat vanweë sy ligging geskik was. Met ander woorde die ongebruikte graf was naby genoeg dat hulle Jesus volgens die Joodse gebruik nog voor die sonsondergang en pasgavierings kon begrawe het. Maar die toevallige keuse van die mens was juis die bestiering van God omdat hierdie graf so anders as die ander grafte was. Vir slegs 'n klein tydjie sou hierdie graf die Seun van die mens hou, voor dat Hy uit die graf opgestaan het.

Soos die dood van Jesus die harte van Josef en Nikodemus gevul het, roep die dood en begrafnis van Jesus ook ons om die gedagtenis aan sy lyde en sterwe in 'n fees tot sy eer om te skep. Ook ons moet die ou sondige mens kruisig en in 'n nuwe godsalige lewe wandel, want die koringkorrel het reeds in die grond geval en gesterf om die vrug van die ewige lewe te dra. (Joh. 12:24.)

3 April **Lees:** Luk. 22:1-6, 47-53 **Teks:** Luk. 22:5

VERRAAD

Judas gaan uit die binnekring van Jesus se dissipels om met die owerpriesters en Skrifgeleerdes beraad te hou oor hoe Jesus oorgelewer kon word.

Deur sy verraderlike optrede gee hy aan die moordplan van die Joodse Raad momentum. Elkeen het sy prys. Ook Judas het sy prys gehad.

Verraaiers is altyd 'n verleentheid vir hulle eie mense. Op persoonlike, politieke, sosiale en ekonomiese gebied doen hierdie lafhartige verskynsel hom voor. Dit word al moeiliker om mense te vertrou. Ook op godsdienstige terrein is hierdie laakbare daad dikwels te sien. In Judas het Satan gekom en die begeerte om Jesus oor te lewer in sy hart gewek. Menslik gesproke lyk die sukses van hierdie verraad en oorlewering na voordeel en oorwinning vir die verraaier.

Maar die wil van God troon altyd bo alles. Judas se verraad het diepe vernedering oor Jesus laat kom. Maar agter en bo alles weet God dit en Hy laat die verraad deurgaan. Só sal die wil van God tot uitvoering kom.

Judas se daad vorm die eerste skakel in die ketting van lydingsgebeure wat mekaar snel opvolg —

Die Sanhedrin en Pilatus verseël die pad van die smart van Jesus na die kruis verder. Maar waar alles skynbaar oorgegaan het in die hande van mense, behou God nog die inisiatief. Dit waarvoor mense blind is, voltrek God uit die hoogte. Die verraad van Judas dien 'n doel in God se plan. Hierdie verraad gee momentum aan Jesus se pad na die kruis en graf en daarom ook na die oorwinning oor die dood vir sondaars.

4 April **Lees:** Luk. 22:7-23 **Teks:** Luk. 22:19, 20

EET EN DRINK

By die eerste nagmaal het Jesus sy dissipels brood en wyn laat eet en drink. In opvolging van hierdie instelling gebeur dit nog altyd in die kerk.

Met die huisgesin van God is dit byna soos met ons gesinslewe. Elke lid van die gesin is elke dag met sy eie werk besig. Etenstyd word almal egter saam gevoed en versterk.

Só is eet en drink by die nagmaal 'n teken van die dissipels se binding aan Jesus en hulle gemeenskap met God hulle Vader. Dit is versterking van dié wete dat hulle van skuld bevry is.

So 'n ontmoeting ruk mense weg uit die mode om toeskouer in die kerk te wees. As ek eet en drink ontvang my mond en daarom my hart die onverwagse versekering dat ek, soos ek is, vrede het met God.

Die brood en beker word rondgegee. Want ons glo nie alleen nie. Die nagmaal wil die eensame geloofspraktyk afwys.

Hierdie eet en drink is nie die spel van kerkleiers, vroomdoeners en skynheiliges nie. Dit is ook nie bevrediging van persoonlike behoeftes nie. Dit is 'n opdrag, want al die lede van 'n huisgesin het hulle afhanklikheid van die Hoof en Heer in gemeen.

Hierdie eet en drink beteken ook vir my 'n taak teenoor God en teenoor die mense.

My hande wat gevat en ontvang het, mag nie toe bly nie. Dit moet vir God oopgaan in dankbaarheid en in liefde vir my naaste.

Baie weier eet en drink op die „goeie" grond van volharding in sonde. Ander weier op grond van onwaardigheid wat gevaarlike moralisme kan wees.

Hierdie eet en drink bly egter nodig omdat dit die moordende honger wat die gevolg is van die sonde, stil. Hier hoor ek die redding van Jesus Christus wat my toekoms waarborg.

5 April **Lees:** Luk. 22:31-34, 54-62 **Teks:** Luk. 22:62

JESUS SE BLIK — PETRUS SE BEROU

Petrus se verloëning van Jesus was 'n laakbare daad. Dit het sy lyding verswaar. Maar nooit het Jesus sy dissipels vergeet nie. Want ook hier in die branding van sy lyding rig Hy Hom in 'n betekenisvolle blik na Petrus. Jesus dra hulle lot altyd op die hart. Hy hou sy dissipels in die oog. Hy ly wel alleen maar Hy ly **vir** hulle.

Met minagting het Petrus Hom drie maal verloën. Sy verbondenheid aan Jesus ontken hy selfs met 'n eed. Maar hierdie selfde Petrus het dikwels ook in sy lewe gereed gestaan met die mooiste belydenis:

„. . . U het die woorde van die ewige lewe."

„. . . U is die Christus, die Seun van die lewende God."

„. . . Al moet ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie."

Dit was 'n mooi belydenis al het Petrus se geloof in Jesus Christus en sy belydenis daarvan die toets nie deurstaan nie. Al het Petrus Jesus losgelaat, Jesus hou hom merkwaardig vas. Jesus kyk hom aan. Dit bring in Petrus die besef van sy skokkende daad. Hy gaan na buite en ween bitterlik.

Jesus vergeet nie die mens in sonde nie. Die gemeenskap met Hom is nodig. Hy wil die mens raaksien en in die oog kyk.

Ek ontdek my sonde nie in my eensaamheid en die donker van my eie lewe nie, maar in Jesus se teenwoordigheid.

Dit was genade dat Jesus Hom omgedraai en na Petrus gekyk het. Hierdie blik se vrug was die berou van Petrus. Daarom kan geen sondaar ooit 'n geleentheid laat verbygaan waar Jesus self deur sy Woord na ons kyk nie. Want sy blik is nie oordeel en verwyte in die eerste plek nie, maar liefde en ontferming selfs in ons diepste val.

6 April **Lees:** Luk. 22:24-29 **Teks:** Luk. 22:24

DIE GROOTSTE

Hierdie gedeelte van Jesus se prediking vir sy dissipels wil 'n groot fout onder hulle uitwys. Hulle sonde bestaan daarin dat hulle terwyl hulle burgers van die koninkryk van God is, nog wil vashou aan die reëls wat geld vir die aardse koninkryke. Jesus teken hierdie sonde deur hulle te wys op die manier waarop aardse konings optree. Hulle gesag laat hulle geld en oefen hulle mag uit.

In die koninkryk van die hemele werk dit anders. Grootheid word daar verkry, nie deur uitoefening van mag nie maar deur diens.

Die plekke sal in die hiernamaals aangewys word deur die Vader self. In die gemeente op aarde moet diens lewering en om die minste en kleinste te wees voorop staan. Dit is die maatstaf waarmee in die koninkryk van God gemeet word. Die minste word die meeste. Die kleinste word daar die grootste.

Hierdie reël wat geld vir God se koninkryk, word deur Jesus self aangedui. Jesus is groot maar Hy is veral groot in sy selfoorgawe aan die wil van God. Jesus se heerlikheid het nie gekom deurdat Hy Homself laat dien het nie. Hy het gekom om te dien. Hy hou hierdie diens vol tot in die dood. In die dood gee Jesus sy lewe as losprys vir die mense. Daarom gee Hy in hierdie diensbetoning blyke van sy koninklike waardigheid. Hierdie diens is die vrug van sy lyding.

Die belangrikste, die grootste en aansienlikste op die aarde is nie noodwendig die grootste in God se koninkryk nie. Die drang om die grootste te wees, te heers en mag uit te oefen, hoort by 'n aardse ryk. Burgers van God se koninkryk moet breek met hierdie drang omdat dit sonde is. As ek op aarde ly, onaansienlik vir die mense is, klein en in die gestalte van 'n kneg mag ek altyd onthou Jesus Christus se vernederde kneggestalte het in die koninkryk van God die vrug van lewe gedra.

7 April **Lees:** Luk. 22:39-46, 63-71; Luk. 23:1-25 **Teks:** Luk. 23:25

JESUS EN PILATUS

Die lang pad van Jesus se lyding deur Getsémane en by die Joodse en Romeinse owerhede verby, het Hom gebring by sy vonnis. Sy vonnis was dat Hy deur Pilatus oorgelewer is aan die wil van die mense. Hulle wil vir Hom was die Kruis.

Pilatus se oorlewering van Jesus aan die kruis is die laaste seël wat gedruk word op Jesus se lot. Van aardse regspraak, reg en geregtigheid is daar geen sprake nie. Jesus moet onskuldig sterf.

Dat Pilatus se naam, as heiden ook in ons geloofsbelydenis staan, het diepe sin en betekenis. Dit lê ook Jesus se kruisdood vas in die geskiedenis. Sy naam stel eintlik die hele menslike geskiedenis in 'n staat van beskuldiging. Pilatus se tyd is 'n tyd van haat en verwerping van die Christus.

Dit is geen pluimpie vir die tyd en die geskiedenis dat mense daarin altyd akkoord gaan in hulle verwerping van Jesus nie. In mense se tyd kan Jesus alleen ly en moet Hy sterwe.

Maar Jesus se lewe en sterwe in ons tyd was die hoeksteen van 'n nuwe tyd. Hierdie tyd was nie wêreldtyd nie maar God se tyd. Onskuldig is Hy aan die kruis gebind sodat Hy ons kan losmaak. Sy onskuldige veroordeling het vir ons vryspraak van die sonde gebring.

Juis waar Pilatus Jesus oorgee aan die wil van die volk, waar Barabbas losgelaat word, waar alle redelikheid ophou, waar almal teen die Seun van God te velde trek, daar word God se genade openbaar.

God laat Hom nie uitwerp deur die vonnis van Pilatus of die wil van mense nie. God se plan gaan deur. Die kruis en dood van sy Seun maak Hy die poort tussen ons tyd en sy tyd. Elkeen wat glo, mag deur hierdie poort na God se toekoms gaan.

8 April **Lees:** Luk. 23:26-49 **Teks:** Luk. 23:34

VERGEWING, GEBED EN GEBOD

Selfs aan die kruis tussen twee moordenaars is Jesus nog begaan oor die lot van hulle wat Hom haat, veroordeel en bespot. Omdat die skare nie in sy kruis die verlossing van God vir die wêreld sien nie, het Jesus se oog nie vir hulle toegegaan nie. Hy sien hulle nood raak.

Die nood wat Jesus sien is hulle sonde, dit wil sê die breuk tussen God en hulle. Hierdie breuk het hulle blind gemaak vir God se redding. Hierdie breuk is ook blywend omdat hierdie blindheid en onkunde van die mense nie ophou nie. Daarom is die vraag om vergewing, 'n vraag wat Jesus aan God stel en wat Hy blywend nalaat op die lippe van die mense.

Sy vraag om vergewing beteken dat God ons nie moet vergeld na ons oortredinge nie. Die oordeel oor hulle skuld moet God liewer voorbehou. Die reg sal Hy verskaf met die offer van sy lewe en só wil Hy die oordeel wat hulle toekom, vir hulle dra.

Die dood van Jesus maak hierdie vergewing geldig.

In Jesus se Naam moet ons uit hierdie vergewing lewe. Dit word 'n gebod omdat ons om vergewing moet bly bid.

Jesus se voorbede aan die kruis en die grond van sy sterwe, beteken daarom vir elke sondaar vergewing. Hy wie se skuld vergewe is, is beklee met die geregtigheid van Jesus wat Hy aan die kruis volbring het. En elkeen wat hierdie kleed van God dra, betree al die voorregte van die kindskap van God.

Elkeen wat van vergewing lewe, het geen keuse as om ander se skuld te vergewe nie. Die tyding van Goeie Vrydag is daarom dat God niks teen ons hou nie. Hierdie tyding roep my elke dag op tot dankbare vergewing en kwytskelding in woord en daad teenoor my naaste.

9 April **Lees:** Luk. 23:50-56 **Teks:** Luk. 23:53

JESUS IS BEGRAWE

Josef gaan die formele toestemming van Pilatus kry om die liggaam van Jesus te verwyder. Met buitengewone sorg is dit weggelê in die graf terwyl die vroue daarvan ooggetuies was.

Dit is opvallend dat die hele Nuwe Testament aan Jesus se begrafnis gewig en waarde heg. Die begrafnis word ook as 'n stukkie belydenis van die kerk bely.

Die begrafnis dui daarop dat Jesus werklik liggaamlik gesterf het. Sy begrafnis is ook teken van die verderf wat daar oor die geskape werklikheid gekom het. Dit lyk of die duiwel hier die heerskappy oor God gekry het. Die hele geskape wêreld is in die afgrond en het in die verlorenheid beland. Die

mens as skepsel word ook hier verneder. Stof was hy en tot stof keer hy terug. Begrafnis beteken vir die mens dat hy tot die verlede tyd behoort.

Jesus bly vir 3 dae in die graf. Die graf waar Hy ingaan, is die straf oor die sonde. Hierdie straf het Hy gedra ook deur die graf heen.

Daarom gaan Hy met ons in die graf in. Die wete dat Hy by ons is, neem eintlik in beginsel die angel uit die dood en sy vernedering.

Ons graf kry dus die lewendmakende geur van die Heilige Gees.

Jesus se begrafnis verkondig aan ons die oorwinning oor die dood. Die graf word dan vir ons ook nie meer ons laaste rusplek nie maar die plek van verwagting. Die graf word die deurgang en poort na die ewige lewe.

Ook in die hede het Jesus se begrafnis waarde vir dié wat gedoop is. Deur die doop is ons ou mens begrawe in die dood en ons geroep om in 'n nuwe lewe te wandel. Die nuwe lewe vir God in die geloof se grond en fondament lê in die feit van God se heil dat Jesus begrawe is en opgestaan het.

10 April **Lees:** Joh. 20:1-10 **Teks:** Joh. 20:8

DIE OPSTANDING

Toe dit op Goeie Vrydag stil geword het in die tuin van Josef van Arimatéa was dit asof die wêreld asem opgehou het. Wat gaan nou gebeur? Gaan daar iets gebeur? Die graf moet verseël word — die graf moet bewaak word want miskien kan daar tog iets gebeur. Jesus die Nasaréner moet liewer in die graf bly . . . dit is beter so. Hy versteur net die rus. Hy moet stil gemaak word: Hy moet nie net dood gemaak word nie, Hy moet dood bly!

Op Paassondag kom die nuus: die graf is leeg! Die Heer het opgestaan! Toe het hulle gesien en geglo!

Sonder die opstanding sou die lewe van Jesus maar net nog 'n lewensbeskrywing van 'n besondere groot profeet gewees het wat tragies aan sy einde gekom het. Sonder die opstanding van Christus sou die evangelie geen evangelie gewees het. Evangelie beteken tog blye boodskap en 'n doodsberig kan tog geen blye tyding wees nie. Met die opstanding van Jesus kry alles wat Hy gesê en gedoen het sin en betekenis. Deur die opstanding word verklaar dat Jesus die Seun van God die Here is (Rom. 1:4). Nou eers kan ons ook die kruisiging reg verstaan: dit wat gelyk het soos die diepste neerlaag en vernedering, blyk nou oorwinning te wees . . . oorwinning oor sonde en dood.

Vir ons as Christene is die opstanding van Jesus Christus die belangrikste deel van ons geloof waarop die hoop op die ewige lewe gebou is. Die apostel Paulus vat hierdie feit kort

en kragtig saam as hy sê: „As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense." (I Kor. 15:19.)

Sommige „gelowiges" lewe egter soms so asof Christus nog in die graf is, asof Hy nog dood is, asof Hy nie nou lewe nie. 'n Mens wat nie glo in die opstanding van Jesus Christus nie is geen gelowige nie!

11 April **Lees:** Joh. 20:11-18 **Teks:** Joh. 20:16

DIE OPSTANDING MARIA!

Toe Jesus opgestaan het uit die dood, verskyn Hy eerste aan 'n vrou. Terwyl die opstanding die fondament van ons hele Christelike geloof is, sou mens verwag dat Jesus tog eerder aan belangrike mense sou verskyn soos die owerpriester en die Skrifgeleerdes, Pontius Pilatus die goewerneur, koning Herodes, miskien selfs aan die keiser van Rome! 'n Mens sou verwag dat as Jesus verskyn het aan die wêreldleiers sou die evangelieboodskap baie makliker, miskien soos 'n veldbrand, versprei het. Maar Hy besluit dat Hy aan die „swakkes en dwases en veragtelikes in die wêreld" wil verskyn tot beskaming van die wyses (I Kor. 1:27.) Soos Jesus se lewe was, so was Hy in sy kruisiging en opstanding: Hy skaar Hom aan die kant van die verlore sondaar. „Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering" (Matt. 9:13).

Jesus verskyn eerste aan 'n eenvoudige vrou, Maria. Selfs nie eens die dissipels het die voorreg gehad om Hom eerste te aanskou na sy opstanding nie, maar 'n vrou. Die rede waarom die Here aan haar verskyn het, was seker nie omdat sy groter geloof en vertroue geopenbaar het nie, maar juis die teendeel: sy bly by die graf rondstaan en huil aanmekaar. Haar smart is groot, haar geliefde Meester is dood. Die laaste eer wil sy aan Hom bewys deur Hom goed te begrawe . . . maar nou is Hy weg!

Maar dan verander haar trane van smart in trane van blydskap. Skielik staan Hy by haar en roep: Maria! Die lig breek deur: Rabboeni! Die Goeie Herder ken sy skape by die naam. As Maria antwoord met „Meester", bely sy dat sy nou besef wie Jesus werklik is: die Verlosser.

Soos die opgestane Heer vir Maria geroep het, roep Hy vandag nog . . . roep Hy by die naam . . . roep Hy elkeen van sy kinders persoonlik by die naam. Hy roep nie net mans nie, ja ook vroue . . . almal tot getuies van sy opstanding.

12 April **Lees:** Joh. 20:19-31 **Teks:** Joh. 20:19

DIE OPSTANDING BRING VREDE VIR JULLE!

Toe dit aand geword het op die eerste dag van Jesus se opstanding, tref ons sy dissipels agter **geslote deure** aan. Hulle vergader agter geslote deure omdat hulle **bang** is vir die Jode. Hier word die verwydering tussen die Christengelowiges en

Jodendom reeds sterk onderstreep. Belangrik is dit om daarop te let dat hierdie Christene wat bymekaar gekom het, ook Jode was. Hulle is die voortsetting van die Ou Testamentiese verbondsvolk: nie die ontroue meerderheid Jode is meer die volk van God nie maar die gelowige minderheid sal voortaan die draer wees van sy verbondsbeloftes.

Die dissipels is bymekaar in druk gesprek: daar is **vrees** en **onsekerheid.** Vrees dat hulle ook hul lewens kan verloor; onsekerheid of die Heer waarlik opgestaan het. Skielik staan Jesus tussen hulle met die groet: „Vrede vir julle!" Hierdie groetwoord „sjalom" was in die Ou Testamentiese tyd die alledaagse manier waarmee die Jode mekaar gegroet het. Dié hartewens word uitgespreek: ek hoop dat dit liggaamlik en geestelik met jou en jou gesin goed gaan.

Maar nou staan die opgestane Heer as Vredevors voor hulle en bring nie net vrede nie maar **Vrede.** Hy kan dit bring omdat Hy vrede aan die kruis gemaak het tussen God en die mens. Die losprys vir ons sonde het Hy betaal.

Daar is geen aardse vrede wat met hierdie vrede vergelyk kan word nie, want nou kan die Christengelowige getroos lewe en sterwe. Christus is nou ook ons **VREDE** en veiligheid (Rom. 8:37-39). Geen aardse vredesorganisasie of enige vredesmag kan vrede waar vrees eens was: „Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie." (Joh. 14:27.)

13 April **Lees:** Joh. 20:19-31 **Teks:** Joh. 20:27

DIE OPSTANDING SKEI GELOWIGES EN ONGELOWIGES

Daar is een dissipel van die Here wat bekendheid verwerf het nie deur sy indrukwekkende geloof nie, maar deur sy skokkende **ongeloof.** Aan sy naam is daar selfs 'n spreekwoord gekoppel: „Jou ongelowige Thomas!" Thomas was afwesig toe Jesus die eerste maal aan die dissipels verskyn het. Hoekom? Die kruisiging van Jesus was vir hom die einde van alles. In diepe geloofstwyfel het hy sy eie pad **alleen** geloop. 'n Week later was hy egter weer saam met die dissipels. Hulle het aan hom vertel dat hulle die Here gesien het. Maar dit sal hy nie glo nie tensy hy met sy oë die littekens sien en daaraan vat. Thomas moes dan tog by die kruisiging teenwoordig gewees het want hy weet ook van die spiessteek in die Heer se sy. Vir hom rus sy geloof nie net op „hoor" nie, maar ook op „sien" en selfs „tas".

Meteens staan Jesus tussen hulle: „Vrede vir julle!" Ook vir jou Thomas. Dan nooi Jesus hom uit om homself te kom oortuig deur die litterkens te bekyk en betas. Jesus weet presies wat Thomas in sy afwesigheid gesê het. En as Hy Thomas sy twyfel vergewe, kom daar dadelik ook die vermaning: „Moenie ongelowig word nie, maar gelowig." Skaamte en berou oorval hom, dan roep hy uit: „My Here en my God!"

Dit is 'n geloofsbelydenis. Onder die as van ongeloof het daar 'n klein vonk van geloof bly gloei. Nou verstaan Thomas alles: Hierdie Jesus wat gekruisig is, is die Here, die **Verlosser** van die wêreld. Maar Hy is ook **ewig God.** By Thomas is daar nou geen ongeloof meer nie maar volkome geloof.

Ook vandag is daar te veel mense wat iets sigbaars soek waarop hulle hul geloof kan bou: beelde; ekstatiese ondervindinge; spreek in vreemde tale; wonderwerke; gesigte; drome, ens. Hulle is nes Thomas. Vir sulkes sê Jesus: „Moenie ongelowig word nie maar gelowig. Salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het!"

14 April **Lees:** Joh. 21:1-14 **Teks:** Joh. 21:9

DIE OPSTANDING BRING HEMELSE VOEDSEL

Op die plek waar ons vir Petrus en van die ander dissipels die eerste maal ontmoet het, tref ons hulle nou weer aan: by die see van Galilea. Hier het Jesus hulle drie jaar gelede geroep: „Kom agter My aan en Ek sal julle vissers van mense maak." En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg. (Matt. 4:19, 20.) Intussen het daar baie dinge gebeur, hulle het saam met Hom geleef terwyl Hy die dinge van die koninkryk verkondig het. Toe kom die kruisiging en opstanding. Daarna het die Heer twee maal aan hulle verskyn.

Terwyl hulle wag op die finale opdrag van die Heer, besluit Petrus om te gaan visvang en van die dissipels vergesél hom. Hulle moet werk om aan die lewe te kan bly. Die hele nag doen hulle hul bes, sonder enige sukses. Toe die dag breek staan Jesus op die strand en roep hulle toe: „Kinders het julle nie iets om te eet nie?" Groot troos is geleë in die woord: „Kinders." Hulle was nie meer kinders in jare nie, maar kinders van God. „Nee" antwoord die dissipels.

Toe die dissipels op die strand aankom, was daar 'n vuur met vis en brood. Die Here het geweet dat hulle honger en uitgeput is na die lang nag se harde werk. Soos Hy die skare gevoed het, so voed Hy sy dissipels. Hierdeur het Jesus duidelik geopenbaar dat Hy alle behoeftes van sy kinders ken en graag wil versadig. Maar nie net na die liggaam nie, maar ook na die gees wil Hy sy kinders voed en versterk, daarom het Hy die heilige nagmaal ingestel. Met die oog op sy kruisiging het Jesus gesê: „Neem eet dit is my liggaam wat vir julle gegee word . . . Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed wat vir julle en vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes." Toe die Hoëpriester die volmaakte offer gebring het en dit bekroon het met sy opstanding het Hy die ware hemelse brood geword waardeur ons gespysig en gelaaf word. Die opstanding bring hemelse voedsel.

15 April **Lees:** Joh. 21:14-19 **Teks:** Joh. 21:15

DIE OPGESTANE HEER ONDERSKEI TUSSEN WARE EN VALSE LIEFDE

Terwyl die dissipels in die vroeë oggendure saam met die opgestane Heer rondom die vuur sit, was daar groot vreugde en blydskap in hulle harte. Maar as Petrus in die vuur staar, gaan sy gedagtes asof vanself terug na die koolvuur in die voorhof van Pontius Pilatus se goewerneurswoning. In sy hart brand die seer as hy dink aan daardie vreeslike nag in sy lewe: nie eenmaal nie maar driemaal het hy die Heer verloën. Die Here het daarna weer met hom gepraat, maar Hy het nie self vir Petrus herstel in die kring van sy dissipels nie.

Toe vra Jesus driemaal vir Petrus of hy Hom liefhet. In Grieks word twee verskillende woorde gebruik as daar gepraat word van Petrus se liefde. Jesus praat van **ware liefde**, terwyl as Petrus antwoord dan sê hy maar net: „U weet dat ek U liefhet." Petrus soek nie meer sy krag in homself nie, hy verstaan dat sonder die verlossing van Christus is hy verlore. Toe het Jesus vir Petrus in sy amp herstel deur hom drie opdragte te gee met betrekking tot die versorging van sy gemeente.

Hoe dikwels slaan ons nie op ons bors en sê: „Ek sal U nooit verlaat nie, Here!" Maar as die toets kom dan faal ons nes Petrus. Wanneer ons deur woord en daad moet getuig vir die Here dan bly ons stil en ontken daardeur dat ons die Heer ken. Nes Petrus moes leer om af te sien van sy eie „wonderlike" kragte en talente, moet ons ook geleer word om af te sien van onsself en ons saligheid en reinigmaking buite onsself in Christus te gaan soek. Hy maak dan van ons bruikbare instrumente in sy hand.

Onthou die opgestane Heer onderskei tussen ware en valse liefde.

16 April **Lees:** Joh. 21:20-25 **Teks:** Joh. 21:24,25

DIE OPSTANDING: ONBESKRYFLIK GROOT IN MAJESTEIT EN HEERLIKHEID

Die evangelie volgens die beskrywing van Johannes sluit af met die opmerking dat dit wat geskryf is die **getuienis** van 'n dissipel is. Hier word dus nie van iets gepraat op grond van hoorsê nie, maar dit is die oor- en ooggetuienis van Johannes die dissipel vir wie Jesus liefgehad het. Hierdie man het alles met Jesus meegemaak: hy het sy prediking gehoor van die begin af; hy het gesien hoe Jesus siekes gesondmaak; hy was by toe die laaste pasga gevier is; ook in die tuin van Getsémané en by die kruisiging. Dit was aan hom wat Jesus sy moeder toevertrou het. Hy was teenwoordig toe Jesus aan hulle verskyn het. Hierdie man kan **getuig** van die groot dade van God!

Soos wat hy sy evangelie begin het, so sluit hy dit af om die ewige majesteit en heerlikheid van die vleesgeworde Seun van God te besing. In die eerste hoofstuk het hy begin deur

te vertel dat die Seun van God Homself ontledig het toe Hy na hierdie wêreld toe gekom het uit liefde vir 'n verloregaande mensdom. Maar die mens in sy sonde wou Hom nie aanvaar nie. Hulle antwoord aan God was: „Kruisig Hom!" Maar Hy het **opgestaan** uit die dood en daardeur het Hy ook sy mag en heerlikheid bevestig as oorwinnaar oor die magte van sonde en die dood.

Dit is hierdie selfde **gepredikte Woord** wat vandag nog mense tot geloof roep en nie allerhande gesigte of drome of nuwe openbaringe nie. Die apostel Paulus waarsku ook teen die aanhang van allerhande nuwe leringe. Hy sê: „Maar al sou ons of 'n engel uit die hemele julle 'n evangelie verkondig in stryd met wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!" (Gal. 1:8.)

Ons glo in die opstanding van Jesus omdat God sy getuienis aan ons gegee het en dit bevestig deur die innerlike werkinge van die Heilige Gees tot ons saligheid en verlossing.

17 April **Lees:** 2 Kor. 1:1-11 **Teks:** 2 Kor. 1:4

DANK EN VRUG VAN VERTROOSTING

Paulus dank God vir die vertroosting wat in die geheel van sy lewe-in-nood aan hom geskenk is. Dit wil sê nie af en toe nie maar altyd en in alle omstandighede.

Die ontferminge en vertroosting wat Paulus van God ontvang, vloei deur na alle mense met wie Paulus in aanraking kom. Die troos word ons juis geskenk sodat ons in staat sal wees om ander te kan troos. Daarom word in dankbaarheid die vertroosting dadelik vrugbaar om ander tot diens van vertroosting te kan wees.

As iemand verdrukking ken en in allerhande verdrukking deur God self getroos is, weet so iemand eers werklik hoe om ander te kan troos „deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word".

Die gestuurde in Christus kry te doen met lyding en smarte wat eintlik teen Christus bedoel is, maar teen Christus se gesant gevoer word. Paulus skryf dat dit in oorvloed gebeur.

Hy, as gesant in Jesus Christus is egter daarteen bestand, want Christus sorg ook vir 'n oorvloed van vertroosting.

As vertrooste in Christus moet ons nie alleen salig getroos wees en voel nie, maar die vertroosting wat ontvang is moet deurgegee word tot vertroosting vir ander mense in 'n lewe in nood.

18 April **Lees:** 2 Kor. 2:1-13 **Teks:** 2 Kor. 2:5

VERONTRUSTING IN DIE GEMEENSKAP

Paulus verwys in vers 4 na 'n brief, aan ons onbekend, wat hy „uit groot verdrukking en benoudheid van hart" en „onder baie trane" vroeër aan die Korintiërs geskryf het.

Iemand, na wie Paulus in vers 6 verwys, het die goeie verhouding tussen die apostel en die gemeente versteur.

Vir Paulus gaan dit nie slegs daarom dat hy oor die saak bedroef is nie, maar deurdat die verhouding „gemeente en voorganger" versteur is, is dit vir die gemeente ook nie goed nie. Dit is die groot droefheid in die hart van die apostel. Van weë die besondere verbintenis tussen die apostel en gemeente is alles wat hom in die gemeente oorkom 'n direkte gebeure met die gemeente. Ook sal dit die apostel ontstel as iets ongerymd in die gemeente plaasvind.

Miskien vergeet ons te gou hoedanig die stemming in 'n gemeente bepaal word deur die gemoedsgesteldheid van die lidmate onderling en afsonderlik. Miskien moet veral daarop gelet word as die afsonderlike lidmaat die predikant van die gemeente is en nog meer as dit gaan om die verhouding „predikant-gemeente". Al sou dit nie die hele gemeente raak nie, almal ly tog die skade van die verontrusting.

Paulus het met die „trane"-brief maar een doel voor oë gehad naamlik dat die vrede herstel moes word en dat die liefde in Christus moes seëvier.

Die verontrusting in die innige verhouding in die gemeenskap van die gelowiges word deur Paulus gesien as planne van die satan en daarom gaan die brief van verontrusting „. . . . om julle ontwil voor die aangesig van Christus, sodat ons nie deur die satan bedrieg sou word nie".

Vir elke lidmaat, ampsdraers ingereken, moet hierdie innige verhouding altyd 'n hoogaangeskrewe bekommernis wees sodat die werk in Christus nie hierdie hindernis sal hê nie.

19 April **Lees:** 2 Kor. 2:14-17 **Teks:** 2 Kor. 2:14

VERANTWOORDELIKE PREDIKING IN DIE GEMEENTE

In die voorafgaande gedeelte vermeld Paulus dat by hom en die gemeente die planne van die satan nie onbekend is nie. Paulus se optrede geskied juis daarom „Voor die aangesig van Christus" met die doel dat hy en die gemeente „nie deur die satan bedrieg sou word nie".

As Paulus nou in korrespondensie met die gemeente is oor 'n probleem, 'n beproewing wat hom en die gemeente vir 'n tydperk in droefheid gehad het, kom by hom die dankbaarheid in gedagte dat God „ons altyd laat triomfeer in Christus".

Hierdie wete, hierdie gedagte word tot ons gebring op 'n sekere manier. Paulus noem dit 'n verspreiding van „sy (Gods) kennis", „'n aangename geur van Christus tot eer van God".

Uit vers 17 is dit duidelik dat hierdie verspreiding geskied deur verantwoordelike prediking. Want in „die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus".

Hierdie spreek, hierdie verantwoordelike prediking „in die teenwoordigheid van God", hierdie geurverspreiding is vir elke mens noodsaaklik, elke mens het dit nodig. Vir elke mens

spreek dit. Vir sommige is dit „'n reuk van die dood tot die dood" en vir ander „van die lewe tot die lewe". Dit wil sê dit lei onvermydelik tot die dood vir die ongelowiges en tot die lewe vir die gelowiges.

Let weer daarop dat die tiomfering in Christus tot ons kom deur die verantwoordelike prediking: „in die teenwoordigheid van God, spreek ons in Christus."

20 April **Lees:** 2 Kor. 3:1-4:5 **Teks:** 2 Kor. 3:3

DIE DIENSWERK IN 'N GEMEENTE

In hierdie gedeelte (veral vers 5) stel Paulus dit duidelik dat die bestaan van die gemeente van Korinte in die wêreld nie aan die bekwaamheid van Paulus te danke is nie, maar uit die bekwaamheid wat uit God is. God maak mense bekwaam as „dienaars van 'n Nuwe Testament". Van hierdie bediening is die gemeente „'n brief van Christus" aan die wêreld en word deur hierdie „brief" die „diens" aan die wêreld aanbeveel.

Die gemeente ontstaan deur „bekwaamgemaakte diens" en die bestaan van die gemeente is 'n brief wat kosbaar en leesbaar is, kenbaar en leesbaar vir alle mense. Kenbaar en leesbaar oor dit wat hierdie „diens" tot stand bring. Hierdie diens word die pen waarmee Christus met die Gees van die lewende God op die vleestafels van die harte van mense skryf. So word hierdie bediening 'n bediennig van die Gees. Hierdie bediening maak regverdig in oorvloedige heerlikheid.

Dit gaan nie vir Paulus daarom dat hy of sy medewerkers in die gemeente enige aanbeveling vra of nodig het nie. Dit gaan daarom dat die gemeente self 'n aanbeveling in en aan die wêreld, van die dienswerk in Jesus Christus is. Die gemeente kom deur hierdie dienswerk tot stand en dit is iets besonders om by die wêreld aan te beveel.

Hoofstuk 4:5 sê: „Want ons verkondig nie onsself nie, maar Christus Jesus as Here, en onsself as julle diensknegte om Jesus wil."

21 April **Lees:** 2 Kor. 4:1-18 **Teks:** 2 Kor. 4:16-18

DIE TOEKOMSHOOP GEE KRAG

Paulus is soos alle mense daarvan bewus dat ook sy liggaam aan die aardstydelike gebonde is, dat hy 'n „sterflike vlees" het. Hy is ook daarvan bewus dat hy een of ander dag 'n slagoffer van die vyande van die evangelie kan word.

Vir hom is daar egter in sy sterflike vlees 'n onuitputlike krag. Dit is die geloof. Daarom spreek hy van „'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid". Hy gee nie moed op nie want sy innerlike mens word dag na dag vernuwe deur

die geloof wat weet: „dat Hy wat die Here Jesus opgewek het, ons ook deur Jesus sal opwek en dat hy en die gemeente voor God gestel sal word.

Hy en die gemeente het deel aan die oorwinning van Christus oor die dood. Nie alleen die heilshandelinge van God in die teenswoordige tyd in Jesus Christus nie, maar ook die voltooiing daarvan in die toekoms gee aan Paulus alle rede om moed te hou.

Eers in die ewige lig van die heerlikheid van die toekoms in Jesus Christus, word die verdrukking van die teenswoordige tyd 'n ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is. Hy meet die dinge van die tydelike aardse lewe met die maatstaf van die toekomsverwagting in Jesus Christus. Die „nog nie sigbare verheerliking" op dié dag van die Here, bepaal Paulus se houding onder die lyding van die „sterflike vlees". As die lyding dan ook nog om Jesus ontwil is, word sy ontberinge 'n aandeel in die lyding van Christus deurdat die krag van die opgestane Heer des te heerliker tot openbaring, in die brose liggaam van die apostel kom.

22 April **Lees:** 2 Kor. 5:1-10 **Teks:** 2 Kor. 5:1-6

SEKERHEID OOR 'N WONING

In hierdie gedeelte uiter Paulus die verlange van eeue, van elke Christen: dat ons gekleed sal wees in Christus; dat die aarde, die tydelike, die verblyf op die aarde, die tentwoningstyd tot 'n einde sal kom want ons „verlang om met ons woning uit die hemel oorklee te word".

Maar nou moet by ons, soos by Paulus, 'n vaste wete wees, 'n sekerheid „dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God".

Op grond van hierdie wete sê Paulus: „sug ons" want dit is moeilik om vol te hou solank ons in die vlees lewe, nie omdat die lewe in die vlees so swaar is nie, want ook daarvoor gee die Heer die nodige krag, maar omdat die beloofde heerlikheid so groot is. Hy sug omdat hy verlang na die komende heil en omdat hy weet van die ewige huis in die hemel. Daarom kan die gelowige in hierdie lewe met goeie moed lewe want hierdie genadige kennis van die hemelwoning gee die inspirasie, die gereedmaking om ons vir die trek na die ewige woning aan te trek. Hierdie benodigde klere, word deur Christus in die geloof aan ons beskikbaar gestel — Christus die Middelaar tussen God en ons en die genade voorreg om met sekerheid na die woning op pad te wees. Maar omdat sonder kennisgewing, die aardse woning opgehef word en die verhuising plaasvind, waarsku Paulus in vers 3 dat ons onklaar betrap kan word en dan die woningsregte verbeur. Daarom mag ons ywer nie vir een oomblik kwynend wees nie.

23 April **Lees:** 2 Kor. 5:11-21 **Teks:** 2 Kor. 5:11a en 20

LAAT JULLE MET GOD VERSOEN

In hierdie hoofstuk gaan dit om die koopsom en wegbereiding van en tot die huis wat daar in die hemel is. Die mens is in die situasie dat hy nie oor hierdie huis kan onderhandel nie. Ons het alreeds so 'n groot skuld teenoor die Eienaar dat as die Hy nie genadig is nie, ons op moedverloor se vlakte sal moet bly. Nou kom die blye boodskap wat juis hierdie genade vir ons bring sodat ons nie die vrees sal hê om, ten spyte van ons skuld, tog na die Here te gaan nie. Dat ons nie in ontsettende beklemming moet wag op die koms van die Eienaar nie.

Omdat die apostel hierdie vrees ken, die Here ken, probeer hy om die mense te oortuig „naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie".

Dan egter moet dié wat deur hierdie genade wil lewe, nie meer vir hulleself lewe nie „maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is".

Omdat die apostel die vrees van die Here ken en weet watter noodsaaklikheid dit is, dat die mens in hierdie genade moet lewe, staan hy eintlik smekend voor die mens: „Ons bid julle om Christus wil: „Laat julle met God versoen." „Want die liefde van Christus ding ons." So 'n liefde, so 'n genadeversoening, verlossing het die wêreld nie geken nie — neem dit dan tot julle genade en geregtigheid.

24 April **Lees:** 2 Kor. 6:1-10 **Teks:** 2 Kor. 6:1

VOLHARD IN DIE GELOOF

Die Korintiërs was vroeër heidene. Met die hulp van Paulus het daar 'n Christelike gemeente tot stand gekom. 'n Gemeente is 'n gemeenskap van begenadigdes. Selfs die feit dat die gemeente tot die geloof in Christus gekom het, is genade. Dit is die Heilige Gees wat die geloof wek en versterk. Vir agtien maande lank het Paulus die evangelie van Christus aan die Korintiërs verkondig. Die Heilige Gees het die verkondiging van Paulus gebruik om by hulle die geloof te wek en te versterk.

Nou het Paulus nog die een bekommernis en dit is dat die gemeente die genade van God nie tevergeefs mag ontvang nie. Hy twyfel nie aan die egtheid van hulle geloof nie. Hy voel hom egter daarvoor verantwoordelik dat die gemeente sal bly wandel op die weg waarop hy hulle help bring het. Die gemeente mag nie die genade wat hulle van God ontvang het, kwytraak nie. Die versoeker loop immers rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Die draak van Openbaring 12

het net een doel voor oë en dit is die vernietiging van die gemeente en van die lidmate. Wie tot die geloof gekom het, het nog 'n lang pad voor. Slegs wie volhard tot die einde toe, sal gered word. Al is die stryd van die geloof nie 'n maklike nie, is daar tog die troos: „In die tyd van die welbehae het Ek jou verhoor, en in die dag van heil het Ek jou gehelp. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil."

25 April **Lees:** 2 Kor. 6:11-18 **Teks:** 2 Kor. 6:14

LAAT JULLE LIG SKYN

Weens die feit dat die gemeente in Korinte nog 'n jong gemeente was, het daar baie meer ongelowiges as gelowiges in die stad gewoon. Die gevaar was dus groot dat die gemeente saam met dié stroom kon beweeg. Wat die ongelowiges doen, was die alledaagse, en wat die gelowiges doen was die ongewone. Dit was nie altyd maklik om teen die stroom in te beweeg nie.

Paulus roep die gemeente op om nie in dieselfde juk saam met ongelowiges te trek nie. Hy dink hier spesifiek aan heidene want twee verse later praat hy van afgode. Bogenoemde beeld is ontleen aan die Ou Testament waar die ploeg met 'n os saam met 'n esel verbied word. Paulus bedoel dus: gelowiges en heidene pas net so min bymekaar as 'n os en 'n esel. Hulle paaie loop uiteen. Hulle kan nie voor dieselfde ploeg gespan word nie. Tussen die gemeente en die wêreld is so 'n groot verskil dat hulle nie saam op die pad kan gaan nie. Die gemeente mag nie wêreld word nie.

Dit beteken egter nie dat die gemeente niks met die wêreld te doen moet hê nie. Die gemeente verkeer in die lig en die wêreld in die duisternis. Die kerk mag nie wêreld word nie maar die wêreld moet opgeroep word om kerk te word. Die gemeente weet van die Lig wat gekom het om die duisternis te verdryf. Die gelowige verkeer dus nie in die duisternis nie. Dit is die taak en opdrag van die gemeente om die lig van die Woord van God so voor die mense te laat skyn dat hulle hul goeie werke kan sien en die Vader in die hemel verheerlik.

26 April **Lees:** 2 Kor. 7:2-16 **Teks:** 2 Kor. 7:10

DROEFHEID EN BLYDSKAP

Paulus het heelwaarskynlik nog 'n brief aan die Korintiërs geskryf wat nie soos die twee bekendes vir ons behoue gebly het nie. Die brief word dikwels die tranebrief genoem. In die brief is die Korintiërs skynbaar hard aangespreek omdat hulle nie streng opgetree het teen iemand wat hom misdra het nie. Hierdie brief het die Korintiërs geweldig geskok en hulle tot die besef gebring dat hulle nog baie tekortkominge het. Die gevolg was dat hulle oor hierdie gebeure baie bedroef geword het. Paulus sê dat hy bly is oor hierdie droefheid van die Korintiërs. Mag 'n apostel hom dan verheug oor 'n gemeente wat bedroef is? Seker nie. Maar Paulus is nie bly omdat die

gemeente bedroef was nie, maar omdat die gemeente bedroef was tot bekering. Want daar kan ook 'n ander droefheid wees, die droefheid van die wêreld. Die droefheid van die wêreld werk die dood. Miskien is goeie voorbeelde van so 'n droefheid die droefheid van Kain en Judas.

By die gelowige behoort daar 'n droefheid volgens die wil van God te wees, 'n droefheid oor die geskonde verhouding met sy Heer. So 'n droefheid lei tot voortdurende bekering en uiteindelik tot die lewe. Dit is die humor in ons godsdiens, die glimlag deur die traan. Die mens wat waarlik bedroef is oor sy sonde, het rede om bly te wees. So 'n mens weet dat Jesus Christus ons verlos het uit die mag van sonde en van dood.

27 April **Lees:** 2 Kor. 8:1-6 **Teks:** 2 Kor. 8:1

BROEDERS EN SUSTERS IN DIE HERE

Hoofstukke 8 en 9 van 2 Korintiërs is sakebriewe. Tog verhef die wyse waarop die brief geskryf is dit ver bo 'n gewone sakebrief. Ook as Paulus oor die stoflike belange van die gemeente skryf, betoon hy hom as sielsorger, as apostel en opvoeder. Die gemeente word aangespreek as broeders. Die woord „broeder" het vir hulle nog 'n warm klank gehad. Die broederskap in Christus was vir hulle nog 'n tasbare werklikheid. Hulle was almal kinders van God en daarom broeders en susters in die Here. Hulle was vir mekaar verantwoordelik. Dit was 'n geskenk en opdrag wat hulle met die nodige erns aanvaar het.

Hulle was ook broeders en susters van gelowiges in ander gemeentes. As dit met gelowiges in ander gemeentes goed gaan, het hulle hul daaroor verheug. As gelowiges in ander gemeentes behoeftig was, moes hulle wat ryklik geseën is, in daardie behoefte help voorsien.

Paulus maak hulle die genade van God wat aan die gemeentes van Macedonië geskenk is, bekend. Die genade van God is die ontferming oor sondaars. Soos Hy dit aan die gemeentes in Macedonië geskenk het, sal Hy dit ook aan die Korintiërs skenk. Soos die Macedoniese gemeentes bo vermoë gewillig was om ander gemeentes stoflik te help, doen Paulus 'n beroep op die Korintiërs om ook in hierdie liefdedaad oorvloedig te wees. Christus het immers gesê: „Vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringste broeders van My, het julle dit aan My gedoen."

28 April **Lees:** 2 Kor. 8:7-15 **Teks:** 2 Kor. 8:9

NIE NET WOORDE NIE MAAR OOK DADE

Die gemeente ken die genade van Christus. Soos 'n vrou die liefde van haar man ken deur dit te ervaar en nie daaraan te twyfel nie, so ken die gemeente en elke lidmaat persoonlik die genade van Christus. Paulus se vertroue is gegrond op die oortuiging dat 'n gemeente wat Christus se genade ken, ook in liefdedade oorvloedig sal wees. Hy vertrou dat hulle ook

mildelik sal bydra om te voorsien in die behoeftes van die gelowiges in Jerusalem. Op stoflike gebied was die Korintiërs ryklik bedeeld. Nou word hulle opgeroep om daaraan te dink dat Christus, alhoewel Hy ryk was, ter wille van hulle arm geword het, sodat hulle deur sy armoede ryk kan word.

Iets het gebeur wat die hele menslike bestaan in 'n nuwe lig plaas en dit is die koms van Christus na hierdie wêreld. Christus het ter wille van die mens alles prysgegee en 'n staat van armoede in hierdie wêreld aanvaar. Hy het gekom om die mens te dien. Deur sy koms is die lewe en lot van die mens heeltemal verander. Christus was ryk, so verklaar Paulus. Hy was in die gestalte van God, aan God gelyk. Maar Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem. Hy het 'n menslike gestalte aangeneem en so arm geword sodat Hy ons ryk kan maak.

Paulus vra nou aan die gelowiges in Korinte, wat weet van die liefdedade van Christus, om self ook liefdedade te betoon, nie net geestelik nie, maar ook stoflik. Die gelowige moet dink aan sy broeder en suster wat in nood verkeer en sy meelewing nie net met die woord nie, maar ook met die daad bewys.

29 April **Lees:** 2 Kor. 9:1-5 **Teks:** 2 Kor. 9:5

WEES 'N SEËN

Paulus stuur Titus en sy gevolg na Korinte, nie met die doel dat hulle die Korintiërs moet oorreed tot 'n goeie dankoffer nie, maar dat hulle kan sien dat hy nie sonder rede oor die Korintiërs geroem het nie. Die taak van Titus en die ander was om dit wat die Korintërs in elke geval van plan was om te gee, gereed te kry. Die woord „dankoffer" wat hier gebruik word, kan ook met die woorde „'n seën" vervang word. Die liefdediens wat die Korintiërs aan die gemeente in Jerusalem bewys, sal dan 'n seën wees. Die gemeente in Jerusalem sal dit as 'n seën beskou, sodat die Korintiërs met die dankoffer 'n seën uitdeel. Daarom moet die dankoffer gesien word as 'n milde gawe en nie as 'n donasie wat afgepers is nie.

Wanneer daar gepraat word van 'n dankoffer hoor ons ook daarin die woord „opoffering". Dit beteken dat die dankoffer gebring moet word dikwels nie sonder persoonlike opofferings en ontberings nie. Maar al is dit 'n opoffering moet ons dit nie met teësin gee, asof dit afgepers word nie. Ons moet bly wees dat ons dit nog kan gee, want God het 'n blymoedige gewer lief.

30 April **Lees:** 2 Kor. 9:6-15 **Teks:** 2 Kor. 9:15

GOD SE GAWE

Dit is saliger om te gee as om te ontvang. Hierdie spreuk is aan ons almal goed bekend. Daar is baie mense wat met blymoedigheid gee. Hulle gee hul dankoffer aan die kerk met blydskap. Hulle vriende en ook die armes deel in hulle voorspoed. Dit is vir hulle 'n voorreg om te kan gee.

Dit is egter nie altyd so aangenaam om te ontvang nie. Daarom dat die diakens in die versorging van die armes, hulle werk blymoedig maar tog met groot versigtigheid doen.

Daar is egter een gawe aan die gelowige gegee waaroor daar geen versigtigheid en terughoudendheid bestaan nie, en dit is die genade van God wat Hy in Jesus Christus aan die mens gegee het. Woorde skiet te kort om dié gawe te beskryf. Dit is 'n onuitspreeklike gawe. Dit is onbegryplik vir die mens dat God sy Seun vir sondaars gee. So 'n liefdesdaad kan 'n mens nie met woorde beskryf nie. Ons kan God maar net daarvoor dank.

„Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleen wyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in ewigheid!"

1 Mei **Lees:** 2 Kor. 10:1-6 **Teks:** 2 Kor. 10:4

GOD SE WAPENS

Wanneer die apostel Paulus in hierdie hoofstuk begin om sy apostoliese gesag te verdedig, is dit van die begin af duidelik dat ook hy hier, as hy wil roem, in sy eie swakhede roem. Dit gaan vir hom daarom dat hy apostel is omdat God daar is. Hy is immers alleen dienskneg deur wie God op so 'n wyse wil werk dat die wil van God in alles sal geskied.

Juis hierdie feit, dat Paulus bewus is daarvan dat sy dienswerk verrig word as dienskneg van God, is vertroostend vir ons as mense wat gemeente is, wat ook kerk is. Want gemeente wees, beteken gestuur te wees in die wêreld. Dan is dit ook duidelik dat wie gestuur word, kom altyd by 'n nuwe plek met nuwe omstandighede uit. Hierdie nuwe omstandighede, stel weer op sy beurt nuwe eise, waaraan voldoen moet word.

Die vraag aan die gelowige is, waar kry hy sy wapen vandaan waarmee hy homself in hierdie wêreld en in hierdie lewe moet handhaaf, ook teen die liste van die duiwel. Die vleeslike wapens wat gebruik **kan** word, is om in alles op jouself en jou eie vermoëns te vertrou. Dit is dan vertroue op die mens met sy nietigheid en sy tydelikheid.

Die wapens wat gebruik **moet** word, is dit waarmee God self sy heilswerk wil volbring. Dit is die wapen van die kruisiging en opstanding van Jesus Christus. Dit is die wapen waarvoor die duiwel en al sy listigheid, die dood met al sy wreedheid moes wyk, ja, hul vestings moes verlaat. God gee in die hand van sy kerk hierdie kragtige wapen, die verkondiging van Jesus Christus die gekruisigde en opgestane Heer. Dit is die roem vir ons. Dit is die waarborg vir ons voortbestaan.

2 Mei **Lees:** 2 Kor. 11:1-15 **Teks:** 2 Kor. 11:14

DIE BEDROG VAN DIE SATAN

In Korinte was daar baie afvalligheid van God af. Ontrou aan en vervalsing van die evangelie, het hoogty gevier. Vir Paulus is dit nie net 'n oppervlakkige verskynsel nie. Inteendeel, vir hom sit niemand minder as die satan daaragter nie wat met bedrog en lis mense verlei van God af na hom toe.

Wanneer daar van lig in die Bybel gepraat word, is dit altyd 'n heenwysing na God en sy werk. Immers, Jesus Christus stel Homself bekend as „Ek is die lig van die wêreld". Hy is dus die Een wat gekom het om deur die duisternis te breek. Daarteenoor staan die duiwel bekend as die owerste van die duisternis, en word die sondige werke van die mens altyd voorgestel as werke wat in die duisternis gedoen word.

Paulus erken egter dat die satan homself verander in 'n engel van die lig. Hy kom dus en stel homself dikwels voor as een wat die hoogste heerlikheid in homself omdra. So het hy met misleiding gespreek teenoor Eva in die tuin van Eden. So het hy gespreek teenoor Jesus tydens sy versoekinge in die woestyn, in die heilige stad en op die hoë berg. So wil hy hom ook aan ons as mense in hierdie wêreld in ons nood en ons beproewing voorhou. So wil hy ons dwing om hom aan te hang en God te vergeet.

Maar, hy wat homself voordoen as 'n engel van die lig, kan teen die ware Lig, Jesus Christus, nie stand hou nie. Die valse lig, die satan, word oorwin sy kop word vermorsel, en Jesus Christus, die Lig van die wêreld triomfeer uit die graf.

3 Mei **Lees:** 2 Kor. 11:16-33 **Teks:** 2 Kor. 11:23 (tweede gedeelte)

OORWINNING DEUR LYDING

Die aanvaarde beginsel is dat dit nie 'n maklike weg is om dienaar en dienares van Jesus Christus te wees nie. Dit is duidelik in die hele lewe dat die gelowige in hierdie wêreld nie beter daaraan toe is as die ongelowige nie. Paulus het die waarheid hiervan self aan sy lyf ervaar. Hy wat in besondere mate dienaar van Christus was, hy is nie net soos die valse apostels Hebreër, of Israeliet of nakomeling van Israel nie. Sy onderskeiding van die valse apostels het juis daarin gelê dat wanneer hy oor sy dienswerk rapporteer, die hoofberig praat oor slae, gevangeskappe, doodsgevare, steniging, skipbreuk en bekommernisse oor die gemeentes.

Maar hierdie lyding is nie die bepalende faktor of die diens in die Naam van Jesus Christus moet voortgaan of nie. Nee, die belangrikste, die hoogste goed lê juis daarin dat daar

in die dienswerk volhard sal word. Die opdrag van Christus is juis om te dien, nie om gedien te word nie.

Wanneer die dienswerk van Jesus Christus egter onder oë geneem word, verkondig die evangelie aan ons dat hierdie Jesus gely het om ons salig te maak. Sy geboorte vind plaas in 'n stal. Hy word neergelê in 'n krip. Dikwels word daarna gesoek om Hom te stenig. Verraad en verloëning ontvang Hy van sy dissipels. Sy einde is van die kruis af in die graf — lyding soos nêrens anders te vinde is nie — maar ook diens soos nêrens anders moontlik is nie.

Ja, „Hy is deurboor ter wille van ons oortredinge, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom".

4 Mei **Lees:** 2 Kor. 12:1-10 **Teks:** 2 Kor. 12:9a

GENADE! GENOEG

Vir Paulus, apostel, maar ook mens, was een van sy grootste beproewinge sy siekte wat vir hom 'n struikelblok was in sy werk van evangeliedienaar. Telkens het hy bewus geword van sy tekortkominge, ja dat 'n engel van die satan hom met die vuis geslaan het. Dan ervaar hy dat selfs op sy gebed daar vir hom nie verhoring kom nie. Al wat hy hoor, is: „My genade is vir jou genoeg."

God het 'n bepaalde wyse waarop Hy met iemand omgaan, en Hom met die mens bemoei. Hy laat nooit die werke van sy hande vaar nie. Waar hy eenmaal geroep het om te stuur, daar maak Hy ook hierdie geroepene bekwaam. Hy lei hom en versorg hom. Meer as wat God in sy vrye guns gee, is daar nie nodig nie — selfs nie vir Paulus om apostel te kan wees nie.

Die mens in sy verhouding tot God, het geen verdienste nie. Die verdienste van die mens kan eintlik net saamgevat word in verdoemenis en ewige verderf. Daarteenoor is die verhouding van God tot die mens, 'n verhouding van genade. Hier gaan dit alleen daarom dat God sy guns betuig omdat Hy liefde is en liefde het. Daarom dat Hy nie van ons as mens verwag om self die kwytskelding van ons skuld en sonde by Hom te verdien nie. Nee, Hy doen dit self. Hy gee daarvoor sy Seun. Jesus Christus moet in die aanskyn van kruis en graf sy gehoorsaamheid aan God die Vader betoon, sodat Hy ons van die tydelike en ewige straf van die sonde kan verlos.

Daarom is die beproewinge van die mens nooit buite die maat nie, nooit ondraaglik nie. Bo-oor hierdie beproewinge staan die verdienste van Jesus Christus met die heerlike evangeliese boodskap: „My genade is vir jou genoeg."

5 Mei **Lees:** 2 Kor. 12:11-18 **Teks:** 2 Kor. 12:14

„NIE JULLE GOED NIE, MAAR JULLESELF"

Dit word dikwels die kerk voor die kop gegooi dat hy in sy werk net te doen het, en hom net bemoei met „ons geld". In hierdie sogenaamde optrede van die kerk word daar dan ook dikwels die rede gesien om weg te breek en oor te gaan na 'n ander kerk. Dit is egter ook waar dat daar dikwels weer die gedagte by die lidmaat posvat dat sy geld wat hy aan die kerk en sy dienswerk gee, genoeg is — dat hy niks meer nodig het om te doen nie.

Paulus probeer om hierdie saak in die regte perspektief te stel. Hy is nie bekommerd oor die gemeente, die mense, se goed of geld nie, maar dit gaan in sy dienswerk om die mens self. Dit is tog immers die mens wat die redding moet ontvang, nie die mens se goed nie. Dit is die mens wat deur geloof vryspraak van sonde en versoening met God moet verkry, nie die goed van die mens nie. Jesus Christus as Verlosser, het dan ook na die wêreld gekom, ter wille van die mens. Sy koms het ten doel gehad om die mense tot sy volk te maak. Wie in diens van Christus leef en werk, werk dus nie ter wille van 'n lewensonderhoud nie, maar werk en leef wel ter wille daarvan dat Jesus Christus bely sal word as die Here, die Verlosser, die Saligmaker. Wie kan bely dat hy aan Christus behoort, die kan ook bely dat sy goed, alles wat hy het, saam met hom aan Christus behoort.

Dit is waar dat as ons goed aan God behoort, ons nog nie noodwendig self aan Hom behoort nie. As ons egter aan God behoort, is ook ons goede Syne, en gee ons dit geredelik, gewillig en gehoorsaam vir sy diens op aarde.

6 Mei **Lees:** 2 Kor. 13:1-6 **Teks:** 2 Kor. 13:5

ONDERSOEK JULLESELF!

Beskuldigings van een mens aan die adres van 'n ander, is maklik en volop. Maar wat nodig is, is dat die balk eers uit die eie oog geneem moet word voordat die splint in die oog van die broer raakgesien word. Dit noem ons selfondersoek. Dit is 'n gedagte waarvan die Bybel van begin tot einde vol is.

Die oproep tot selfondersoek is egter nie net 'n ondersoek na ons dade, ons werke, nie. Paulus praat hier van 'n self-ondersoek na die geloof.

Die houding van die Korintiër-gemeente teenoor Paulus was redelik naywerig. Hulle het voortdurend gevolgtrekkings oor sy gesindheid gemaak en dan ook sy opregtheid in sy dienswerk en apostelskap betwyfel. Paulus verdedig homself, en dan sê hy: Nou is dit julle beurt vir selfondersoek. Nou moet julle die lig op **julle** geloof laat val. Bepaal of julle in die opregte geloof in Jesus Christus ingeplant is.

Die terrein waarop so 'n selfondersoek na die geloof gedoen word, is die lewe self. Die geloof sonder die werke is dood. Jakobus sê self: Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. Die gemeente se werk uit dankbaarheid moet oorvloedig wees. Daaraan mag daar geen tekort of gebrek wees nie. Alleen deur die gesindheid waarin geleef en gewerk word, kan die opregtheid van die geloof bepaal word.

7 Mei **Lees:** 2 Kor. 13:7-13 **Teks:** 2 Kor. 13:8

DIE OORWINNING VAN DIE WAARHEID

„Die waarheid sal seëvier," is vir ons 'n bekende spreuk. Te meer is hierdie spreuk waar as met waarheid nie net bedoel word dat daar nie leuens vertel word nie, maar as die waarheid van God teenoor die leuen van die duiwel te staan kom.

Die man wat hierdie woorde van die teks skryf, Paulus, is een wat self teen die waarheid van God geveg het. Hy het Jesus Christus wat die liefde van God vir ons waar gemaak het, vervolg. Hy het die koms van Jesus Christus as Saligmaker as 'n leuen beskou. Daarom het hy Christene vervolg en wou hy alles wat aan hierdie Jesus behoort het, verdelg. Maar tog gebeur dit dat hyself as kampvegter vir die waarheid, op die pad na Damaskus 'n groter waarheid ontdek, naamlik dat die mag van Jesus Christus so groot is dat alle teenstand teen Hom, vernietig kan word. En dan, wanneer Hy deur hierdie groter waarheid vasgegryp is, staan hy met al sy beskikbare krag in diens van dié waarheid dat God in Jesus Christus aan mense, saligheid en redding wil gee.

'n Christen se taak is daarin geleë, nie om iets teen hierdie waarheid te doen nie, maar juis sorg te dra dat die waarheid teenoor jouself en teenoor ander sal geskied.

Op hierdie waarheid van God kan ons en durf ons genadiglik steun. Die waarheid van God sal ons laat standhou wanneer ons onwrikbaar deur die geloof aan Hom gebind is. Want wie vir die waarheid leef en werk, leef en werk sodat elke knie mag buig en elke tong sal bely dat Jesus die Christus is, tot lof en heerlikheid van die Vader.

8 Mei **Lees:** 1 Petr. 1:3-12 **Teks:** 1 Petr. 1:3

DANKSEGGING

Die brief begin met 'n lofprysing. Miskien is dit opvallend dat daar nie aan die begin verwys word na die probleme in die gemeente nie. Dit word wel in vers 6 in die verbygaan genoem, maar kom eers werklik in hoofstuk 3 aan die orde.

Miskien is dit tog nie so opvallend dat dit wel so gedoen word nie. Die gemeente word immers opgeroep om by alles wat gebeur in die eerste plek te dink aan wat God in Christus

gegee het. Pas daarna, en in die lig daarvan kan oor moeite en verdriet van die gemeente gepraat word. Daarom stel die Heidelbergse Kategismus ook dat ons enigste troos daarin geleë is dat ons aan Christus behoort.

Wanneer na die teks gekyk word, val die woord „geseënd" op. Die Ou Testament ken die uitdrukking: God seën. (Vergelyk Gen. 9:26, Deutr. 8:10, Ps. 16:7, 68:27.) Die gedagtegang hier is seker omdat God mense geseën het met sy guns, moet die gemeente Hom antwoord deur Hom te dank. God is die een wat handel. Hierdie handeling is vir die mens tot heil, daarom moet God alleen geprys en verheerlik word.

Die skrywer noem God verder die Vader van Jesus Christus. Met ander woorde dit gaan in hierdie lofprysing van die gemeente nie sommer om enige God nie. Dit gaan nie om die lofprysing van 'n onbekende en abstrakte God nie, maar om die God wat sy werk in en deur Jesus Christus gedoen het. Die gemeente ken geen ander God as die een wat Hom in Jesus Christus geopenbaar het nie. Calvyn het hieroor tereg opgemerk dat as Christus nie in die middel gestel word nie, dan sal ons die goedheid van God nooit reg kan begryp nie.

Ons word opgeroep om God te prys omdat hy aan ons die „wedergeboorte" geskenk het. Deur hierdie „wedergeboorte" word die mens se oog gerig op die toekoms wat God aan hom skenk. In die wedergeboorte word aan die mens 'n nuwe begin gegee. Hy word opgeneem in die heil wat hy nie van nature besit nie en wat hy ook nie uit homself kan bereik nie. Die barmhartigheid van God waardeur die mens gered word, op 'n nuwe pad geplaas is, het bekend geword deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Die opstanding van Jesus Christus is die beslissende keerpunt in ons geskiedenis. Deur die opstanding van Jesus Christus word aan mense die nuwe lewe gegee. Daarom beteken Christelike geloof altyd geloof in Jesus Christus wat opgestaan het uit die dode.

9 Mei **Lees:** 1 Petr. 1:13-25 **Teks:** 1 Petr. 1:21

GOD VAN DIE OPSTANDING

Omdat God Homself in Christus geopenbaar het, is dit ook vir die gemeente moontlik om deur Hom dit is Christus in God te glo. Sonder die openbaring in Christus sou ons God nie reg kon ken en ook nie in Hom kon glo nie. Geloof in die ware sin van die woord is vir ons alleen in en deur Hom moontlik. Want geloof in God beteken ook geloof in Christus. Daarom is dit goed om na 'n opmerking van Calvyn in hierdie verband te kyk: Aangesien God onbegryplik is ,sal geloof in Hom nie moontlik wees as dit nie op Christus gerig is nie. Al wat ons van God buite Christus kan bedink is 'n onmeetlike afgrond. Ons kan nie buite Christus om in God glo nie. Want in Hom het God Hom ast'ware klein gemaak sodat Hy hom

na ons begrip kon verneder. Maar die God wat Hom so in Christus geopenbaar het, is die God van die opstanding. Daarom beteken Christelike geloof altyd geloof in Jesus Christus wat opgestaan het, wat oorwin het, aan wie alle mag in die hemel en op die aarde gegee is.

Hierdie heilsfeit van die opstanding is die finale sluitsteen van ons geloof. Paulus sê daarvan dat as Jesus Christus nie opgewek is uit die dode nie, dan is ons prediking vergeefs, ons geloof vergeefs en dan is ons nog in die sonde.

Maar nou glo ons deur Christus in God en hoop ons op God. Dat geloof ook hoop is, is 'n gedagte wat ons meermale in die Bybel terugvind. En dat hierdie hoop in die opstanding van Christus gefundeer is, blyk ook uit 1:3 „Geseënd is die God en Vader van ons Here Jesus Christus wat na sy groot barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood . . ."

Geloof en hoop is in Christus eers werklik moontlik. Deur Christus en sy heilswerk is dit vir ons moontlik om in God te glo en op God te hoop.

10 Mei **Lees:** 1 Petr. 2:1-10 **Teks:** 1 Petr. 2:9

DIE UITVERKORE GESLAG

In hierdie vers word die wese en roeping van die gemeente van Jesus Christus kort en bondig saamgevat. Dit is mooi dinge wat van die gemeente gesê word — uitverkore geslag, koninklike priesterdom, heilige volk. Die skrywer haal hier aan uit die Ou Testament en hy maak die dinge wat op Israel van toepassing was nou op die gemeente van Jesus Christus van toepassing. Hierdie gemeente bestaan uit Jode en heidene. Dit wil sê die heidene deel ook nou in die voorregte van Israel. Die heerlikheid van die gemeente is in die eerste plek dat dit 'n uitverkore geslag is. Dit is so omdat die steen waarop die gemeente gebou is, uitverkore is (1 Petr. 2:4). In hom is die gemeente ook uitverkore (1 Petr. 1:2).

Hierdie uitverkiesing is nie gegrond op menslike verdienste of prestasie nie, maar is gegrond in die liefde van God in Christus. Nou behoort die gemeente aan God en nie aan die magte van die wêreld nie.

Maar daar word verder van die gemeente gesê dat dit 'n koninklike priesterdom is. Met ander woorde die gemeente bestaan uit priesters wat koninklik is. Hierdie priesters behoort aan die koning, hulle geniet die beskerming van die koning en staan in diens van die koning. En hierdie koning is Jesus Christus. Die feit dat ons priesters in diens van die koning genoem word, beteken derhalwe dat ons sy Naam moet bely,

onsself aan Hom moet toewy as 'n lewende dankoffer en met 'n goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel moet stry.

Verder word die gemeente 'n heilige volk genoem. Heilig in die spraakgebruik van die Bybel beteken afgesonder vir die diens van God. Mense is nie van nature heilig nie. God roep mense uit die wêreld tot sy gemeente. Hy maak hulle tot sy eiendom, tot sy heilige volk. Nou behoort hulle aan Hom.

God het hierdie gemeente wat hy so versamel tot sy eiendom gemaak. Maar nou beteken dit dat hierdie gemeente in sy diens sal staan, dat hulle sy deugde sal verkondig. 'n Mens sou ook kon sê dat hierdie gemeente geroep is om die groot dade van God in die wêreld te verkondig. Om Christen te wees, om gemeentelid te wees, beteken nou eenmaal nie 'n stilsit en niksdoen nie. Dit beteken om in diens van God te wees. Hierdie dienswerk is ons voorreg en ons roeping.

11 Mei **Lees:** 1 Petr. 2:11-25 **Teks:** 1 Petr. 2:11 en 12

DIE LEWE VAN DIE KERK

Nadat daar oor die wese en die roeping van die gemeente gehandel is, word nou aandag geskenk aan die lewe van die gelowiges. Die gelowiges is in die wêreld maar nie van die wêreld nie. Hulle moet lewe as die eiendom van die Here. Dit moet hulle handel en hulle wandel bepaal. Eerstens word aandag geskenk aan die betekenis van die goeie wandel van gelowiges in die wêreld. Daarna word ook aandag gegee aan die houding van die gelowiges teenoor die owerheid, van man teenoor vrou en van slaaf teenoor heer.

Die gelowiges word as geliefdes aangespreek omdat hulle mense is wat die liefde van God deelagtig geword het. Derhalwe mense wat ook die gebod ken om die Here lief te hê en ook mekaar. Hierdie geliefdes word vermaan om as vreemdelinge en bywoners standvastig in die wêreld te wees. Hulle burgerskap is nie van hierdie wêreld nie. Hier is hulle bywoners wat moet volhard tot die einde toe.

Hierdie vermaning is egter in die eerste plek negatief. Die negatiewe bestaan daarin dat die gemeente hulle moet onthou van vleeslike begeerlikhede. Die loslaat van die afgode moet ook lei tot die loslaat van die sedes en gebruike wat eie is aan die afgodediens. Die gelowiges behoort nie meer aan afgode, aan begeertes en drifte nie, hulle het bywoners deur die geloof geword. In hulle lewens mag die dinge wat vroeër so belangrik was nie oor hulle heers nie. Hulle moet daarteenoor nee sê.

Maar die oproep van vermaning het ook 'n positiewe kant. „Hou julle lewenswandel onder die heidene skoon." Dit wil sê laat julle gedrag, julle woorde en werke, julle omgang met julle medemens skoon wees. Dit is belangrik, want miskien verstaan

die heidene nie die prediking van die woord nie, maar het hulle dalk 'n oog vir die verkondiging wat uit de lewenswandel van die gelowiges spreek. Dit moet nooit so word dat die lewenswandel van die gemeente 'n aanleiding tot ongeloof in die wêreld word nie. Dan word die evangelie deur die gedrag van die gemeente in diskrediet gebring. Daarteen waarsku die Bybel. Die gemeente is nie geroepe om kwaad te doen nie, maar om goed te doen. Hierdie goeie lewenswandel van die gelowiges kan dalk gekritiseer word. Hulle kan dalk belaster word terwyl hulle goed doen. Maar hulle moet volhard, want die goeie lewenswandel moet alle kritiek deurstaan. Hierdie goeie wandel van die gemeente kan dalk so 'n kragtige verkondiging vir die wêreld, wees dat die heidene daartoe kom om God te verheerlik. Die oproep bly immers: laat hulle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is verheerlik.

12 Mei **Lees:** 1 Petr. 3:8-22 **Teks:** 1 Petr. 3:12

GEBEDSVERHORING

In verse 10 tot 12 word teruggegryp na 'n psalmwoord uit Psalm 34. Dit word enigsins verander en daarmee word gestel dat die gemeente hom nie met die wêreld kan identifiseer nie. Dit is en bly onmoontlik omdat die roeping van die gemeente dit uitsluit. Maar aan die anderkant kan die gemeente hom nie onttrek uit die wêreld nie omdat hy juis na die wêreld toe met opdrag gestuur is. Daarom moet daar noukeurig gelet word op die versekering dat die oë van die Here op die regverdiges is en sy ore tot hulle gebed.

Daar moet egter onthou word dat geen mens homself van nature regverdig kan noem nie. Inteendeel, ons is van nature geneig om God en ons naaste te haat en om die gebooie van God met ons gedagtes, woorde en werke te oortree. God maak van mense wat van nature sondaars is, gelowiges dit wil sê regverdiges. En hy doen dit deurdat Jesus Christus sy lewe in ons plek gee. Daarom kan ons die lewe alleen in die offer van Jesus Christus vind. God spreek die sondaar om Christus wil vry van die sonde. Die sondaar ontvang wat hom om Christus wil geskenk word en so staan hy voor God as regverdige, dit wil sê as iemand wat nie skuldig staan nie.

Hierdie sondaar is dus nie regverdig in homself of vanweë sy eie prestasies nie, maar alleen in Christus Jesus. Daarom het hy ook niks waarop hy hom kan beroem nie. Die feit dat hy 'n regverdige voor God is, is 'n geskenk van God en dit is ook tot sy behoud.

Nou kom die Bybel nog met die verdere blye versekering dat die oë van die Here op die regverdiges is .Met ander woorde dit is ook waar dat die Here die gelowiges bewaak en bewaar. Hy laat hulle nie maar aan hulleself oor nie, maar Hy sorg vir hulle. Meer nog, sy ore is tot hulle gebed. Hy hoor

en verhoor hulle gebed. Hulle hulpgeroep is nie ver van Hom nie en Hy luister na die versugtinge van hierdie harte. Daarom is die gawe van die gebed vir die gelowiges tot troos en bemoediging. Die gebed moet dan ook gebruik word, nie alleen om die Naam van die Here te loof nie, maar ook as 'n smeekgebed waarin die gelowige sy afhanklikheid van God erken en bely. „Elia was net so 'n mens soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde vir drie jaar en ses maande nie gereën nie. En hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit."

„Die gebed van die regverdige het groot krag . . .", want die Here is 'n hoorder van die gebed

Maar die aangesig van die Here is teen die kwaaddoeners . . . en hulle oordeel is die verdoemenis.

13 Mei **Lees:** 1 Petr. 4:1-11 **Teks:** 1 Petr. 4:11

GENADEGAWES

„Namate elkeen 'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God."

Daar word dan twee soorte genadegawes onderskei waarmee in diens van die veelvuldige genade van God gestaan moet word.

Die eerste gawe is die spraak. Die getuienis wat in die woord (in die gesprek) gegee word, staan voorop. Maar hy wat geroepe is om te verkondig, te praat, moet daarop let dat sy spreke in diens van die Woord van God is. Hy sal derhalwe eers noukeurig en met aandag na die Woord van God moet luister voordat hy kan praat. Want wanneer hy praat sal hy alleen dit kan sê wat hyself gehoor het. Die evangelie is nou eenmaal nie 'n saak wat uit die hart van mense opgekom het nie. Dit gaan in die evangelie om God se Woord en daad en daarom moet daar eers geluister word. Daar mag geen eie wyshede of menslike diepsinnighede verkondig word nie, hoe mooi dit ookal mag klink. Die woord wat gespreek word, moet altyd ondergeskik aan die woord van God wees. Wie preek is daarom wesenlik nie belangrik nie, maar wel wat daar gepreek word.

Dit is daarom dat Paulus dan ook stel dat die evangelie nie met wysheid van woorde verkondig moet word nie sodat dit nie gebeur dat die kruis van Christus op die wyse verydel word nie.

In hierdie teksvers word egter naas die gawe van die woord ook die gawe van diens deur die daad genoem. Ons moet daarop let dat wie nie tot prediking geroep is nie nog nie van dienswerk uitgesluit word nie. Hierdie gawe van diens is nie minder belangrik as die gawe van die woord nie, dit is

alleen anders. Daar is nou eenmaal 'n verskeidenheid van genadegawes in die gemeente. En hulle is almal daar tot opbouing van die liggaam van Christus. Die daad is volgens 1 Petrus 3:1 belangrik: Net so moet hulle, vroue aan julle eie mans onderdanig wees, sodat as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle julle reine, godvresende wandel aanskou. Om te doen, is ook 'n gawe van God. Niemand wat dien moet egter hoogmoedig word en hom oor sy dade verhef nie. Die ware daad is en bly 'n gawe van God. Dit word veeleer deur God aan die mens geskenk as wat dit deur die mens self na vore tree. Alleen wanneer daar in hierdie gesindheid gewerk word, kan die doel van die genadegawes bereik word naamlik die lof en eer van God. Watter gawe iemand ookal ontvang het, in elke gawe en deur elke lidmaat van die gemeente moet God verheerlik word. In die verheerliking van God vind alles sy sin en bekroning.

14 Mei **Lees:** 1 Petr. 5:1-14 **Teks:** 1 Petr. 5:7 en 8

WEES NUGTER EN WAAKSAAM

Nadat daar vermaninge teenoor verskillende persone uitgespreek is, rig die skrywer hom in vers 5 weer tot die hele gemeente. Want in die gemeente is elkeen tot diens aan die ander geroep. Niemand het die reg om hom bo die ander te verhef nie. Niemand mag ook met 'n beroep op sy posisie hom aan hierdie dienswerk onttrek nie. In die gemeente pas dit om nederig te wees. Daarom is dit goed dat elkeen in die gemeente van sy troontjie afstap en homself diensbaar maak. In die gemeente is almal diensknegte om Christus ontwil. Dit pas egter nie alleen om teenoor mekaar nederig te wees nie, maar ook teenoor God. Wie voor God nederig is, sal deur Hom verhoog word. Dit mag egter wees dat die weg van die gemeente in die wêreld intussen moeisaam is. Daar kan teenstand van verskillende aard opduik wat dit vir die gemeente moeilik maak. En dit mag lyk of die belofte van die verhoging uitbly. Dan moet die gemeente daarvan verseker wees dat God hulle nie vergeet het nie. Hy lei hulle ook al verkeer hulle midde in die vervolging.

Met 'n aanhaling uit Ps. 55:25 sê die skrywer dat die gemeente met vertroue hulle sorge op God kan werp. Die gemeente kan onbesorg in die wêreld leef en werk want God sorg vir hulle.

Hierdie heilige onbesorgdheid wat die gemeente in die geloof mag ken, mag egter nooit die oorsaak van 'n gees van lughartigheid word nie. Die nugterheid en die waaksaamheid is en bly dringend noodsaaklik. Die waaksaamheid is noodsaaklik want die gelowiges is as vreemdelinge en bywoners in die wêreld onderweg na 'n toekoms wat deur God self aan hulle geskenk is. In hierdie situasie waarin die gemeente

homself bevind is, waak en bid van ontsaglike belang. (Vergelyk in hierdie verband ook die uitsprake in Matt. 24:42, 25:13, Mark. 13:35 en I Thess. 5:6).

Dit is belangrik omdat die grootste vyand van die kerk nie mense is nie maar die duiwel wat soos 'n brullende leeu rondgaan om te soek wie hy kan verslind. Dit is waar dat Christus sy mag verbreek het, maar hy is nog nie tot niet gemaak nie. Daarom is hy besig om hom met al die mag waaroor hy nog beskik, te verset. En al is dit waar dat sy verset die laaste stuiptrekkings van sy oorwone mag is, moet die gemeente tog op sy hoede wees.

In hierdie situasie moet die gemeente gelowig en gehoorsaam aan God weerstand bied. Hierdie weerstand van die gemeente is per slot van rekening die geloof. Christus is die oorwinnaar, op sy mag kan die gemeente reken en op sy oorwinning kan die gemeente vertrou. Waar daar geloof is, is daar nie plek vir die duiwel nie, is daar ook nie plek vir moedeloosheid en vrees nie. Want wie in Jesus Christus glo, sal saam met Christus oorwinnaar bevind word. Dit is die heerlike vooruitsig waarin die gemeente die stryd kan aanknoop en daarin kan volhard.

15 Mei **Lees:** Matt. 28:1-7 **Teks:** Matt. 28:6

DIE OPSTANDING — DIE GROOT GEBEURTENIS IN DIE GESKIEDENIS

Toe Maria Magdalena en die ander Maria by Jesus se leë graf kom, het hulle die getuienis van die voltrekking van God se liefde aanskou. God het woord gehou. Hy het weereens aan hulle getoon dat sy Woord waar is. Jesus het opgestaan soos Hy gesê het.

Jesus se opstanding uit die dode is die kern van die kerklike verkondiging. Sy opstanding uit die dood, beteken dat Hy die dood oorwin het. Dit beteken dat Hy daardie dood, wat ons vanweë die sonde, vir ewig moes sterf, oorwin het. As Hy nie uit die dode opgestaan het nie, sou daar vir ons geen verlossing van die ewige dood of verdoemenis gewees het nie. Dan sou daar ook geen blye boodskap wees wat 'n gevalle mensdom weer kon opbeur nie. Dan sou die Christelike geloof leeg en waardeloos wees. Maar nou het Hy opgestaan. En dit is die blye tyding. Nou weet ons dat ons 'n lewende Heer het!

16 Mei **Lees:** Matt. 28:5-10 **Teks:** Matt. 28:7

GAAN HAASTIG

Ons erken en bely dat God se Woord waar is. Ons glo dat Hy werklik sy Seun, Jesus Christus, gestuur het om vir ons die ewige dood te oorwin. Deur die geloof word ons by 'n krip te Bethlehem gebring, word ons daarvandaan na 'n kruis te Golgotha geneem en kom ons by 'n leë graf te staan.

Ons lees dit telkens in die Bybel en ons hoor dit in die kerklike verkondiging. Maar wat is ons reaksie op hierdie liefdesdade van God? Bly ons maar net by daardie oop graf staan om ons daaroor te verwonder? En intussen laat ons nie toe dat hierdie heilsdade van God ook ons lewe hier en nou raak nie? Ons sê dat dit alles waar is, ons stry met niemand daaroor nie. Ons is ook eens daarmee dat hierdie gebeure alles absoluut noodsaaklik is vir ons om in die koninkryk van God te kan kom. Maar wat maak ons nou, nadat ons dit alles in die geloof aanskou het? Het die verkondiging van hierdie heilsdade van God 'n invloed op ons huidige, aardse lewe? Dit gebeur so dikwels dat ons in die geloof verstard raak.

Maria Magdalena en die ander Maria word vanaf die leë graf weggestuur want daar wag nou 'n taak op hulle. Die klem lê nou nie meer op die leë graf nie — dit was slegs 'n teken van sy opstanding, maar die klem lê nou op die opgestane Heer self! Die taak is nou om daardie opgestane Heer te gaan verkondig. Die taak is om aan die mense te gaan sê dat Hy opgestaan het, dat Hy lewendig is en waar Hy nou te vinde is — in sy Woord, in die verkondiging daarvan deur prediking en sakrament.

17 Mei **Lees:** Matt. 28:11-15 **Teks:** Matt. 28:15

DIE WÊRELD VERSUS DIE EVANGELIE

Die Jode, die bestryders van die Christelike geloof, het geweet dat as hulle die opstanding van Christus tot niet kon maak, hulle dan ook so die kern uit die Christelike geloof gehaal het. Daarmee sou hulle dan die Christelike geloof belaglik gemaak het. Om die kern van die Christelike geloof te verberg, kon die Jode net van twee dinge gebruik maak naamlik geld en bedrog. Dit was die enigste twee middele waarmee die wêreld die evangelie kon bestry. Dit is ook die middele waarmee die wêreld van vandag voortgaan om die kern van die evangelie te verbloem. Daarom dat die sektes nog steeds met bedrog, met 'n verdraaide woord by ons aan huis kom om „te doen soos aan hulle geleer" is.

Ons Sondag, die eerste dag van die week, staan in die lig van Christus se opstanding. Dit is die dag waarop die kerk die betekenis van sy dood en opstanding verkondig. En tog is ons ook so dikwels bereid om saam met daardie soldate die waarheid van die evangelie te verwissel vir dit wat die wêreld ons op hierdie opstandingsdag kan aanbied. Want so dikwels word die Sondag gebruik om onsself met wêreldse goedere te verryk. Laat ons daarteen waak om nie self saam met die wêreld die stryd teen die kerk van Christus aan te knoop nie, sodat die kern van die evangelie wat op Sondag verkondig word, nie algaande in ons harte vervaag nie.

18 Mei **Lees:** Matt. 28:16-20 **Teks:** Matt. 18:19-20

OPDRAG EN BELOFTE AAN DIE KERK

Hier ontvang die kerk sy opdrag. Juis op grond van die feit dat God die Vader aan Jesus alle mag op aarde en in die hemel gegee het, maak dit nou vir Hom moontlik om aan sy kerk hul taak op te dra. Die eerste opdrag van die opgestane Heer is om heen te gaan; nou nie meer soos sy profete en apostels na 'n bepaalde gebied of 'n bepaalde volk nie, maar die wêreld in na alle mense. Die kerk moet heengaan en van alle mense dissipels van Jesus maak. Alle mense moet deur die kerk geleer of onderrig word. Waarin moet hulle onderrig word? In die oorwinning van Jesus Christus oor die helse dood en die aanbreek van die koninkryk van God in Hom. Hoe moet die kerk die wêreld hierin onderrig? Deur die verkondiging. Waaruit bestaan hierdie verkondiging? Uit die sakramente (doop hulle . . .) en uit die prediking (leer hulle om alles te onderhou . . .). Wat moet die inhoud van hierdie prediking wees? Om alles te onderhou wat Jesus beveel het. Waar kry die kerk daardie bevele van Jesus, met ander woorde, wat is dit wat Hy ons beveel het? Dit is alles wat ons in die Bybel lees.

Die kerk kry dus die opdrag van sy Heer om God se Woord die wêreld in te dra, om aan die wêreld die teken en die seël dat sy Woord waar is (die doop) te gee en om aan hulle wat daardie teken ontvang het, gedurig te verkondig dat hulle ooreenkomstig God's Woord moet leef. Maar nou bestaan die kerk nie net uit predikante nie, maar ook uit al die lidmate. Daarom is dit 'n taak op die skouers van elke lidmaat. Om onderrig in God se Woord te kan gee, is dit nodig om eers self daarin onderrig te word. Dit maak die gereelde kerkbesoek van elke lidmaat so belangrik.

Maar hoe kan ons klompie mense so 'n groot opdrag uitvoer? Hoe is dit vir ons mense, wat self in sonde ontvang en gebore is, moontlik om hierdie goddelike opdrag uit te voer? Bloot op grond van sy belofte: „Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

19 Mei **Lees:** Hand. 1:1-9 **Teks:** Hand. 1:9

WAAR IS DIE HEMELVAART SE HEMEL?

Ons lees dat Jesus opgeneem is terwyl sy dissipels dit sien en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. Ons is geneig om aan die hemel te dink as die plek waar die hemelliggame, son, maan en sterre gevestig is. Dat dít nie die plek is waar Jesus Hom nou na die liggaam bevind nie, is egter duidelik uit ons geloofsbelydenisse self. Want ons bely: Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God. Jesus is dus nou in die teenwoordigheid van God die Vader. Daarom het die begrip „hemel" hier nie 'n aardse betekenis

nie. Daarom dat Salomo ook in sy gebed by die inwyding van die tempel sê: „. . . die hoogste hemele kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het." Daarom bedoel Lukas hier met „hemel" die „woonplek" van God.

Om vir die mens vergewing van sondes te kom skenk, moes Jesus in die besonder teenwoordig wees in die wêreld. In Jesus Christus het God na die wêreld toe gekom om hier sy besondere daad van verlossing te verrig. Jesus moes Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem ter wille van ons mense. Sy hemelvaart beteken nou dat Hy weer, na die liggaam, teruggekeer het na die „woonplek van God". Daar doen Hy vir ons voorbidding by die Vader en vandaar regeer Hy sy kerk deur sy Woord en Gees wat Hy vir ons agtergelaat het.

20 Mei **Lees:** Hand. 1:10-14 **Teks:** Hand. 1:10-11

HY SAL NET SO KOM SOOS JULLE HOM NA DIE HEMEL SIEN WEGVAAR HET

'n Wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. 'n Wolk sal Hom weer voor ons oë terugbring. Die kerk werk en leef in die tyd wat strek tussen Jesus se hemelvaart en sy wederkoms. Dit is die tyd waarin die kerk moet heengaan, dissipels van alle nasies maak, hulle moet doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dit is die tyd waarin die kerk aan die wêreld moet verkondig dat daar vergewing van sondes is deur die opregte geloof in God en sy weldade in Jesus Christus. Dit is die tyd wat aan die kerk gegun word om sy verkondigingstaak te verrig. Daarom is dit genadetyd wat deur God se lankmoedigheid en geduld aan die wêreld gegun word.

Hierdie genadetyd wat aan die kerk gegun word om sy taak te verrig en wat aan die wêreld gegun word om daardie boodskap van verlossing aan te neem, is kort. Want Hy sê: „En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees." Die dag en die uur wanneer die Seun van die Mens op die wolke sal kom om aan ons te verskyn, weet niemand nie. Maar een ding weet ons en dit is dat Hy onverwags sal kom. Daarom moet ons gedurig in gereedheid wees. Dit leer die gelykenis van die waaksame dienskneg ons, dit leer die gelykenis van die verstandige en onverstandige diensmeisies ons.

Laat ons lewe en werk in die kerk dus toekomsgerig wees, in die blye verwagting op die kom van die Seun van die Mens. Met sy eerste koms het Hy gekom om te red, om te verlos want Hy is ons Heiland. Maar op die laaste dag sal Hy kom om te oordeel, die lewende en die dode, want Hy is ook Regter. Daarom, hou die lampe brandend met die oog op die Heer wat sal kom.

21 Mei **Lees:** Luk. 24:13-35 **Teks:** Luk. 24:25

OPREGTE GELOOF NIE MOONTLIK SONDER DIE GEPREDIKTE WOORD EN SAKRAMENTE NIE

Twee mense is op pad na Emmaüs. Hulle loop en gesels. Hulle praat onder andere oor die groot ontnugtering wat Jesus se kruisiging vir hulle meegebring het. Soos al die ander Jode het ook hulle in Jesus 'n man gesien wat slegs gekom het om hulle van Romeinse oorheersing te verlos — en nou is daardie verlosser dood! Die bevryder is graf toe sonder dat Hy die Jode bevry het. Terwyl hulle druk in gesprek is, sluit 'n vreemdeling, Jesus, by hulle aan. Hulle herken die opgestane Heer nie, want God het hulle oë vir die werklikheid gesluit. Hulle het 'n wanbegrip van Jesus gehad. Hulle moes nou eers van vooraf leer wie Christus werklik is. In ons teksvers berispe Jesus hulle omdat hulle die Bybel nie ken nie. Daarom dat hulle nie weet wie Christus werklik is en wat Hy kom doen het nie. Daarom begin Jesus voor by die Ou Testament en daaruit toon Hy aan hulle dat die Ou Testament niks anders is nie as 'n voorspelling dat die Seun van God sal kom, nie om 'n wêreldryk van vrede te stig nie, maar om die koninkryk van God te bring. So gaan Jesus voort om aan hulle die Skrif uit te lê. Jesus het aan hulle die evangelie verkondig en nou dring hulle ernstig daarop aan dat Hy by hulle moet bly. Vir hierdie vreemdeling het hulle skielik lief geword — Hy moet hulle nie verlaat nie! As Jesus inwillig, gaan eet Hy saam met hulle. Die oomblik toe Hy die brood breek, gaan hierdie twee mense se oë oop en hulle herken Hom as Jesus, die opgestane Heer. Daarop het Jesus uit hulle gesig verdwyn. Hy het sy doel bereik want hierdie mense het tot die opregte geloof gekom. Daarom bly hulle ook nie passief nie, maar gaan self uit na die gemeente om hierdie blye boodskap ook aan die ander te gaan verkondig.

22 Mei **Lees:** Rom. 1:1-7 en 2 Kor. 6:1-10 **Teks:** Rom.1:1

CHRISTUS SE SLAAF

Wie is Paulus? Hier aan die begin van die Romeinebrief stel hy homself bekend as dienskneg van Jesus Christus. Hy is dienskneg, slaaf van Jesus Christus. Daarop wil hy alle aandag gevestig hê: op sy werk, sy diensbaarheid aan die evangelie van God. Daartoe is hy geroep en afgesonder. Sy lewe behoort nie aan homself nie, maar aan Jesus Christus. Soos hy self op 'n ander plek sê: ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. Daarom wil hy ook nie graag oor sy eie lewe praat nie. Op 'n ander plek sê hy dan ook dat sy lewe nie die moeite werd is om oor te praat nie.

Die dinge waarop hy vroeër so gesteld was: sy ywer vir die wet, sy Fariseërskap, sy afstamming uit die geslag van Benjamin, dit ag hy as skade en drek ter wille van Christus.

Die koningsnaam Saulus wat hy gehad het, het hy verruil vir die Griekse naam Paulus wat kleintjie beteken. Paulus wil niks anders wees as dienskneg van Jesus Christus nie. Sy persoon het geheel en al opgegaan in sy werk. Sy hele lewe, alles wat hy is en wat hy het, staan alleen maar in diens van die evangelie.

Vir ons in die kerk, wie ons ookal is, of ons nou die predikant, die ouderling of diaken is en of ons nou 'n gemeentelid is, vir ons beteken dit net een ding. En dit is dat ons nie in die kerk is om gedien te word nie, maar om te dien.

Openbare aansien is ook nie in die kerk belangrik nie. In die kerk word daar nie gevra na ons sosiale status of posisie in die samelewing nie. Ons gaan tog nie na mense op grond van ons posisie of status nie, maar as diensknegte van Jesus Christus.

23 Mei **Lees:** Rom.1:8-17; Gal. 1:6-10 **Teks:** Rom. 1:16

DIE ONVERGELYKLIKE EVANGELIE

Wanneer Paulus sê dat hy hom nie vir die evangelie skaam nie, gee hy daarmee te kenne dat dit die enigste saak is waaroor hy wil roem. Want Paulus is niks as hy nie die evangelie verkondig nie.

Die kennis van Christus se kruis en opstanding en die krag van God wat daarin geopenbaar is, het hom behou en gered. Dit het aan sy lewe inhoud, doel en betekenis gegee. Christus het in sy hart kom skyn en aan sy lewe die gloed en die glans gegee. Dit was die krag in sy lewe wat hom oor die wêreld gedra het. En deur sy werk het daar oral Christelike gemeentes ontstaan. Binne 'n kort tyd het die evangelie soos 'n veldbrand versprei. Daarom hoef Paulus hom nie te skaam vir daardie evangelie as hy daarmee op pad na Rome is nie. Ook Rome moet die evangelie hoor. Van Rome wil hy na Spanje. Alle mense moet die evangelie hoor, nie net die Jode nie, maar ook die Grieke, nie net die Ooste nie, maar ook die Weste.

Maar dit was nie die enigste evangelie wat destyds gepreek is nie. Binne die Romeinse ryk het daar ook valse apostels rondgegaan met ander evangelies. Hulle het ook gemeen om 'n boodskap van verlossing aan die wêreld te bring. Die evangelie het altyd sy dubbelganger wat hom soos 'n goeie hond volg. Waar die evangelie ookal gaan, daar gaan die namaaksel saam. Waar die kerk kom, daar ontstaan die sektes.

Daar is vandag honderde ideologieë wat in stryd met mekaar is oor die siel van die mens. Ons beskou hulle dikwels as mededingers van die evangelie. Paulus deel nie daardie

vrees nie, want die evangelie wat hy na Rome dra, is die krag van God. Daaragter staan die Heilige Gees. Agter die ander evangelies van die valse apostels staan die krag van die dwaling. Daarom is hulle nie bestand teen die tyd nie. Die Heilige Gees is egter onweerstaanbaar en hierdie een evangelie het nie mededingers nie.

24 Mei **Lees:** Hab. 2:1-5; Hab.3 en Rom. 1:16-17 **Teks:** Rom. 1:17

DEUR DIE GELOOF ALLEEN BETEKEN DEUR GENADE ALLEEN

Die evangelie is die goeie boodskap van God aan die mense. Dit is die berig aan ons dat ons skuld deur Christus betaal is. Hy het aan God se reg voldoen en daarom word ons van God se gerig vrygespreek. Daardie vryspraak is volgens Paulus uit geloof tot geloof. Dit is dus van die begin tot die einde 'n geloofsgeregtigheid. Dit is, om die woorde van die evangelis Johannes te gebruik, genade op genade. Dit is 'n geskenk van God aan die mens.

As mense miskien dink dat dit 'n kunsgreep van Paulus is, roep hy die profetiese woord van Habakuk tot getuienis. Maar by Habakuk lees ons teks iewat anders. Habakuk praat van die geloof van die regverdige. Paulus praat van die geloof as 'n geskenk van God. Eintlik bedoel hulle dieselfde. Die verskil lê daarin dat Habakuk as profeet die toekoms inkyk. Hy staan op sy wagtoring en bespied die toekoms. Die geheim van die verlossing is vir hom nog verborge. Hoe dit sal wees, weet hy nie. Maar hy hoop op God en hy jubel in die God van sy heil.

Paulus is apostel van Jesus Christus. Hy kyk na die kruis waar die verlossing plaasgevind het. Van daaruit verklaar hy die teks uit Habakuk. Noudat dit onthul is waarop Habakuk gehoop het, nou blyk dit nuut te wees, ver bokant wat Habakuk kon dink of droom. Nou blyk dit dat die regverdige nie deur sy geloof sal lewe nie, maar uit die geloof met ander woorde uit die genade van God.

Habakuk sing van die wonder van die geloof te midde van God se aangekondigde oordele van droogte en hongersnood. Paulus weet egter van erger dinge as Habakuk. Noudat die heil in Christus geopenbaar is, weet Paulus ook hoe groot die verlorenheid van die mens is. Daaruit kan die mens homself nie red nie.

Daarom skenk God hom die geregtigheid in Christus. Dit is genade. Dat die mens dit aanneem, dit wil sê glo, is nogeens genade. Die geloof is 'n gawe van God.

25 Mei **Lees:** Matt. 5:17-20; Rom. 3:9-28 **Teks:** Rom. 3:21-23

DIE VREEMDE GEREGTIGHEID

As julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie. Dit is die voorwaarde vir die saligheid volgens Christus uit Matteus 5. Waar sal ek daardie geregtigheid vind? Hoe kan ek daaraan voldoen?

Hier in die Romeinebrief soos tewens in die hele Skrif lees ek van die geweldige mag van die sonde en van die totale bedorwenheid van die mens. En as iemand nog wil teëstribbel deur te sê dat dit nie so sleg met die mens gesteld is nie, dan sê Paulus dat almal gesondig het en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. Ons staan almal dus letterlik in die buitenste duisternis. Dit maak nie saak of ek 'n gelowige, 'n bekeerde of wedergebore mens is nie. Ek het gesondig teen die gebooie van God. Ten spyte van die feit dat ek mag dink dat ek goed is, is ek nog steeds geneig tot alle boosheid. Want so het ons gelees: daar is niemand regverdig nie; daar is niemand wat goed doen nie. In die lig van God se kritiese woord, kan ek dus nie anders as om te bely dat ek die ene ongeregtigheid is nie.

Maar hier gebeur die wonder. Ek word sonder die wet regverdig verklaar. Sonder die wet wil sê dat God my regverdig verklaar ondanks die feit dat ek nie reg doen volgens die wet nie. As God my regverdig verklaar, glo ek in die woorde van ons kategismus dat ek regverdig is asof ek nooit enige sonde gehad of gedoen het nie.

Is dit nie alles alleen maar skyn nie? Waar vind ek daardie geregtigheid? Ek vind dit daar waar Jesaja sê: die Here, ons geregtigheid. Het ons dan tog so iets soos geregtigheid? Nie uit onsself nie. Dit word ons toegereken van Godsweë. Dit is vreemd aan my as sondaar. Daarom is ek aangewese op die **asof** van die geloof en die **nogtans** daarvan. Alhoewel ek 'n sondaar is behandel God my nogtans asof ek 'n regverdige is.

26 Mei **Lees:** Rom. 3:21-31; Hebr. 10 1-18 **Teks:** Rom. 3:25

GERIG EN GENADE

God is die heilige God wat die sonde haat met 'n intense haat. Hy is ook die barmhartige God wat die sondaar lief het met 'n ewe intense liefde. Maar Hy is ook die regverdige God wat die sonde straf. As God egter die sonde aan die sondaar sou straf, sou hy nie voor die gerig van God kon bestaan nie. Daarom moes God met die sonde so handel dat die sondaar nie daardeur ondergaan nie.

God moes iets met die sonde doen. Onder die Ou Verbond het daar daeliks onskuldige bloed oor die altaar gevloei. Dit was dierebloed vir die persoonlike sondes van die enkeling. Maar ook jaarliks op die groot versoendag het daar bloed gevloei vir die sondes van die hele volk. Want sonder bloedvergieting is daar geen sondevergewing nie.

Maar dierebloed kon nie die sondes vir goed bedek en uitwis nie. Toe die sonde meer geword het en God in sy regverdigheid die gerig nie langer kon uitstel nie, alhoewel Hy lankmoedig is, het God self die soenmiddel gegee. Paulus sê God het Christus openlik tot 'n soenmiddel in sy bloed gestel. Die Hebreërbrief verseker ons dat Christus se soendood eenmalig was dit wil sê vir eens en vir altyd. Deur sy bloed het God die sonde vir goed bedek en uitgewis.

Christus is die gerig en die genade van God tegelyk. In Hom het God die sonde regverdiglik gestraf en ons genadiglik verlos. Dit is die troos van die geloof dat ons deel het aan daardie weldaad van Christus. Dit het op Golgota in die openbaar geskied, voor die oë van betroubare getuies soos die apostels. Hulle getuienis staan in die Nuwe Testament. Dit verseker my dat my sondes nie langer teen my kan getuig nie. Want dit is bedek en uitgewis.

27 Mei **Lees:** Matt. 20:1-16; Rom. 4:1-15 **Teks:** Rom. 4:4-5

HEILSAME TEENSTRYDIGHEID

Abraham, die vader van al die gelowiges is geregverdig uit die geloof en nie uit die werke nie. Omdat hy op God vertrou het, het God hom 'n groot loon gegee. God belowe hom 'n nageslag soos die sterre aan die hemel binne die beloofde land. 'n Nageslag en die beloofde land is die loon op sy geloof. Daardie loon noem Paulus genadeloon.

Vir ons natuurlike denke kan daar nie so iets soos genadeloon wees nie. Vir ons sluit genade en loon mekaar uit. Vir ons met ons vakbonde en arbeidskontrakte is genadeloon 'n teenstrydige begrip. Maar vir die mense uit die tyd van die Nuwe Testament was dit anders gesteld. Mense was gewoond aan slawearbeid en gedwonge arbeid. Buitendien was die wêreld nie so geïndustrialiseerd soos vandag nie. Werkloosheid was 'n algemene verskynsel. As iemand jou tog huur, al is dit vir 'n penning 'n dag, dan bewys hy jou 'n guns, want 'n penning per dag was nodig vir 'n man om sy gesin te versorg. Hy kon met niks minders klaarkom nie. Dink maar aan die arbeiders uit Matt. 20. Hulle word op verskillende ure van die dag gehuur. Almal ontvang dieselfde loon, die wat vroeg die môre begin het sowel as die wat net een uur gewerk het.

Daaruit blyk dit dat God ook diegene begunstig wat as dit kom by verdienste, bitter min gedoen het. Wat God ons op die geloof skenk, is dus genadeloon.

God is aan niemand iets verskuldig nie. As hy ons almal verlore laat gaan het, sou hy ons geen onreg aandoen nie. Maar God skenk ons die vergewing van sondes, die opstanding en die ewige lewe verniet. Hy gee ons dus nie niks nie. As dit so was, sou die koninkryk van God in die lug gehang het. Maar God gee ons dié dinge omdat ons daarsonder nie kan reg kom nie.

28 Mei **Lees:** Gen. 18:1-15; Rom. 4:16-25 **Teks:** Rom. 4:18

DIE SPANNING VAN DIE GELOOF

Geloof is 'n spanningvolle saak. Daar lê 'n afgrond tussen wat ons sien en ervaar en dit wat ons glo. Die geloof is hom welbewus van die werklikheid. Hy erken die feite van die werklikheid en is nie blind daarvoor nie. Wat geloof is, sien ons by Abraham. Tweemaal gedurende sy lewe is hy onderwerp aan die uiterste spanning van die geloof.

Paulus dink hier aan Abraham hoe hy ten spyte van die feit dat hy en Sara oud en afgeleef was, nogtans gehoop het op die beloftes van God. Toe het hy hom nie gesteur aan wat die ervaring leer naamlik dat mense wat bykans 100 jaar oud is, nie kinders in die lewe kan bring nie. Maar hy het op God se beloftes vertrou. Daardie geloof noem Paulus 'n hoop op die teenhoop.

Dieselfde geloof het Abraham bereid gemaak om Isak te offer. En toe was Abraham al heelwat ouer as honderd jaar. Hy was hom welbewus van die magteloosheid van sy liggaam. Van sy eie lewe het hy niks meer verwag nie. En as die belofte van God lui: in Isak sal jou nageslag genoem word, was hy nog meer bewus van sy magteloosheid. Want al sou God weer vir hom en Sara 'n wonderlike geboorte bewerkstellig, kan daardie een tog nie Isak wees nie. Nou moet hy Isak gaan offer. Sover hy kon sien, was daar geen hoop meer nie.

Maar wat hy gehoop het, is iets anders. Daarin lê die geheim van die geloof dat dit te doen het met God wat almagtig is, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.

Ons word nog steeds onderwerp aan dieselfde spanning. Vir ons verstand lyk dit nie moontlik dat iemand wat tot stof en as vergaan het, weer opgewek sal word nie. Tog bely ons die opstanding van die liggaam. Ons rig ons op die betroubare beloftes van God ten spyte van wat ons sien en ervaar. Ons is gered in hoop.

29 Mei **Lees:** Hand. 2:14-36 **Teks:** Hand. 2:33

UITGESTORT

Die uitstorting van die Heilige Gees het by sommige toeskouers op Pinksterdag verwarring veroorsaak, omdat hulle baie vreemde dinge gesien en gehoor het. Sommige het selfs gesê: hulle is vol soetwyn. In ons tyd is daar seker net soveel verwarring omtrent wat ons van die Heilige Gees sien en hoor. Miskien is die grootste rede vir hierdie onduidelikheid die feit dat ons dikwels die werkinge van die Heilige Gees as 'n losstaande gebeurtenis beskou, wat nie veel verband hou met die res van die evangelie nie.

In die toespraak of preek wat Petrus op dié dag gehou het, blyk dit duidelik dat die pinkstergebeure onlosmaaklik met die lewe en werk van Jesus Christus verweef is. Met die uitstorting van die Heilige Gees ontvang ons nie 'n nuwe openbaring of ander evangelie nie, maar dit is slegs 'n uitvloeisel en bevestiging van dit wat alreeds in Jesus Christus gebeur het. Die ontvangs van die Heilige Gees word meestal uitgebeeld met die woord: uitstort, wat eintlik 'n baie duidelike beeldspraak van die gebeure is. Die Heilige Gees is uitgestort of uitgegiet soos 'n mens wyn in 'n beker skink. Voor die wyn geskink kan word, is daar egter 'n lang proses wat dit voorafgaan. Die wingerdstok moet eers groei en vrugte dra. In die pers moet die korrels fyngemaal word voordat die wyn uiteindelik gemaak kan word.

So het daar ook 'n lang proses aan die uitsorting van die Heilige Gees voorafgegaan. Jesus Christus het eers na die wêreld gekom. Hy moes Homself verneder. Hy is beledig en vertrap, gegésel en gekruisig. Hy het egter ook opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van God, vanwaar Hy nou sy kerk regeer. Soos die wyn die produk is van die geperste druiwe, is die Heilige Gees die voleinder van die werk van Christus. Hy is die Een wat die verlossingswerk van Christus tot ons eiendom wil maak. Hy wil kom bevestig wat Christus gedoen het.

Waar Hy in die lewe van die mens werksaam is, gebeur daar iets, wat ander kan sien en hoor. Hulle sien iets van die dankbaarheid van die geloof en hoor van die groot dade wat God in ons lewe gedoen het. Wat sien en hoor die mense by ons?

30 Mei **Lees:** Rom. 5:1-11 **Teks:** Rom. 5:1

VREDE MET GOD

Die woorde van ons teks is in kort die kern van die hele evangelie. Dit is die blye boodskap wat aan elke mens verkondig moet word: daar is vrede tussen God en mens. Dit lyk of hierdie boodskap in ons tyd nie meer so belangrik is nie, omdat dit verdring word deur 'n ander ideaal, naamlik vrede op aarde. Die vrede op aarde geniet soveel aandag dat die vrede met God op die agtergrond bly.

Die boodskap van vrede met God, het egter slegs vir 'n mens betekenis as mens besef dat jy 'n sondaar is. Deur ons opstandigheid en ongehoorsaamheid, het ons die verhouding wat daar vanaf die skepping tussen God en mens was, verbreek. As gevolg van ons sonde het daar vyandskap tussen die Skepper en die kroon van sy skepping gekom. Die uiteinde van hierdie gebroke verhouding is die dood.

In die lig van die Woord van God ontdek 'n mens jou eie sonde en verlorenheid. Dan word die woorde van ons teks 'n blye boodskap, want dit wil aan ons sê dat daar 'n ander Persoon gekom het, om vrede tussen God en ons te maak. Jesus Christus het die vrede herstel. Dit was nie maklik nie, want dit was 'n lydensgeskiedenis wat begin het by 'n krip en geëindig het aan 'n kruis. Hy het gedoen wat niemand kan of wil doen nie, want om vrede te bewerkstellig, moes HY die straf op ons sonde dra en die toorn van God aan die kruis, in die graf en in die hel verduur.

Daar is ook vir ons vrede by God. Die deur is weer oop, by Hom sal ons vrede vind, ook met 'n skuldbelaaide verlede en 'n kwellende gewete. Daardie toegang tot die vrede by God, is alleen moontlik deur die geloof in Jesus Christus waardeur ons geregverdig is. Ken u daardie geloof?

31 Mei **Lees:** Rom. 6:1-14 **Teks:** Rom. 6:1

'N LEKKER GELOOF

Die versoeking is altyd daar dat ons die geloof te lekker en maklik opneem. Die oorsaak van so 'n lekker geloof is omdat ons die sonde nie meer in 'n ernsige lig beskou nie. Dit word mos voortdurend aan ons verkondig dat daar in Jesus Christus vir ons genade en vergewing is. Waarom sal ons ons dan bekommer oor ons sonde. Daar is mos genade by God. Soms vereenvoudig ons die geloof te veel tot genade alleen. Dit veroorsaak by ons 'n soort van traak-my-nie-agtigheid ten opsigte van ons beskouing oor die sonde.

Dit is wel waar dat ons as sondaars slegs kan leef uit die genade van God en deur die vergewing van Jesus Christus, maar dit mag nooit by ons aanleiding tot 'n slap geloofsverhouding gee nie. Paulus waarsku ons teen hierdie houding as hy vra: „Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word?" Die gesindheid waaruit hierdie vraag gebore is, beskou hy eintlik as lasterlik en as 'n verkragting van die genade van God. Die genade wat ons ontvang impliseer nie dat ons rustig in ons sonde kan voortlewe nie. In vers 1 tot 14 gebruik hy die een argument na die ander om ons daarop te wys dat so 'n houding onversoenbaar met die verlossing uit genade is. Hy stel ons doop en die dood van Christus op een lyn, want ons behoort nou ook dood te wees ten opsigte van die sonde. Uit dankbaarheid mag ons nie meer toelaat dat die sonde 'n houvas op ons het nie.

Hierdie stryd teen die sonde sal en moet altyd daar wees, maar dit is nie 'n hopelose stryd nie, want ons weet dat Christus reeds die oorwinning behaal het. As hierdie stryd in ons geloofslewe ontbreek, is ons geloof besig om te ontaard in 'n lekker geloof. Dit is 'n valse geloof.

1 Junie **Lees:** Rom. 7:1-19 **Teks:** Rom. 7:19

'N RAAISEL

Soms lyk dit asof Paulus in sirkels redeneer. In hoofstuk 6 het hy ons so pas gewaarsku dat ons nie ligtelik oor die sonde moet dink nie, maar dit moet afsterwe. Hier in hoofstuk 7 lyk dit weer asof hy 'n ander deuntjie begin sing. Uit die wet van God het ons die sonde leer ken, ons moet daarvan wegvlug, maar tog sê hy ons doen nog sonde: „Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek." Het Paulus dalk van sienswyse verander? Nee, inteendeel, hy probeer slegs aan ons iets van die raaisel van die geloof duidelik maak.

Hierdie raaisel sal en moet altyd daar wees, want in die geloof verkeer ons in die spanning tussen dit wat alreeds gebeur het en dit wat nog moet gebeur. Aan die eenkant het ons reeds in Jesus Christus die verlossing ontvang, het ons reeds die sonde afgesterf; aan die ander kant het ons nog steeds te doen met die werklikheid van die sonde en ons eie gebrokenheid, want die tyd van volmaaktheid het nog nie gekom nie. Ons bly nog steeds mense van vlees en bloed wat van nature geneig is tot die sonde. Daarom is in elke gelowige se lewe hierdie teenstrydigheid en spanning aanwesig tussen dit wat hy alreeds in Christus ontvang het en die volmaaktheid wat hy nog nie kan bereik nie.

Ons leef voortdurend in 'n spanning tussen die twee pole van verloste, maar tegelyk sondaar, val en opstanding, teleurstelling en oorwinning. Hierdie stryd hou ons geloof gesond, dit maak ons wakker en waaksaam. Daarom mag ons nooit in die geloof ontspan nie, want elke oomblik is 'n uitdaging om te stry teen die kwaad wat ek nie wil doen nie en om die goeie te doen wat ek uit dankbaarheid wil en moet doen.

2 Junie **Lees:** Rom. 7:20-26 **Teks:** Rom. 7:24-25

DIE OPLOSSING

Tussen die lyne van dit wat Paulus hier skryf, lees ons die oplossing van die geloofsraaisel. Hoofstuk 7 eindig in 'n laagtepunt, maar tegelyk ook 'n hoogtepunt. In hierdie hoofstuk het ons die spanning en stryd voel opbou en hewiger word. 'n Mens ontdek hier iets van die afkeer wat Paulus in homself en die mens het, omdat ons telkens weer die stryd teen die sonde verloor. Dit lei hom tot 'n absolute laagtepunt in die beskouing van homself en sy vermoëns. Ons is ellendige

mense, wat onlosmaaklik verbind is aan die liggaam van hierdie dood. Wanneer 'n mens egter jouself so laag skat, is jy eers werklik in die vermoë om die grootheid van God se genade te besef, want dan word die gebeure aan die kruis vir jou 'n hoogtepunt, omdat Christus daar bereid was om sy lewe vir ons onwaardige mense te gee. Dan word jou lewe 'n danklied: „Ek dank God deur Jesus Christus, ons Here."

Die oplossing van hierdie raaisel is 'n voortdurende bekering, want nadat ek eenmaal bekeer is, het ek nog nie die volmaaktheid bereik nie. Bekering is om elke dag hierdie laagtepunt en hoogtepunt in die geloof te beleef. Die Heidelbergse Kategismus sê ook dat bekering bestaan uit 'n berou oor en wegvlug van die sonde: „Ek, ellendige mens. Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?" Tegelyk is die bekering ook 'n innige vreugde in God, deur Christus en 'n lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe. Dan word 'n mens se lewe 'n danklied tot eer van God: „Ek dank God deur Jesus Christus, ons Here." Telkens, wanneer hierdie stryd van die geloof ons moedeloos maak, bied God in Jesus Christus die oplossing.

3 Junie **Lees:** Rom. 8:18-30 **Teks:** Rom. 8:28

ALLES GEBEUR TEN GOEDE

'n Mens is geneig om te dink dat Paulus hier darem seker praat voordat hy mooi nagedink het oor die konsekwensies van dit wat hy sê: „En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk." Hy bedoel seker daarmee dat God aan diegene wat Hom liefhet geluk, vreugde en voorspoed sal skenk en dat dit alles ten goede sal meewerk. Nee, Paulus bedoel letterlik alles, ook teenspoed, ongeluk, armoede en siekte, ja, inderdaad alles wat die woord omvat werk ten goede mee.

Paulus sê dit egter vanuit die maatstaf van die geloof en nie volgens ons maatstawwe nie. Vir ons is iets alleen goed as dit ons aardse bestaan kan bevoordeel en alles wat dit benadeel, is sleg. Hierdie uitspraak van Paulus kan ons alleen verstaan as ons dit sien in die lig van dit wat hy hier betoog. Hy beskou alles vanuit die volle heerlikheid van die toekoms, waaraan ons aan die einde van die tyd deel sal hê. In die geloof sien ons uit na en verwag ons daardie heerlikheid wat sal kom. Dit is die doel en die eindpunt van die geloof waarheen ons op pad is. In hierdie lewe gebruik God alles om ons te vorm en te suiwer vir daardie toekoms. Soms hou hierdie suiweringsproses geluk en voorspoed in, maar meestal beteken dit lyding en smart. Dit is juis in die oomblik van beproewing waarin God ons kan vorm en skep soos klei in sy hand. Die geheim van die geloof is dat ons ons nie moet blindstaar teen die teenswoordige lyding nie, maar juis in die uur van nood des te meer die toekoms van God moet verwag.

Ons hele lewe moet op daardie toekoms gerig wees. In vergelyking met die heerlikheid van daardie toekoms, is die huidige lyding niks, want ons weet dat God dit slegs gebruik om ons te vorm na sy doel met ons.

Daarom is dit moontlik dat gelowiges in die uur van lyding nog lofliedere kan sing en by die graf nog hoopvol en dankbaar kan wees, want hulle weet dat alles ten goede meewerk.

4 Junie **Lees:** Rom. 8:31-39 **Teks:** Rom. 8:38

DIE ENIGSTE SEKERHEID

Ons lewe is vol onsekerhede. Elke dag en oomblik is in die duisternis van daardie onsekerheid gehul. Sal ek môre nog leef, sal ek gesond wees, wat hou die toekoms vir my kinders in, wat sal met ons volk gebeur? In 'n sekere sin probeer ons daardie onsekerheid beveg deur ons lewe te verseker. 'n Assuransiepolis bied darem 'n mate van sekuriteit.

In hierdie onsekere wêreld is daar egter net een sekerheid, waaraan ons nooit hoef te twyfel nie. Omdat Paulus ook die sekerheid ken, kan hy hierdie oorwinningslied in Rom. 8:31-39 skryf. Luister te midde van hoeveel onsekerhede hy dit skryf: verdrukking benoudheid, vervolging, honger, gevaar, naaktheid of swaard. Nieteenstaande al die bedreiginge skryf hy met oortuiging en sonder twyfel: ek is versekerd dat niks ons kan skei van die liefde van Christus nie. Die liefde van Christus is die een onwankelbare sekerheid, daarom kan ons selfs in die grootste nood 'n oorwinningslied sing.

Paulus is so verseker omdat hy weet dat die liefde van God nie maar soos menseliefde slegs uit mooi woorde en beloftes bestaan nie. Hy was bereid om sy liefde ook met 'n daad te bewys. Hy het selfs sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom vir ons almal oorgegee. Aan die kruishout van Golgota het Hy sy liefde teenoor ons bewys. Hy het ook opgestaan en die dood vir ons oorwin.

As iemand sy lewe vir jou gegee het, kan jy nie meer aan sy liefde vir jou twyfel nie. Daarom kan ons van die liefde van Christus onder alle omstandighede verseker wees, ja, selfs tot in die dood. As ons vanuit hierdie sekerheid leef, kan ons die onsekere toekoms met sekerheid met 'n oorwinningslied in ons hart tegemoetgaan.

5 Junie **Lees:** Rom. 9:1-5 **Teks:** Rom. 9:2

DROEFHEID

Droefheid is vir geen mens 'n onbekende saak nie. Soveel gebeurtenisse kan die oorsaak van droefheid wees. 'n Kind wat ongehoorsaam was en daardeur 'n pakslae op die lyf geloop het, is droewig. Ons merk maar alte dikwels die diepe

droefheid langs die bed van 'n dierbare wat vir 'n lange tyd in pyn en worsteling verkeer. Wanneer die dood 'n familielid of bekende geneem het, heers daar groot droefheid.

In die gemoed van Paulus heers daar droefheid. Hierdie onophoudelike smart in sy hart het die ongeloof van sy broers, die Jode, as oorsaak. Dit het soveel droefheid veroorsaak dat Paulus vanuit die stad Korinte 'n brief aan hulle rig. Hy sou graag persoonlik na hulle wou reis om die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Hy wou die gemeente besoek ten einde die blye boodskap van genade en redding duidelik te laat hoor.

In hierdie skrywe van hom herinner hy die lesers van die brief daaraan wat God in sy ewige liefde in en deur Jesus Christus geskenk het. Hy het aan hulle laat toekom die aanneming tot kinders, die heerlikheid, die verbonde, die wetgewing, die erediens en die beloftes. Dit alles verwerp hulle, wys hulle van die hand, omdat Jesus Christus vir hulle dien as 'n ergernis, 'n struikelblok.

Hierdie optrede van sy broers lê vir Paulus so na aan die hart, dat hy ter wille van sy stamgenote 'n vervloeking sou wou wees. Hy self sou weg van Christus af wou wees as hulle Hom net maar van ganser harte vertrou en in die harte en lewens opneem.

Dit moet veeleer die droefheid wees wat ook in ons harte heers. Hierdie droefheid, hierdie onophoudelike smart moet ons so aanvuur om vir hom of haar wat langs ons op die pad loop na Christus te lei. God se weg is juis nie van Christus af weg nie, maar na Hom toe.

6 Junie **Lees:** Rom. 9:6-24 **Teks:** Rom. 9:15

BARMHARTIGHEID

God maak Hom in sy Woord aan ons bekend. Hy sê nie net vir ons wie Hy is nie, maar ook wat Hy vir ons gedoen het en steeds doen. As Hy sy hand van ons sou terugtrek, sou ongeloof, chaos en ewigdurende smarte heers. Die bevrydende, heerlike en troosvolle is juis dat Hy getrou is aan sy Woord en beloftes.

Paulus herinner die Jode en heidene, die lesers van sy brief daaraan. Hy skryf aan hulle dat God reeds aan Moses gesê het: „. . . Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees; en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm."

In God se handeling met ons, in sy spreke tot ons geskied dit in liefde. Hoe uitnemend was sy liefdesdaad dan nie op die heuwel van Golgota nie.

Baie keer murmureer en kla die mens. Dikwels wil ons die dade van God in 'n rigting deur ons optrede dwing. As God nie doen soos wat ons verlang nie, as Hy nie optree soos ons begeer nie, maak opstandigheid en onverskilligheid hom meester van ons.

In sy openbaring, in sy bekendmaking kan Hy doen soos Hy wil, omdat Hy God is. Ons kan, mag en behoort onsself onvoorwaardelik aan Hom oor te gee. Die heerlike is dan juis dat Hy van ewigheid tot ewigheid is.

Op hierdie Pinksterdag word die geloof weer opnuut in ons harte bevestig. Dan beluister ons die waarhede van sy Woord. „Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei."

7 Junie **Lees:** Rom. 9:25-33 **Teks:** Rom. 9:33

STEEN WAARTEEN JY STAMP, ROTS WAAROOR JY STRUIKEL

Paulus wil in hierdie brief die lesers tot die kennis van God lei. Hy verwys in hierdie brief herhaaldelik na die geskedenis van die volk Israel. Hy vestig aanhoudend die aandag van sy lesers daarop dat die God in wie geglo moet word, dieselfde Heer is wat in die verlede opgetree en ingegryp het.

Die een gedeelte van die lesers was heidene wat tot geloof gekom het. Hulle het nie vasgeklem aan die uiterlike wet nie. Hulle het nie die regverdigheid gesoek nie. Die vrymagtige ingrype van God het tot gevolg gehad dat hulle hulle onderwerp het aan sy wil en so vertroue in Hom gestel het.

Die ander gedeelte van die gemeente het bestaan uit Jode wat tot die geloof gekom het. Hulle agtergrond getuig daarvan dat hulle eiegeregtigheid nagejaag het. Hulle wou nie afstand doen van die ou Joodse gebruike nie. Hulle wou deur die uiterlike gehoorsaamheid aan die wet geheilig word.

Nou haal Paulus 'n gedeelte uit die Ou Testament aan. Daardeur lê hy by herhaling die klem daarop dat die Christus nie verwerp mag word nie. So het Jesaja dit eens uitgedruk: „Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel."

Die Jode wou nie daarin berus dat die Christus die prys vir die sonde en ellende van die mens ten volle betaal het nie. Hulle wou steeds die eiegeregtigheid najaag. So het die Christus dan 'n steen van aanstoot en 'n rots van struikeling geword.

Nie net vir die heidene en Jode nie, maar ook vir ons kan Hy dit word en wees as ons die Skrifte minag. Ons moet eers leeg van onsself word sodat God deur sy Woord en Gees in ons mag werk en woon.

8 Junie **Lees:** Rom. 10:1-11 **Teks:** Rom. 10:11

GOD LAAT NIE IN DIE STEEK NIE

Hoe waar is die woorde van hierdie teks dan nie. Ons hoef nie na voorbeelde in ons eie lewe te soek nie. Daar is baie. Ons kan slegs aan bepaalde gebeurtenisse in die Bybel dink wat ook die waarheid van hierdie woorde onderstreep.

Een so 'n voorbeeld vind ons in die geskiedenis rondom

die siekte van Lasarus. Jesus het Lasarus liefgehad. Toe die berig aan Jesus oorgebring is van sy siekte, het Jesus nie in haas daarheen gesnel nie. Hy het nog twee dae vertoef, getalm. Hoewel Hy nie dadelik gegaan het nie, laat Hy die susters van Lasarus, Marta en Maria, nie in die steek nie.

Ons weet dat Marta Hom tegemoet gegaan het toe sy hoor dat Jesus in aantog is. Toe sy die berig aan Hom oordra dat Lasarus reeds dood is, het Hy aan haar die woord oor die opstanding laat toekom. „Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?"

Die antwoord van Marta getuig van oorgawe. „Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."

So 'n geloof word nie beskaam nie, tot so 'n mate dat Lasarus wat reeds vier dae dood was, opgewek is tot die lewe.

Jesus Christus het deur die dood en graf gegaan om die ewige lewe te bewerk. Die liefde van God is so allesomvattend dat Hy sy Seun gegee het om aan die kruis vir die sondes en ellende van die verloregaande wêreld sy lewe af te lê.

God wil dat ons in Hom sal glo. As daar beskaming is, moet dit juis vir ons hierin lê dat Hy nie wegstoot nie, maar dat Hy nadertrek, dat Hy nie sy rug op ons draai nie, maar dat Hy getrou bly. God werk die geloof in ons deur sy Woord en Gees. Is ons daartoe ontvanklik?

9 Junie **Lees:** Jer. 1:1-10 **Teks:** Rom. 10:15

GESTUURDE VAN GOD

Aan die begin van die brief stel hy homself bekend: „Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God." Hierdie benaminge het as inhoud dat Paulus geroep is en diens moet lewer, dat hy verantwoordelik is om as slaaf van Christus op te tree.

Om apostel te wees, hou in dat iemand daartoe geroep moes wees. Paulus is deur die ingrype van God daartoe gelei om nie vervolger van die Christene nie, maar navolger van God te wees. So lees ons ook van die roeping van die profete onder die ou verbond. Dink maar aan Esegiël, Jesaja, Jeremia.

God is die Een wat roep, wat tot diens uitstuur. As God mense afsonder, as Hy hulle heilig, dan doen Hy dit met 'n bepaalde doel.

Hierdie doel staan nooit los van God nie. Mense word geroep en uitgestuur om God se wil bekend te maak, om die Woord te verkondig, om die evangelie in 'n duidelike en verstaanbare taal te laat hoor. Die een wat gestuur word, is 'n gesant, 'n boodskapper. So 'n gestuurde het nie die vrymag

om sy eie insigte in die middelpunt van sy boodskap te plaas nie. Gehoorsaam aan God, moet niks anders gespreek word nie as „so sê die Here".

Paulus wou in sy diens niks anders weet nie as Jesus Christus en Hom as Gekruisigde. Om dit te kon doen, om aan hierdie hoë roeping gehoorsaam te wees, is hy aangevuur, aangemoedig en voortgedryf deur die evangelie van Christus wat self 'n krag van God is. Dit was die troosvolle gemeenskap van die Heilige Gees.

God maak steeds van mense gebruik om in sy diens te staan. Ook nou nog mag niks anders ons oorheers en beheers nie as die genade van God wat ook vir ons genoeg is.

10 Junie **Lees:** Hand. 17:1-14 **Teks:** Rom. 10:14

HOOR EN GLO

In hegte aansluiting by die voorafgaande dagstukkie, is dit ewe waar dat daar iemand moet wees as daar gepreek word. „En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?" Meteens word dit duidelik dat die onderlinge byeenkomste nie versuim mag word nie. Dit is daar, by die samekoms van die gemeente, waar die predikingsboodskap uitgedra word. Die hoor van die boodskap beteken nie dat dit net 'n hoor met die ore moet wees nie, maar 'n opneem van die boodskap in die hart. Daar moet so gehoor word, dat daar geglo word.

„En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie?" Paulus maak hierdie saak bekend omdat iemand nie vir homself 'n god moet uitdink wat in die smaak van die mens val nie. Dit kom ook nie daarop aan om net te glo nie, maar in wie ons glo. As ons net moet glo, kan ons in enige denkbare saak of persoon glo, maak nie saak wie of wat dit is nie.

Die geloof waarvan Paulus praat, is die geloof in God drie-enig, die God wat Homself bekend gemaak het, die God wat nie 'n ver, vreemde en onbekende God is nie, maar God wat in Jesus Christus tot by ons gekom het.

Dit behoort altyd daarom te gaan dat ons meer en meer kennis opdoen van Hom wat Hom in sy Woord bekend maak. Dit gaan ook nie daarom dat ons net al die feite van die Bybel in ons verstand opgaar en ken nie, maar dit gaan om die hartlike vertroue dat die kennis van God en sy Woord 'n belydenis van ons hart en lewe moet wees.

11 Junie **Lees:** Rom. 10:13-21 **Teks:** Rom.10:14

DIE NAAM VAN DIE HERE AANROEP

„Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie?" Die een wat God aanroep, neem sy toevlug tot Hom wat 'n skuilplek teen gevare is, wat in sy troue sorg sy eiendom beskerm, wat deur sy ewige liefde sy kinders dra, wat deur sy krag ondersteuning bied aan hulle wat hulpeloos rondspartel.

Paulus spreek hier van die aanroeping wat aan God welgevallig is. Die aanroeping van God se Naam is geleë en gegrond in die vaste vertroue, in die sekere wete dat Hy hoorder en verhoorder van gebede is. Die gebed is nie maar 'n ligtelike saak wat daarop berus dat ons moet bid wanneer ons so voel of net wanneer omstandighede ons daartoe dryf nie.

Gebed is die vernaamste deel van ons dankbaarheid wat ons voor God mag blootlê, omdat Hy ons nie in die druk en strafgerig wil sien vergaan nie, omdat Hy ons in liefde daaruit gelei het. Hy wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Dit is 'n heerlike, troosvolle en bevrydende wete dat vir hulle wat glo die ewige lewe in sy volle vreugde en heerlikheid wag.

Hierdie aanroeping van God se Naam is nie net beperk tot die gebed nie, maar strek hom uit oor die hele lewe van die mens. Dit omvat ook die feit dat 'n gemeente in die erediens vergader.

Mag ons steeds sy Naam aanroep, doen wat Hom behaag! Mag Hy wat in die hoogste hemele troon, ons deur die krag van die Heilige Gees voortlei, bewaar en versterk.

12 Junie **Lees:** Rom. 12:1-2 **Teks:** Rom. 12:1

OPROEP TOT HEILIGING

Wie deur die geloof geregverdig is, laat die sonde nie toe om vryelik die loop te neem in sy lewe nie. Reeds in die sesde tot die agste hoofstukke van Romeine het Paulus aangetoon dat ons geen „lekkergeloof" het nie. Vergifnis werk nie sonde in die hand nie. Vergifnis uit genade bring juis 'n geheiligde mee — toegewy aan die diens van God. Soos die gesangvers sê: „Laat dit wees my hoogste vreugde om die sonde te ontwyk."

Maar die apostel weet uit die ervaring van eeue van die volk van God, dat die toewyding aan God nie vanselfsprekend is nie. Trouens as 'n broeder onder die mede-broeders, ken hy self hierdie onvermoë om heilig te lewe. Dit was telkens sy ontnugterende ervaring dat hy die kwaad doen wanneer hy goed wil doen. Met vrymoedigheid kan hy hulle vermaan omdat hy medeskuldig is. Sy vermaning is 'n beroep op die hart en die gewete van elke gelowige om oor te gaan tot die daadwerklike heiliging van hulle lewe.

Sy vermanende oproep grond Paulus op die ontferminge van God. Dit is die groot dade van God waardeur Hy in Christus verlossing vir sondaars bewerk het. Dit is die tekens en bewys van sy liefde vir die mens in sy hulpeloosheid en verlorenheid. Bewoë oor die toestand van die mens het Hy hulle in Jesus Christus te hulp gesnel. Hy het die sondige mens nog die moeite werd geag om sy Seun vir hulle te laat

sterwe. Daarom is dit ook die moeite werd om die lewe wat Hy gered het aan Hom beskikbaar te stel en diensbaar te maak.

Die liggaam word beheers deur die gees van die mens. Wat die mens bedink in sy hart, word deur die liggaam in 'n daad omskep. Die gelowige se hart is deur God hernu (vgl. Rom. 6:11-12; 7:18; 22-25). Hierdie hernuwing van die gees en gesindheid van 'n mens moet nou deur die liggaam se dade bevestig word. Die liggaam moet dus op die altaar as 'n offer aan God beland. Sonder die offer van die liggaam is die toewyding aan God, 'n geheiligde lewe, nie moontlik nie.

13 Junie **Lees:** Rom. 12:2-8 **Teks:** Rom. 12:2

WORD VERANDER

Ons wêreld is stukkend. Deur die sondige mag is dit verbreek. Die tydvak van sonde waarin die skepping in sy geheel tans verkeer, soek nie na God nie maar na sy eie belange. Die doel van die sondige lewe is anders as die doel waarvoor God die mens geskep het. Die „liefde" van die wêreld is anders as die liefde wat God in Christus aan die kruis betoon het.

Om ons net van 'n paar sogenaamde „wêreldse genietinge" te weerhou, is geen bewys van ons geloof nie. So vele soek nog die bewys van hulle bekering of van hulle geloof in die feit dat hulle nie dans nie, of nie bioskoop toe gaan nie, of nie na die teater gaan nie. Maar wat baat hierdie onttrekking indien dieselfde liefdeloosheid, dieselfde vooroordele en dieselfde maatstawwe vir die daaglikse lewensdade geld as vir die „wêreld"? Om nie aan die wêreld gelykvorming te wees nie, eis 'n veel meer diepgaande distansiëring van die wêreld. Daarom gee die apostel nie 'n lys van dinge wat verbode is nie maar doen hy 'n oproep om geheel en al te verander. Die kwaad wat daar in die wêreld is, kom uit die hart van elke mens voort. Daarom moet 'n mens van binne verander. Die gemoed, die setel van ons denke en begeertes, moet grondig verander. Dit is 'n voortdurende saak. Die vernuwing deur die Gees word elke dag opnuut gedoen sodat ons die wil van God kan onderskei in elke situasie waarin ons mag beland. Eers as ons sy wil ken, kan ons dit gaan doen.

14 Junie **Lees:** Rom. 12:9-12 **Teks:** Rom. 12:9

ONGEVEINSDE LIEFDE

Aan die gemeentes van Korinthe en Rome (1 Kor. 12-14 en Rom. 12) het Paulus 'n uiteensetting van die gawes van die Gees en die eenheidsband in die liggaam van Christus geskryf. By albei gemeentes wys hy op die gevaar dat die gawes van die Gees misbruik kan word en die eenheid van die liggaam aangetas kan word as die liefde ontbreek. Omdat die liefde die regte insig oor die gebruik van die gawes van die Gees

en oor die regte plek en taak van elke mens bring, noem hy die liefde die uitnemender weg. Sonder die liefde word die gawes misbruik en ag die een homself hoër as die ander. Deur die liefde leer die gelowige sy plek, taak en toerusting ken en waardeer as 'n onverdiende genadegawe van God.

Die mens maak dikwels van sy hart 'n moordkuil. Hy gee liefde voor terwyl die hart vol haat is; hy speel 'n spel van nederigheid terwyl hy in die hart hom beter ag as ander. Dit is die menslike liefde wat ter wille van die „eie ek" selfs die gawes en taak van God misbruik om homself mee te verheerlik.

Die liefde van God wat deur die Gees in die hart uitgestort is, is eg, suiwer, opreg. As dit nie opreg is nie, is dit nie die ware liefde wat God ons leer nie. Die liefde van God het niks in gemeen met die bose nie. Daarom volg die vermaning om die slegte te verafsku en die goeie aan te hang. Die bose besmet en bederf die hart, wat alreeds van nature geneig is om God en die naaste te haat, nog meer. Die ware liefde verpletter die mens innerlik. Dit verbreek alle eiewaan, dit verbrysel alle hoogmoed, dit vernietig alle eiegeregtigheid; dit toon ons die ingewortelde heid van ons goddelose liefdeloosheid.

Die liefde van God leer dat die liefde iets is wat op 'n konkrete manier in die lewe uitgeleef word. Die liefde is so konkreet soos die broeder of suster wat God naas ons in die gemeente geplaas het. In alles wat ons teenoor so 'n broeder doen, kom die egtheid of die geveinsdheid van ons liefde uit.

15 Junie **Lees:** Rom. 12:12-21 **Teks:** Rom. 12:12b

VOLGEHOUE GEBED

Gebed is 'n gesprek met God. Die mense in Rome het blykbaar al probleme gehad om met God in gesprek te tree. Dit is ook by ons bekend.

In bykans al sy briewe lê Paulus besonder baie nadruk op die gebedslewe. Hy meld van sy eie onophoudelike gebede vir sy gemeentes en hy dring by hulle aan om hulle voorbidding vir sy dienswerk. In die gebed, sê hy, moet alles wat vir die mens nodig is aan God voorgelê word.

Hier in ons teksvers dring Paulus by die gemeente aan om te volhard in die gebede soos wat die eerste gemeente volgehou het met die gebed totdat hulle uiteindelik die Heilige Gees ontvang het. Toe hulle hierdie belofte van God ontvang het, het die gebed nie verdwyn nie. Inteendeel, die gebed het die kenmerk van die lewenskragtige gemeente geword. Soos hulle volhard het in die leer van die apostels, in die breek van die brood en in die gemeenskap, so het hulle ook volhard in die gebed. Die gebed was die middel waardeur hulle die belofte van Christus ontvang het. Dit is ook die middel waardeur hulle die gawe wat hulle ontvang het, behou het.

Waar die gebed verdwyn, het die lewe verdwyn. Die biddelose mens het die stryd gewonne gegee. Die gebed is teken van lewe en van geloof. Die mens wat bid het nog hoop want hy reken op God by wie alle dinge moontlik is. Volhard in die gebed want in die gebed is die lewe van die ewigheid op die spel.

16 Junie **Lees:** Rom. 13:1-5 **Teks:** Rom. 13:1

MAGTE OOR ONS

Die gelowige in Rome kon in die geloofsgemeenskap van sy medebroeders leef. Saam kon hulle stry teen die magte van die bose. Hulle het immers hulle burgerskap in die hemele gehad. Maar hierdie „hemelburgers" het in Rome gewoon. En Rome was die grootste en magtigste stad op aarde. Hulle was ook burgers van hierdie sigbare ryk. Die staatsamptenare, die soldate en die keiserlike hofhouding het op hulle lewe sekere aansprake gemaak. As soldate moes hulle onder die vaandels van Rome marsjeer. Aan die keiser moes hulle trou sweer. Kon dit? Die moderne „Christen" wat geen staatsgesag wil erken nie, is hy dalk reg?

„Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie." Selfs nie die gehate mag van die Romeine nie. Ook die Romeinse mag is onwetend 'n instrument in die hand van God. In die verloop van die wêreld gebruik Hy selfs die mees verdraaide gesag as instrument in sy hand om sy doel in hierdie wêreld te bereik. Hy wil dat die staat die kwaad deur die goeie sal bestry. Waar die owerheid dit doen, is hy instrument van God. Wie dit ontken, staan 'n instelling van God teen en kom onder sy oordeel.

As dienskneg van God, word die gelowige nooit 'n slaafse navolger van die staat nie. As werktuig van God word die staat nie self 'n „god" nie. Die owerheid staan onder die soeklig van die Woord van God. As die owerheid die goeie nie doen nie, staan hy onder die gerig van God.

17 Junie **Lees:** Rom. 13:6-14 **Teks:** Rom. 13:6

DIE VREUGDE VAN BELASTING

Die belastinggaarder is vir ons gewone burgers seker die hinderlikste herinnering aan die teenwoordigheid van die owerheid. Polisie om ons te beskerm, 'n weermag om ons te verdedig, geregshowe om sake te besleg, al hierdie dinge aanvaar ons geredelik en as vanselfsprekend. Wanneer ons daarvoor moet betaal, is dit minder aangenaam en word dit maar met 'n groot sug gedoen.

Paulus wys nou daarop dat die owerheid in sy vordering van belastings, en die besteding daarvan, 'n opdrag van God het. God wil die owerhede gebruik as sy dienaars. Hy gebruik dieselfde woord vir hierdie dienaars van God as wat in die

Ou Testament gebruik is vir die tempeldiens. Die owerheid moet dus 'n diens verrig 'n diens van die groot geheel van die ryk van God. God gebruik hulle ook langs hierdie manier in sy verlossingsplan van die wêreld. Wanneer die owerheid sy taak volvoer, dan word ons belastingsheffing eintlik 'n aanslag wat ten bate van die ryk van God gaan.

Die gevolg van hierdie woord van Paulus is dat die owerheid gedurig deur die evangelie herinner word aan hierdie dienswerk wat ter wille van God verrig moet word. Die belastingpligtige het in sy belastingplig ook met God self te doen. Die belastinggaarder, die owerheid, mag aanspraak maak op ons eerlikheid en opregtheid. Omdat hy 'n dienaar van God is, is belasting-bedrog 'n bedrog teen God. Die owerheid self moet met die belastingaanslag, die invordering en die besteding daarvan God dien en nie homself nie, die ryk van God bevorder en nie sy eie belange soek nie. Ook dit moet hom voortdurend onder die aandag gebring word. As die owerheid hierin ontrou is, is dit ontrou teen God.

18 Junie **Lees:** Rom. 13:8-14 **Teks:** Rom. 13:8

GEEN SKULDE NIE!

In die vorige vers het Paulus die gelowiges opgeroep om alle skulde teenoor die owerheid te betaal. 'n Mens is nie net 'n skuldenaar wanneer jy geld moet betaal nie. Ook ten opsigte van die liefde het mens 'n rekening om te betaal.

Die lewe is ryk aan die verskeidenheid van verhoudinge wat ons met ander mense het. Ons staan nie in dieselfde verhouding tot alle mense nie. Hoe die verhouding ookal mag wees byvoorbeeld meer of minder intiem, meer of minder gereelde kontak, baas en werknemer, man teenoor 'n ander se vrou, in al hierdie verhoudinge moet ons aan niemand iets skuldig wees nie. Die skuld is die gebrek aan liefde. Die liefde is om die ander lief te hê soos jouself. Die liefde is om aan die ander te doen wat jy wil hê dat ander aan jou moet doen. Die liefde is nie eiegeregtig nie. Die liefde soek nie sy eie belang nie maar soek om die belang van 'n ander te dien.

Die liefde wat hier gevra word, berus nie op die wederkerige reaksie by die ander mens nie. Die liefde word ook nie gestimuleer deur 'n sekere aantrekkingskrag wat van die ander mens uitgaan nie. Die liefde waarvan die apostel praat, berus op die liefde van God. En God het sy vyande lief, die wêreld wat vir Hom geen plek en geen tyd gehad het nie.

Wie hierdie liefde van God nie van ander mense terughou nie en sodoende nie aan hulle iets skuld nie, die het die wet vervul. Christus het die wet vervul. So is dit ons roeping, as volgelinge van Christus, om die wet te vervul deur die liefde wat geen skuldelas het nie maar alle rekeninge vereffen. Die blye boodskap van sy liefde wat vir ons die wet vervul het, roep ons om, in sy krag en deur sy genade, self ook die wet te vervul.

19 Junie **Lees:** Rom. 14:1-12 **Teks:** Rom. 14:18

ONS BEHOORT AAN DIE HERE

Dit is vertroostend en gerusstellend om te weet ons behoort aan die Here en aan niemand anders nie. Dit is so omdat God ons duur gekoop het en baie vir ons betaal het. Hy betaal vir ons verlossing uit die mag van die sonde en die dood, met die lewe van sy Seun aan die kruis. Daarom behoort ons geheel en al aan Hom.

As ons dus lewe, leef ons tot eer van God omdat Hy deur Christus aan ons 'n nuwe lewe en nuwe toekoms geskenk het. In hierdie nuwe lewe is God die belangrike en nie ons behoeftes en begeertes nie. Daarom word ons lewe 'n lewe uit dankbaarheid teenoor die Here. Slegs daardie lewe wat tot sy eer gelewe word, is bewys daarvan dat Hy in ons lewe.

Die eiendom van die Here lewe nie net tot sy eer nie, maar sterf ook tot sy eer. Daarom sê die apostel Paulus of ons dan lewe of sterwe, ons behoort aan die Here. Dit is so omdat die gelowige ten volle aan die Here behoort, nie net sy siel of gees of liggaam nie.

Die gelowige sterf nie 'n ongelowige dood soos ongelowiges nie. Vir hulle is die dood die einde van alles, die finale streep, tot hiertoe en nie verder nie. Vir die gelowige het die dood sy angel verloor omdat Christus reeds die aardse dood vir sy volgelinge oorwin het. Daarom is die aardse dood nie die einde van álles nie, want dit kan ons nie van die liefde van God skei nie. Hy het dit reeds in ons plek oorwin. So is ons vir tyd en ewigheid veilig in die beskutting van God se liefde.

Ons lewe en ons sterwe is ons dank- en eerbetoon aan 'n genadige Vader.

20 Junie **Lees:** Rom. 14:1-12 **Teks:** Rom. 14:11

ELKE GELOWIGE SAL VOOR DIE HERE BUIG EN ELKE TONG SAL HOM BELY

Die apostel Paulus skryf in ons gelese gedeelte nie aan ongelowige mense nie, maar aan gelowiges. Onder die gelowiges van die gemeente van Rome was daar onenigheid en wrywing. Sommiges het gemeen dat vleis uit heidense slaghuise wat bedoel was as offergawes aan afgode, wel geëet kan word terwyl ander se gewete hulle dit nie toegelaat het nie. Daar was ook diegene wat die sabbatdag volgens Joodse tradisie met al die voorskrifte vir die hou daarvan, gevier het. Aan die ander kant was daar gelowiges uit heidense kringe wat op daardie stadium alle dae gelyk geag het. Hierdie verskillende groepe bots met mekaar.

Die apostel Paulus tree met sy skrywe ook tot hierdie geskille toe, maar op so 'n manier en wyse dat nie een van die twistende partye kon sê dat hy kant gekies het nie. Dit

was moontlik omdat dit vir hom gegaan het oor Jesus Christus as die Gekruisigde wat aan die regterkant van God sit, voor wie elke knie sal buig en elke tong God sal bely.

Wie ons ookal is, swak of sterk in die geloof, maak nie saak nie, ons het een ding in die gemeen en dit is die sonde. In die lig hiervan sê die apostel Paulus: „Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie." Dit is die ironiese van die situasie in die Romeinse gemeente en so ook oral, dat die sterke en swakke in die geloof in sonde ontvang en gebore word. Almal sonder uitsondering het die verlossing in Christus nodig. Uiteindelik sal almal die knie voor Hom buig en bely dat Hy die Verlosser is.

Veroordeling en minagting van mekaar is seker nie beperk tot die tyd van die apostel nie. Dieselfde geld ook van ons.

21 Junie **Lees:** Rom.14:13-23 **Teks:** Rom. 14:17

DIE KONINKRYK VAN GOD

Die koninkryk van God en sy gemeente op aarde word dikwels sonder nadenke met mekaar geïdentifiseer. Die apostel Paulus het in sy tyd ook iets van hierdie probleem belewe, daarom skryf hy aan die gemeente van Rome: „want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees." Vir die apostel was die koninkryk van God in die eerste plek 'n toekomstige ryk, daarom sê hy: „Vlees en bloed sal die koninkryk van God nie beërwe nie."

Maar omdat dit 'n toekomstige ryk is, is dit nie so dat dit ons doen en late hier, in die nou, onbeïnvloed laat nie. Trouens reeds op aarde streef die gemeente daarna om sy lewenstyl te skoei na die lewensstyl van die beloofde koninkryk. Daarom sê die apostel dat die gelowige werk vir die koninkryk van God wat aan die kom is in die wêreld, maar nie aan 'n koninkryk wat die mens hier moet verwerklik nie. Daarom het Christus ons ook geleer om te bid: „Laat u koninkryk kom." Dit is belangrik om so te bid, want dan behou die koninkryk van God sy toekomstigheid en bly dit die eiendom van God wat Hy op sy tyd sal laat kom.

Dit is 'n verrassing en ook 'n ommekeer van die gewone, want gewoonlik is dit mos so dat ons as mense aan die werk spring om God te help om sy koninkryk hier op aarde te verwesenlik en as ons vasbrand dan moet God help. Christus leer ons om te vra dat God sy koninkryk wat nie spys en drank is nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees sal laat kom. Met ander woorde ons tree op die agtergrond sodat God met sy werk kan voortgaan. Daarom moet ons onthou dat Gods koninkryk meer is as die sigbare kerk.

22 Junie **Lees:** Rom. 14:13-23 **Teks:** Rom. 14:19

JAAG NA DIT WAT TOT VREDE EN ONDERLINGE STIGTING DIEN

Die elemente vir 'n botsing tussen gelowiges in Rome was teenwoordig. Hulle het byvoorbeeld gestry oor die eet of nie eet van offervleis uit heidense slaghuise. Die apostel Paulus doen hier 'n beroep op hulle as hy sê: „Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien."

Indirek sê die apostel dat hulle oor onbelangrike sake redetwis met die verbygaan van dit waarop die eintlik aankom. Van klein nietige sake, soos die eet of nie eet van offervleis uit heidense slaghuise maak hulle 'n onnodige ophef. Hulle blaas die saak buite verhouding op.

Hulle tyd en denke word so besoedel en beïnvloed deur hierdie tydelike probleme dat hulle van Christus, wat tot vrede en onderlinge stigting dien, vergeet het.

Indien hulle in hulle denke en spreke aan Christus die plek gee wat Hom toekom, sal hulle hierdie tydelike probleme in perspektief sien. Dan sal hulle weet dat Hy die vrede van God sonder enige geredetwis aan 'n sondige en vyandige geslag aanbied.

Wie hierdie vrede van God in Christus belewe, sal dit ook teenoor sy medemens uitlewe.

In werklikheid bied die apostel aan die gemeente in Rome hier die enigste permanente oplossing vir hulle onderlinge onenigheid: soek Christus.

Is dit nie ook ons probleem nie? Ons redetwis oor baie dinge. Soms dink ons dit is lewensbelangrike sake terwyl dit in werklikheid met ons verlossing en vrede niks te maak het nie. Selfs in ons tyd is die vermaning van die apostel nie uit sy plek of oudmodies nie. „Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien."

23 Junie **Lees:** Rom. 15:1-13 **Teks:** Rom. 15:4

DIE GESKREWE WOORD

In ons samelewing word van vroegtyd af wetenswaardighede geboekstaaf. Op so 'n wyse word belangrike gebeure en ontdekkings vir die nageslag oorgelewer en bewaar. Ook op die terrein van die geloof word geloofwaarhede vir ons oorgelewer en bewaar. Daarom sê die apostel Paulus: „Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering te vore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die skrifte hoop kan hê."

Vir die apostel Paulus het dit uiteraard gegaan oor die Ou Testament omdat die geskiedenis van Christus nog nie opgeteken gestaan het nie. Maar nou weet ons ook dat die Ou Testament vooruit wys na die Messias wat moes kom. Vanuit hierdie geskrifte het die mense van die ou tyd geleer

om te wag op die koms van die Messias — dit het hulle vanselfsprekend bemoedig en hoop vir die toekoms gegee.

Nadat Christus gekom en na die hemel opgevaar het, het Hy weer die Een geword wat komende is. Daarom wag ons op sy wederkoms. Ter wille van ons onderrig is dit neergeskryf en in God se Woord aan ons oorgelewer — dit is tot ons lering neergeskryf.

Daarom sal ons in hierdie wêreld met al sy sonde en ellende, geduldig en volhardend wag op die wederkoms van Christus. Die opgetekende Woord is dus ook tot ons bemoediging en troos opgeskryf — dit openbaar ook aan ons die toekoms, naamlik dat Christus weer kom om die wat aan Hom behoort na Hom te neem. Daarom kan ons ook lewe uit die hoop dat ons saam met Christus tot in ewigheid sal lewe. Die enigste voorbehoud is dat ons wel van wat ter wille van ons lering neergeskryf is, kennis sal neem, met ander woorde ons moet die Woord van God lees, met aandag en konsentrasie bestudeer.

24 Junie **Lees:** Rom. 15:1-13 **Teks:** Rom. 15:7

VREDE EN ONDERLINGE STIGTING

Ons teks bevestig dat daar in die gemeente van Rome onenigheid en twis aan die broei was. Sterkes en swakkes in die geloof bots oor die eet of nie eet van offervleis uit heidense slaghuise. Joodse Christene en Heidense Christene bots oor die hou van die sabbat. Die apostel Paulus het nie in hierdie twiste kant gekies nie omdat dit vir hom hier soos in al die ander gemeentes suiwer om Jesus as Gekruisigde gaan, soos hy dit ook inderdaad aan die Korintiërs gesê het.

Omdat dit vir altyd oor niks anders as Christus as Gekruisigde gegaan het nie, kon hy 'n beroep op die twistende groepe doen: „Neem daarom mekaar aan soos Christus ons ook aangeneem het, tot heerlikheid van God."

Sy beroep op hulle om mekaar aan te neem berus op die heilswaarheid dat Christus hulle almal aangeneem het. Die apostel sê dus in werklikheid hier dat Christus nie gevra het wie sterk of swak in die geloof is nie. Hy vra ook nie wie eet vleis uit heidense slaghuise en wie nie. Hy vra ook nie wie hou die sabbatdag ooreenkomstig die Joodse gebruike en wie nie. Hy neem hulle aan omdat hulle een ding in die gemeen het, en dit is die sonde. Die apostel het self aan hulle geskryf: „Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie." Almal sonder uitsondering, word na Christus verwys wat ons aangeneem het toe ons nog sondare was. Deur sy lyding en sterwe word ons in sy gemeente opgeneem en ook uiteindelik in sy koninkryk. In en deur Hom het ons weer 'n Vader en 'n vaderhuis en is ons die erfgename van God.

Daarom is dit nie gepas om op ander gelowiges neer te kyk nie. Ons behoort mekaar ook aan te neem soos Christus ons aangeneem het tot heerlikheid van God.

25 Junie **Lees:** Rom. 15:1-13 **Teks:** Rom. 15:13

HOOP, BLYDSKAP, VREDE, GELOOF DEUR DIE KRAG VAN DIE HEILIGE GEES

„En mag die God van hoop julle vervul met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees." Dit bid die apostel die gemeente toe.

Die feit dat hy dit deel maak van 'n bede vir die gemeente, is 'n bevestiging daarvan dat hulle nie blydskap en vrede beleef het nie.

Hulle het in 'n tyd geleef toe die Christene in Rome deur keiser Nero vervolg is. Uiterlike omstandighede het min rede tot blydskap en vrede verskaf.

Selfs die toestand in die gemeente weerspiëel spanninge tussen sterkes en swakkes in die geloof, tussén Joodse Christene en heidense Christene. In die lig van hierdie omstandighede is dit te verstaan dat die apostel hulle in sy bedes aan God sal opdra en sal bid dat God aan hulle blydskap, vrede en hoop sal gee.

Uit hierdie bede is dit duidelik dat God, 'n God van die hoop is. Dit is Hy wat die toekoms aan hulle bekend maak. Hy verseker hulle deur Christus van die toekoms, naamlik van die vergewing van sondes en die ewige lewe. In Christus is hulle toekoms gewaarborg en verseker.

Indien hierdie toekoms in die geloof aanvaar word, sal hulle reeds hier op aarde ondanks uiterlike omstandighede, blydskap en vrede belewe. Die oorsprong van hierdie blydskap en vrede lê nie in die mens en sy prestasies nie, maar in wat God in Christus reeds vir die mensheid gedoen het.

In Christus het Hy ons wat vyandig teenoor Hom staan vrede geskenk. Nou is ons sy kinders, aan wie Hy geloof en hoop deur sy Gees gee. Dit is sy Gees wat ons van die heil in Christus oortuig.

Ons blydskap en vrede het hulle oorsprong in God ons Vader en nie in die mens nie, daarom kan niemand en niks dit van ons ontneem nie.

26 Junie **Lees:** 1 Joh. 1:1-7 **Teks:** Joh. 1:4

BLYDSKAP IN DIE HERE

Ons lewe vandag in angswekkende tye. Daar gebeur soveel dinge rondom ons wat ons benoud maak. Baie mense gaan dan ook vandag met 'n somber uitdrukking op die gelaat en met groot bekommernis in die hart deur die lewe. Ware blydskap is dan ook besig om in hierdie wêreld te verdwyn.

Maar nou sê die apostel Johannes vir ons: „En ons skrywe hierdie dinge aan julle, sodat julle blydskap volkome kan wees." Dan sê hy ook vir ons waar hierdie blydskap vandaan kom. Hy praat van die „Woord van die lewe", ook van die

„ewige lewe" wat aan ons geopenbaar is. Hierdie „Woord van die Lewe" en die „ewige lewe" sien op die Here Jesus Christus self. Hierdie openbaring van ons Here Jesus Christus bring vir ons blydskap. Dit bring vir ons blydskap in sy hoogste ontwikkeling, blydskap in sy ware volheid.

Nou is dit ook vir ons 'n vreugde om te mag weet: daardie troosryke dinge wat Johannes eens aan die Christene in Klein Asië geskrywe het, is ook vir ons geskrywe. Ook vir ons het die blydskap waarlik vol geword want ons weet dat ons vir lewe en vir sterwe, nie aan onsself nie, maar aan ons troue Saligmaker Jesus Christus behoort.

Daarom kan ons ook werklik wanneer daar dae van stryd en aanvegtinge op ons weg kom, wanneer dae van leed en beproewinge vir ons aanbreek, wanneer vrees en bewing ons harte wil aanklem, elke dag onthou: Jesus is die blydskap van ons harte. Hy is die bron van alle ware heil. In Hom kan en moet ons vir tyd en ewigheid bly wees.

27 Junie **Lees:** 1 Joh. 1:8-2:6 **Teks:** 1 Joh. 2:1

ONS VOORSPRAAK BY DIE VADER

Ons voel dikwels in die lewe so eensaam en alleen. Dit voel baie dae vir ons of ons ver van God verwyder is. Dan dring die vraag baie dae na vore: is daar dan niemand wat my kan help nie. Is daar niemand wat vir my kan optree as voorspraak, as middelaar, as pleitbesorger nie?

Dan sê die apostel Johannes vir ons: „ons het 'n voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die regverdige". Ja, al het die Here Jesus opgevaar na die hemel toe, dink Hy nog elke dag aan ons. En wanneer ons vir die soveelste keer teen die Here gesondig het, tree Hy weer vir ons in as ons voorspraak, as ons advokaat. Dan pleit Hy vir ons: o Vader, op grond van my vernedering in Betlehem, op grond van my bloedsweet in Getsémane, op grond van my kruisdood op Golgota, vra Ek, pleit Ek dat U hierdie mense genadig sal wees!

Wat 'n wonderlike troos om te mag weet: ons voorspraak by die Vader ken ons so goed. Hy ken ons swakhede, ons tekortkominge, ons beproewinge. Hy het self gedurende sy aardse lewe as veroordeelde in ons plek voor God gaan staan sodat ons voor die gerig van God vrygespreek sou word. Nou mag ons lewe met 'n heerlike sekerheid in die hart. Want ons weet: ons hemelse advokaat, ons voorspraak by die Vader, Hy wat elke dag en elke oomblik vir ons bid, Hy het reeds die vryspraak, die verlossing vir ons verwerf. Dan besef ons so goed: ons is voorwaar nie aan ons eie lot oorgelaat nie want ons het 'n voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die regverdige.

28 Junie **Lees:** 1 Joh. 2:8-17 **Teks:** 1 Joh. 2:8b

DIE LIG HET DEURGEBREEK

„Die volk wat in duisternis wandel, het 'n groot lig gesien!" so het die profeet Jesaja eeue gelede die koms van ons Here Jesus Christus voorspel. Die Joodse volk het in daardie dae inderdaad in duisternis gelewe. Op staatkundige gebied het hulle geswoeg onder die Romeinse juk wat op hulle neergedruk het. Op godsdienstige gebied was daar die verstarde tempeldiens en die verdeeldheid in groepe waar die een in selfverheffing op die ander neergesien het.

Maar in die volheid van die tyd het die profetiese woord van Jesaja in vervulling gegaan. Die Lig van die wêreld, ons Here Jesus Christus, het na die wêreld toe gekom. Die lig van genade, die blye boodskap van verlossing het in hierdie wêreld deurgebreek. Die skaduwees van sondeduister, die donker nag van graf en dood, ja al die duisternis van ons menselewe is deur die Lig van die wêreld wat oor die wêreld opgegaan het, oorwin.

Nou mag ons ook weet: die ware lig skyn nog steeds in die wêreld waarin ons woon. Hierdie lig het ook al die donkerheid in ons lewens oorwin en oorweldig.

Dan sê Johannes ook vir ons baie duidelik: „as ons waarlik lewe in die lig van ons Here Jesus Christus, kom daar ware liefde in die hart." Dan sal ons God bo alles liefhê en ons naaste soos ons self. Laat ons dan in ons lewe van elke dag God verheerlik deur te wandel soos kinders van die lig. Laat ons ook vir diegene wat nog in die donker sit van hierdie lig gaan vertel.

29 Junie **Lees:** 1 Joh. 2:18-27 **Teks:** 1 Joh. 1:18

DIE KOMS VAN DIE ANTICHRIS

Johannes verwys hier na baie moeilike tye in die lewe van die Christene in Klein Asië. Valse leraars het na vore begin tree. Hulle het verkondig dat Jesus nie die Christus van God is nie. In hierdie valse leraars sien Johannes baie duidelik die gees van die antichris.

Nou sê die Bybel vir ons baie duidelik dat daar aan die einde van die dae valse profete, valse christusse, antichriste, dit wil sê mense wat teen die ware Christus is, na vore sal tree. Hulle sal alles in hulle vermoë doen om die uitverkorenes te probeer verlei.

Dan sê Johannes ook vir ons dat die antichris die Vader en die Seun verloën. Paulus beskrywe ook vir ons die rol van die antichris as hy in 2 Thes. 2:4 vir ons sê dat die antichris hom verhef bo al wat God genoem word of 'n voorwerp van aanbidding is sodat hy in die tempel van God sal sit en voorgee dat hy God is.

In ons teksvers sê Johannes vir ons verder dat daar baie antichriste bestaan. In 1 Johannes 4:3 praat hy ook van die gees van die antichris waarvan hulle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld. Dit is dus baie duidelik dat die antichris nie net een persoon is nie maar baie persone wat 'n gees van Christus-verloëning openbaar.

Nou geld die woord van Johannes ook vir ons. Ons moet ook besef dat die gees van Christus-verloëning ook vandag in ons midde leef, dat hierdie gees ook in die kerk sal probeer indring, en alles in sy vermoë sal doen om die gelowiges op slinkse maniere te probeer verlei. Daarom moet ons elke dag van die lewe bid om verligting deur die Gees van God sodat ons die geeste van ons dag sal kan onderskei.

30 Junie **Lees:** 1 Joh. 2:28-3:10 **Teks:** 1 Joh. 3:1

KINDERS VAN GOD

Wat 'n heerlike voorreg vir 'n nietige en 'n sondige mensekind om die almagtige Skepper en Onderhouer van alle dinge „Vader" te mag noem, om te weet dat ons waarlik sy kinders geword het, om te weet dat Hy in sy liefde vir ons sorg beter as wat 'n aardse vader ooit vir sy kinders kan sorg.

Hierdie heerlike voorreg het ons deel geword deur ons Here Jesus Christus. Hy het die las van die toorn van God teen die sonde wat op ons gerus het, aan die kruishout vir ons gedra en vir ons 'n ander lewe, 'n nuwe lewe bewerk. Hy het dit vir ons moontlik gemaak om God nou as ons Vader te ken. Die Heilige Gees bevestig hierdie kindskap in ons harte, gee dat ons waarlik uit die Here Jesus Christus nuut gebore word, dat ons werklik as nuwe mense in 'n nuwe lewe staan, dat ons elke dag sal weet: God is my Vader, en ek sy kind.

Hierdie nuwe lewe waarin ons nou mag staan, moet ook in ons lewe van elke dag vrugte wys. 'n Wedergebore kind van God moet 'n nuwe lewensbeginsel dra. Die sonde mag nie meer heerskappy oor sy lewe voer nie, hy mag nie meer in die sondes volhard nie. Hy moet die sonde haat en met die sondelewe breek. Hierdie mens moet werklik leef soos dit 'n kind van die hemelse Vader betaam. Dankende liefde moet sy lewe regeer. Dit moet liefde teenoor ons hemelse Vader wees wat so 'n groot liefde aan ons bewys het, liefde ook teenoor ons medemens vir wie die Here ook gesterwe het.

1 Julie **Lees:** 1 Joh. 4:7-21 **Teks:** 1 Joh. 4:18

DIE VOLMAAKTE LIEFDE DRYF DIE VREES BUITE

Daar is soveel mense wat elke dag met vrees en bewing in die harte loop. Veral as hulle dink aan die oordeelsdag, word hulle ontsettend bang. Hulle ken hulle sonde en skuld. Hulle besef dat hulle te staan gaan kom voor die lewende God wat in sy strengheid gaan oordeel oor hulle werk.

Nou wil die apostel Johannes ons baie duidelik laat verstaan: die mens wat vrees, staan nie in die regte verhouding teenoor die bron van ware liefde, Jesus Christus, ons Here nie. Daardie mens het nog nie ware liefde leer ken nie.

Dan sê die apostel vir ons baie duidelik dat ons Hom liefhet omdat Hy ons eerste liefgehad het. Hoewel daar niks aan ons of in ons was dat Hy ons sou liefhê nie, het Hy ons tog liefgehad met 'n liefde tot die dood toe, tot die dood van ons Verlosser aan die kruis. Deur hierdie liefde word ons nou gedring om, uit dankbaarheid, die Here lief te hê.

As ons die Here waarlik liefhet mag ons weet: in sy bloed is daar versoening vir ons sondes, rus vir ons gemoed, vrede vir ons hart, blydskap in die wete: „die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

Ja, as ons Hom waarlik liefhet, wyk die vrees uit ons lewens. As ons na die toekoms kyk, juig ons ook in die wete:

„Hy wat, hoewel hy niks verdien,
Sy regter ook as Middelaar sien,
Hy sien gerus die oordeel aan,
Gods vryspraak laat hom veilig staan."

2 Julie **Lees:** 1 Joh. 5:1-11 **Teks:** 1 Joh. 5:4

OORWINNING DEUR DIE GELOOF

In die moeilike en angswekkende tye waarin ons leef kom die vraag baie dae by ons op: sal ons kan staande bly? Sal die kerk van die Here staande kan bly? Sal die geloof in hierdie wêreld kan standhou? Dit lyk dan baie dae vir ons of die duiwel besig is om die wêreld te oorwin.

Ook vir hierdie vrae in die hart wil die Woord van die Here aan ons 'n duidelike antwoord gee: Johannes sê vir ons: „alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof." Hiermee wil hy ons baie duidelik laat verstaan: die enigste wapen waarmee die bose en sy ryk oorwin kan word, is die geloof dat Jesus Christus die Seun van God is, dat Hy self ook God is, dat Hy deur sy lewe, sterwe en opstanding uit die dood, die wêreld oorwin het.

As ons nou uit God gebore is, dit wil sê as ons deur die werking van die Heilige Gees die wedergeboorte ontvang het, as ons 'n nuwe lewe, n Christuslewe ontvang het, dan ontvang ons ook daarmee saam die oorwinnende krag wat ons Here Jesus Christus vir ons nagelaat het. Dan hoor ons ook sy genadewoord: „Moenie vrees nie. Ek het die wêreld oorwin." Dan kan ons ook lewe met die oorwinningslied in die hart: „in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het."

3 Julie **Lees:** 2 Joh. 1-3 **Teks:** 2 Joh. 2

DIE WAARHEID

Wat verstaan ons onder die waarheid?

Kan ons altyd met alle eerlikheid getuig dat ons nog die waarheid ken, en die waarheid praat? As ons van ander sou praat, getuig dit wat ons sê, van die waarheid?

Wat is dan nou die waarheid? — Wanneer 'n woord of sin wat gebruik word, ooreenstem met dit waarna verwys word, dan getuig dit van die waarheid. So kan ons die begrip waarheid in 'n sekere sin definieer.

Die waarheid volgens die Bybel, hier dan soos Johannes dit aan ons voorhou, is dit wat ten nouste en werklik met ons lewe in verband staan. Met ander woorde — die waarheid, volgens die Bybel draai nie net om die dinge wat ons dink en sê nie, maar Johannes wil aan ons toon dat dit ook betrekking het op dit wat ons **is** en **doen.**

Daarom is die waarheid dit wat so absoluut noodsaaklik is tussen mens en medemens, anders kan ons mekaar nie meer vertrou nie, en op mekaar se woorde nie meer ag slaan nie. Die waarheid speel 'n belangrike en vername rol in ons alledaagse bestaan, waar ons mense is wat moet saam leef in een gemeente of gemeenskap.

So moet die lewe van die gelowige dan daar uitsien; van hom word verwag dat geloofwaardigheid, betroubaarheid, liefde vir die waarheid, in sy of haar lewe weerklank sal vind. Dit is die wil van God en eis volgens sy Woord.

Ons moet voortdurend aan onsself die vraag stel: spreek my lewe te alle tye van eerlikheid, opregtheid, ongeveinsdheid, betroubaarheid. Is ek nog die mens van wie daar gesê kan word dat my Ja — ja is en my Nee — nee? — Of is ek ook iemand van wie daar gesê kan word dat jy die waarheid nie ken en liefhet nie?

Dit is so dat daar in elke gemeenskap en so in elke gemeente diegene is wat onverskillig hierteenoor staan, en vir die waarheid geen respek meer het nie. As ons onsself hieraan skuldig maak, dien ons die leuen en verdraai en ondermyn só die waarheid.

Daarom het God dan ook aan ons sy Seun gegee as die weg, die waarheid en die lewe, sodat ons dit wat ons sê en doen voortdurend moet meet aan dit wat Hy aan ons geleer het.

4 Julie **Lees:** 2 Joh. 8-12 **Teks:** 2 Joh. 4

GELOOF EN GELOOFSLEWE — 'N SAAK VAN ERNS

Die apostel Johannes waarsku in vers 8 — Wees op julle hoede! Moet nie mislei word deur diegene wat 'n vreemde leer bring nie. Daar is net een toetssteen, dit is die heilige Skrif self.

Johannes hou hier aan ons voor dat hulle, en ander voor hulle die suiwer leer van die evangelie verkondig het. Daar was ook vrug op hulle arbeid. Die mense het gehoor en geluister. Indien hulle geloof en geloofslewe wat gerig moes wees volgens die evangelie wat hulle gehoor het, nie vir hulle voortdurend 'n saak van erns sou bly nie, dan sou hulle deur die leer van die dwaalleraars verlei word. Dan sou hulle God en sy gebod vergeet, en nie meer hulle lewenswandel, dit wat hulle sê, dink en doen, rig na die eise van Godswoord nie. Wanneer die liefde vir die Woord van God, die erns wat gemaak moet word met sy wil en behae, wanneer dit verflou, dan hou die mense, en so die gemeente, op om verder gemeente en kerk van Jesus Christus op aarde te bly.

Wees waaksaam. Wees op julle hoede! Laat ons altyddeur met die evangelie erns maak, asook met ons geloof en geloofslewe. Die kerk moet hierdie evangelie verkondig. Die kerk wil hê dat ons hierdie evangelie voortdurend sal aanhoor: die evangelie wat leer van die versoening en verlossing — die versoening en verlossing wat Jesus Christus aan die kruishout vir ons bewerk het. God het sy Seun gegee ter wille van ons behoud. Die mens het dit nie verdien nie.

God het dit vir ons gedoen. Dit vra van ons die nodige dankbaarheid — dankhaarheid wat sy uiting vind in die erns wat ons maak met ons geloof en geloofslewe.

5 Julie **Lees:** 2 Joh. 7-13 **Teks:** 2 Joh. 7

JESUS CHRISTUS IN DIE VLEES

Johannes waarsku in verse 7-11 die gemeente teen dié mense wat nie die evangelie suiwer en in volle omvang verkondig of wil aanvaar nie. In hierdie skrifgedeelte is dit in die besonder gemik teen diegene wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Vir hulle was die mensheid van Jesus Christus nie egte mensheid nie, maar skynmensheid.

Hierdie leraars teen wie Johannes die uitverkore vrou (vers 1), dus die gemeente en so elke lidmaat waarsku, het nie ontken dat Jesus wel geleef het nie, maar dat Hy meer as net 'n mens, soos ons, was — dit het hulle ontken.

Die Bybel praat tog duidelik oor die twee nature van Jesus Christus. Die mens Jesus wat uit 'n vrou gebore is, is ook Christus die Seun van God. Om ons Middelaar te kon wees, moes Hy waaragtig God en waaragtig regverdige mens wees. As Hy alleen God was, kon Hy nie sterf nie. As Hy net mens was, kon Hy die dood nie oorwin nie. Daarom het Hy die menslike natuur met die goddelike natuur verenig, om die menslike natuur aan die dood te onderwerp, en om deur die krag van die goddelike natuur, die dood te oorwin, om so vir ons die oorwinning te gee.

Jesus Christus moes waaragtig God én waaragtig mens wees, sodat Hy vir ons die dood kon oorwin, ons van die mag van sonde vrykoop, en die mag van Satan vernietig en die geregtigheid en lewe vir ons kon verdien en ook skenk.

Wie Jesus Christus dan van sy mensheid of Godheid beroof, verminder sy majesteit en verduister sy goedheid.

Hou aan die leer volgens die Bybel vas, om sodoende nie in die geloof te wankel nie.

6 Julie **Lees:** 3 Joh. 1-8 **Teks:** 3 Joh. 4

HOU VAS AAN DIE WARE EN BLYE EVANGELIE

Ons word voortdurend opgeroep om te luister na die ware en blye evangelie. Dit is die goeie tyding van groot blydskap, mits dit nie verdraai en verduister word deur allerhande menslike opvattings en idees nie. Die evangelie leer: God is liefde. Dit is nie maar net 'n eienskap van God nie. Dit is sy hele wese. God het die mens ook eerste liefgehad. Hy het ook nie gewag om te sien hoe goed die mens kon word, of dat die mens Hom eerste lief moes kry nie — sodat Hy dan sy liefde sou toon nie. Nee! In Jesus Christus, juis daar waar Hy aan die kruishout hang, leer ons die grootheid van God se liefde ken. Vergelyk 1 Joh. 3:16 — „Hieraan het ons die liefde leer ken, dat Hy sy lewe vir ons afgelê het.

Kyk ons na die smart, lyding en dood wat ons ondervind, begin ons baie keer twyfel aan God se liefde. Kyk ons na die kruishout, weet ons dat dit alleen liefde tot ons kon wees wat God beweeg het om sy Seun vir ons aan die bittere en smadelike dood aan die kruis oor te gee. „Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore maar die ewige lewe kan hê."

Dit is die blye evangelie. Twyfel nie hieraan nie maar wandel in hierdie liefde volgens die gebooie van God.

Om gelowige te wees en te bly, beteken om die liefde van God wat in Jesus Christus geopenbaar is, aan te neem. So word en bly ons gelowig en wandel ons volgens sy gebooie en insettinge as ons God se liefdegawe aan ons, Jesus Christus, met dankbare harte ontvang.

Dit is geen swaar las om te dra nie, maar 'n dankbare voorreg om ons lewe te rig na die eise van Godswoord, om ook in ons liefde tot God, biddend sy gebooie te bewaar.

7 Julie **Lees:** 3 Joh. 1-8 **Teks:** 3 Joh. 6

UIT LIEFDE GOEIE WERKE

Daar het voortdurend predikers van die evangelie na die gemeente aan wie Johannes hierdie brief geskryf het gekom. Hulle het die evangelie van Jesus Christus verkondig.

By geleentheid van 'n ander gemeentelike samekoms, waar Johannes self teenwoordig was, vertel hulle van hulle

verblyf by Gajus. Gajus was verbonde aan die bepaalde gemeente aan wie Johannes hierdie brief rig. **Johannes het gehoor dat hulle** gasvryheid en liefdevolle versorging by Gajus geniet het.

Johannes is verheug en spoor Gajus aan om hierin te volhard. Hy moet voortdurend gasvryheid en liefdevolle versorging aan hierdie mense wat die evangelie van Jesus Christus verkondig, betoon.

Van die persoon van Gajus weet ons nie veel nie. Dit blyk uit hierdie kort brief dat hy geen amp in die kerk beklee het nie. Hy was 'n gemeentelid — iemand vir wie die verkondigng van die evangelie 'n saak van erns was. Deur sy huis oop te stel vir diegene wat ter wille van die Naam van die Here uitgegaan het, het hy ook probeer om God te dien en te verheerlik. Hy doen uit liefde goeie werke. Daarom is dit dan ook die wens van Johannes (vers 2) dat dit ook met hom op stoflike gebied voorspoedig sal gaan, sodat hy ook hierdie liefdesdiens kan voortsit.

Oor sy geestelike welstand twyfel Johannes geensins. Dit sien ons in verse 2 tot 6. Gajus ken nie net die waarheid, of weet net daarvan nie. Hy wandel in die waarheid.

Deur hierdie optrede sien ons dat Gajus begryp het dat geloof sonder vrugte, dood is.

Hoe staan ons teenoor die voortgang van die evangelie en in ons liefde teenoor die kerk van Christus op aarde?

Want, sê Paulus: Al sou ek die tale van mense en engele spreek en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of luidende simbaal geword.

8 Julie **Lees:** 3 Joh. 9-15 **Teks:** 3 Joh. 11

DIOTREFES

In verse 1-8 lees ons van die optrede van Gajus. Die optrede van Diotrefes is net die teendeel daarvan.

Gajus en Diotrefes het aan dieselfde gemeente behoort. Diotrefes was 'n ampsdraer. Teenoor die predikers van die evangelie openbaar hy geen gasvryheid nie. Hy het aan homself 'n oppermag aangematig. Hy is 'n eersugtige en heersugtige man. Die leiding in die gemeente het volgens hom net op sy eie skouers gerus.

Johannes skryf aan hom. Hy ignoreer dit. Hy hou ook nie die dinge waaroor Johannes skryf aan die gemeente voor nie.

Hy het sommiges uit die gemeente geban, en wil ook nie hê dat die predikers wat die gemeente besoek, ontvang en versorg moet word nie. Niks word egter oor die leer wat Diotrefes verkondig het, gesê nie. Blykbaar het hy geensins 'n dwaalleer verkondig nie. Hy moes juis die gemeente waarsku teen dwaallinge en anti-Christelike strominge. Hy kon goed onderskei tussen die ware en valse verkondiging.

Die fout by Diotrefes is dus nie tevinde in sy leer nie, maar in sy lewe. Hy het die Woord van God geken, maar dit nie uitgeleef nie. Dit het nie in sy lewe weerkank gevind nie. Daarom waarsku Johannes vir Gajus dat hy nie deur die optrede van Diotrefes meegesleur moet word nie.

Dit moet nie daarom gaan om heerser te wil wees nie, maar eerder dienskneg. Deurdat hy alleenheerser in die gemeente, wou wees het hy teenoor alles wat Christus self, in die gestalte van 'n dienskneg gedoen het en aan ons geleer het te staan gekom. Diegene wat die goeie nie doen nie, het geen oog vir daardie groot liefde van God toe Hy sy Seun aan ons gegee het nie.

9 Julie **Lees:** Judas 1-25 **Teks:** Judas 20-21

GOD: DRIE-ENIG

Die vreugde en troos wat daar altyd vir die kerk, gemeente en lidmaat, op aarde sal bestaan, is die verbondenheid met God. Hierin vind ons die sekerheid om welgetroos salig te lewe en te sterwe. God het deur sy liefde vir en welbehade in die mens sy Seun gegee. Christus het op die regte tyd vir ons gesterwe. Hy is oorwinnaar oor alle magte, oor die mag van sonde en dood, om ons so te verlos van die ewige verderf. Die Heilige Gees is gestuur om die geloof in ons te plant en te onderhou. Daarom vermaan Judas die gemeente. Hy spoor hulle aan: Bly in die liefde van God! Bid in die Heilige Gees! Verwag die barmhartigheid van die Here Jesus Christus!

In verse 20 en 21 wil Judas aan ons voorhou: trek die volle wapenrusting van God aan! dit is die wapenrusting van die geloof, sodat ons kan standhou teen die mag van die dwaling.

In die Naam van die drie-enige God word ons gedoop, afgesonder vir God uit die wêreld, om so ook in sy diens te staan. Die drie-enige God is steeds werkend ter wille van ons bewaring en behoud. In Joh. 5 vers 17 sê Jesus: my Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook." Paulus sê in Rom. 8, „Die Gees wat ons lewend hou, woon in ons."

Al die dae van ons lewe leef ons onder die beskermende hand van God. Die lof en eer en aanbidding kom die drie-enige God toe. Van nou af tot in ewigheid.

10 Julie **Lees:** Jak. 1:1-18 **Teks:** Jak. 1:1a

'N SLAAF SE WOORD

Vir sewe dae gaan ons nou die brief van Jakobus lees. Na watter Jakobus ons gaan luister is nie absoluut seker nie. Miskien is hy 'n seun van Josef en Maria. Dan is hy 'n broer van die Here Jesus. Moontlik is dit egter 'n ander Jakobus wat hier aan die woord is.

Die skrywer ag dit nie belangrik om te sê presies wie hy is nie. Hy laat egter nie na om te sê wat hy is nie: Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus. Anders gesê: Jakobus, 'n **slaaf** van God en die Here Jesus Christus.

Met die woord dienskneg of slaaf dui hy sy verhouding met die Here aan. Ook hy is gekoop met die bloed van die Verlosser om nou slegs aan Hom te behoort. Nou dat hy nie meer sy eie baas is nie mag hy nie meer sy eie woord of sy eie wysheid aan sy broeders meedeel nie maar moet hy die woord van sy Heer spreek en moet hy die wysheid van sy Heer verkondig. As hy anders sou doen, sou hy nie meer 'n slaaf wees nie maar sou hy in opstand teen sy Heer wees. Daarom mag hy ook nie vir homself eer en roem soek nie. In alles moet sy Heer se eer eerste kom. As die slaaf dan vertroos, wys hy op die troos wat in die geloof in Hom wat uit die sonde vrykoop te vind is. As hy waarsku, waarsku hy in trou aan sy eienaar en op soek na sy eer.

'n Slaaf se woord is dus 'n woord wat in nederigheid gespreek word. 'n Troue slaaf van Jesus Christus se woord is egter ook vol gesag.

Daarom is hier vir ons 'n opdrag. Ons moet Jakobus nie net hoor nie. Ons moet **luister** na die dienskneg van die Here.

11 Julie **Lees:** Jak. 1:19-27 **Teks:** Jak. 1:21b

'N REDDENDE WOORD

Aan sy geliefde broeders gee 'n slaaf van God en die Here Jesus Christus opdrag: Wees gou om te hoor, wees stadig om te praat en wees stadig om toornig te word. Hy wil sy broeders leer om hulle ore en monde in hulle omgang met ander mense reg te gebruik. Die tong kan alleen dan reg gebruik word as die ore vooraf goed gebruik is.

Hierdie laaste stelling is egter nie net van toepassing waar ons met die mens verkeer nie. In ons verhouding met God is dit nog baie belangriker om altyd eers op die regte manier te luister.

Hy sê: Ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord wat in staat is om julle siele te red. **Die woord** moet telkens weer ontvang word omdat 'n mens dit nooit soos onvervreembare eiendom kan besit nie. Daarom kan die woord nie beterwetering met 'n halwe oor aangehoor word nie maar moet dit nederig en sonder weerstand beluister word. As dit nie gebeur nie is dit vir Jakobus 'n teken van hoogmoedige en selfgenoegsame verset wat lei tot vuiligheid en oorvloed van boosheid.

Daarom spoor hy aan om die woord wat kan red met sagmoedigheid te ontvang. Hy praat van die woord van die Redder wat self die nederige hart skep as Hy sy woord inplant.

Van sy reddende woord kan ook ons slegs nederige ontvangers wees en nooit eiegeregtige besitters nie.

12 Julie **Lees:** Jak. 2:14-26 **Teks:** Jak. 2:17

'N BLOTE WOORD?

Ons neem dus aan dat die mens geregverdig word deur die geloof sonder die werke van die wet, **skryf Paulus.**

Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie, **skryf Jakobus.**

Wie van die twee se woord moet ons nou aanvaar? Praat Paulus reg of praat Jakobus reg?

Kom ons luister na albei.

Paulus beklemtoon dat die genade van God in Jesus Christus 'n vrye geskenk is wat nie verdien kan word nie. Goeie werke kan nooit verdienstelike goeie werke wees nie. „Paulus grens hom af teen hulle wat aan hulle werke 'n rede tot selfverheffing ontleen.

Jakobus spreek hom uit teen die gedagte dat die geloof in blote woorde bestaan. „Die ware Christelike geloof is nie alleen 'n saak van die verstand en die mond, dit wil sê van die leer en die spreke nie, maar onlosmaaklik daarmee verbonde ook 'n saak van die hart en die hand, dit wil sê 'n saak van gesindheid en handeling."

Hierdie laaste sin is ook waar van Paulus se beskouing van die geloof. Ook vir hom is die geloof nie blote woorde nie.

Paulus en Jakobus is dus twee strydmakkers wat veg teen twee verskillende vyande van die ware geloof. Paulus stry teen die gedagte wat Jesus Christus wil verdring met die wet. Jakobus stry teen die gedagte wat die lewende werkende geloof wil vervang met 'n valse onvrugbare vroomheid waarin die geloof, hoop en liefde van mekaar geskei word.

So moet die uitspraak gesien word: net so is die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

Aan die ander kant lei werke sonder geloof egter ook tot die dood.

13 Julie **Lees:** Jak. 3:1-12 **Teks:** Jak. 3:10

TEVEEL WOORDE

Uit watter mens se mond waaruit daar seën gekom het, het daar nog nie vervloeking gekom nie? Jakobus sluit homself nie uit as hy sê: daarmee (met die tong) loof ons God en die Vader en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is.

Dat daar deur die tong sulke teenstrydige gedagte verwoord word, vind Jakobus onbehoorlik. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? 'n Vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring of 'n wingerdstok vye nie? Dit is onmoontlik dat daar uit dieselfde bron twee sulke verskillende produkte voortkom.

Waar dit met die mens se mond anders gesteld is, beteken dit dat die mond die uitlaatklep vir twee bronne is. Wat by die mond uitkom, vloei uit twee harte voort. Alleen 'n dubbelhartige mens kan uit geloof of ongeloof seën en vloek, uit liefde of haat, uit gemeenskap met God deur Jesus Christus of uit verwerping van God.

Om twee monde te hê, beteken om twee harte te hê, om twee gesigte te hê, om deur twee here beheers te word en om twee here te dien.

So wil hierdie woord ons bring tot skuldbelydenis en gebed. Here, leer ons om te bid en leer ons om te praat. Leer ons om uit een hart oor U en met U te praat. Leer ons om uit een hart oor ons naaste en met ons naaste te praat. Anders praat ons te veel woorde omdat ons te veel harte, te veel gesigte en te veel here het, terwyl U die Enige en Enigste is.

14 Julie **Lees:** Jak. 4:1-12 **Teks:** Jak. 4:3

'N GULSIGE GEBEDSWOORD

Klaarblyklik is die klagte oud: ek bid vrugteloos want die Here verhoor my nie. Daar gebeur niks nadat ek gebid het nie. Sulke klagtes is 'n betwyfeling van die belofte: bid en vir julle sal gegee word.

Nou is daar redes wat in die Bybel gegee word waarom God nie meteens gee nie of nie gee op die manier waarop ons dit verwag het nie. Hier noem Jakobus egter nou die rede waarom Hy gladnie gee as daar „gebid" word nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.

Om net te wil hê om dit in ydele genieting deur te bring, word daar begeer, gemoor, oorlog gemaak en „gebid". Elke moontlike middel word gebruik om meer en meer te verkry om die wellus te bevredig. Selfs die gebed word hiervoor op die proef gestel.

Op so 'n gebed antwoord die Here egter nie met sy genadegawe nie. Wie met so 'n doelstelling bid, bid verkeerd en bid sonder om te ontvang. So 'n gebed is nie 'n stuk geloofsvertroue nie maar is 'n poging om gawes van God te verkry om daarna sonder Hom en onafhanklik van Hom te lewe. Daar word na die gawe gegryp terwyl die Gewer van min of geen belang geag word nie.

By hierdie soort gebed ontbreek die gebed: laat u Naam geheilig word. Hoe kan die gebed om die heiliging van die Naam by iemand ontbreek wat God in die geloof in Jesus Christus leer ken het? Die Naam moet mos ook by die gebruik van al die gawes wat Hy skenk geheilig word.

Wie die gawes anders wil gebruik, bid tevergeefs.

15 Julie **Lees:** Jak. 5:1-6 **Teks:** Jak. 5:4

'N WAARSKUWENDE WOORD

Sonde kan praat. Dit het 'n stem. Reeds Kain het gehoor: die stem van die bloed van jou broer roep na My van die aarde af. Vir die deftige diewe met hulle netjies bedekte diefstal laat Jakobus hoor: Kyk, die loon van die arbeiders wat julle lande afgeoes het, wat deur julle agtergehou is, roep uit; en die geroep van die maaiers het tot in die ore van die Here van die leërskare gekom. Wat die mense dalk nie bemerk het nie word deur die almagtige God gehoor. Hy hoor die roepstem van die sonde en kom tot aksie. Hy neem die regsaak op.

Dit is 'n skrikwekkende waarskuwing gerig aan die adres van elkeen wat na dit wat nie vir hom gegee is nie gryp. Al is die diefstal beskaafd, dit bly diefstal. Ook dit roep tot God uit en die roepstem word gehoor.

Dit is skrikwekkend maar dit is ook verblydend vir die geloof dat Hy hoor en in die saak ingryp. Hy laat nie die sonde ongehinderd sy loop neem nie. Is dit nie Hy wat sy Seun gestuur, die sonde veroordeel het en sy heil gebring het nie?

Daarom moet daar in geloof in Hom en in liefde vir Hom geleef word wat vir alles vir ons voorsiening gemaak het. Maar daarom mag ons ook nie vertrou op ons vernuf of ons mag om die loon van die arbeiders agter te hou om so rykdom te versamel en om daardeur te leef nie.

As ons so wil lewe, moet ons hoor: kom nou, julle rykes, ween en huil oor die ellendes wat oor julle kom.

16 Julie **Lees:** Jak. 5:7-20 **Teks:** Jak. 5:8

DIE LAASTE WOORD

Die laaste woord van die Bybel lui: Hy wat dit getuig sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! Die genade van ons Here Jesus Christus is met julle almal!

Die laaste hoofstuk van Jakobus sê ook: Die weerkoms van die Here is naby.

Hierdie verkondiging dat Hy kom, is egter nie net 'n geringe onderdeel van die verkondiging van Christus nie. Dit is nie 'n losstaande nagedagte nie. In die hele Ou Testament is dit op die voorgrond: God kom na sy volk. In die Nuwe Testament is dit 'n voortdurend herhaalde belofte: Kyk, Hy kom! „Die verkondiging van die komende Godsryk is die evangelie." Dit is meteen ook die hoop van die gelowige in Christus dat die volmaakte Heer in aantog is.

As dit anders sou gewees het, sou die wêreld net 'n treurige plek gewees het, en as ons net vir hierdie lewe op Christus kon hoop dan sou ons die ellendigste van alle mense gewees het.

Sy koms is egter seker en daarom is daar in die geloof nie plek vir wanhopigheid en moedeloosheid nie. Moenie teen mekaar sug nie, broeders.

As die Here se nabye wederkoms dan die wanhoop uitsluit, is daar plek vir die opdrag om soos die boer geduldig te wag op die kostelike vrug van die aarde en in die tussentyd jou hart sterk te maak om met 'n vaste hand op die akker van God te arbei.

17 Julie **Lees:** Titus 1:10-16 **Teks:** Titus 1:15

VIR DIE REINES IS ALLES REIN

Gedurende die tyd waarin die brief aan Titus geskryf is, was daar op Kreta mense wat van die gelowiges vereis het dat hulle hulle aan bepaalde reinheidsvoorskrifte moes hou. Dit het onder andere daarin bestaan dat mense hulle moes weerhou van bepaalde kossoorte wat hulle sogenaamd godsdienstig onrein sou maak, en waarskynlik ook van die huwelikslewe, vir dieselfde rede (vgl. 1 Tim. 4:3). Dit het by hierdie mense egter nie gegaan om voorskrifte sondermeer nie. Van hulle word gesê dat hulle van die waarheid afgedwaal het (vers 14), en dat die dinge wat hulle leer en voorskryf, nie met die evangelie van Jesus Christus te rym is nie. Die onreinheid waarteen hulle wil waak, is nie in die dinge wat mense eet of nie eet geleë nie, maar in hulleself. Hulle verstand en gewete is besoedel (vers 15); hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit (vers 16). Hulle gebruik hierdie voorskrifte as 'n denkmantel, as 'n skerm waaragter hulle met hulle onheilige, ergerlike praktyke kan voortgaan. Vir hulle is niks rein nie, omdat hulleself in die ergste graad besoedel is.

Hierteenoor, sê die skrywer, is alles rein vir die reines. Dit herinner ons aan die woorde van Jesus in Matt. 15:11; Mark. 7:18-23; Luk. 11:41 en ook aan wat Paulus gesê het in Rom. 14:14, 20 en 1 Kor. 8. Niks wat van buite die mens kom, wat hy eet of drink of aantrek, maak hom voor God onrein en verwerplik nie. Die koninkryk van God is ook nie 'n saak van eet en drink nie, maar van geregtigheid en vrede en vreugde wat die Heilige Gees ons gee (Rom. 14:17). Wat ons eet en drink bring ons immers nie nader aan God nie (1 Kor. 8:8). Die onderhouding van uiterlike gebruike, maak mense daarom nie godsdienstiger nie en maak nie van hulle beter gelowiges as ander nie. Alles wat God geskape het, is goed, en wanneer 'n mens dit met dankbaarheid uit die hand van God ontvang en geniet, is niks verwerplik nie (1 Tim. 4:3 v.).

Reinheid en onreinheid is 'n saak van die hart. Daarom is dit 'n saak van geloof of ongeloof. Waar daar 'n opregte geloof is, waar die verhouding met God reg is deur Jesus Christus, daar is ook die lewensbeskouing reg. Daar word God en die naaste deur die goeie dinge wat God geskape het, gedien.

Waar daar nie geloof is nie, word die dinge rondom ons vir goddelose doeleindes misbruik en word bysaak tot hoofsaak verhef om sodoende die wankelrige geloof staande te hou. Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde. Maar vir die reines is alles rein.

18 Julie **Lees:** Titus 2:1-10 **Teks:** Titus 2:1

DIE GESONDE LEER

Titus word aangespoor om hom by die gesonde leer te hou. Dit is die enigste antwoord op die dwaalleringe van die mense wat in 1:10-16 ter sprake was. Hiermee sal hy hulle streng kan teregwys, en hulle daartoe kan bring om in die geloof gesond te word (1:13). Meer nog, hy sal met die gesonde leer 'n gesonde geloofsgemeenskap tot stand kan bring. Daarom is hierdie leer nie net bedoel om dwaalleringe te weerlê nie, maar veral om die gemeente van Jesus Christus op te bou as 'n liggaam wat in die geheel en ook sover dit elke afsonderlike lid betref, in die geloof gesond is.

Hierdie gesonde leer is niks anders nie as wat met die evangelie van Jesus Christus en die eise van die Woord van God in ooreenstemming is. Waar dit verkondig en geglo word is 'n gesonde lewe, 'n vrugbare lewe waarin niks ontbreek nie. Hierteenoor staan die gemeenskap wat siek is en die kiem van sy eie ondergang, van die dood, in homself dra.

Hierdie gesonde leer is ook nie net bedoel vir sekere ouderdomsgroepe in die gemeente nie. Dit is gerig op oud en jonk. En die vrugte van die geloofslewe wat uit hierdie gesonde leer voortspruit, is talryk. Hier word slegs 'n paar genoem: volharding in die geloof, 'n heilige lewe, kuisheid, liefde, goeie gedrag voorbeeldigheid, nugterheid, waardigheid, verstandigheid, goedhartigheid, besadigdheid, onderdanigheid, betroubaarheid, goeie werke. So 'n gemeenskap ken nie oneerlikheid, diefstal, dronkenskap ensovoorts nie.

Waar die gesonde leer so 'n geloofsgemeenskap tot stand gebring het, leef die gemeente egter nie net vir homself en soek hy nie sy eie eer nie. Dit is God wat deur sy Woord hierdie gemeenskap skep en aanspraak maak op die diens en die eer wat aan Hom verskuldig is. Dit is waarop hierdie gesonde leer uiteindelik gerig is: die diens en verheerliking van God. En die verkondiging van hierdie leer is nie net die taak van die evangeliedienaar nie. Elke gelowige moet daarvan die draer en die vervuller wees. Dit is 'n saak van leer en lewe. 'n Gesonde lewe is daar nie sonder die gesonde leer nie en die gesonde leer kan nie sonder sy antwoord, die gesonde lewe, wees nie.

19 Julie **Lees:** Titus 2:11-15 **Teks:** Titus 2:11-13

TUSSEN KOMS EN KOMS

Twee keer word in hierdie paar verse van die koms van Jesus Christus gepraat, maar nie elke keer van dieselfde koms nie. Die eerste is die koms in nederigheid, die tweede die koms in heerlikheid.

Wat nou van die tyd tussen hierdie koms en koms, en wat van die mense in hierdie tyd? Hierdie tyd is 'n tyd van spanning omdat dit deur die eerste en die tweede koms begrens word. Die eerste koms het die nuwe eeu, die heilstyd, reeds in hierdie huidige wêreldtyd laat aanbreek; die tweede koms sal die huidige wêreldtyd finaal beëindig. Daarom is die tyd waarin ons nou lewe: die eindtyd. En omdat dit eindtyd is, is die tyd kort.

Wat maak ons nou met hierdie tyd en wat maak ons in hierdie tyd? Vers 14 sê dat Jesus Christus met sy eerste koms ons deur sy offer van elke ongeregtigheid verlos het, en ons van sonde gereinig het sodat ons sy volk kan wees, 'n volk wat ywerig is om die goeie te doen. Hierdeur het Hy reeds op ons beslag gelê en ons so vir Hom opgeëis dat ons lewe in werklikheid nie meer aan die huidige wêreld behoort nie, maar aan die heilstyd wat in Hom reeds aangebreek het.

En tog leef ons nog in hierdie wêreld, en leef ons nog in sonde. Dit is 'n fout. Daarom sê vers 12 dat ons deur die genade van God, deur die evangelie van Jesus Christus, opgevoed word om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede af te wys, te laat staan, om met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe. Die tyd waarin ons lewe, is dus die tyd waarin iets met ons moet gebeur, en dit op grond van wat met ons deur Christus se eerste koms gebeur het en met die oog op sy tweede koms wat voor die deur staan. En wat met ons gebeur, is nie toevallig nie en ook nie uit eie krag nie. Dit is die lewende Heer van die kerk wat nou reeds oor alles en almal regeer, wat dit in ons werk.

Ons lewe is in albei veranker: in die eerste koms en in die tweede. Ons kan ons nie hiervan losmaak nie. En juis dit plaas op ons 'n groot verantwoordelikheid. Ons moet word en wees wat ons in Christus Jesus is, en dit met die hoop gerig op sy koms. Die tyd is naby!

20 Julie **Lees:** Titus 3:1-7 **Teks:** Titus 3:7

TOE EN NOU

Die skrywer stel in hierdie paar verse verlede en hede teenoor mekaar. Hy grens hulle skerp teenoor mekaar af. Die een het niks met die ander te maak nie. Die eerste loop nie deur in die tweede nie, en die tweede het geen wortels in die eerste nie. Hier is 'n radikale breuk tussen die twee. Klink dit

nie 'n bietjie vreemd nie? Het verlede en hede nie altyd met mekaar verband nie? Ja, maar nie hierdie bepaalde verlede en hierdie besonderhede waarvan hier sprake is nie.

Die verlede waarvan die skrywer hier praat, is ons sondige verlede. Hy is hieroor openlik en eerlik maar roem nie hierop nie, inteendeel hy is hieroor skaam. Dit het bestaan uit onverstandigheid, ongehoorsaamheid, verslaafdheid aan allerlei begeertes en singenot, kwaadwilligheid en nydigheid. Dit is 'n bedenklike, roemlose verlede.

Maar hy kan daaroor juig dat dit „verlede" is, vir goed verby is. Hy kan daaroor praat as 'n lewe van „voorheen", 'n lewe van „toe". Waarom? Omdat God daardie verlede uitgewis het. Dit is nie meer ons verlede nie. En die wyse waarop God dit uitgewis het, is die enigste wyse waarop dit kon gebeur: deur die kruisdood van Jesus Christus. En hoe kom óns hierby ter sprake? Jesus Christus het nie alleen vir ons gesterf nie, ons is deur die doop in sy gemeente, sy liggaam, ingelyf. Daardeur het ons saam met Hom gesterf en saam met Hom opgestaan uit die dood. Ons is weergebore, ons het kinders van God geword. En hierdie nuwe lewe, hierdie kindskap van God, het niks te maak met die lewe van voorheen nie. Die nou van die hede het geen verband met die toe van die verlede nie. Christus is nou ons verlede, meer nog Hy is ons hede en ons toekoms. Wie in Christus is, is 'n nuwe skepsel; hy leef nie meer nie, maar Christus leef in hom.

Dit alles het alleen één grond: die barmhartigheid en genade van God. Deur sy genade alleen is ons geregverdig, vrygespreek, is ons nuwe mense. En as kinders van God is ons erfgename, erfgename van die lewe waarop ons hoop.

Die toe en die nou van ons lewe is met mekaar onversoenbaar. Die toe behoort nie meer te bestaan nie, want die allesoorheersende is die nou van ons lewe in Christus. Hoe gelukkig is hulle in wie se lewe dit waar geword het. En dit sal waar gemaak word deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is: die Waarborg van die nuwe lewe in Christus Jesus.

21 Julie **Lees:** Titus 3:8-15 **Teks:** Titus 3:8

GELOOF EN GOEIE WERKE

Geloof is nie 'n werk nie, maar geloof is ook nie werkloos nie. Geloof is kennis van 'n goeie daad — van die verlossingsdaad van God in Jesus Christus. Daarom is geloof kennis van God soos Hy Hom in sy dade geopenbaar het. Om God so te ken, is om te leef in die verhouding wat God met ons tot stand gebring het. In hierdie verhouding is God getrou. Hy sal doen wat Hy beloof het. Daarom is geloof ook vertroue op God en vertroue op God is nie verdienste nie. Dit is genadegawe.

Wie so glo, moet nie eers besluit of hulle goeie werke sal doen nie. Goeie werke is die vanselfsprekende vrug van hierdie geloof. En wat meer is, goeie werke is dankbaarheid, dankbaarheid in aksie.

Maar wie bepaal of 'n werk, ja selfs 'n dankbaarheidsdaad, goed is? Natuurlik nie ons nie. God alleen kan hieroor oordeel. As ons dankbaarheid so moet wees dat dit God welgeval, weet ons mos dat selfs die beste nog maar uiters gebrekkig en onvolkome is. Wie kry ooit met die dankbaarheid klaar, en wie het al na behore dankbaarheid bewys? Boonop hou God nie met sy weldade op nie, sodat ons dankbaarheidskuld steeds groter word. Wie sou dan kon roem op wat hy nog skuld, en al sou hy dit betaal, waarop sou hy roem?

Titus word in ons teksvers gevra om die wat in God glo, dit voortdurend op die hart te druk om goeie werke te doen. Eintlik word gesê dat hulle in die doen van goeie werke moet vóór staan. Hulle moet nie op hulle laat wag nie, nie ander hulle laat voorspring nie. As hulle dit doen, sal hulle nie alleen met die daad dankbaarheid aan God bewys nie, hulle goeie werke sal ook tot nut wees van die mense. Ja selfs ook van nie-gelowiges. Dit gaan nie in die geloofslewe van die gemeente om 'n selfsgenoegsaamheid of 'n selfverheffing in afsondering van ander nie. Selfs die nie-gelowiges moet die voordeel kry van die goeie wat ons doen. Omdat dit geloofsdade is, word daardeur juis die goedheid en barmhartigheid van God, ja God self aan hulle verkondig. Dit moet hulle op ons jaloers maak sodat hulle oortuig kan word om in God te glo en Hom met hulle dade te verheerlik.

Laat ons mekaar aanspoor om in die werke wat uit die geloof is vóór te staan. Daar is te veel wat tevrede is dat hulle voorgespring word.

22 Julie **Lees:** Filemon 1-7 **Teks:** Filemon 4-5

GELOOF EN LIEFDE

Paulus sit in die gevangenis. 'n Slaaf, Onesimus, het van sy baas af weggeloop en by Paulus uitgekom. Hier in die gevangenis is hy deur die verkondiging van Paulus tot die geloof in Jesus Christus bekeer. Nou stuur hy hom terug na Filemon toe en met hom saam 'n brief aan Filemon. Onesimus is aan 'n ernstige misdaad skuldig en 'n swaar straf kan hom opgelê word.

Maar Paulus tree vir hom in. Hy het die vrymoedigheid en die vaste grond waarop hy vir hom kan intree. Hy ken Filemon se liefde vir al die gelowiges en sy geloof in die Here Jesus. Omdat hy glo, weet hy van die vergewende liefde van God wat aan hom en aan almal bewys is. Hy weet dat die liefde van God nie slegs in die gesindheid van God jeens hom bestaan het nie maar in die liefdedaad van God in Jesus Christus. Uit sy ervaring van hierdie liefde van God is sy liefde gebore, nie net sy liefde vir God nie maar ook vir al sy medegelowiges. So 'n liefde het die wêreld nie geken nie. Dit is alleen in Jesus Christus geopenbaar.

Daar is ook ander vorme van liefde onder mense, maar nie een sluit die eie-ek volkome uit nie. Hierdie liefde wat ons deur die geloof in God leer ken het, is 'n selflose liefde. Dit is 'n liefde-teen-elke-prys. Met ander woorde geen prys is daarvoor te hoog nie en geen offer is daarvoor te groot nie. Dit is die liefde wat nie terugdeins vir selfvernedering en vir skande aan jouself nie.

Filemon staan bekend vir so 'n geloof en vir hierdie liefde. Oral word daaroor gepraat. Elke keer as Paulus bid, dank hy God daarvoor. Die terugkeer van Onesimus is 'n toets vir hierdie liefde. Hy is nou 'n medegelowige en kom met skulderkenning terug. Paulus wil nie die oortreding goed praat nie, maar dit is reggestel. Onesimus het berou. Voor God was Filemon aan veel meer skuldig. Hy is vergewe. Nou met sy liefde die toets deurstaan.

Geloof sonder liefde is leeg, en liefde sonder geloof het geen grond nie. God is liefde, en wie nie liefhet nie, ken God nie. Wat baat dit as julle net die liefhet wat vir julle liefhet?, het Christus gevra. As ons mekaar nie vergewe nie, het die liefde van God nie in ons tot volle ontplooiing gekom nie. Dan is ons geloof van geen betekenis nie, en ons liefde selfbedrog.

23 Julie **Lees:** Filemon 8-21 **Teks:** Filemon 15-16

SLAAF EN BROER

Die begrippe slaaf en broer sluit mekaar uit, net soos slaaf en kind mekaar uitsluit. Niemand kan tegelyk iemand se slaaf en sy broer of sy kind wees nie.

Onesimus se misdaad het sy lewe ingrypend verander, maar so ook die toekomstige verhouding tussen hom en Filemon. Hy het van Filemon af weggeloop en by Jesus Christus uitgekom. Hy het hom losgeruk van Filemon en toe 'n dienskneg van Jesus Christus geword. Sy misdaad is deur God met 'n heilsdaad beantwoord. Hy het homself van Filemon vrygemaak, maar ware vryheid eers gevind toe God hom van die slawerny van sonde bevry het. Nou keer hy as slaaf na Filemon terug maar as vrygemaakte van die Here.

Filemon kry hom as slaaf terug maar ook as broer in die Here. Vroeër was hy vir Filemon onbruikbaar, nou is hy bruikbaar nie net vir Filemon nie maar vir almal wat glo. Vir 'n tyd lank moes Filemon hom ontbeer om hom vir altyd as medegelowige terug te ontvang. In Onesimus het Filemon 'n groot wins behaal, nie omdat hy hom as slaaf terug ontvang nie, maar meer as 'n slaaf, as 'n broer in die Here.

Paulus gryp nie in die sosiale orde van sy tyd in nie. Hy wil nie strukture afbreek nie. Hy soek nie die sonde in die sosiale strukture nie. Hy doen 'n beroep op die geloof en die liefde van Filemon en laat die res aan Filemon oor. Hy laat Filemon verstaan dat die verlossing in Christus en die eenheid

in geloof, meer is as sosiale ordes en strukture. Al sou Onesimus die slaaf van Filemon bly, verander dit niks daaraan dat hy deur die Here vrygemaak is nie. En al sou Filemon homself as heer van Onesimus handhaaf, verander dit niks daaraan dat hyself 'n slaaf van Christus is nie. Vir Filemon en Onesimus is nie belangrik wie heer of slaaf is nie, maar wie deur die Here vrygemaak is en aan Hom behoort.

Ons is dikwels oor ons vryheid besorg, en baie mense is bereid om hulle lewe daarvoor af te lê en doen dit inderdaad. So sterf baie vir vryheid, maar in baie gevalle as slawe van die sonde. Daar is net een vryheid waarmee ons vrygemaak moet word of ons slawe of vrymanne is, ryk of arm, magtig of gering, en dit is die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het. Laat ons hierin vas staan.

24 Julie **Lees:** Lev. 1:1-9 **Teks:** Lev. 1:1

DIE HERE SPREEK TOT DIE MENS

Die Here het Moses geroep en met hom gespreek. Met hierdie woorde gee die skrywer van die boek Levitikus te kenne dat alles wat gaan volg, inderdaad deur God gegee is. Die woord „geroep" gee te kenne dat iets belangriks gaan volg. Trouens, dit is die derde keer dat Moses geroep word: die eerste keer by die brandende doringbos (Ex. 3:4), die tweede keer gebeur dit by die berg Sinai (Ex. 19:3) en nou weer hier. Elke keer het die woord „geroep" gedien om iets belangriks in te lei. Dus is hierdie gedeelte ook van besondere belang. God spreek hier tot Moses en deur hom tot die volk. God spreek vanuit die tent van samekoms, soos dit in die verlede ook gebeur het dat God vanuit 'n bepaalde plek spreek, soos die twee voorbeelde hierbo ook aantoon.

Die tent kry besondere betekenis as die plek waaruit Hy deur die woord na Israel toe gaan. Vir die volk is die tent ook om 'n ander rede van belang: dit is die plek waarheen hulle met hulle offers gaan. Dit word die tent van ontmoeting tussen God en mens.

Dit is dan ook om hierdie rede dat die besondere plek van ontmoeting vir ons vandag belangrik is. Daar spreek God tot ons deur sy Woord en hoor ons die getuienis van die Woord wat God en Jesus Christus tot ons spreek. Dit is die woord van verlossing, redding en genade.

25 Julie **Lees:** Lev. 10:1-5 **Teks:** Lev. 10:1

DIEN HOM VOLGENS SY WIL

Die boek Levitikus handel by uitstek oor die kultus of dan die godsdienscefening van die Jode. Die belangrike in die verband, en waarop ons beslis moet let, is die feit dat die godsdiensoefening moet verloop volgens die wil van God.

By hierdie heilige gebeurtenisse bepaal God hoe hierdie ontmoeting tussen Hom en mens sal verloop, en hoe die gemeenskap tussen God en mens beoefen moet word.

Nadab en Abiku het in een besonderheid nie gebou aan die voorskrif van die Here nie. Hulle het „vreemde vuur" gebruik. Blykbaar, volgens 9:24, het die Here die vuur by die altaar aan die brand gesteek. Volgens Lev. 16:12 moet die priesters die vuur by die altaar kry wanneer hulle dit nodig het vir die offers. Die vuur moes klaarblyklik brandende gehou word. Dit het Nadab en Abiku nie gedoen nie. Blykbaar het hulle die vuur elders gekry, daarom is dit vreemde vuur. Die straf vir die oortreding is die dood.

Eiewillige handeling van die mens is sonde. Daarom is dit verkeerd van die mens om te verklaar dat hy God op sy eie manier sal dien, soos hy wil! Die wil van God is van veel groter belang as die wil van die mens. Ons moet die Here dien soos Hy gedien wil word. Dit sien ons ook baie duidelik in die lewe en werk van Jesus Christus. Lukas 22:42 bring dié aspek sterk na vore waar ons hoor dat Jesus in die tuin van Getsemane bid: „Vader as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!"

26 Julie **Lees:** Lev. 3:1-5 **Teks:** Lev. 3:1

OFFER DANK AANGOD

Die offer wat in dié gedeelte ter sprake kom, is bekend onder verskillende name, bv. vredesoffer, heilsoffer, bondsoffer of ook die dankoffer. Die besondere kenmerk van hierdie offer is dat dit deel uitmaak van 'n offermaaltyd (vergelyk 7:11-21). By dié geleentheid kom die offeraar en diegene saam met hom en hulle eet 'n deel van die offer. Meer nog, daar word ook aanvaar dat die Here teenwoordig is. Hy is die gasheer en die maaltyd word 'n gemeenskapsmaal tussen God en die offeraar en die offeraar verstaan dit so dat 'n gedeelte van die offer wat hy aan die Here skenk, deur die Here aan hom teruggegee word as voedsel om te eet by die maaltyd.

Dit is dus 'n dis van die Here. Dit dien ook ter herinnering aan en tot die vernuwing van die verbond. Vir Israel, in teenstelling tot die ander godsdienste, bestaan hierdie gemeenskap wat so beoefen word uit die bereidheid van die Here om toe te tree en deel te hê aan die dis. Hierdie offers gee uiting aan blydskap vir die voorreg om saam met God an sy dis te verkeer. Tog kom die offer ook in droewige omstandighede voor (Rigt. 20:26, 1 Sam. 13:9) maar dan ook juis omdat daar gehunker word na die teenwoordigheid van God.

Die offermaaltyd herinner sterk aan ons nagmaalsviering, waar dit juis ook 'n gemeenskapsmaal is, waar ons mag aansit aan die dis van die Here en telkens wanneer ons die brood eet en uit die beker drink die dood van die Here verkondig, totdat Hy kom.

27 Julie **Lees:** Lev. 7:1-5 **Teks:** Lev. 7:2

JESUS 'N VERSOENING VIR ONS SONDES

Daar is geen mens wat nie sondig nie (1 Kon. 8:46). Dit is 'n feit waaroor ons nie eens hoef te redeneer nie. Almal van ons is sondaars. Sonde is 'n ernstige saak en kan nie ligtelik afgemaak word nie. Dit is dan ook die rede waarom die voorskrfte in Levitikus gegee word ten opsigte van die offers wat gebring moet word. Hierdie voorskrifte gee duidelik te kenne dat die mens nie by magte is om self met de sonde af te reken nie.

Sonde bring skeiding tussen God en mens. Die bedoeling van skuldoffer is dan om versoening te bewerkstellig. Ons moet dit reg begryp: dit word nie bewerkstellig deur die inherente goeie eienskappe van die offerdier nie, maar omdat dit die weg is wat deur God aangewys is.

Die skuldoffer word by die groot altaar in die voorhof geslag en die bloed word onder rondom die altaar uitgegooi. Bloed word in die Ou Testament verbind met beide die lewe en die dood. In Lev. 17:11 word die siel daarmee verbind. Dit kom in elk geval hierop neer dat God daaroor beskik (vergelyk Gen. 9:4). Die lewe van die offerdier word geëis. Sonde is goedkoop, versoening is ontsettend duur! Sonde kan nie ligtelik geneem word nie. Daarom verklaar Esegiël: „Die siel wat sondig, die moet sterwe . . ." (18:20.) God het in sy genade dit so beskik dat die offerdier in die plek van die skuldenaar sterwe. Die bloed van die offerdier reinig ons want ons lees in Hebr. 9:22 „sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie".

Wanneer Jesus nou in Mk. 14:24 verwys na sy bloed, die bloed van die verbond, weet ons dat Hy alles vervul het wat nog net deurgeskemer het in die offerwetgewing. Vir ons is die trooswoord dus die woorde van 1 Joh. 2:2 „En Hy is 'n versoening vir ons sondes . . ."

28 Julie **Lees:** Lev. 16:29-34 **Teks:** Lev. 16:30

DIE VERLOSSING IN JESUS CHRISTUS

Hierdie dag — die groot versoendag — het 'n besondere plek in die lewe van Israel ingeneem. Dit is die belangrikste van al die offers wat voorgeskryf is, en dit is ook enig van geaardheid. By die ander offers gaan dit om die enkeling, of 'n kleiner groep, hierdie dag gaan dit om die hele volk en al hulle sondes. Op die dag word versoening vir almal vir alles gedoen.

Die dag en sy verrigtinge herinner die volk ook daaraan dat die daaglikse, weeklikse en maandelikse offers nie voldoende is nie. Op dié dag, eenkeer in die jaar, moet daar dié besondere versoendag gehou word. Die hoëpriester het voorgeskrewe handelinge wat hy moet verrig, alles in die hoofstuk uiteengesit. Die resultaat was dan die reiniging van die sonde — hulle moet gereinig word voor die aangesig van die Here.

Juis omdat dié dag ook maar jaarliks herhaal moes word, het aangetoon dat dit sy eie beperkthede het, en daarom wys

dit heen na 'n veel grootser gebeure wat hom in latere tye rondom Jesus Christus sou afspeel. Al die verskillende elemente van die groot versoendag kom in die versoeningswerk van Jesus Christus na vore, maar met die verskil: sy versoeningswerk is eenmalig, dit hoef nie weer herhaal te word nie — dit is volkome, die versoeningswerk is afgehandel. Daarom kon Paulus skrywe dat Jesus Christus Homself as 'n losprys vir almal gegee het (1 Tim. 2:6) en dat Hy oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking (Rom. 4:25). Ons gewete word van dooie werke deur die bloed van Jesus Christus gereinig (Hebr. 9:4).

29 Julie **Lees:** Lev. 11:1-12 **Teks:** Lev. 11:11

WEES REIN

Ons vra so maklik die vraag: hoekom moet ek kerktoe gaan? In die Ou Testament word die nadruk anders gelê: wanneer mag jy nie na die heiligdom gaan nie? Die Israeliet het dit so beleef dat dit 'n voorreg is om na die tempel te gaan, dink bv. aan Ps. 42. Dit is en bly 'n voorreg. In die Ou Testament gaan dit dus daarom: jy gaan, as jy mag gaan. Wie mag gaan? Hy wat rein is, so leer bv. Ps. 24. Die sogenaamde reinheidswette hou verband met wat ons die alledaagse kan noem. Die alledaagse lewe en die godsdiens is onlosmaklik met mekaar verbonde. Die begrip rein hou verband met die begrip heilig. Heilig is 'n aanduiding van die dinge wat eiesoortig is, van die ander afgesonder. So is die heiligdom waar die Here „woon", heilig. Reinheid is die eis waaraan voldoen moet word om tot die heiligdom te kan toetree. Onreinheid bring mee dat deelname aan die diens van die Here onmoontlik is. Daar is derhalwe 'n verband tussen onreinheid en sonde.

In hierdie gedeelte gaan dit om rein en onrein diere, rein diere kan geëet word, onreines nie, want dit maak onrein. Waarom sekere diere onrein geag word, is nie altyd so duidelik nie, maar daar bestaan die vermoede dat hulle almal in die omliggende wêreld van daardie tyd een of ander rol gespeel het in die verskillende afgodedienste wat beoefen is. Dit is daarom onaanvaarbaar vir die Here.

Daar word ook voorskrifte gegee hoe gereinig moet word. In Christus is alles egter vir ons vervul. Hy reinig ons van ons sondes, sodat die wat glo eenmaal in die huis van die Vader met sy baie woninge kan tuiskom.

30 Julie **Lees:** Lev. 11:39-46 **Teks:** Lev. 11:44, 45

WEES HEILIG

In die verse wat ons teks voorafgaan, bepaal God dat Israel sekere dinge nie moet eet nie. Indien hulle daarvan sou eet, sal die resultaat wees dat hulle onrein is. Die rede wat aangevoer word vir die verbond, is dan dat Israel heilig moet wees, omdat die Here heilig is.

Wanneer ons nou in die alledaagse omgang praat van heilig, koppel ons so maklik 'n ongunstige betekenis daaraan byvoorbeeld: hy verbeel hom dat hy heilig is. Die Bybel ken nie 'n ongunstige betekenis vir die begrip heilig nie. Nee, dit is 'n lewensëis wat gestel word.

Wanneer ons nou lees dat God heilig is, sê dit in die eerste plek dat God „anders" is. Daarom word soms van God as die „Gans Andere" gepraat. Hy is geheel-en-al anders, met niks en niemand te vergelyk nie. In die begrip „heilig" lê ook iets van afsondering opgesluit; selfs ontoeganklikheid, niemand mag God sien nie. Nietemin beteken hierdie afsondering nie dat Hy ver of weg is nie. Die kontras word duidelik deur Hosea uitgebeeld: „want Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde . . ." (11:9).

Sy heiligheid omvat ook nog ander elemente: sy almag, sy heerlikheid, sy toorn, sy liefde.

Die eis van heiligheid aan die volk kom daarop neer dat terwyl hulle God heilig is, hulle ook heilig moet wees, anders wees. Bo alles moet hulle hul onttrek aan die sonde. Hulle moet God volg, en Hom alleen dien. Paulus stel dit so dat vir diegene wat in Jesus Christus glo, die sonde dood is. Die gelowige gaan nie op die pad van die sonde nie. Hulle volg Jesus Christus, die Here.

31 Julie **Lees:** Num. 1:1-4 **Teks:** Num. 1:2

DIE STRYDENDE KERK

Israel was die Godsvolk, die kerk van die Ou Testament; 'n volk, 'n kerk op pad na die beloofte land Kanaän. Hierdie woestyntog was 'n gevaarlike pad. Ooral was hulle omring deur vyande, vyande van volk, kerk en God. Die volk van Israel het dus 'n voortdurende stryd om hul bestaan en voortbestaan gehad. Nou gee God aan hulle opdrag om die weerbare manne, almal bo twintig jaar oud, te tel. Op goeie militêre wyse moet elkeen volgens sy eenheid en regiment ingedeel word sodat daar as die dag van oorlog aanbreek geen verwarring sal wees nie. God hou nie van wanorde nie en in wanorde sal hulle nie hul volk en kerk behoorlik kan verdedig nie.

Die kerk van die Ou Testament het oorgegaan in die kerk van die Nuwe Testament. In die Nuwe Testament word liefde en vrede verkondig, maar nog is die vyande van die kerk menigvuldig. Volgens die apostel Paulus is ons vyande baie gevaarliker, want die stryd is meer 'n geestelike stryd. Ook ons word ingedeel in kerke en gemeentes en in elke gemeente word alle pogings aangewend om die gelowiges vir die stryd teen die sonde en magte van Satan gereed te maak en gereed te hou. Dit word veral deur die prediking en katkisasie gedoen. Vir elke gelowige is daar 'n groot stryd, 'n persoonlike stryd, maar ook gesamelik met baie ander gelowiges.

1 Augustus **Lees:** Num. 1:16-9 **Teks:** Num. 1:18

GOD VOER SY BELOFTES UIT

Israel moet sekuur getel word. Mens vra: waarom? Weet God dan nie hoeveel mense daar is nie? Hier moet die menslike element in ag geneem word: Israel swerf alreeds twee jaar in die woestyn rond en hulle het sekerlik al begin moedeloos word, want die beloofde land kom ook nie nader nie. Nou gee God aan hulle hierdie vertroosting en bemoediging: God het 'n ewige verbond met Abraham en sy nageslag gesluit. Twee van die beloftes van die verbond was dat daar 'n groot volk sal wees en dat hierdie volk die beloofde land Kanaän sal beërwe. Nou word die volk getel en ek glo dat die mense self verbaas was om te verneem hoe baie hulle werklik was. Hulle word getel volgens hul stamme en families en hiermee kom Israel tot die besef dat hulle nie alleen baie is nie, maar ook werklik 'n volk. God het dus die een belofte nagekom. Israel kan die sekerheid hê dat God ook die ander belofte sal nakom naamlik dat hulle die land Kanaän sal intrek.

Die Nuwe Testament leer ons dat hulle wat in Christus glo, deel is van die verbond wat God met Abraham gesluit het. Israel het as sewentig mense na Egipte getrek en uitgetrek as 'n groot volk. Die Christelike kerk het begin met honderd en twintig mense en is vandag oor die hele wêreld versprei. Sal God dan nie ook sy belofte gestand doen dat ons deur die geloof in Christus die hemelse Kanaän sal beërwe nie?

2 Augustus **Lees:** Num. 1:44-47 **Teks:** Num. 1:46

GOD VERSORG ALMAL

Die laer van die volk van Israel moes geweldig groot gewees het. Die getal mense word aangegee as seshonderd en drieduisend vyfhonderd en vyftig. Volgens Num. 1:2 was hierdie getal alleen die mans oor die ouderdom van twintig jaar en dan was die leviete ook nog uitgesluit. As mens die vrouens, kinders, jongmense en leviete byreken, was die getal ongetwyfeld baie groot. Hierdie geweldige getal mense is op pad, hulle trek deur die onherbergsame, barre woestyn. Daar was nie tyd vir plant en saai nie. Hulle het nie elkeen sy eie groot wa gehad om genoeg kos saam te neem nie en — waar kry so baie mense met hul diere water? Veertig jaar het hulle so rondgeswerf. En tog, God het hierdie geweldige massa mense versorg. Hulle het altyd vars kos en water gehad: manna uit die hemel as brood, kwartels as vleis en water van oases en uit rotse. Baie van hulle het teen God in opstand gekom, gemurmureer. Ander het groot sonde gedoen en tog het God almal versorg. Hy het baie beproewinge oor hulle laat kom. Baie het gesterf, maar almal is versorg.

As ek terugkyk, kan ek werklik sê dat God my nie versorg het nie? Verdien ek werklik dat die son oor my skyn, die reën val, ek gesondheid het, dat ek kan lag en vrolik wees? Ek is so sondig en nog gee Hy beproewing om my nader aan Hom te bring. Nog versorg Hy van oomblik tot oomblik. Is ek so ondankbaar dat ek nie eers dankie sê nie?

3 Augustus **Lees:** Num. 1:49-54 **Teks:** Num. 1:50

BESONDERE AMPTE IN DIE KERK

Die leviete was deel van die volk van Israel, maar is nie saam met die res van die volk getel nie. Hulle het 'n besondere taak in die kerklike lewe van die volk gehad en dit was om besondere aandag aan die kerk en godsdiens te gee en sommige van hulle om hul lewe aan die kerk te wy. Die ander stamme moes vér weg van die tabernakel af kamp, maar die leviete moes direk rondom die tabernakel kamp. As die vyand kom en deurdring deur die geledere van Israel, was die leviete nog daar om die tabernakel met hul lewe tot die laaste toe te verdedig.

Ook in die Christelike kerk is daar mense wat geroep is om 'n besondere taak te verrig. Hulle is die kerkraad en predikant. Hierdie mense word deur die gemeente in die Naam van God geroep en daarom deur God self. Hulle word ook op 'n besondere wyse in die diens bevestig en hulle lê ook besondere beloftes af. Hierdie mense het dus die taak om op besondere wyse die kerk en die gemeente te dien, om getrou en pligsgetrou aan gemeente en aan mekaar te wees. Die gemeente moet na hierdie ampsdraers ook kan opsien. Hierdie ampsdraers moet ook bereid wees om op besondere wyse vir die kerk die Christelike geloof te stry en moet aan die gemeente leiding gee.

4 Augustus **Lees:** Num. 2:1-9 **Teks:** Num. 2:34

GOD IS 'N GOD VAN ORDE

Vir twee jaar lank het Israël reeds in die woestyn rondgeswerf, vér oor die twee miljoen mense op die trekpad. Meer as eenkeer was daar seker verwarring. Dikwels was daar seker rusie en redenasies oor wie eerste kamp moet opbreek, wie voor moet trek en wie agter in die stof van die ander moet trek. Met die verloop van tyd was hierdie menigte seker siek en sat van die wanorde wat geheers het. Nou kom God en gee baie duidelike opdragte oor die plek van die tabernakel in die middel van die laer en wys elkeen sy plek aan rondom die tabernakel. Die opdragte is ook baie duidelik oor wie eerste kamp opbreek en wie laaste. Volgens Josua 3:4 moes die afstand tussen die eerste mense en die tabernakel 'n duisend meter wees. Dit is dus baie duidelik dat God geen onordelikheid in die gemeenskap verdra nie en ook geen lawaai by die

tabernakel nie. Dwarsdeur die Bybel lees ons dat God orde vereis. So gee Hy baie duidelike en streng wette sodat Israel en ons presies weet wat God wil hê. Daarom lees ons ook dat God die owerheid toelaat om daar te wees en gee ook aan die owerheid magte om orde te handhaaf. As jy hierdie orde versteur deur die wette van die owerheid te oortree, kan nie net die owerheid jou straf nie, maar jy oortree die orde van God. So gee die Bybel ook duidelike opdragte dat dit stil en rustig in die kerk moet wees (lees Rom. 13 en 1 Kor. 14:34). As die orde, stilte en rus in die erediens versteur word, word die verkondiging van die evangelie versteur en dit is oortreding van die bevel van God.

5 Augustus **Lees:** Num. 5:1-10 **Teks:** Num. 5:7

GEEN ONREINHEID IN TEENWOORDIGHEID VAN GOD NIE

In hierdie gedeelte is dit baie duidelik dat geen onreines in die omgewing van die tabernakel toegelaat is nie. Melaatses en hulle wat deur die aanraking van 'n lyk besoedel is of wat aan bloedvloeiing ly, moet buite die laer afgesonder word totdat hulle weer gesond is. Dan word hulle deur die priester godsdienstig gesond verklaar. Hier is dit nie alleen 'n geval dat ander mense ook aangesteek kon word nie, maar dit sou ook tot oneer van God wees. Vanaf vers 5 word die saak duideliker wanneer gepraat word van sonde teen die Here en die siel wat skuldig word. Ook hierdie mense mag nie in die omgewing van die tabernakel kom nie, want dit is tot oneer van God. Eers moet hierdie mense belydenis van hul sonde doen en hul berou betoon deur die skuld wat hulle verskuldig is te betaal.

In die kerk word ongeveer hierdie prosedure ook gevolg: wanneer iemand 'n ergerlike oortreding begaan, iemand anders of die kerk of gemeente benadeel, word verwag dat die persoon die saak regmaak (sy skuld betaal) voordat hy aan die nagmaaltafel mag kom sit. As iemand dit weier, kan hy onder sensuur geplaas word en daarmee van die sakramente weerhou word en so 'n persoon kan selfs van die gemeente afgesny word. So word van elke mens verwag om sy sonde en skuld voor God te bely en om vergewing te smeek voordat hy aan die nagmaaltafel plek inneem.

6 Augustus **Lees:** Num. 6:1-8 **Teks:** Num. 6:8

GEHEILIG AAN DIE HERE

Hier het ons te doen met iemand wat 'n besondere gelofte aflê. Dit was dus nie vir sy hele lewe nie en dit is ook nie deur iemand anders op hom gelê nie. Dit was sy eie keuse. Wanneer hy dan so 'n gelofte aflê, moet hy hom baie streng aan die reëls wat neergelê is in verband met die nasiereërskap hou. Hierdie reëls was grotendeels uiterlike handelinge. Hy

mag byvoordeeld nie aan 'n lyk raak nie en ook geen vrug van die wingerdstok eet of drink nie. Dit is ook so dat hy baie naby aan God moes leef, maar die uiterlike was van baie groot belang.

Dit is opmerklik dat Jesus, tydens sy omwandeling, aan lyke geraak het en ook wyn gedrink het. Hy was tog immers geheel en al rein en sonder sonde. By Jesus was dit dus nie 'n saak van die uiterlike nie, maar van die innerlike. So ook vir die gemeente van Christus. In ons geloofsbelydenis bely ons dat ons deel is van die gemeenskap van die heiliges. Ons is dus deel van dié groep mense wat Christus vir Homself geroep het om naby Hom in 'n vaste geloof in Christus te leef. Ons nasireërskap is dus vir jou hele lewe en nie alleen op sekere tye nie. Die goeie lewe wat jy lei, die goeie dade wat jy doen, bring jou dus nie nader aan die hemel nie, maar is die uitlewing van jou geloof. Dit is jou „dankie sê" vir wat Christus reeds vir ons gedoen het. Die belangrikste is nog die innerlike, jou geloof in Christus.

7 Augustus **Lees:** Num. 7:84-89 **Teks:** Num. 7:84a

INWYDINGSGAWE

Hierdie hoofstuk gee 'n opsomming van die gawes wat elke stam van Israel as inwydingsgawe tydens die inwyding van die tabernakel gebring het.

As ons na hulle gawes kyk, is dit opvallend dat dit geweldig waardevol was: silwerskottels, goue rookpanne. Daarby ook die kosbaarste van die offerdiere: bulle, ramme, jaaroud lammers en bokramme.

Goud en silwer is vandag van die kosbaarste edelmetale. En ons weet almal dat goeie bulle en ramme ontsettende hoë pryse behaal. Daarby is daar nie beter vleis as dié van 'n jaaroud lam nie.

Die **beste** is deur Israel aan God gegee uit dankbaarheid vir die goedheid van God wat Hy voortdurend aan die volk betoon, veral vir die verlossing uit Egipte — ook uit dankbaarheid vir hulle offerhuis.

Telkens lees ons van 'n gemeente wat 'n kerkgebou inwy. En net so dikwels lees 'n mens dat by die inwyding die koste daarvan óf grootliks óf ten volle gedelg is. Meestal word by die inwyding nog 'n laaste „inwydingsgawe" geskenk. Dit is 'n mooi gebruik wat dateer uit die dae van die inwyding van die tabernakel.

Gewoonlik word dit ook 'n dankoffer genoem.

Al hierdie offers wat gebring word vandat die kerkgebou beplan word tot dikwels ná die inwyding, kom uit dankbare harte: dankbaar om gelowige te kan wees, dankbaar vir die nuwe huis van God en, bo alles, dankbaar vir Christus se verlossingsdaad uit die Egipte van die sonde.

Mag u inwydingsgawes **én** ander gawes aan God altyd gawes van dankbaarheid wees!

8 Augustus **Lees:** Num. 8:23-26 **Teks:** Num. 8:24-26

LEVIETEDIENS

In Numeri 7 lees ons dat al die stamme van Israel hulle dankoffers vir die inwyding van die tabernakel gebring het, behalwe die stam van Levi. Hulle dankoffers het bestaan uit dienswerk in die tent van samekoms. Naas die priesters is hulle afgesonder vir hierdie besondere dienswerk.

Waar die ander stamme elke dag hulle alledaagse werk verrig het, later in Kanaän hulle eie erfdeel gehad het, was dit nie die geval met die leviete nie. Hulle het hulle volle tyd aan die Here gewy en van die tiendes wat die res van die volk gegee het, geleef.

Op jeugdige ouderdom het hulle met hierdie dienswerk begin en op vyftigjarige ouderdom „afgetree". Tog was hulle hulle broers nog daarna behulpsaam.

Die leviete het dus 'n amp naas die priester in die kerk van die ou verbond beklee. So vind ons in die kerk van die Nuwe Verbond ook verskillende ampte wat naas mekaar staan.

Vandag wil ek iets sê oor die amp van die dienaar van die Woord. Vandag is Sondag. Vandag word daar dwars oor die wêreld die Woord van God deur hulle verkondig.

Op jeugdige ouderdom begin hulle met hierdie dienswerk. Hulle is verbonde aan een of ander gemeente. Soos die leviete word hulle volle tyd daaraan bestee en soos die leviete leef hulle en hulle afhanklikes uit die offergawes van die gemeente.

Kom ons dank God vandag vir twee dinge:

vir hulle wat hulle lewens wy in hierdie besondere diens van Jesus Christus; en vir elke gemeentelid wat, ten dele hiervoor, met 'n blymoedige hart gereeld sy of haar offergawe gee.

9 Augustus **Lees:** Num. 9:6-14 **Teks:** Num. 9:13

ONWILLIGHEID TOT NAGMAALVIERING

Augustusmaand is in baie gemeentes nagmaalmaand. Dan word deur die gemeentes nagmaal gevier ter herinnering aan die lyding en sterwe van Jesus Christus en tot versterking van ons wankellende geloof.

Die nagmaal het sekere verbande met die pasga van Israel. Die belangrikste verband is dat albei gevier word uit dankbaarheid en ter herinnering aan een ding: genadige verlossing deur die barmhartige hand van God. Israel is verlos uit die slawebande van Egipte en ons uit die slawebande van Satan.

Sonder hierdie verlossing sou Israel geen toekoms gehad het nie en so ook ons. Daarom vier ons uit dankbaarheid vir die ewige toekoms wat Jesus Christus vir ons bewerkstellig het, sy heilige nagmaal.

Daar lê ook 'n verband tussen die mens van die Ou Testament en die mens van die Nuwe Testament: by baie is daar 'n onwilligheid tot hierdie viering. Soos by Israel vind ons vandag ook baie verskonings en baie redes waarom daar nie deelgeneem word aan die heerlike viering van die nagmaal nie.

Geen sonde wat ons voor God bely, mag ons verhinder om nagmaal te vier nie. As ons ons daardeur laat verhinder, glo ons eintlik nie dat daardie sonde ons vergewe is nie. Dan glo ons nie in die almagtige en liefdevolle vergewingsdaad van Jesus Christus vir **elke** sonde nie.

Slegs 'n onvergeefde sonde mag ons verhinder om nagmaal te vier. Maar dan moet ons ook onthou **dat 'n onvergeefde sondaar niks anders as 'n ongelowige is nie.** As u dit dus nodig ag om van die nagmaal weg te bly, moet u teenoor uself en God rekenskap gee of u nog 'n gelowige is.

10 Augustus **Lees:** Num. 9:15-23 **Teks:** Num. 9:19

VOORGESKREWE TYD VIR DIE DIENS VAN GOD

In hierdie Skrifgedeelte lees ons dat die volk op voorskrif van die Here laer opgeslaan en afgebreek het. Die wolk wat God beheer het, het telkens vir hulle aangedui of hulle moet laer opslaan en ook wanneer hulle weer moet wegtrek.

Wanneer die wolk baie dae oor die tabernakel gehang het, moes hulle die diens van die Here waarneem. Dit was 'n voorskrif van God. So het God deur middel van die wolk aangedui wanneer Hy wil hê dat die volk Hom in die tabernakel moet dien.

Daar is mense wat die gedagte het dat dit sommer maar die kerk is wat uit voorbarigheid besluit het wanneer daar erediens gehou moet word — net om die gemeente besig te hou.

Maar dit is nie die geval nie. Reeds in die tyd van Israel het **God** al die onderhouding van die erediens voorgeskryf. Let wel: **God!** En so moes dit onderhou word deur al die eeue. Selfs Jesus het dit onderhou: „Soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge . . . " (Luk. 4:16b).

Daarom is die onderhouding van die erediens nie 'n deur die kerk goedgedunkte diens nie, maar 'n deur God gewilde diens — en daarom 'n verpligte diens. Maar hierdie verpligte diens moet met blydskap en dankbaarheid verrig word.

11 Augustus **Lees:** Num. 10:1-10 **Teks:** Num. 10:10

OP DIE BLAAS VAN DIE TROMPETTE

Om nou kort saam te vat wat die doel van die trompetgeblasery was: telkens wanneer iets belangriks moes plaasvind of wanneer die volk se aandag op iets gevestig moes word, is die trompette geblaas. Die bedoeling was dat die volk positief daarop moes reageer.

Die trompette het hulle tot 'n verskeidenheid van dinge opgeroep: om die vergadering byeen te roep vir feeste, vir brandoffers en dankoffers, om die laers te laat opbreek, om die stamhoofde bymekaar te laat kom, om alarm te maak in oorlogstye.

So het die trompette dan altyd tot voordeel van die volk gedien.

Wanneer die geklank van die kerkklokke in ons tyd oor die dorp of stad weergalm, dan is dit die teken dat ons — **elkeen** van ons — bymekaar moet kom, moet reageer, God moet kom dien, waar Hy dit van ons verwag.

Telkens weerklink vandag ook van die **kansels** van die kerk die geestelike basuingeklank. En dit ook om 'n groot verskeidenheid redes: deur die klank van die Woord word ons versadig met die goeie, word ons gewaarsku teen die afrokkelingsgeluide van Satan, word ons vermaan wanneer ons van die Godgebaande weë afgedwaal het of begin afdwaal, en dit is altyd tot ons voordeel. Want sonder hierdie lewensbrood, sonder hierdie waarskuwings, sonder hierdie vermanings is ons gedoem tot die ewige verderf.

Maar as ons daarop reageer, sal ons van die Heer die loon van die ewige lewe ontvang, want die Woord van God roep ons tot lewe.

12 Augustus **Lees:** Num. 11:4-9, 31-32 **Teks:** Num. 11:31

GOD VOORSIEN

In plaas daarvan dat die volk hulle vertroue op die Here geplaas het toe hulle vleis wou gehad het, het hulle gemurmureer en terugverlang na die vleispotte van Egipte. Tog het God ook hierin voorsien soos Hy vroeër manna voorsien het.

Maar in oorgulsigheid het hulle hulle die eerste dag vergryp aan die kwartels wat God voorsien het; het hulle gemors met die vleis wat God hulle gegee het.

God is die Skepper van die hemel en die aarde en alles wat daarin is. Alles wat bestaan, behoort dus aan Hom. As ons eet, eet ons van syne. As ons aantrek, trek ons aan van syne. As ons woon, woon ons in sy eiendom. Trouens, omdat ook alles wat uit die aarde voortkom aan Hom behoort, daarom behoort eintlik niks aan ons nie. Ons is maar net bevoorreg om van syne elke dag van ons lewe te geniet.

Hoe ondankbaar is ons dikwels nie teenoor Hom nie. Ons murmureer ook maar soos die volk Israel oor baie dinge, so asof ons die **reg** het om dit te doen, so asof dit óns goed is waarom dit gaan.

As ons nie murmureer oor wat ons nie het nie, vergryp ons ons dikwels aan dit wat ons het, sonder om met dankbaarheid te dink aan waar dit vandaan kom, of sonder om te dink aan hulle wat minder bevoorreg as ons is.

Ons moet elke oomblik van ons lewe dit onthou: **„die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon."**

13 Augustus **Lees:** Num. 12:10-16 **Teks:** Num. 12:14

GOD SE VERGEWING

Die straf vir Mirjam se oortreding was, menslik gesproke, 'n swaar straf. Maar laat ons erken, die straf kon nog swaarder gewees het. Want voor God is een enkele ongehoorsaamheid, al is dit in die oë van ons mense hoe klein, genoeg om 'n mens en sy nageslag te straf. Dít het in die tuin van Eden gebeur.

In plaas daarvan om Mirjam voor sy aangesig uit te delg, gee Hy haar 'n baie kleiner straf: melaatsheid. Nadat haar sonde bely is, word die melaatsheid ook nog weggeneem. Werklik 'n klein straf!

So groot is die vergewing van God.

Nee, nog groter: Hy straf ons nie eers vir **elke** sonde wat ons doen nie. Trouens, Hy straf ons in werklikheid maar min vir sonde wat ons doen. Vir een oortreding van sy wet, sou Hy ons met die dood kon straf. Maar Hy doen dit nie. Hy vergewe ons dit om Christus ontwil Hy straf Jesus Christus in ons plek sodat ons vrygespreek kan word, verlos kan word. En eenmaal skenk Hy ook aan ons die ewige lewe, om Christus wil.

Dan eers sal ons werklik besef hoe groot die vergewing van God is!

14 Augustus **Lees:** Josua 1:1-5 **Teks:** Josua 1:2

OPDRAG

Josua word 'n beskeie mens genoem. Hy sou dié een wees wat alles sou uitvoer wat die Here Moses beveel het en die werk van Moses voortsit. Van hom sou geskrywe word: „Soos die Here Moses, sy kneg, beveel het, so het Moses aan Josua bevel gegee, en so het Josua gehandel; hy het niks nagelaat van alles wat die Here Moses beveel het nie."

Hy is die man met 'n bepaalde opdrag. Hy moet die volk deur die Jordaanrivier tot in die beloofde land lei. Dit moet die hele volk wees, want nooit word die volk as afsonderlike stamme gesien nie. Terwyl die opdrag kom, is hulle nog aan die oostekant van die Jordaanrivier. Vanaf die berg Nebo sien hulle die beloofde land in sy uitgestrektheid lê. Dit is wat Moses maar net in die verte kon gesien het sonder om dit ooit self binne te gaan.

Nou kom die opdrag om deur te trek. Elke plek waar hulle sal loop, sal die Here aan hulle gee. Dit is die ou belofte wat God nou opnuut aan hulle bevestig. Hy is trou aan sy Woord van geslag tot geslag. Dit wat Hy aan die vadere toegesê het, dra Hy oor aan die nuwe geslag. So word dit nou die opdrag aan Josua. God maak sy Woord waar.

Vir ons as mense geld dié waarheid, al sou ons sê dat die wêreld en sy mense verander, bly God in sy Woord tog nog dieselfde. Alle mense, van alle geslagte bly staan en lewe

onder die opdrag van God. Nooit kan ons vir God te self-standig word nie. Ons bly onder sy Woord lewe. Dank God dat dit 'n woord van bewaring en 'n uittrek uit 'n slawehuis na die beloofde land is.

15 Augustus **Lees:** Josua 1:5-9 **Teks:** Josua 1:6

BELOFTE

As God 'n opdrag soos gister genoem, aan Josua gee, voeg Hy daaraan 'n belofte. Hy kon maar met die opdrag voortgaan, want dit sal 'n sukses wees. Die sekerheid daarvan is dat God met hom sal wees, net soos wat Hy met Moses was. Hy moet net sterk en vol moed wees. Daar word nie 'n beroep op Josua, die mens, met sy krag en vermoëns gedoen nie. Dit is buitendien hopeloos te min om hierdie opdrag uit te voer. Daar word net verwag dat hy so op die belofte van God sal antwoord. Hy moet in sy antwoord sterk en vol moed wees. As hy vreesagtig en moedverlore word, sou dit wantroue in God beteken. God sal eintlik alles uitvoer. Hy moet net die plig hê om te glo en gehoorsaam te wees, soos Abraham was. Sy eie krag kom nie ter sprake nie. Hy is net 'n werktuig in die hand van God. Hierdie oproep kom vier keer tot Josua. As hy hom ooit sou afvra of dit enigsins moontlik sou wees om hierdie opdrag uit te voer, lê die antwoord in die belofte. Hy kry die sekerheid. Dit sal 'n sukses wees. Hy kan maar voortgaan om die beloofde land in te trek, want hy kan op God reken. Dit is Hy wat sal handel. Sonder vrees moet hy doodeenvoudig vorentoe beur.

Nooit vra God te veel van die mens nie. Nooit is die eis van sy Woord te groot nie. God laat die mens nie op sy eie nie. Hy is daar tot krag en tot hulp. Eintlik doen Hy alles. Die opdrag om sterk en vol moed in die geloof en die gehoorsaamheid te wees, word deur God self maklik gemaak. So het God ons in Christus tot hulp gekom. Hy het vir ons deur sy Seun alles gedoen.

16 Augustus **Lees:** Josua 1:8-18 **Teks:** Josua 1:8

VOORWAARDE

God openbaar Hom in sy Woord. Hy spreek tot die mens en gee sy opdrag en belofte. Maar dan verwag Hy dat die mens van sy kant ook verantwoordelikheid sal hê. Daarom voeg God by sy opdrag en belofte ook 'n voorwaarde. So doen God ook met Josua. Hy gee hom die sekerheid van die sukses, maar Josua moet hom inspan sodat sy dade sal ooreenstem met die wil en wet van God. Ook hier by die voorwaarde word die ou opdrag, wat aan die voorgeslag gegee is, herhaal: „Sorg dan dat julle doen, soos die Here julle God julle beveel het. Julle mag nie regs of links afwyk nie." Uitdruklik word gesê

dat die voorwaarde vir sukses die gehoorsaamheid aan God se wil is. By sy gebooie mag daar nie bygevoeg of weggelaat word nie.

Josua kry die opdrag dat die wetboek ook nooit uit sy mond mag wyk nie. As hy tot die volk praat of as hy hulle bevele gee, moet die wet aan hulle verkondig word. Hy moet dit bepeins, wat letterlik beteken dat hy dit half hardop moet lees. Die wil van God word eers duidelik deur die pligsgetroue studie van sy Woord. Daarom dat dit gelees en gehoor moet word. Daar moet daaroor gepraat word en die lewe moet daarvolgens ingerig word. Dit is die pad na sukses in God se opdrag.

Die Woord wat God gespreek het, is bedoel dat ons dit sal hoor en daarna sal luister. Dit is die Woord met opdrag en belofte. Maar dit is ook die Woord wat in gehoorsaamheid aan God opeis. So het Christus, die Woord wat vlees geword het, gekom om mense na God se wil om te buig en vir God op te eis. Ons lees die Woord, ons hoor dit in die erediens en by huisgodsdiens. God het 'n behae daarin dat ons dit ook doen.

17 Augustus **Lees:** Josua 2:1-14 **Teks:** Josua 2:11

GOD NEEM DIE SONDAAR AAN

Die Heilige Skrif skroom nie om van vroue soos Ragab, die hoer, te praat nie. Die Heilige staan met 'n heilige liefde en ontferming tot die sondaar. Hy het ook nie nodig om iets mooier te stel as wat dit werklik is nie. Hy bly saaklik in sy beskouing oor mense: niemand is volmaak nie, maar niemand is ook byvoorbaat verlore nie. Daarom spreek die Bybel oor Ragab van Jerigo. Sy ontvang die twee verspieders in haar huis en herberg hulle. Sy bedrieg haar stad, koning en mense om hulle nie uit te lewer nie. Sy is ook die een wat met die verspieders kon praat oor dit waaroor die inwoners van Jerigo met mekaar praat. Sy kon vertel van die vrees wat hulle oorval het.

Dit was nie 'n vrees vir die Israeliete nie, maar 'n skrik vir daardie bomenslike wat die God van Israel met sy volk verrig het. Hy is magtiger as die koning en die gode van Egipte. Hulle het gehoor hoedat alles van die Amoriete met die banvloek getref is. Israel voer nie oorlog om te buit nie, maar om alles wat in sy pad kom, weg te vee en dit as 'n reusagtige offer aan sy God aan te bied. Met hulle kan daar nie onderhandelinge aangeknoop word nie. Alles wat hulle teen Israel stel, word verbrysel. Dit glo Ragab. Daarom skaar sy haar aan die kant van die God van Israel. Sy smeek haar beskermlinge om beskerming.

Dit word haar gebied. So tree God dan op om haar, die sedelose en bandelose vrou, te spaar. God het die vertroue in Hom raakgesien. Dit wat in Christus so duidelik openbaar is, sien ons ook hier: God neem die sondaar aan.

18 Augustus **Lees:** Josua 3:1-17 **Teks:** Josua 3:16

'N NUWE TOEKOMS EN 'N NUWE WONDER

Die opmars begin. Vroeg in die môre is Josua besig. Hy laat die Israeliete optrek tot in die nabyheid van die Jordaanrivier. Dit is die rivier wat die groot skeiding tussen die gebied aan die oostekant en die beloofde land maak. Maar nou het die oue verbygegaan en 'n nuwe toekoms en 'n nuwe wonder is besig om te nader.

Die opsigters gaan die laer deur. Hulle gee opdrag aan die volk om die ark te volg op 'n nuwe, nog nooit begane, pad. Die ark word deur priesters gedra en daar is 'n eerbiedige afstand tussen die ark en die volk. Die volk word opgeroep om hulle vir hierdie deurtog voor te berei. God is die lewende God, want Hy is die God van die groot dade.

Dit was oestyd in Aprilmaand wanneer die Jordaanrivier gewoonlik afkom en oor sy walle stoot. Die volk is naby Jerigo wat maklik bereikbaar is as hulle deur die rivier trek. Dan gebeur die wonder. Die water word afgesny sodat dit by Adam, dertig kilometer noord vanwaar hulle is, opstoot sodat dit 'n wal vorm. Die gevolg is dat die water suid van Adam wegvloei na die Dooie See. Daar is 'n breë pad vir die Israeliete drooggelê.

Die wonder is nie dat dit gebeur het nie, maar dat dit gebeur het op die oomblik toe Israel dit nodig gehad het. God is die Lewende juis toe hulle Hom as die God van die wonders nodig gehad het. Later sou die Rooi See en die Jordaanrivier 'n bewys wees dat God vir Israel lewe en werk. Die oorsaak van die wonder word nie genoem nie. Hulle het nie na verklarings gesoek nie, maar bring alles onmiddellik terug na die eintlike oorsaak van alle dinge — na God. Ons as oppervlakkige mense soek en met die tyd vind ons 'n oplossing, 'n verklaring omdat ons ons nie meer oor 'n wonder kan verwonder nie.

Maar God se wonder laat die oue verbygaan en maak die nuwe oop.

19 Augustus **Lees:** Josua 6:6-21 **Teks:** Josua 6:20

GEHOORSAAMHEID EN OORWINNING

Jerigo was 'n sterk stad, beskerm met 'n stewige muur. Die stad was ook die poort tot die land. Die stad se poort was uit vrees vir die vyand gesluit. Vir 'n woestynvolk, soos Israel, sonder toerusting of kennis van beleëringstegnieke was dit 'n uiters moeilike taak om dit in te neem. Dit sou net met die hulp van die Here kon gebeur.

Die Here gee self die opdrag hoe daar te werk gegaan moet word. Vir ses dae moet die hele volk een keer elke dag om die mure van die stad loop. Hoewel die krygsmanne uitdruklik genoem word, trek hulle nie op om te veg nie. Hulle beweeg in 'n optog om as'tware die oorwinning te vier, want

dit is God wat sal optree. Vooraan loop die gewapendes en word gevolg deur die sewe priesters wat die ark dra. Hulle het ook ramshorings wat heilige instrumente was en gebruik is om tekens te gee of by feestelike geleenthede gebruik is. Op die sewende dag trek hulle sewe keer om. By die laaste omtrek blaas die priesters op die ramshorings en die volk hef 'n krygsgeskreeu aan in opdrag van God. Die mure van Jerigo het op sy plek ingeval. Die volk het net nodig gehad om waar hulle gestaan het, reg voor hulle uit, in te stap. So maklik en eenvoudig maak God dit vir Israel om in te stap as hulle net aan Hom gehoorsaam is. Hulle kon alles met die ban tref behalwe die voorwerpe wat by die skat van die Here gevoeg moes word.

God gee die voortgang. Hy vra nie medewerking nie. Hy vra net gehoorsaamheid. Hy vra net erkenning van sy mag en geloof in sy optrede. Hy vra by die mense geduld om te aanvaar dat dit onverbeterlik is soos wat Hy dit doen. So moes ook die mag van Satan, die dood en die graf voor sy almagtigheid in sy Seun Jesus Christus meegee.

20 Augustus **Lees:** Josua 7:6-26 **Teks:** Josua 7:13

ONGEHOORSAAMHEID EN NEDERLAAG

Na die verowering van Jerigo was die Israeliete te gerus. Met die inname van die stad Ai het hulle die Here nie geraadpleeg nie. Teen hulle verwagting in moes hulle op die vlug slaan. Die manne is ontmoedig. Josua en die oudstes wend hulle tot die Here. Net soos Moses, as hy 'n geestelike bedruktheid ondervind het, doen ook Josua nou. Hy kom met 'n smartlike „waarom?" tot God en eindig in sy vra met 'n beroep op God se eer.

Dan gee die Here self die rede van die teëspoed. Iemand het hom vergryp. Deur die lot wat gewerp word, word eers die stam dan die familie en dan die skuldige aangewys. Die skuldige is Agan. Hy het van die bangoed geneem. Bangoed is dit wat in die opdrag van die Here of as 'n offer aan Hom vernietig moet word of wat aan Hom behoort. Dit mag nie vir eie doeleindes gebruik word nie. Agan het diefstal gepleeg. Hy het van God geneem. Deur wat die oog gesien het, het die sonde in die hart opgekom. Dié goed word gehaal en voor die Here uitgeskud. Op so 'n manier word die gesteelde goed weer aan die Here teruggegee.

Dan gee die Here self die manier hoe die versteurde verhouding tussen Hom en die volk reggestel kan word. Agan met almal wat aan hom behoort word gestenig en daarna verbrand. Hulle gooi 'n hoop klippe op hom wat altyd 'n teken van skande was wat oor hulle gekom het.

Net so onverbiddelik as wat teenoor die heidense afgodedienaars opgetree is, moes opgetree word met die ongehoorsaamheid binne die volk. Voor die koms van Christus moes God deur die eeue deur Israel toon dat Hy die Heilige is en die sonde nie ongestraf laat bly nie.

21 Augustus **Lees:** Josua 8:1-24 **Teks.** Josua 8:1

GOD STRAF EN VERLOS

Israel lewe in 'n oorwinningsroes. Jerigo het geval. Die klein dorpie Ai sal tog geen probleem oplewer nie! Slegs 'n paar duisend man word gestuur om Ai te verower. Onverwags word hulle teruggedryf en baie manskappe sneuwel.

Moedeloosheid het op Josua en die volk toegesak. 'n Ou verwyt word weer herhaal. God is die oorsaak van hulle ellende. Dit klink bekend. Na die sondeval het Adam ook verwyt: „die vrou wat U gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet." Nou sê Josua: „ag Here, Here waarom het U hierdie volk ooit deur die Jordaan laat trek om ons oor te gee in die hand van die Amoriete, sodat hulle ons kan verdelg?"

Josua vergeet hul ellende is die gevolg van eie skuld, want een van hulle naamlik Agan, het geneem wat aan God behoort het. Omdat God's gebod oortree is, het Hy gestraf.

God kan ons sonde ook nie oorsien nie. Na sy regverdige oordeel wil Hy dit tydelik en ewiglik straf.

God wil egter nie net straf nie. Na sy barmhartigheid wil Hy ook verlos. Israel se skuld is geboet. Daarom word Ai nou in hul hande gegee.

Ook ons is diepgevalle sondaars. Ons het in die hande van ons grootste vyand, die bose geval. Baie het reeds deur sy toedoen gesneuwel.

Deur God's genade is ons skuld geboet. Jesus Christus het sy lewe vir ons gegee. Die gloed van die toorn van God is van ons afgewend.

Soos God vir Israel Ai oorwin het, het Hy vir ons die bose oorwin. Ons mag in geloof voorttrek vertrouend op Hom, wat ons in en deur Jesus Christus liefhet, en 'n erfenis in die hemele vir ons weggebêre het.

22 Augustus **Lees:** Josua 8:30-35 **Teks:** Josua 8:30

DANKBAARHEID

Die troue Bondsgod van Israel het sy beloftes aan Israel nie verbreek nie. Die vyand is verslaan en Ai is ingeneem. Hierdie weldaad van God roep om erkenning.

Van nature is die mens egter 'n ondankbare wese. Daarom moes God die mens beveel en leer om dankbaar te wees.

Uit dankbaarheid het Josua 'n altaar op die berg Ebal vir die Here gebou, vir die God van Israel. Die altaar is van ongekapte klippe gebou, ooreenkomstig die bevel van Moses in Deutr. 27. Soos die onbewerkte klippe, moet ons in ons godsdiens ongekunsteld wees. Ons moet God in opregtheid en in waarheid aanbid. In ons danksegging pas geen hoogmoed en eie verdienste nie, maar alleen 'n verslae gees en 'n verbryselde hart.

God leer ons hoe Hy gedien wil word. God wil gedien word, nie na die eiesinnigheid van die mens nie, maar wel in die onderhouding van sy gebooie. Daarom is God's wet in kalk op die klippe by Ebal geskrywe. Vir Israel sou dit as rigsnoer vir hul lewe dien, naamlik in hul liefde tot God en hul liefde vir die naaste.

Israel het verlossing gesmaak. Uit dankbaarheid is 'n altaar gebou, waarop brand en dankoffers gebring is.

'n Ewige verlossing is vir ons deur Jesus Christus bewerk. Ons moet daarvoor dank aan God bring. Laat ons juig met die digter in Ps. 103:2 „Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie."

Ons dankbaarheid tot God moet tot uiting in die gehoorsaamheid van sy gebod kom, naamlik dat ons God sal liefhê met ons hele hart, en met ons hele siel en met ons hele verstand en dat ons, ons naaste sal liefhê soos onsself.

23 Augustus **Lees:** Josua 9:1-15 **Teks:** Josua 9:15

BEDROG

Hoe maklik kan die Christen hom laat bedrieg!

'n Gesantskap van die Gibeoniete kom te Gilgal aan. Die woordvoerder vra na Josua. Verbaas verneem Josua wie hulle is, waarvandaan hulle kom en wat hul versoek is. Die Gibeoniete het toe geantwoord dat hul van Israel sé oorwinnings in die land gehoor het. Hulle wil graag 'n bondgenootskap met Israel sluit.

Aanvanklik wou Israel nie 'n verbond met die inwonende Kanaäniete sluit nie. Israel word egter bedrieg deurdat die Gibeoniete hul oortuig dat hulle van 'n vér land afkomstig is, want kyk „ons klere hier en ons skoene — hulle is verslyt deur die baie lang reis" en „die wynsakke hier, wat ons as nuwes volgemaak het — kyk maar hulle is geskeur." Goedvertrouend, sluit Josua met hulle 'n verbond.

Hoe listig is die satan nie! Hy het die eerste mensepaar in die paradys bedrieg. Hy het die Seun van God in die woestyn versoek en hom voorgedoen as 'n engel van die lig. 'n Wolf in skaapsklere is hy. Deur beloftes en in fluisteringe slaag die satan dikwels daarin om ons 'n verbond met hom te laat sluit.

Die westerse wêreld word vandag bedrieg deur 'n goddelose mag, die Kommunisme. Hulle slaag daarin om met die Weste in bondgenootskap te tree. Die Weste sluit hul oë vir die kommunistiese oogmerk van wêreldoorheersing. Goedvertrouend, word met hierdie goddelose mag onheilige verbonde gesluit. Wreed en dalk te laat sal die wêreld nog, ontnugter word.

Laat ons waak en nugter wees. Laat ons die vyand van God en sy kerk erken en laat ons nie deur hulle mislei word nie.

24 Augustus **Lees:** Josua 9:16-25 **Teks:** Josua 9:21

LEWE DEUR DIE VERBOND

Josua het met die Gibeoniete vrede gemaak en met hulle 'n verbond gesluit, dat hy hulle sou laat lewe.

Nadat die Gibeoniete se bedrog bekend geword het, het Israel gemurmureer. Die Gibeoniete moes eintlik vanweë hul bedrog, met die ban getref word. Die owerstes het egter namens die volk 'n eed geneem om die Gibeoniete te laat lewe. Hierdie eed is bindend vir die hele volk. Verbreking van die eed sou deur God gestraf word.

Soos Israel met die Gibeoniete 'n verbond gesluit het, het die Here God met ons 'n groter verbond gesluit. Dit is sy genade-verbond wat Hy in en deur Jesus Christus met ons gesluit het. Daarin verbind God Hom in liefde aan ons en verseker Hy ons van sy liefde vir ons. God belowe aan elkeen wat sy verbond hou, die weldade van vergifnis van sonde, die wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe.

Maar nou is ons ontrou bondskinders. Soos die Gibeoniete, bedrieg ons God dikwels. Soos 'n Petrus verloën ons Hom. Ons bedroef Hom deur ons sonde. Ons verbreek in swakheid so dikwels ons beloftes wat ons aan Hom gedoen het. Ons geloof is so klein en swak.

Ons verdien om eerder deur God verwerp te word. Ons verdiende plek is in die buitenste duisternis.

Maar nee, die kruis is vir ons op Golgotha opgerig. Deur Jesus se soendood het daar vryspraak vir die sondaar gekom.

'n Beter lewe as die aardse lewe van die Gibeoniete, word ons belowe. Dit is die ewige lewe wat Christus vir ons verwerf het, 'n lewe, ewig, eindloos en heerlik. God sal sy beloftes waar maak. Hy sê immers: „Elkeen wat in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe."

25 Augustus **Lees:** Josua 10:1-11 **Teks:** Josua 10:8

WEES NIE BEVREES NIE

Die bedrog van die Gibeoniete raak aan die vyf Amoritiese konings bekend. Gibeon moet vir sy afval gestraf word. Die gesamentlike weermag beleër Gibeon.

'n Boodskapper ontsnap uit die omsingelde stad en bereik die laer van Israel. Dringend word Josua versoek: „trek u hande nie af van u dienaars nie, kom gou op na ons toe en verlos ons en help ons."

Voor hierdie geweldige oormag kom Israel te staan. Teen die Amoriete trek Josua en sy dapperes op, want die Here het gesê: „wees nie bevrees vir hulle nie, want Ek gee hulle in jou hand."

'n Geweldige stryd ontbrand. Teen die middag ontstaan paniek onder die vyand. Hulle vlug na die noorde. Groot haelstene uit die hemel tref hulle, sodat baie sterf. Die Here

het selfs die dag verleng, sodat die donker nie die vyand se aftog sou dek nie. In die verlengde daglig word die vyand volkome verslaan.

In 'n wêreld waar haat en vyandskap heers, begin die gelowiges soms saam met die ongelowiges te twyfel. Ook Christene raak bevrees voor magte wat dreigend teenoor hulle staan.

Tog mag ons nie bevrees wees nie. Ons moet op God bly vertrou. Ons moet die heil van ons volk in God's hande laat. Hy sal ons behoue laat bly, solank dit Hom behaag.

As ons dan beproef word, laat ons nie moed opgee nie: „want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, werk vir ons uit 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid." (2 Kor. 5:17.)

Jesus het immers vir ons gestry en die mag van Satan oorwin. Hy sê ook vir ons: „hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin."

Vir ons vertroosting geld die woord in I Joh. 5:4: „dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof."

26 Augustus **Lees:** Josua 10:12-43 **Teks:** Josua 10:13

DIE GOD WAT WONDERS DOEN

God openbaar Hom as 'n almagtige soewereine God. Hy is dié God wat wonders doen. Die goddelike wonder moes dien tot die groot making van sy heilige Naam. Vir alle wonderdade onder mense en vir mense gedoen, moet aan God alleen die eer gegee word.

Israel is in die hitte van die stryd met die Amoriete. Die dag is egter te kort vir 'n volslae oorwinning. In digterlike taal bid Josua tot God om die verlenging van die dag: „son, staan stil in Gibeon, en maan, in die dal van Ajalon!" God bewerk die wonder, totdat die volk hulle gewreek het op hul vyande. God's wonderdade het tot Israel se redding gedien.

Hierdie stryd is tekenend van die stryd van ou Israel en die sondaar in die worsteling met die bose. Dit het vir die sondaar ook donker geword. Die psalmdigter beskryf hierdie toestand in Ps. 107:10: „Dié wat in duisternis en doodskaduwee gesit het, gevang in ellende en ysters, omdat hulle wederstrewig was teen die woorde van God en die raad van die Allerhoogste verwerp het; sodat Hy hulle hart deur moeite verneder het; hulle het gestruikel en daar was geen helper nie. Toe het hulle die Here aangeroep in hulle benoudheid; uit hulle angste het Hy hulle verlos."

In die krip in die stal van Betlehem het die grootste wonder vir ons geskied. Die wonder van God's liefde en genade vir ons sondaars blyk uit Jesus se dood aan die kruis van Golgotha. Daar het Jesus alles by God volbring, wat tot ons redding dien. In Jesus Christus is Hy ons wonderbare God.

„Laat ons Hom loof vir sy goedertierenheid en vir sy wonderdade aan die mensekinders" Ps. 107:21

27 Augustus **Lees:** Josua 11:1-23 **Teks:** Josua 11:23

RUS NA STRYD

Na 'n lang en bitter stryd, is die Kanaänitiese konings oorwin. Deur volharding en met die oog op die Here hulle God gevestig, het die krygsoperasies goed afgeloop.

Ook ons het 'n stryd om te stry, maar „dis nie 'n stryd teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." (Ef. 6:12.)

In hierdie stryd ly ons ook verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus. Dis 'n harde stryd. Jesus sê immers: „stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie instaat wees nie."

In die stryd moet daar volgens die reëls gewedywer word. Soos Josua op God vertrou het, moet ook ons op Hom vertrou. Ons moet gehoorsaam wees aan die stem van sy Woord. Ons moet die geloof behou.

Dan bly die bekroning nie uit nie en kan die gelowige saam met Paulus sê: „Daar is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige regter, my in dié dag sal gee."

Toe Josua die land as 'n erfdeel ontvang het, het die land van oorlog gerus.

Wanneer die gelowige eendag die hemelse erfenis ontvang, sal daar ook rus wees. In Hebr. 4:9 staan geskrywe: „daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God. Verder: „en God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie, ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie." (Openb. 21:4.)

28 Augustus **Lees:** Jos. 14:1-5 **Teks:** Jos. 14:5

SOOS DIE HERE MOSES BEVEEL HET

Die Here het beveel, Moses het die bevel oorgedra, die Israeliete het so gemaak. Dit is die patroon wat ons telkens in die boek Josua kry. Israel was die Here se volk. Hulle moes leef en woon soos Hy dit wou hê. Moses het tussen hulle en die Here gestaan. Hulle het die wil van die Here geken deur wat Moses aan hulle gesê het. Om die Here se volk te wees, moes hulle doen wat Moses gesê het. Israel moes die geskenk van die land ontvang in gehoorsaamheid aan die Here, want hy moes die land as volk van God bewoon. Hy moes bly doen wat die Here Moses beveel het.

Ons weet egter dat dit nie so gegaan het nie. Israel het dié bly doen wat die Here Moses beveel het nie. Daarom het hulle die land verloor wat met soveel sorg onder hulle verdeel is.

Die Here se bevel bly egter staan. Sy wil word nie deur die ontrou van mense verander nie. Die geskenk van die land sou op 'n ander wyse vervulling vind. Die land was daar sodat daar 'n aardse ruimte sou wees waarin die ware Middelaar kon leef en sterf en uit die graf opstaan. Moses het verbygegaan, maar die wil van God het bly staan. Hy het sy wil in Jesus Christus geopenbaar, en vir Hom 'n nuwe volk geroep om sy volk te wees.

So is die werk van Moses en die roeping van Israel vervul. Ons wat erfgename van dié vervulling is, kan volgens die wil van God leef en woon. Geen deel van ons lewe is uitgesluit van die dankbare gehoorsaamheid wat ons aan Hom verskuldig is nie.

Ons bewoon die land waar God ons geplaas het, as mense wat aan Hom behoort, mense wat op pad is na die ewige vaderland.

29 Augustus **Lees:** Jos. 14:6-15 **Teks:** Jos. 14:14

VOLHOU OM DIE HERE TE VOLG

'n Grysaard van vyf en tagtig jaar, nog so sterk soos toe hy jonk was, het sy deel van die beloofde land ontvang. Kaleb het „volgehou om die Here te volg", daarom het hy 'n stuk grondgebied vir homself en sy stam gekry. Daar was loon vir hom.

Destyds, toe Kaleb jonk was, was hy een van die mense wat die beloofde land moes gaan verken. Die rapport was nie baie bemoedigend nie. Die land was goed, maar om hom in te neem, het vir die meeste van die verkenners onmoontlik gelyk. „Die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot" (Num. 13:28). Bowendien was daar die Enakiete, reuse van mense. Wat sou 'n nomadevolk teen sulke mense en sulke stede kon doen?

Alles waar, het Kaleb gesê, maar die Here is by ons, en dis genoeg. Hy wil ons hierdie goeie land gee, en Hy sal dit doen. Dit, het die Here destyds gesê, was hoe Kaleb volhard het om Hom te volg. Daarom sou hy die woestyntog oorleef en sy deel in die goeie land kry.

„Wie volhard tot die einde toe, sal gered word." Dit is woorde van die Saligmaker wat lank na Kaleb gekom het. Tog het Kaleb reeds daar in die vroeë tyd laat blyk dat Jesus Christus daar is vir alle eeue. Die stuk land wat Kaleb ontvang het, was 'n belofte van die ewige vaderland wat almal ontvang wat volhou om die Here te volg.

Nou nog beteken dit om soos Kaleb te leef vanuit die onsienlike werklikheid, om te weet: God is by ons, en al lyk alles onmoontlik, Hy sal sy beloftes vervul.

Ons wag op die wederkoms, op die nuwe skepping waarin ons die ewige saligheid sal smaak. God is by ons en Hy is getrou. Hy sal doen wat Hy beloof het.

Ons volhard, ons bly by sy beloftes. Ons lewe in hoop en geloof.

30 Augustus **Lees:** Jos. 15:1-12 **Teks:** Jos. 15:12b

DIE GRENSE VAN JUDA

Juda het grense gehad. Daar was 'n suidelike, 'n oostelike, 'n noordelike en 'n westelike grenslyn. Die lyn het aangeloop, oorgeloop, opgeloop, geswaai, afgebuig, omgebuig, doodgeloop. So is 'n stuk grond uitgemeet waarvan die Judeërs kon sê: dit is óns land. Die land het die naam van die stamvader, Juda, gekry en as Juda, later Judea, sou dit 'n rol in die heilsgeskiedenis bly speel.

Die stad Jerusalem was nie deel van Juda nie. Die grens is so getrek dat dit die stad uitsluit. In die tyd toe dié grense vasgestel is, was Jerusalem nog 'n selfstandige en onafhanklike stadstaat, die vesting van die Jebusiete. Eers koning Dawid het die stad ingeneem. Dit het egter nooit deel van Juda geword nie. Ná die verowering was Jerusalem die persoonlike besit van Dawid en so het dit op sy opvolgers oorgegaan.

Juda was dus God se geskenk aan die Judeërs, Jerusalem die besit van die koning. In die heilsgeskiedenis sou die twee egter onafskeibaar aan mekaar verbonde bly. Juda sou as onafhanklike koninkryk uit Jerusalem tot met die val van die stad regeer word. Ná die ballingskap sou die stad herbou word en Juda weer die tuiste van die uitverkorenes word.

Uiteindelik sou Jerusalem en Juda die toneel van die verwerping van Christus, die Seun van God word. Ook daarin was Juda en Jerusalem een. Toe die grense van Juda getrek is, daar in die vroeë begin van die bewoning van die land, toe was in die plan van God die plek van die kruis en die graf ook reeds bepaal.

Om die land te bewoon wat God gegee het, het vir Juda beteken om onder die toorn en genade van God te lewe. Sy toorn en genade word eers vol wanneer die spore van die Seun van God deur die land loop.

31 Augustus **Lees:** Jos. 20 **Teks:** Jos. 20:9

TOEVLUGSOORDE

In die beloofde land moes daar ook vrystede wees. Vandag sal ons by voorkeur van asielstede praat. Dié stede moes dien as toevlugsoorde vir mense wat per ongeluk en sonder opset manslag gepleeg het.

Destyds het die instelling van die bloedwraak bestaan. As 'n lid van 'n stam of familie deur iemand doodgemaak, of dit nou opsetlik of onopsetlik was, het die plig op die familie of stam gerus om die dader te vind en hom dood te maak.

Die bepaling oor die toevlugsoorde maak dit moontlik dat mense wat onopsetlik manslag gepleeg het, die wraak van die stam of familie kon ontkom. Daar was ses sulke stede, en hulle was so geleë dat een van hulle vir 'n voortvlugtige

bekombaar was, waar hy hom ook bevind het. So sou hy van 'n billike verhoor voor 'n vergadering verseker wees en aan die blinde wraak van 'n stam of familie ontkom.

Op hierdie wyse is die reg in die beloofde land verseker. Ons lees nêrens in die Bybel van gevalle waar daar van die toevlugsoorde gebruik gemaak is nie. Waarskynlik is hulle wel gebruik, en word dit net nie vermeld nie. Dat hulle daar was, toon dat in die bedeling wat God vir sy volk wou daarstel, die reg en die billikheid plek moes hê.

Die toevlugsoorde het plek in die handelinge van God met sy volk gehad. Hier gaan dit egter om onopsetlike sonde. Gods genade was wyer as dit, want uiteindelik sou Hy ook finaal vir die opsetlike sonde voorsiening maak. — Hy het 'n toevlug geskenk aan alle sondaars, nie deur ontvlugting nie, maar deur die straf op die sonde ten volle te laat geld. Dit het Hy so gedoen dat sy Seun Jesus Christus die straf gedra het en ons kon vrykom.

1 September **Lees:** Jos. 21:1-3; 41-45 **Teks:** Jos. 21:44

RUS AAN ALLE KANTE

Die verdeling van die land is afgesluit met die toekenning van 48 stede aan die Leviete. Hulle was die mense uit wie die priesters en ander tempelpersoneel gekom het, en is tot die stam van Levi gereken. Hulle kry nie 'n land nie en hulle woon nie as 'n stam bymekaar nie, want hulle staan in die diens van God en behoort aan die hele Israel.

So is die Leviete vrygestel van die sorge om hulle grense te beskerm en hulle land met die wapen te verdedig. Daar is in hulle onderhoud voorsien deur die toekenning van woonplek en weiveld en deur die offergawes en tiendes by die heiligdom. Reeds toe al is diegene wat met die erediens belas is, dus aan die alledaagse betrokkenheid onttrek, en is hulle tyd en aandag vir die diens van God opgeëis.

Die landsverdeling was afgehandel. Elkeen het sy plek gekry, en nou kon die godsvolk die beloofde land bewoon. Die skrywer teken die toestand byna idillies: rus aan alle kante, na oorwinning oor alle vyande. Dit was soos God dit bedoel het, maar die geskiedenis het anders uitgeloop. Reeds in die volgende Bybelboek, Rigters, lees ons van die een oorlog na die ander. Die rus het nie gekom nie, want Israel het nie sy kant van die verbond gehou nie.

God het die rus gegee. Dit was daar om te neem, maar Israel het dit nie geneem nie. God het sy Woord gehou, maar Israel het woord gebreek. Daarom het die rus uitgebly. Israel se geskiedenis is een van onrus.

Die rus vir die volk van God sou anders kom. Dit moes kom by die kruis en die graf van Jesus Christus verby, dit kom vir wie op sy wederkoms wag. In die erediens wag ons saam met sy gemeente op die rus aan alle kante.

2 September **Lees:** Jos. 23 **Teks:** Jos. 23:34

GETUIE TUSSEN ONS DAT DIE HERE GOD IS

Twee en 'n halwe stam het 'n altaar by die Jordaan opgerig. Dit was 'n groot bouwerk, so groot dat daar nie op geoffer kon word nie. Dit moes as monument, as herinnering dien. Later geslagte wat die altaar sien, moes weet waarvoor dit staan, en moes herinner word aan die saak waarvan dit getuig het.

Die saak was: die Here is God, en hierdie stamme wat oos van die Jordaan woon, dien die Here saam met die stamme wes van die Jordaan. Die altaar moes getuig dat die stamme in hulle diens van die Here verenig is, ook al woon hulle nie bymekaar nie. Deur die sigbare teken van 'n gemeenskaplike belydenis sou die solidariteit van die godsvolk bewaar word.

In die kerk van Jesus Christus is daar ook sulke sigbare tekens. Dié bestaan nie uit monumente of ander bouwerke nie, maar uit doop, belydenis en diens. Gedoop in dieselfde Naam, met dieselfde geloof en diens aan dieselfde Heer, getuig die lede van die kerk van Christus, waar hulle ook al woon, dat die Here God is en dat hulle aan Hom behoort saam met alle ander mense in die wêreld wat deur dié tekens aan mekaar verbind is.

Tale en kulture, net soos woonplek, mag mense skei, maar die gemeenskaplike doop, belydenis en diens bind hulle. Die Here is God en Hy is een, en daarvan moet ons verbondenheid aan mekaar getuig. Die geskeidenheid word eers troubreuk wanneer die gemeenskaplike teken van trou aan dieselfde Heer en aan mekaar nie meer daar is nie.

Die eenheid van die kerk is 'n sigbare eenheid, maar wat sigbaar is, is die tekens van die onsigbare eenheid.

3 September **Lees:** Jos. 24:1-24 **Teks:** Jos. 24:15

KIES WIE JULLE WIL DIEN

Die volk van God het die land ontvang en was daar gevestig. Die verlossing uit die slawerny van Egipte was voltooi, en wat nou oor was, was bewoning van die land as vrye volk.

Agter hulle het 'n geskiedenis gelê. Dit was 'n lang geskiedenis van verkiesing, leiding, verlossing en sorg deur God. Die land wat hulle nou kon bewoon, was 'n geskenk. Hulle het dit nie self makgemaak en bewerk nie. Die stede en boorde was daar.

By die volksvergadering van Sigem moes die volk nou kies. Josua het die alternatiewe gestel: dít is julle geskiedenis en dít is nou die moontlikhede. Die Here het julle tot hiertoe gebring, en nou moet julle besluit of julle Hom wil dien.

Dit was 'n vrye keuse, sonder dwang. Daar was ook nog die gode van die Babiloniërs en die Amoriete — die gode vóór die Here Hom met die volk bemoei het, of die gode wat nou

rondom hulle gedien word deur ander nasies. Dit sou 'n keuse vir die Here of teen Hom wees, saam met die geskiedenis of daarteen.

Vir Josua was die saak uitgemaak. Hy en sy huis sou die Here dien. Toe die volk saam met hom kies vir die Here, het Josua hulle gewaarsku: die Here is heilig en jaloers. Hy duld nie verdeelde trou nie. Wie vir Hom kies, doen dit onherroeplik en dra die gevolge van ontrou aan dié keuse.

Israel kon vir die Here kies omdat Hy vir hulle gekies het. Ons ook. God het vir ons deur Jesus Christus gekies. In ons geskiedenis staan die werke van God duidelik afgeteken. Jesus Christus het deel van ons geskiedenis geword. Daarom kan ons ook sê: ons wil die Here dien. Dat ons dit mag sê, is genade en barmhartigheid van sy kant af.

4 September **Lees:** Eks. 1:1-22 **Teks:** Eks. 1:17

GOD VOORSIEN

Die Egiptiese koning is van plan om die volk van God uit te roei. Hy rig sy aanslag teen die wieg van die volk. Al die pasgebore seuntjies moet sterwe. Dit is 'n geslepe plan, want as die wiegies van 'n volk leeg is, het 'n volk geen toekoms nie. Gelukkig slaag die wrede koning se plan nie, omdat God dit anders beskik. Die vroedvroue wat deur Farao aangestel is om sy moorddadige planne te voltrek, word deur God gebruik om sy verbondsvlok se voortbestaan te verseker.

Ja, Sifra en Pua is inderdaad werktuie in die hand van God, waardeur Hy in die geskiedenis van sy volk ingryp, sodat sy volk se geskiedenis nie sou doodloop nie.

As hierdie hoofstuk ons een ding wil leer dan is dit: God hou sy verbond in stand.

So sien ons ook dat Jesus Christus die Verlosser van die wêreld gebore word in 'n tyd wat feitlik ooreenstem met dié van Eks. 1, 'n tydperk in die geskiedenis toe die wrede koning Herodes probeer verhoed het dat die kind van Bethlehem sou leef.

Tog tenspyte van sy pogings gryp God weer in die geskiedenis in en bewerk dit so dat met die Christus-kind na Egipte gevlug kon word tot ons ewige heil.

Merkwaardig is die feit dat Egipte wat in die outyd 'n onveilige plek vir God se volk was, die toevlugsoord van Christus tot voordeel van die nuwe Godsvolk word.

5 September **Lees:** Eks. 2:1-25 **Teks:** Eks. 2:15

VOORBEREIDING IN DIE WOESTYN

As gevolg van die feit dat Moses 'n Egiptenaar doodslaan, word hy verplig om na 'n vreemde land, Midian, te vlug.

Agter die uitvlug van Moses kan God se hand bemerk word. Moses moes na Midian gaan om daar in die vreemde toegerus te word vir die groot taak wat God op sy skouers

sou lê, naamlik om die Godsvolk uit die slawehuis van Egipte te lei.

Dit is besonder opmerklik dat God telkens bepaalde Bybelse figure onderwerp aan 'n voorbereidende tydperk in 'n woestyn, waar hulle toegerus kon word vir 'n buitegewone taak, wat God aan hulle opgedra het.

So sien ons byvoorbeeld Johannes die Doper in die woestyn . . . vir Paulus, wat na sy bekering in Arabië in afsondering, voorberei moes word, vir sy taak as apostel onder die heidene.

Ook Jesus Christus moes na sy doop uitwyk na die woestyn om daar in versoeking gebring en beproef te word, alvorens Hy met sy prediking kon begin:

dié prediking van heil en verlossing uit die slawehuis van sonde.

Hoeveel van ons moet soms 'n intensiewe voorbereiding deurgaan voordat ons ons roeping kan vervul. Dan kla ons!!

6 September **Lees:** Eks. 3:1-22 **Teks:** Eks. 3:14

DIE NAAM VAN GOD

In Eks. 13 en 14 vra Moses aan God wat sy Naam is. Dan antwoord die Here hom en sê: EK IS WAT EK IS. Wanneer die Here dit van Homself sê, wil Hy nie daardeur te kenne gee dat Hy 'n koue en afsydige God is nie. Nee, die God wat met Moses praat, is die lewende God wat van Homself kan sê: EK IS.

Die Hebreeuse woord wat hier met EK IS vertaal word, kom in vers 15 in die 3de persoonsvorm voor as JHVH. In die Afrikaanse Bybel word dit hoofsaaklik as HERE vertaal. Die woord JHVH is die Godsnaam wat oral in die Ou Testament voorkom. Hoe dit uitgespreek word, weet geen mens nie.

Die Jode het die woord tot vandag toe nog nooit uitgespreek nie, omdat hulle die uitspreek daarvan as die ydelike gebruik van die Godsnaam volgens die derde gebod beskou. Wanneer die Jode dan Bybel lees en hulle kom by die woord JHVH, vervang hulle dit deur Adonai, wat Here beteken. Aanvanklik is Hebreeus net met mede-klinkers geskryf, maar later is klinkers bygevoeg om die uitspraak te vergemaklik. Toe gebeur dit dat Adonai se klinkertekens by die mede-klinkers JHVH gevoeg is.

As 'n mens nou die woord JHVH saam met die klinkers van Adonai wil uitspreek, is die uitspraak JEHOVAH. Dit is egter nooit gedoen nie. Die Samaritane het dit as JAWÊ uitgespreek.

Die Jehovah-getuie sekte dring egter daarop aan dat die Here se naam Jehovah is. Dit is belaglik en 'n veronderstelling wat op 'n leesfout berus.

Hulle doen dit doelbewus omdat hulle hierdeur wil leer dat die Godheid slegs één persoon is. Christus se Naam is nie Jehovah nie, dus in lyn met hulle leer nie God nie.

Ons is egter dankbaar om te mag weet dat die God wat sê: EK IS, ook ons HERE JESUS CHRISTUS is, wat vir ons die sonde en die dood oorwin het.

7 September **Lees:** Eks. 4 **Teks:** Eks. 4:10

VOL BESWARE

Moses is vol besware teen sy goddelike roeping. Hy sien nie kans om dit te verrig wat God van hom verwag nie. Hy vra eers na 'n teken alvorens hy sal optree. Dan voer hy weer aan dat sy spraakgebrek hom in die uitvoering van sy taak sal verhinder.

Dit is 'n tipiese trek van ons sondaarmense om te weier om te doen wat God van ons verwag om te doen.

Hoe dikwels het ons nie ook allerhande besware om te werk en met die kerk tot eer van die Here mee te lewe nie?

Hoevele van ons soek ook nie na 'n teken nie?

Hoevele van ons voer nie alte dikwels aan dat ons te onbekwaam is vir die diens van die Here nie?

Maar soos wat God aan Moses die bekwaammakende genade geskenk het, skenk Hy ook aan ons die krag om Hom te dien soos wat Hy gedien wil word.

Hy het sy Seun aan ons gegee wat sonder protes, sonder besware soos 'n lam ter slagting gelei, die heerlike werk van Gods genade volbring het.

8 September **Lees:** Eks. 4:18-31 **Teks:** Eks. 4:21

VERHARDING

God deel Moses mee dat die tyd nou ryp is om met Farao te onderhandel. Maar dan sê God die merkwaardige ding: — „Ek sal sy hart (Farao s'n) verhard."

Uit die geskiedenisverhaal is dit duidelik, van menslike kant gesien, dat Farao self op eie verantwoordelikheid, hardnekkig geweier het om na die stem van die Here te luister. Ook tydens die plae wat hom tref, (Eks. 7:14-19) volhard hy steeds.

Hieruit blyk dat as iemand weier om aan God gehoor te gee, so 'n mens later nie meer gehoorsaam kan wees nie. Omdat God eiewillige verharding van die hart, met verharding as straf tref. Hier gaan dit om die misterie van die algehele vrymag van God aan die een kant en die verantwoordelikheid van die mens aan die ander kant. In hierdie lig moet ons dan ook die waarskuwing van Hebr. 3-13 ter harte neem wat sê: . . . sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.

9 September **Lees:** Eks. 5:1-24 **Teks:** Eks. 5:2

WEIER OM TE LUISTER

Op bevel van God, versoek Moses en Aäron Farao om die volk die woestyn te laat intrek, om 'n fees ter ere van God te vier. Waarskynlik sou dit 'n lentefees wees, wat later die paasfees sou word.

Farao stel egter nie belang nie, derhalwe weier hy om gehoor aan die oproep te gee. Hy ken nie die God van Israel nie. Al gode wat hy ken is Baäl, Resjef en andere. Daarom steur hy hom nie aan die God van 'n slawevolkie nie.

Vir Farao was die gevolge van sy weiering om te luister vernietigend. Hy moes later ervaar dat dit verskriklik is om te val in die hande van die lewende God.

Maar veel erger sal die lot wees van diegene wat die kennis van die waarheid ontvang het en weier om na die stem van die Here te luister. Om dit in die woorde van die Skrif te stel: „Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

10 September **Lees:** Eks. 6:1-26 **Teks:** Eks. 6:6

GOD NEEM ONS AAN

Israel leef onder moeilike omstandighede. Hulle is slawe in 'n vreemde land. Maar God laat sy volk nie aan hulle eie lot oor nie.

Hy beloof verlossing, deurdat Hy hulle as sy volk sal aanneem.

God sal sy volk aanneem. In die woord aanneem, verneem ons iets van God se uitverkiesende liefde.

Dikwels verneem ons vanuit sekere kringe dat ons God moet aanneem. Maar hoe kan ons as nietige sondaars die hoogheilige God aanneem? Geen mens is daartoe in staat nie.

Maar God sy dank, Hy neem ons aan! Hy kom ons tot hulp en redding, soos wat Hy sy volk in die dae van slawerny tot hulp gekom het.

Hierdie verkiesende liefde van God, sy aanname van ons kom die beste tot uitdrukking in Jesus Christus, wat na hierdie aarde neergedaal, het om langs ons in ons nood en verdrukking te kom staan, om ons as kinders van God aan te neem, sodat ons nie langer knegte van sonde hoef te wees nie.

11 September **Lees:** Eks. 7:1-13 **Teks:** Eks. 7:5

WEET DAT EK DIE HERE IS

Die voorafgaande oordenkings het ons by die voorspel van die stryd tussen die God van Israel en die heidense Egiptiese Farao gebring. Moses en Aäron word as gesante of spreekbuise van God gebruik. Moses die een wat te swak is om te praat, word as 'n god voor Farao gestel met Aäron die profeet — die woordvoerder. Moses gaan met 'n goddelike opdrag en Aäron met 'n goddelike woord in sy mond.

Hulle gaan dus goed gewapen met 'n onweerstaanbare opdrag maar tog met die wete dat Faroa hom sal verhard en nie maklik sal toegee nie.

Die hele bedoeling van die stryd, wat in die tien plae ontplooi word, is om die almag van God teenoor die onmag van die mens te openbaar. Uiteindelik moet dit op hierdie menslike erkenning uitloop: God is magtig en ek as mens is nietig — ja niks voor God nie.

Verder moet die plae ook vir Israel daartoe bring dat hulle God as die enige Here vir vandag maar ook vir hulle betekenisvolle toekoms, sal erken.

Daardie stryd met die mens is nie tot vernietiging aangeknoop nie. God het nie lus in die dood van 'n sondaar nie maar daarin dat hy hom sal bekeer en lewe. Daarvoor gebruik hy vandag nog mense. Hy het eerstens sy eniggebore Seun gestuur en deur Hom is die oorwinning reeds behaal. Daarin is die uiteindelike oorwinning oor alle menslike verharding en teenstand verseker. Op sy bevel gaan gesante vandag nog na 'n verharde wêreld.

Die boodskapdraers van God weet van teenstand wat wag maar hulle is net so seker van die uiteindelike oorwinning van God oor elke „Faroa" wat die geroepenes van die Here van hulle bestemming wil weghou.

Of is u nie daarvan seker nie?

12 September **Lees:** Eks. 7:14-17 en 8:1-7 **Teks:** Eks. 8:8

VASGELOOP — BID

As ons die tien plae noukeurig lees, bemerk ons daar 'n ontwikkelingslyn in 'n toenemende dringendheid of intensiteit. Dit begin by plae waar die geleerdes van Egipte — towenaars — ook nog 'n woordjie kon inkry, maar dit eindig waar die stilte van die dood ook hulle voor die magtige God van Israel tot swye gedwing het. Al geluid is weeklagte.

Deur die eerste plaag toe water in bloed verander is, word 'n belangrike voedselbron — die visbedryf — afgesny en die watergebrek dwing die Egiptenare om naarstig na ander bronne te soek.

Met 'n mate van humor beskryf die skrywer die uitwerking van die tweede plaag toe paddas in duisendtalle oral

inkruip, teen mense opspring — ja selfs die eetgerei nie spaar nie.

Waar die Egiptiese geleerdes by die eerste plaag die pas kon volhou, steek hulle by die tweede vas want al kon hul paddas te voorskyn bring, het hulle geen raad met 'n metode geweet om hulle weer te laat verdwyn nie.

Nou sien ons Faroa baie verleë en hy vra dat die gesante van God die Here om verlossing van die plaag moet bid.

As die ongelowige wêreld eers daar kom waar hy hom met sy eie wysheid vasgeloop het en begin om na hulp oorkant sy grense te vra, is daar hoop op redding. Het u geloof en geduld om daarop te wag?

13 September **Lees:** Eks. 8:16-23 **Teks:** Eks. 8:23

TOG ONDERSKEID

Ons kan die vierde plaag, waar steekvlieë die land verwoes as 'n variasie beskou van die derde plaag toe muskiete in vennyn hulle aanvalle geloods het.

By hierdie plae word die verskillende betrokkenes op 'n eie wyse geraak en ook met verskillende reaksies. Die geleerdes van Egipte begin om hulle van Farao te onttrek. Ja hulle maak 'n betekenisvolle erkenning dat hulle in die gebeure die vinger van God sien. Hulle was nie meer in staat om mee te doen nie. Faroa daarenteen bly verhard en weier volstrek om onvoorwaardelik toe te gee. Hy stel nog voorwaardes.

Die derde groep betrokkenes is Israel wat die gebeure uit die land Goosen, waar hulle woon, gadeslaan. Tot dusver het hulle gespaar gebly, maar nou word die verskil nog duideliker geaksentueer as ons teksvers sê dat daar duidelik 'n verskil gemaak word. Farao moet dit raaksien maar Israel word daardeur geleer dat wat op die aarde gebeur, vir die geroepenes van God 'n ander betekenis het. Hier is hulle van rampe gespaar maar al sal dit ook hulle kom, weet hulle dat dit vir hulle ten goede meewerk, vir hulle wat na die voorneme van die Here geroep is.

Vir geroepene en die wêreld waarvoor hulle geroep is, dra dit 'n onmiskenbare boodskap, van Gods genade en geduld.

Is sulke gebeurtenisse vir u anders as vir die wat nie glo nie?

14 September **Lees:** Eks. 9:1-9 **Teks:** Eks. 9:11

MAGTELOOS VOOR GOD

In hierdie twee plae word mens en dier liggaamlik getref. Dit is nie bekend watter siekte die diere getref het nie maar vir die Egiptenare was dit 'n swaar slag, want diere is deur hulle hoog geag. Die landbou, die vervoer en verdediging word getref.

'n Nuwe element wat nou bykom, dui op die intensivering van die situasie in die stryd. Moses begin om 'n ultimatum te stel dat die plaag sal kom tensy Farao luister.

Soms word die sesde plaag van swere aan mense as 'n variasie op die vyfde, die pes onder die vee gestel. Egipte was bekend met velsiektes, daarom was pokke, as die swere nie uitgesluit nie, maar daar word ook aan sogenoemde Nylswere gedink.

Treffend word dit steeds gestel dat Israel of hulle vee onaangeraak bly. God is steeds besig om op sy wyse sy plan deur te voer. Van die wyses of towenaars word nou gesê dat hulle van weë die swere nie meer voor Moses kon staan nie — eers kon die wysheid van die wêreld meespreek, toe is hulle verleë, toe sien hulle die vinger van God daarin, daarna swyg hulle en nou wyk hulle. Nog net Farao bly hardnekkig staan want die Here het sy hart verhard sodat Hy sy raadsplan tot die einde kan deurvoer. So sal die wysheid van hierdie wêreld, wat stry met God en sy wysheid in Jesus Christus geopenbaar, ook eenmaal verleë staan erken, swyg en wegwyk voor die wysheid van God wat alle verstand oortref.

Ken u daardie wysheid?

15 September **Lees:** Eks. 9:13-18; 10:1-6 **Teks:** Eks. 9:16

KRAG IN TEKENS GETOON

By die sewende (hael) en die agste plaag (sprinkane) tref God die plantegroei wat as voedselbron vir die mens en dier dien. Dit is asof ons die vloek by die sondeval van die eerste mensepaar hoor: „vervloek is die aarde om jou ontwil." In Rom. 9:17 word na die gebeure in Egipte verwys en die doel van dié optrede van die Here word so gestel: „dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam op die hele aarde verkondig kan word."

Die tekens wat God gebruik, is hael wat die eerste verwoestingswerk met vreesaanjaende gedonder as gesél verrig en dan volg sprinkane om die strafgerig te voltooi. Goosen is weer van hierdie verwoesting gespaar.

Hael is vir die oosterse volke 'n teken van vervloeking. Farao word deur 'n goddelike vloek getref. Sprinkane is een van die mees gevreesde strafgerigte van die midde Ooste. Veral die westelike gedeelte van die Nyldelta het die plaag dikwels ervaar.

Die vordering van God in sy planne kan hier ook bemerk word. Vir die hael word Egipte gewaarsku om voorsorg vir die veiligheid van mens en dier te tref. Het party al begin glo en toe voorsorg getref? Hulle is nie in dieselfde mate geslaan as die deel van die volk wat hulle by die Farao geskaar het.

God doen die teken in die natuur nie verniet nie. Sy krag word openbaar sodat sy Naam oor die hele aarde verkondig kan word.

Die wat Hom leer ken het deur sy Woord, Jesus Christus die vleesgeworde Woord, herken sy tekens ook in rampe en seën van die natuur.

Ken u Hom deur Jesus Christus om Hom dan ook in sy magsdade te herken?

16 September **Lees:** Eks. 10:21-29 **Teks:** Eks. 10:26

DIE HERE EN ONS GOED

Die einddrama in die stryd kom nader. Geen ontmoeting met Farao vind voor dié plaag plaas nie. Hy word negeer. Daar is klaar met hom gepraat.

Die duisternis wat toesak, bring alles tot stilstand en veroorsaak totale ontwrigting, maar duisternis word ook as 'n vloek wat oor die aarde kom, beskou. Treffend weer: „maar al die kinders van Israel het lig in hulle woonplekke gehad."

Nou begin Farao in die duisternis onderhandel. Hy gee toe dat almal, vroue en kinders, kan gaan om vir die Here te gaan offer maar dan moet hulle diere agterbly. Moses vee egter met 'n ferm hand die duisternis voor Farao se oë weg en stel onbevrees dat hulle goed ook aan die Here behoort. Daarom: „daar mag geen klou agterbly nie want daarvan moet ons neem om die Here ons God te dien."

Dit bring ook die finale breuk. Moses word weggejaag met die opmerking dat Farao hom nie weer wil sien nie. Moses aanvaar dit: „ek sal u aangesig nie weer sien nie." Die finale slag kom.

Wat het ons wat ons nie van die Here ontvang het nie. Daarom behoort alles onverminderd aan Hom. Dikwels is ons geneig om eers onsself met ons goed te dien en uit wat oor is bring ons 'n sogenaamde offer. Dit is in der waarheid 'n subskripsie om aan 'n vereniging te behoort en nie 'n dankoffer vir die diens van die Here nie. Die kerk van Christus is nie 'n vereniging waarby ons deur 'n lidmaatsfooi kan aansluit nie.

Beskou u u lidmaatskap as 'n dankbare voorreg en is u dankoffer ook daarvolgens?

17 September **Lees:** Eks. 11:1-8 **Teks:** Eks. 11:8b

ALLEEN ONDER TOORN

Die hieropvolgende oordenkings handel oor die voltrekking van die tiende plaag en instelling van die Paasfees.

Omdat ons in die voorafgaande oordenkings gehandel het oor die stryd tussen Moses as gesant van God en Farao die verteenwoordiger van die, deur sonde verduisterde mensdom, staan ons nog 'n oomblik by die eindfase van die stryd stil.

Moses staan nog vir die finale slag voor Farao en sê dat dit middernag sal plaasvind. Middernag voorspel volgens die Egiptiese mitologie onheil en dood. Môre sal Egipte moet erken dat hulle gode genadeloos deur die God van hemel en aarde verslaan is. Die aankondiging van die dood van die eersgeborenes is ook 'n ontsettende berig. Die eersgeborene — vir Egipte die seun van die hoofvrou — bepaal die toekoms, die troonopvolger. Die dood van hom dui vir hulle die begin van

die einde aan. Die einde sal die voltrekking van die straf van die Here beteken waar die Egiptenare sal neerbuig en vra dat Israel moet uittrek.

Nadat Moses so die laaste woorde gesê het, het hy Farao in „gloeiende toorn verlaat".

Nou volg vir Egipte die ontsettende nag van dood en duister maar vir Israel die verlossingsnag van lewe en lig, van jarelange Paasfees. Ons trek verder na 'n Paaslam, Jesus Christus vir ons geslag. Hy wat weer sal kom om die oordeel van God aan te kondig — gloeiende toorn en ewige dood aan die eenkant en ewige lig en lewe aan die ander kant. Waar sal u staan?

18 September **Lees:** Eks. 12:1-17 **Teks:** Eks. 12-5

DIE PAASLAM

Israel leef in slawerny in Egipte. Namate Moses en Aäron op God's bevel Farao probeer ooreed om die volk te laat trek, na die mate verhard die vors hom.

Dan beskik God die tiende plaag — die eersgeborenes sal sterwe. Die volk Israel moet verlos word.

Op bevel van Moses maak die volk Israel hulle klaar vir die groot gebeurtenis. Elke huisgesin moet 'n lam sonder gebrek slag. Die lam se bloed moet gestryk word aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel. Teen middernag moet die vleis geëet word. Hulle moet gereed wees om uit die Egiptiese slawerny na die land van verlossing te trek.

Alleen waar die doodsengel die bloed sien, trek hy verby. Terwyl die Egiptenare ween oor die dood van die eersgeborenes trek Israel uit na die land van belofte.

Die tekens van verlossing vir Israel was die lam sonder gebrek, wat geslag moes word, en die bloed aan die deurposte. Dit word daarom 'n instelling in hulle geskiedenis: die Paasfees.

Soos Israel geleef het in 'n toestand van slawerny, so het ook die mensheid as slawe van die sonde geleef. Die geskiedenis van die mensdom is een lang tragedie, een lang worsteling teen die mag van die sonde en ongeregtigheid waarin hy gevangene was — hulle toekoms was uitsigloos.

Totdat die profete gewys het na iemand wat hulle sal kom bevry: die Messias, die Lam van God wat die sonde van die wêreld sou dra.

Jesus Christus is die Lam van God wat op Golgota geslag is. Hy is ook die Paaslam vir vandag en die toekoms. Hierdie Lam sonder gebrek en sy bloed is ook vir ons die enigste waarborg vir behoud, bevryding en redding.

19 September **Lees:** Eks. 13:17-31 **Teks:** Eks. 13:17

DIE OMWEG

Met groot haas geskied die uittog van die Israeliete uit Egipte. Die rigting van die uittog is nie, soos die meeste sou dink, die gebruiklike karavaanroete langs die Middelandse See op nie — 'n tog wat na skatting ongeveer veertien dae sou duur, en ook die kortste roete is nie. Onverstaanbaar, God kies vir sy volk 'n omweg, 'n pad na die Skelfsee, 'n tog wat veertig jaar sou duur. Die leiding van God blyk in die wolkkolom wat voor hulle uitgetrek het en snags 'n vuurkolom was.

Die weë van God is nie ons weë nie. Die kortste weg sou deur die land van die Filistyne gegaan het. Hulle was vermaarde vegsmanne en daarby gewapen met strydwaens en ander oorlogstoerusting waarteen die Israeliete nie opgewasse was nie.

God kies nie die kortste weg nie om sy volk op die omweg te louter, om Israel as volk te laat opgroei, tot 'n man bekwaam te maak vir die land van belofte, 'n volk in wie al die geslagte van die aarde geseën sal word.

So maak die Here met ons lewens. Hy lei ons nie altyd op die kortste weg na die ewige Vaderhuis — die land van belofte nie, maar die Here kies die weg wat die beste beantwoord aan sy goddelike doel — die weg waarop Hy ons louter en kwaam vir sy koninkryk.

In hierdie woestyntog van die mens lei God hom deur sy Woord en Gees, skenk Hy die geloof om staande te bly, skenk Hy aan die mens sy liefde in Jesus Christus om inwoners van die beloofde land te word — kinders van God.

20 September **Lees:** Eks. 14:1-31 **Teks:** Eks. 14:14

STIL WEES VOOR GOD

Op pad na die beloofde land het God sy volk bedags met die wolkkolom en snags met 'n vuurkolom gelei. Ons ken die geskiedenis. Farao en die Egiptenare het die Israeliete agterna gejaag en die volk van die Here in die engte gedryf. Voor hulle was nou die Skelfsee en agter hulle Farao se leërmag.

Dit was in hierdie benoudheid dat die volk tot God geroep het en dat die volk van Israel na Moses met hulle verwyte gekom het.

Sodoende het die volk God se vertroue verloën. Met hulle wens om liewer te eet uit die vleispotte van Egipte, het hulle hul volksbestaan verag, en daarmee saam ook die eer van die Here.

Tot hierdie ontroue, verontruste volk sê Moses nou: „Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van die Here . . .“ „Die Here sal vir julle stry en julle moet stil wees.“

Ook vir ons wat in hierdie tyd leef, het hierdie Woord 'n besondere klank. Ook ons volk word stelselmatig vasgekeer tussen verskillende gevare. Aan die een kant die kommunisme — die magte van die duisternis — wat ons land wil hê, en aan die anderkant 'n gees van sedelike en godsdienstige ontaarding.

Waarlik, soos met Israel die geval was, so dreig die gevare vandag ook van alle kante. Wat sal die uiteinde van alles wees?

En dan te midde van dit alles, hoor ons die Woord van die Here. „Wees nie bevrees nie." „Die Here sal vir julle stry, en julle moet stil wees."

God sal help maar dan moet ons stil wees. Ons moet nie onsself probeer verlos nie, maar ons moet ons buig voor ons Here Jesus Christus en al ons nood aan Hom bekend maak — al ons onrus en nood, al ons ellendigheid, al ons onwil en onbekwaamheid, al ons sonde en skuld.

Dan skenk die Here daardie stilte, daardie rus in die nood en onsekerheid van ons toekoms. Want as God vir ons stry, wie of wat kan dan teen ons wees?

21 September **Lees:** Eks. 14:1-31 **Teks:** Eks. 14:15

DIE PAD VAN GOD

Die Israeliete het seker by die aanhoor van die woorde van gister se oordenking, wanhopig uitgeroep: maar dit is gans onmoontlik. Want agter hulle ruk Farao met sy gedigte leër op, links en regs is daar geen begaanbare paaie nie, en voor hulle lê die waters van die Rooi See.

Maar toe hulle pad sigbaar doodgeloop het en hulle geen uitkoms gesien het nie, het God vir hulle 'n pad gemaak. Hy het vir hulle 'n weg deur die see gebaan en hulle uit die engte na die ruimte gelei.

Dit geld in sonderheid ook die sondaar — „ek" — wat met my benoude skuldelas geen raad weet nie en in vertwyfeling en wanhoop langs die pad gaan sit, en nie verder kan nie. My pad het doodgeloop.

Maar juis vir hom, die sondaar, het God in Jesus Christus reeds 'n weg tot bevryding gebaan. Jesus Christus verseker ons immers dat Hy die weg, die waarheid en die lewe is. Dit is die pad van die geloof in Christus en sy plaasbekledende soenverdienste. Ons moet hierdie weg inslaan en ons in lewe en in sterwe aan ons Here Jesus Christus toevertrou.

Wie hierdie weg van genade en versoening in Christus gelowig volg, loop veilig en kom veilig tuis, want die weg van God loop in die Vaderhuis uit.

Soek nie buite God om 'n uitweg wanneer die pad doodloop nie, maar volg Christus deur sy woord en die sakramente na die ewigheid.

22 September **Lees:** Eks. 15:1-21 **Teks:** Eks. 15:21

TOT EER VAN DIE HERE

Die volk van die Here is deur die sterke hand van hulle God uit die slawerny van Egipte verlos. Die magtige Egiptiese leër wat hulle agtervolg het om dood en verwoesting te saai, het in die see verdrink. Droogvoets het God sy volk deur die Skelfsee gelei.

En nou na die wonderlike redding het Moses en die kinders van Israel 'n lied tot eer van die Here gesing: „Ek wil sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe; die perd en sy ruiter het hy in die see gewerp."

Israel het 'n loflied gesing om die Here hulle God te verheerlik. Die roem en die eer kom Hom alleen toe. Daarom sing hulle hierdie loflied van die geloof uit dankbaarheid. Met blye vertroue kan hulle nou die onbekende toekoms tegemoet gaan.

Soos die Here Moses sy kneg geroep en gestuur het om sy volk uit die slawehuis van Egipte te verlos, so roep en stuur Hy sy Seun Jesus Christus om ons van die slawerny van die sonde op Golgotha te verlos. Met blye versekering kan ons die ewigheid tegemoet gaan omdat die Seun van God reeds vir ons in die ewige Vaderhuis plek berei het.

23 September **Lees:** Eks. 15:22-27 **Teks:** Eks. 15:26

GEHOORSAAMHEID

Die geskiedenis van Israel is 'n tipiese voorbeeld van ons persoonlike lewe. Die kinders van Israel staan aan die begin van hulle reis van die Skelfsee na die woestyn op pad na die beloofde land. Op hierdie woestyntog kom Israel by Mara met die bitter water aan. Moses het God aangeroep en God gee hulle 'n uitkoms en maak die bitter water soet. Van Mara af lei hulle pad na Elim met sy twaalf waterfonteine en sewentig palmbome.

Mara en Elim: teëspoed en voorspoed, smart en blyskap, onrus en rus, verset en vrede — afwisselende momente waarin die lewe van Israel die ooreenkoms toon met die lewe van die mens.

Die mens is in sy huwelikslewe ook onderweg na die beloofde land. Die lewe is nou eenmaal 'n woestynreis met die afwisseling van Mara en Elim.

Moses toon ons die weg aan as ons by Mara kom. Ons moet die Here aanroep.

Die verbond wat God met 'n mensepaar maak, is dit: „As jy getrou na die stem van die Here jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy

insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie, want ek is die Here wat jou gesond gemaak het."

Hierdie God wat ons gesond gemaak het, het Homself in Christus Jesus aan ons geopenbaar. Dit is Hy wat ons Mara's, ons krankhede en ellende op Hom geneem het — dit is Hy wat ons Leidsman op ons lewenspad is. Dit is Hy wat vir ons die weg, die waarheid en die lewe is. Dit is Hy wat met ons hierdie verbond sluit.

Laat ons na die stem van God en na sy gebooie luister, en sy insettinge hou. So sal Hy ons seën en ons lei op ons lewenspad na die ewigheid.

24 September **Lees:** Eks. 16:1-36 **Teks:** Eks. 16:4

BROOD UIT DIE HEMEL

Nadat hulle van Elim af weggetrek het, kom die Israeliete in die Woestyn Sin. Daar ondervind hulle voedselgebrek en verlang hulle terug na Egipte met sy vleispotte.

Lankmoedig verdra die Here die ondankbare ongeloofstaal. Sy antwoord op hulle murmurering is dat Hy Hom in die wolk in sy heerlikheid vertoon en aan Moses sê dat Hy vir brood en vleis sal sorg. In die aand het daar toe kwartels gekom en die laer oordek. Die kwartels is trekvoëls wat in die lente van die noorde aftrek.

Die Here laat so 'n swerm oor die laer neerstryk, sodat die volk hulle kan vang en eet.

Groter is die wonder van die brood wat God uit die hemel laat reën. Elkeen mag vir sy gesin slegs 'n behoorlike porsie per dag insamel, dit is 'n gomer, ongeveer 3,6 liter per persoon. Die een wat meer insamel, sal ontdek dat die oorskot bederf raak. Alleen vir die sabbat mag hulle 'n dubbele porsie insamel, want op dié dag moet hulle rus en aan God se weldade dink.

By die belofte dat Hy vir brood sal sorg, het die Here egter ook nog 'n besondere bedoeling daarmee. Dit is wel gegee om sy volk te versorg, maar ook om hulle te beproef of hulle in sy wet sal wandel of nie. Hierby het die Here veral die oog op die sewende dag as rusdag. Hiermee wil God nou sy volk beproef of hulle met geloof en met inagneming van sy wet die daaglikse wondergawe met dankbaarheid sal ontvang.

Die volk sal na God uit wie se hand hy leef, moet opsien. Daarom sal daar 'n kruik met manna bewaar moet bly tot 'n blymoedige gedagtenis — tot 'n profetiese betekenis.

Dit kom ook tot vervulling as Jesus na die spysiging van die vyfduisend vir die skare sê: „Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe". Ek is die lewende brood wat uit die Hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee." (Joh. 6:49-51.)

25 September **Lees:** Eks. 20:1-6 **Teks:** Eks. 20:2

EK IS DIE HERE JOU GOD

Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het. Die uittog uit Egipteland is diep in die hart van die volk Israel gegrif. Vanuit die slawehuis, deur die woestyn, tot in hulle eie land — so het die vader van die huis met paasfees die wonderdade van hulle God aan sy huisgesin vertel — geslag na geslag.

Dit is Ek — sê God, as Hy Hom aan die volk bekendstel en sy wet aan hulle gee. Ek het jul vrygemaak. Ek het julle uitgekies. Ek het met julle 'n verbond gemaak. Ek het alles vir julle gedoen en nou wil ek hê dat julle sal weet wie ek is.

Die wet wat God aan sy volk gee, is nie bedoel om vir hulle 'n swaar en ondraaglike las te wees nie. Dit het **die geleentheid** aan mense gebied om aan hulle God en weldoener elke dag dankbare diens te bewys. Hy is groot en goed en sy hand is duidelik sigbaar in die lewe van sy volk. Hulle is vry en hulle vryheid lê daarin dat hulle Hom in geloof kan aanvaar en volgens sy wil kan lewe. Daarom sê die Here in sy wet aan hulle — só moet julle lewe.

Die wet is nie deur Christus afgeskaf nie maar vervul. Deur sy genade en sy liefde is dit moontlik om God en naaste lief te hê — die saamvatting van die wet.

26 September **Lees:** Eks. 20:1-7 **Teks:** Eks. 20:7

NIE YDELIK GEBRUIK NIE

„Ek is die Here jou God." God het Hom nou aan sy volk Israel bekend gemaak. Nou is dit nie meer 'n onbekende wat met hulle praat en werk nie. Dit is hulle God en sy Naam is Here.

'n Naam is kwesbaar en die Naam van die heilige God kan oneer aangedoen word. Die Naam van God is 'n heerlike Naam. Alles wat ons van Hom weet en soos ons Hom deur Jesus Christus ken — alles word deur die Naam gesê: Here — die God van die Bybel.

Die Naam word deur gelowiges en ongelowiges gebruik.

Deur gelowiges word die Naam van God bely. Die kerk verkondig die Naam en glo die Naam. Ons kan die Naam in ons gebede aanroep en dit gehoorsaam. Ons kan die Naam loof en prys en verheerlik. Tot al hiérdie dinge word ons opgeroep.

Die Naam is kwesbaar want ons kan dit misbruik en oneer aandoen. Ons kan dit ydelik gebruik en daarmee vloek en skel. Dit word gedoen waar die Naam van God in ongeduld en in leuentaal gebruik word.

God wil sy Naam wat heilig en intens persoonlik is nie oorgee aan die platvloerse gebruik van mense nie.

Dit sal Hy sekerlik straf.

27 September **Lees:** Eks. 20:8-12 **Teks:** Eks. 20:8

DIE SABBAT

Die vierde gebod bepaal dat jy ses dae moet werk en op die sewende dag moet rus van jou arbeid — nie somar rus asof dit jou eie keuse is hoe jy die dag kan gebruik of misbruik nie. Dit is 'n dag wat God jou gee — sy dag.

Vir die Jood was dit die sewende dag. In die tyd na Christus word die sabbatdag vervang deur die gebruik om op die eerste dag van die week in die erediens saam te kom. Die eerste dag van week is die opstandingsdag, die dag van die Here en dit word nou die rusdag van die Nuwe Testamentiese gemeente.

Wat doen ons op hierdie dag. Pasop dat ons nie aan so baie dinge dink wat ons nie mag doen nie en dan vergeet dat daar wel dinge is wat ons móét doen.

Dit is die dag van die Here en op die dag word sy optanding uit die dood aan die gemeente verkondig. Dit is kerkdag. Die dag is ter wille van die Woord — ook ander dae maar veral hierdie een. Dit geld vir almal op alle plekke.

Werk moet beperk word tot die uiterste sodat almal aan die Woord kan dink. Ons het dit bitter nodig om in hierdie tyd deur die Woord van die ewige lewe aangespreek te word sodat daar blydskap, vrede en rus in ons harte kan kom.

28 September **Lees:** Eks. 20:12-17 **Teks:** Eks. 20:12

EER JOU VADER EN MOEDER

Eer jou vader en jou moeder.

In 'n normale huisgesin is die ouers lief vir hulle kinders en sal die ouers baie vir hulle kinders opoffer. Kinders is op hulle beurt weer lief vir hulle ouers en waardeer die dinge wat vir hulle gedoen word. Dit is in die Christelike kerk in lyn met die vyfde gebod. Dit kan egter ook anders wees. Ouers kan kinders verwaarloos en kinders kan teen hulle ouers in opstand kom.

In Gods gebod kom daar iets vir alle ouers en alle kinders by — ook vir abnormale sondaars. Kinders moet hulle ouers eer want God het hulle aan jou gegee. Julle vorm 'n huisgesin wat uit 'n huwelik voortkom.

In hierdie gesin word kinders gedoop en is deur ouers beloof dat hulle die kinders in die vrees en die kennis van God sal opvoed, omdat hulle verbondskinders is. So wil God sy verbond laat voortgaan en ons in die verbond inlyf. Ons ouers is die instrumente in sy hand.

Eer hulle vir wat hulle is, liefdevolle en toegewyde ouers. Sien hulle as uit die hand van God aan ons as aardse vader en moeder gegee. Hulle is 'n skadubeeld van ons hemelse Vader. Hulle voed ons in 'n aardse huis op en onderrig ons sodat ons later kennis van 'n hemelse Vader en 'n ewige woning kan kry.

29 September **Lees:** Eks. 20:12-17 **Teks:** Eks. 20:13

JY MAG NIE DOODSLAAN NIE

God het aan ons die lewe gegee en op sy tyd sal Hy die lewe weer van ons terugneem. In hierdie tyd van geweld en doodslag waarin ons lewe, is dit goed om weer sekere waarhede te bekyk. Die Bybel sê: „jy mag nie doodslaan nie." Die lewe van jou naaste mag jy nie aantas nie en jou eie lewe is 'n gawe van God. Jy moet dit soos 'n skat oppas. God sal vir jou 'n toevlug wees. Jy mag nie 'n uitvlug in die neem van jou eie lewe soek nie.

Daar is altyd die vraag oor oorlog. Is dit dan ook verbied? Ja, as dit die daad van agressie is, terrorisme of 'n gewetelose aanval op 'n swakkere buurstaat. Dit kan en mag nooit. As die staat egter sy burgers oproep om die vaderland te beskerm en as die vyand op die grens of binne die grense ontmoet word en verslaan of selfs uitgewis word — ja dit kan en moet. Daar is vroue en kinders wat beskerm moet word. Daar kan selfs 'n heilige oorlog wees.

In 'n wêreld vol haat en doodslag vra die mens na die sin van alles. Hoe rym dit dat God al die leed, geweld en die doodslag laat plaasvind. Hierdie gebod is vir die Christen 'n antwoord en 'n troos. God wil dit nie hê nie. Hy sê: ons moet mekaar sê lewe en liggame respekteer. Nog meer, ons moet mekaar liefhê.

30 September **Lees:** Eks. 20:12-17 **Teks:** Eks. 20:14

DIE HUWELIK IS GOED

God het die mens as man en vrou geskape. Hy het die man vir die vrou en die vrou vir die man geskape. Die probleem van die verhouding tussen die twee geslagte ontstaan na die sondeval en hierdie gebod spreek oor hierdie saak. God stel sy wet tussen goed en kwaad.

God het die huwelik ingestel en daarin die man en vrou bymekaargebring. Aan hierdie verhouding gee God sy seën. Die huwelik is goed. So wil God dit. Elke man sal sy eie vrou en elke vrou sal haar eie man hê. Hulle sal mekaar eer, respekteer en liefhê en hulle verhouding sal 'n teken van die verhouding van Christus tot sy gemeente wees. In hierdie verhouding tussen man en vrou kom die seksualiteit tot sy reg. Dit is 'n gawe van God aan die gehudes.

In ons tyd is dit goed dat ons weer na die saak van geslagtelikheid kyk. Daar is die sogenaamde „liefdesverhoudings", „liefdesbaba's", „proefhuwelike", buite-egtelike omgang tussen mans en vroue en nog veel meer. Die dinge word in ons koerante en in die bioskoop goedgepraat en daar word 'n romantiese kleur aan gegee. Die Bybel noem dit hoerery en egbreuk. God se gebod wys daarna en sê dit is verkeerd. Dit is sonde.

Die huwelik is goed en reg. Egbreuk is verkeerd en sondig.

1 Oktober **Lees:** Eks. 20:12-17 **Teks:** Eks. 20:15

JY MAG NIE STEEL NIE

Nadat God die mens geskape het, het Hy ook aan hom die opdrag gegee dat hy moet werk om sy brood te verdien. So sal hy in sy eie behoeftes en die van sy huis kan voorsien.

Hierdie loon op sy arbeid is nie genoeg vir die mens nie. Daar is 'n mags- en besit honger by ryk en arm, by hoog en laag. Elkeen wil meer. Vir hierdie honger sal mense mekaar opëet en verteer, bedrieg en besteel. Oor hierdie saak praat ons teks. Ons moet werk vir ons lewenstog — harde en eerlike werk verrig. Die arbeider sal sy loon ontvang.

God se wet wys na die sake wat die kategismus aan ons noem: bose dade en listige planne waarmee ons die goed van ons naaste wil ontneem. Dit wys na kullery en bedrog met mate en gewigte, twyfelagtige besigheidsmetodes en woeker. Hierdie dinge is sondig want dit het ten doel om die dinge wat jou naaste besit wederregtelik toe te eien.

Die gebod wys daarop dat ons in ons omgang en onderhandelinge met mekaar eerlik sal wees. In ons tyd is dit goed dat ons weer ons eie moraliteit onder oë sal sien. 'n Leuenaar en 'n dief of 'n bedrieër is 'n gruwel in die oog van die Here.

2 Oktober **Lees:** Eks. 17:1-7 **Teks:** Eks. 17-7

BID OF VERSOEK

Plekname is dikwels bakens om bepaalde gebeure te herdenk. So is die plek Massa en Meriba vir ons sinoniem met die sonde van versoeking. Wat is die verskil tussen bid en versoek? Die woorde beteken dieselfde, „versoeking" sou ons 'n sondige „gebed" kon noem.

Wanneer is 'n gebed sonde? In hierdie geval was die sonde nie in wat die volk gevra het nie. Hulle het reg gehad in hulle twis of regstryd om water.

Gebed is om by God in geloof te vra. Versoeking is 'n vra in ongeloof.

Die volk het tussen die twee pole gestaan — die slawehuis van Egipte aan die een kant en die beloofde land aan die ander kant.

Jy bid as jy vra, met jou oë op die beloofde land gerig en van God dit wat nodig is om jou bestemming te bereik, afsmeek. Jy versoek as jy vra met jou rug gekeer op die beloofde land, as jy terug verlang na Egipte omdat jy aan God se teenwoordigheid twyfel, ondanks die vuurkolom en die wolkkolom, ondanks die verlossing by Mara en Elim.

Jy bid as jy in die sekerheid vra: Hy wat sy eie Seun nie gespaar het nie . . . sal Hy nie saam met Hom ons alles genadiglik skenk nie? (Rom. 8:32.)

Miskien versoek jy die Here die meeste as jy nie bid nie omdat jy nie glo dat Christus die rots is uit wie die lewende water kom nie.

3 Oktober **Lees:** Eks. 17:8-16 **Teks:** Eks. 17:11

GELOOF EN GEVEG

'n Treffende toneel word vir ons geteken. Moses op die hoogte — Josua in die diepte. Moses in die stilte — Josua en sy manskappe in krygsrumoer. Wat het die een met die ander te doen? Wat het die geloof met die geveg te doen, die staf van God met die swaard, die gebed met die werk?

Is daar verband? Daar is mense wat sê die een het niks met die ander te doen nie. Daar is ook mense wat wil bid sonder om te werk — wat wil glo maar sy eie ongeloof kwalik kan verberg vanweë sy dadeloosheid. Gebed sonder gehoorsaamheid is skynheiligheid.

Daar is ook diegene wat geloof en gebed as swakheid beskou, wat die hande na bowe as hensop beskou. Sulke mense (en hoeveel van hulle is nie van ons eie mense nie?) veg saam met vyand omdat hulle nie meer saam op pad na die beloofde land is nie — hulle het klaar verloor.

Die uitslag van die stryd in die diepte, die geveg in die vlaktes, word nie dáár bepaal nie, maar op die hoogte solank en in soverre as wat die Here die banier is.

Die kruis staan as die banier, die bewys van die beslissende veldslag wat op Golgota gelewer is. In Christus is ons meer as oorwinnaars.

4 Oktober **Lees:** Eks. 18:1-13 **Teks:** Eks. 18:11-12

KONFRONTASIE OF AKKOMMODASIE

In die ontmoeting van die volk Israel met die Amalekiete en met Jetro, die verteenwoordiger van die Keniete, het ons 'n voorbeeld van konfrontasie aan die een kant en dialoog en vreedsame naasbestaan aan die ander kant.

Laat ek dadelik sê: die konfrontasie, gewelddadige botsing tussen Israel en Amalek was nie gebore uit rassisme of ekonomiese oorweginge nie (die stryd om die oase by Rafidim) nie, maar het ten diepste daarom gegaan dat Amalek 'n mag was wat die volk van God op sy pad na die beloofde land teengestaan het.

Vyandskap tussen die Satan en die mens moet daar altyd wees. „Oorlog het die Here teen Amalek van geslag tot geslag" (17:16). In die profetiese redes van Jesus en die Openbaringe brief is daar ook duidelik sprake van 'n botsing van geweld tussen die magte van die antichris en die kerk.

En Jetro dan, die Keniete, hoe was vreedsame naasbestaan met hulle moontlik — familiebande? Moses sy skoonseun? Nee, ook hier het dit nie om rassistiese of welke oorweginge gegaan nie, maar die dialoog begin daar waar Moses oor die groot dade van God begin spreek. En vreedsame naasbestaan is moontlik as Jetro erken: nou weet ek dat die Here groter is as al die gode (18:11) want Hy het hulle verlos uit die slawerny in Egipte. Vreedsame naasbestaan en dialoog

het, wat die kerk betref, geslaag alleen wanneer Moses (Israel) en Jetro (Keniete) saam offerandes bring tot eer van God (vers 12).

Vreedsame naasbestaan (akkommodasie) of konfrontasie is nie op sigself 'n oplossing nie. Die hoop van wêreld is by Christus alleen.

5 Oktober **Lees:** Eks. 18:13-27 **Teks:** Eks. 18:21

DIE REG EN REGERING

Tussen burgerlike en godsdienstige ampte is in die tyd van Moses nog nie streng onderskei nie. Moses het eintlik albei hierdie funksies verrig. Hy het die regspleging behartig van godsdienstige en burgerlike aard. Jetro se raad om vorste of regters aan te stel, was nie net die delegering van magte om Moses se las ligter te maak nie, maar het ook in 'n mate die onderskeiding beteken van godsdienstige en burgerlike amp. Die vorste moes reg spreek in kleinere sake, moontlik na aanleiding van 'n bestaande regstelsel of regsnorme wat in die tyd gegeld het. Moses sou sy tyd en krag kon wy aan die „vraag aan/na God" in ernstige sake en die oordra van kennis van Gods wette aan die volk.

Nou kan daar geredeneer word oor die vraag welke regeringsvorm die beste is.

Wat is die beste regeringsvorm? By die keuse van die manne is een van die voorwaardes dat dit betroubare manne moet wees, wat onregverdige wins haat. (21.)

Korrupsie, selfverryking, magsbewustheid lê ten grondslag van vervalsing van die reg. Die grootste is nie hy wat gedien word nie, maar wat self dien, soos Christus gekom het nie om gedien te word nie, maar om te dien en sy siel te gee as losprys vir baie.

Goeie regering word nie daardeur bepaal of dit die minderheid of meerderheid is wat regeer nie. Goeie regering kan alleen dié regering wees wat weet dat God regeer en vra na God, wat weet dat hy geen mag het as God dit nie gee nie.

Goeie regering is daardie regering wat dit moontlik maak vir die godsvolk om in alle godsvrug en waardigheid te leef en sy bestemming te bereik. Daarom is die eerste voorwaardes vir goeie regeerdes: Manne wat God vrees". Daarmee is ook aan die tweede voorwaarde voldoen — „betroubare manne wat onregverdige wins haat."

6 Oktober **Lees:** Eks. 19:1-9 **Teks:** Eks. 19:5-6

UITVERKIESING

Die verbond met God het nie tot stand gekom deur die toedoen van die volk Israel nie. Die grond vir die verbond lê eensydig in die genade van God. God het sy volk beskerm. God het sy volk gedra soos 'n moederarend haar kleintjies.

„Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels — die Here alleen het Hom gelei . . ."

Die grond van die Nuwe Verbond lê in die eensydige genadige handeling van God in Jesus Christus wat vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

Die inhoud van die verbond, die omskrywing van voorregte en verpligtinge, spreek ewe-eens slegs van die genade. Die seën van die verbond lê daarin dat God uit die hele aarde, wat tog aan Hom behoort, en uit al die volke wat Hy geskape het, uit soewereine genade sy volk vir Hom afgesonder het as sy privaat eiendom.

Wat is die verpligtinge in die verbond? Uitverkiesing is altyd ook uitverkiesing tot diens — „Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk as eiendom verkry om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig." (1 Petr. 2:9.)

Om diensbaar en bruikbaar te wees — ook dit is louter genade van God.

7 Oktober **Lees:** Eks. 19:10-25 **Teks:** Eks. 19:13

GELYKSTELLING

Heil is daar nie vir die mens in die ontheiliging van en die gelykstelling met God nie. Dit lei tot selfvernietiging: „maar hy moet sekerlik gesteníg of sekerlik met 'n pyl geskiet word" (vers 13).

Heil is daar alleen as God self nader kom, Homself openbaar in Jesus Christus. Hy gee self in Christus ons toegang tot die heilige der heilige. Alleen deur Jesus Christus wat die voorhangsel geskeur het van bo na onder kan ons die heilige God nader.

God is in die hemel en ons op die aarde. En tog het ons in die twintigste eeu in die proses van gelykmaking van alles, ook God nie ontsien nie. Die pogings om God neer te haal na die mens toe, het tot die doodverklaring van God gelei. Godsdiens het volkome opgegaan in mensediens. Die eerste tafel van die wet het oorbodig geword en die tweede tafel het daarom sy sin verloor. Maar ook dit is niks nuuts nie. Die oersonde van die mens om soos God te wil wees (gelykskakeling van mens en God) beteken konsekwent om jou eie god te wil wees, en die doodverklaring van God.

Die gevolge van die gelykmakingsproses is nie 'n aardse vrederyk waar daar geen stryd of botsing meer kan wees nie. Die gevolg bly steeds die verlies van die paradys en die gemeenskap met God.

Ontheilig van die Heilige, gelykstelling met God is selfvernietiging.

8 Oktober **Lees:** Eks. 20 **Teks:** Eks. 20:1, 2

WET EN EVANGELIE

Die wet van die Here begin nie met 'n verbod nie maar met die openbaring van God — wie Hy is en wat Hy gedoen het. Om God te ken is om sy weldade te ken.

Die wet begin met evangelie, die blye boodskap dat God sy volk uit die slawerny van Egipte verlos het. Voordat God iets van ons vra, sê Hy eers wat Hy vir ons gedoen het. Hy het ons deur Jesus Christus uit die slawerny van sonde verlos en ons met God en ons medemens versoen.

Die nakoming van die wet van die Here is nie 'n swaar las van allerlei wat verbied en op die mens gelaai word nie maar die reël vir die dankbaarheid van die verloste volk. Die gebooie is nie net 'n verbod „jy mag nie", maar letterlik 'n saak van „jy sal nie" want God het jou verlos.

Die wet op sigself is evangelie. Die gebooie van God gee vryheid. Dis die ruimte waarin die volk van God in vryheid kan leef. Afwyking van die gebooie beteken nie vryheid nie, maar juis die einde van alle vryheid.

Vryheid is daar alleen as ons die ware God dien. Vryheid is daar alleen as ons God in waarheid dien; as ons sy Naam nie nietigheid ag nie; as ons tyd het vir God; as ons eerbied in die lewe het; as ons God se beskikkingsreg oor die lewe, oor die huwelik, oor eiendom erken; as ons die waarheid bevorder en God met woorde, gedagtes en werke dien.

9 Oktober **Lees:** Eks. 26:1-30 **Teks:** Eks. 26:1

WOONPLEK VIR GOD

Daar het onder Israel 'n baie bewuste gevoel geleef dat die Here oral in die skepping teenwoordig is. Dit is veral so geglo omdat God Gees is. Maar, vanweë die baie persoonlike karakter van hierdie selfde God, was daar ook 'n neiging om sy teenwoordigheid op 'n bepaalde plek aan te wys.

Soms is sy woonplek aangewys as die hemel, soms weer as 'n hoë berg, of selfs die hele land Kanaän, maar woonplekke deur mense gemaak, het as sy woonplek bekend gestaan. So was die tabernakel die woonplek van God, waar die Israeliete Hom tydens hulle deurtog deur die woestyn kon ontmoet.

Die spesifikasie vir die bou van die tabernakel word vir ons deurgaans in die fynste besonderhede in die gelese Skrifgedeelte weergegee. As woonplek van God is daar dan ook besondere vereistes gestel ten opsigte van die materiaal en ameublement wat gebruik is. Dit is opgerig en ingerig na die plan en wyse wat God self aan Moses opgedra het.

Die woonplek van God onder mense het egter nie net beperk gebly tot 'n tentwoning of enige heiligdom, met

materiaal en deur mensehande gemaak nie. Die woning wat God by uitnemendheid gekies het, waarin Hy onder ons wil woon, is die liggaam van Jesus Christus.

In daardie woning het God só onder ons woning gemaak, dat alle godverlatenheid tot 'n einde gekom het. Daardie woning het die aanslae van al die magte wat skeiding tussen God en ons wou maak, afgeweer. Op grond van Christus se menswording is ons selfs in die dood nie deur God alleen gelaat nie. Nou is ons saamwoon met Hom ewigdurend omdat Hy in Jesus Christus waarlik onder ons kom woon het.

10 Oktober **Lees:** Eks. 26:31-37 **Teks:** Eks. 26:31

AFSONDERING BY DIE ONTMOETING

In die opdrag wat Moses van God ontvang het om die tabernakel te bou, is ook die pertinente opdrag ingesluit om 'n voorhangsel te maak. Die allerheiligste gedeelte van die tabernakel is hiermee van die res van die tabernakel geskei.

Die woonplek van God onder sy volk, getuig dus tog ook van skeiding te midde van die ontmoeting. Die mens kan die tegemoettredende God ontmoet, maar daardie ontmoeting kan nie onvoorwaardelik geskied nie. Om dit te verstaan is dit nodig dat ons iets sal weet van die ontsaglike heiligheid van God en die ontsettende sondigheid van die mens. Hierdie heiligheid van God staan teenoor die sondigheid van die mens soos lig teenoor duisternis staan, soos wit teenoor swart en soet teenoor bitter. Daarom is daar afsondering nodig ten spyte daarvan dat 'n ontmoetingsplek ingerig word. Die tegemoettredende God kan deur die mens slegs in heiligheid en afsondering ontmoet word. Daarom word 'n voorhangsel ter skeiding gemaak.

Wanneer die Nuwe Testament dan nou getuig van 'n voorhangsel wat middeldeur geskeur het, het ons die getuienis van 'n vrye en onbelemmerde toegang tot die ontmoeting met God. Deur die kruisdood van Jesus Christus is die mens beklee sodat hy waardig is om God te ontmoet.

Daarom bou ons nie meer 'n tabernakel of tempel met 'n voorhangsel nie, maar verkondig ons nou die blye boodskap dat God ons tot ontmoeting met Hom nooi. Nou staan die allerheiligste oop — ja is die hemele geopen, sodat God en mens tot 'n harmonieuse en vreedsame ontmoeting kan kom.

Wie in Jesus Christus glo, is beklee tot 'n waardige ontmoeting met God. Vir hom wat glo, is die voorhangsel in twee geskeur, die hemele geopen en sy ontmoeting met God verseker en in vrede.

11 Oktober **Lees:** Eks. 27:1-8 **Teks:** Eks. 27:1

OFFERWERK BY DIE ONTMOETING MET GOD

Die altaar wat vir ons in Eksodus 27 beskryf word, was bedoel as 'n altaar waarop diere ten offer gebring moes word. Soms word daar twyfel uitgespreek oor die bruikbaarheid van so'n houtaltaar; maar tog het die feit dat daar wel 'n brandofferaltaar in die tabernakel geplaas is opsigself diepgaande betekenis.

Hierdie altaar wat in die voorhof geplaas was, was die plek vir plaasvervangende offerwerk. Daar was eintlik geen toegang tot die tabernakel, behalwe as daar by hierdie altaar stilgestaan is, daar bloed laat vloei is, en die offer as 'n plaasvervanger vir die mens aanvaar is nie. Dit het die ingang na die tabernakel versper en mens moes daarlangs verbygaan.

Die altaar in die voorhof was dus enersyds 'n hindernis en andersyds die weg op pad na die ontmoeting met God toe. Eers wanneer die Israeliet sy offer na die priester gebring het, en dit op die altaar geoffer is kon hy toegang verkry tot 'n ontmoeting met God. Indien hy egter op 'n ander wyse tot God wou nader, as om 'n offerdier as plaasvervanger op die altaar te plaas, was sy weg na God ten volle afgesny. Daar was geen ander manier om God te ontmoet nie.

So is daar dan ook vir ons geen ander weg na God toe as die weg by die kruis van Jesus Christus verby nie. Die gestorwe Jesus, wie se bloed gestort is, is die enigste plaasvervangende offer wat kan dien as wegbereider na God toe. Daarom moet ons des te meer erns maak in ons belydenis van Jesus Christus as die gekruisigde en opgestane Heer.

12 Oktober **Lees:** Eks. 27:9-19 **Teks:** Eks. 27:9

'N VOORHOF OOK NODIG

Die feit dat daar ook 'n voorhof is, wat deel uitgemaak het van die tabernakel, getuig van die Here se besondere hantering van die mens.

In 'n sekere sin is die voorhof 'n simbool van afwagting. Die Here bevoorreg die mens met sy teenwoordigheid, maar laat hom nie sy gemeenskap meteens en ten volle ervaar nie. Die mens wag in die voorhof op God se genade. Die hoëpriester kry eers alléen die geleentheid om met God in ontmoeting te tree. Daarna, wanneer hy alles vir die volk in orde gebring het by God, bring hy ook vir die volk die volle seën van die Here, en geniet hulle dit ook.

Maar, ook ons, soos Israel by die tabernakel, ken hierdie afwagting op die volle heil van die Here. Jesus Christus het reeds gekom. Die Here het met ons in ontmoeting getree. Maar nog vertoef ons ten opsigte van die volle gemeenskap met die Here nog in die voorhof van die tabernakel.

Hoewel ons weet dat die offer ter versoening van ons sonde reeds aan God gebring is — Jesus Christus hét dit reeds gedoen — wag ons tog met rykhalsende verlange, tótdat die betekenis daarvan ten volle sal deurbreek. Eers as Jesus Christus weer gekom het, sal daardie volle gemeenskap met God, die deelkry in sy koninkryk, ten volle ons deel word.

Nou bevind ons ons as'tware in die voorhof van die tabernakel. Die handelinge wat ons met God versoen, is reeds afgehandel. Die voorbereiding van die heil, die bring van die seën van die Here, vind reeds plaas. Maar die wederkoms van Jesus Christus, sal eers die seël op dit alles sit.

Dan vind ons ontmoeting met God plaas, dié ontmoeting wat voortdurende en algehele heil inhou.

13 Oktober **Lees:** Eks. 28:1-43 **Teks:** Eks. 28:12

VOORTDURENDE VERSKYNING VOOR GOD

Die klere van Aäron, die hoëpriesterlike gewaad, was van besondere stowwe en voorkoms. Enersyds moes dit die persoon van die hoëpriester heilig vir sy taak, en was dit dus bedoel om 'n sieraad tot eer van die Here te wees. Andersyds het elke deel daarvan ook besondere betekenis gehad.

Die twee oniksstene, een op elke skouer, met die name van ses van die stamme van Israel op elkeen, het dié belangrike bedoeling gehad, dat elke stam daardeur voortdurend voor die aangesig van die Here sou wees. Sodoende sou Hy altyddeur aan elke stam van Israel dink, om aan hulle goed te doen. So het die hoëpriester voor die Here gaan staan met die bede, wat hy met hom saamdra, dat die Here dit, wat Hy eenmaal begin het om aan Israel te doen, sal voleindig.

So is ook ons ontvangers van die heil wat God in Jesus Christus aan ons skenk, maar moet ons ons voortdurend voor die Here stel. Die geleentheid daarvoor, dat ook ons altyddeur in die gedagtes van die Here sal wees, word vir ons in die gebed gegee, waarin ons sy Naam ten behoewe van onsself aanroep. Dit word ons ook gegun deur die voortdurende beoefening van gemeenskap met Jesus Christus — veral ook in die sakrament van die nagmaal.

Ter voleinding van die heilswerk wat Jesus Christus aan ons begin het, word ook ons tot die gedurige verskyning voor die aangesig van die Here geroep.

14 Oktober **Lees:** Eks. 29:1-37 **Teks:** Eks. 29:1

PRIESTERWYDING

Daar word met groot sorgvuldigheid beskryf hoe die priesters gewy moet word. Dit is, so sê die hoofstuk, hulle heiliging. Dit wil sê hulle word só toegewy aan die diens van God en die volk.

Hierdie wyding moes met offerwerk gepaard gaan. Dit is 'n verpligting wat altyd vir Israel sou geld, want hierdie priesterskap kan nie op grond van die waardigheid uit afstamming, of van menslike begaafdheid beoefen word nie. Dit kan alleen geskied op grond van die barmhartigheid van die Here. Slegs as die sonde, wat aan elke mens kleef, weggeneem is, kan die mens in die heilige diens staande bly.

Ook die ampsdraers van die hedendaagse kerk, kan daardie heilige diens van God en die mens, alleen vanuit God se barmhartigheid verrig. Ook hulle kan dit alleen as begenadigdes in Jesus Christus doen. 'n Kerk en ampsdraers, sonder die geloof in Jesus Christus die gekruisigde, is daarom nie kerk en ampsdraers van die Here nie.

'n Verdere waarheid is egter ook dat ampsdraer van die kerk daarom uit homself heilig en gewyd is nie. Daarom mag daar ook nie te krities en veroordelend na die lewe en werk van ampsdraers gekyk word nie. Ook hulle vind hulle heiliging slegs deur hulle geloof in Jesus Christus.

15 Oktober **Lees:** Eks. 29:38-46 **Teks:** Eks. 29:42

DAAGLIKSE OGGEND- EN AANDOFFERS

Hierdie Skrifgedeelte gee vir ons 'n beskrywing van twee offers wat daagliks, die een soggens, en die ander een saans, gebring moes word.

Verder word daar aan die einde die algehele heiliging, van alle voorwerpe en mense, wat vanaf hoofstuk 25 beskryf is, vermeld. Die doel van die voortdurende en algehele heiliging, is om vir die heilige God 'n plek te gee om in die midde van sy volk te woon. Die tabernakel is die plek waar die Here sy teenwoordigheid op 'n besondere wyse laat geld, maar die feit van die afstand tussen Hom en sy volk vereis 'n voortdurende heiliging van die ontmoetingsplek. Steeds staan die mens as ontsettende sondaar teenoor die heilige God. Die mens moet hiervan gedurigdeur bewus wees.

Maar ook ons wat in Jesus Christus geheilig is, mag nooit uit die gedagte verloor dat ons van nature ver verwyderd van God is nie. In soverre ons in Christus glo, is ons wedergebore en geheiligde mense; maar dit is alleen in soverre ons in die geloof aan Hom verbind is. Eintlik is ons, totdat die geloof in aanskouing sal oorgaan, steeds mense wat nederig moet wees. Ook ons moet nog elke dag bid: „Vader vergeef ons ons skulde."

16 Oktober **Lees:** Eks. 30:1-10 **Teks:** Eks. 10:10c

WILLEKEUR IS UITGESLUIT

Dikwels sê mens baie selfvoldaan dat hulle net kerk toe gaan as hulle so voel. Die rede waarom die mense so sê, is blykbaar dat baie mense dink dat hulle net sonde doen as hulle wel kerk toe gaan sonder om so te voel. Een ding is egter heeltemal duidelik: as ons godsdiens geheel of gedeeltelik

afhang van ons gevoelens dan word dit 'n baie willekeurige saak. Eendag voel die een lus om kerk toe te gaan; die ander een voel nie so nie. Een voel lus om te bid en 'n ander nie. Dan word godsdins 'n uiters los-en-vas maak-soos-elkeen-wil.

Die Bybel leer ons anders. Die Here sê self hoe die reukofferaltaar gebou moet word. Hy sê self dat dit van die kosbaarste materiaal gemaak moet word — duur, nie afgeskeep nie. Hy sê ook self dat die offerdiens nie net eenmaal per jaar nie, maar elke dag by daardie altaar verrig moet word. Want sien, in die godsdiens is God die belangrikste. Hy **moet** gedien word. Die mense is die bevoorregtes — hulle **mag** Hom dien — nie net by geleenthede, maar elke dag!

Die diens wat die mense aan God moet bring, is vir Hom belangrik. „Hoogheilig is dit aan die Here." As u miskien vandag nie só voel om te bid of kerk toe te gaan of te doen wat God van ons in sy diens vra nie, onthou dan net dat dit godsdienstiger is om die Here te dien al voel ons nie so nie. Dit is in elk geval noodsaakliker om kerk toe te gaan of te bid of wat ook al as ons nie daarna voel nie. Anders maak ons God minder belangrik as ons willekeurige gevoelens.

Kan so 'n godsdiens hoogheilig wees vir die Here?

17 Oktober **Lees:** Eks. 30:17-21 **Teks:** Eks. 30:21

SKOON IN DIE DIENS VAN GOD

Ons ken vandag nie meer die godsdienstige gebruik om hande en voete te was voor 'n mens in die kerk ingaan nie. Dit was deel van die reinigingsgebruike wat onder die Ou Testament bestaan het en met die koms van die Nuwe Testament verval het. Maar, al het die uiterlike seremonie van die wassing verdwyn, het die saak wat deur die godsdienstige wassing uitgedruk is, nie verval nie. Vandag nog kan 'n mens nie vuil in die diens van God staan nie.

Ons wat hierdie gebruik van water nie meer het nie, is tog ook gewas — nie met water nie, maar met die kosbare bloed van Jesus Christus. Daarom is uiterlike godsdienstige wassing nie meer nodig nie. Juis omdat hierdie uiterlike wassing nie meer nodig is nie, het ons reiniging 'n dieper en blywender waarde en betekenis gekry: ons moet uiterlik en innerlik in die diens van God skoon bly.

Meestal dink die mense dit geld net vir predikante en in 'n minder mate vir kerkraadslede. Maar elke mens is onder die Nuwe Testament tog 'n priester in diens van God. Daarom raak dit elke mens.

God self het ons vir sy diens skoongemaak. Hy alleen kan ons vir sy diens skoon hou. Dit doen Hy ook deur sy Woord wat gepreek word en die uitdeling van sy sakramente aan sy biddende gemeente. Hierin moet ons elke dag volhard anders word ons van binne en van buite so vuil dat ons totaal ongeskik is vir die priesterskap van die gelowiges.

18 Oktober **Lees:** Eks. 31:12-18 **Teks:** Eks. 31:17

'N TEKEN VAN DIE VERBOND

Die Here het die volk Israel beveel om die sabbat, die rusdag te onderhou, omdat die rusdag 'n teken van die verbond van God met die volk is. Dit is baie belangrik om op hierdie feit te let, want so leer ons om beter te verstaan waarom daar 'n rusdag is en wat daardie rusdag beteken.

Die verbond van God beteken dat Hy in genade na die volk toe gekom het. Hy het gekom om die volk van sonde te verlos en uit die slawehuis van Egipte te verlos sodat hulle sy volk kan wees en Hom kan dien. Toe Hy só verlossend na die volk toe gekom het, het Hy, sonder dat die volk dit verdien het, Homself vrywilliglik verbind om vir hulle 'n God te wees en as hulle God vir hulle na die tydelike en ewige lewe te sorg. En nou is die sabbat, die rusdag 'n teken van hierdie verbond wat vertel van God se liefde en genade vir mense wat dit nie verdien nie.

Vandat die Nuwe Testament met die koms van Jesus Christus aangebreek het, val die rusdag nou op die eerste dag van die week — dié dag waarop die Here Jesus uit die dood opgestaan het. Dit is die dag waarop die Nuwe Verbond as 'n duidelike en betekenisvolle werklikheid ten volle deurgebreek het.

Die Sondag, die rusdag van die Nuwe Verbond, is dus net so 'n teken van die verbond. Daarom onderhou ons hierdie dag as teken daarvan dat God ons liefhet en vir ons goed is en reg het op ons verloste lewe. Ten minste — ons behoort dit so te onderhou — en nie só asof dit 'n dag is waarop ons reg het of allerhande dinge vir ons kan opëis nie.

19 Oktober **Lees:** Eks. 32:1-8 **Teks:** Eks. 32:4 en 5

„GEEN GESNEDE BEELD OF ENIGE GELYKENIS . . ."

Ongeduld in die diens van God ly altyd tot sonde en verval. Dit het ook met Aäron en die volk Israel gebeur toe hulle te ongeduldig geword het om langer vir Moses te wag.

In hulle ongeduld het hulle nie vir hulle 'n ander god gemaak nie. Hulle het vir hulle 'n beeld van God probeer maak Hulle sê dit baie duidelik in hierdie twee teksverse dat dit 'n beeld is van die God wat hulle uit Egipte uitgelei het en dat hulle vir Hom 'n fees gaan hou.

Al het dit vir hulle goed gelyk om 'n beeld van God te maak, was dit tog verkeerd in die Here se oë, want as 'n mens 'n beeld van God kan maak, kry hy God daarmee in sy mag. Dan is die Here nie meer die Heer nie, maar die ondergeskikte en afhanklike wat deur die mens versorg en gedra moet word. Daarom verbied die Here dat daar van Hom op watter wyse ookal 'n beeld gemaak word.

Pasop vir die ongeduld! As 'n mens nie meer vir die Here wil wag nie — Hy ken sy tyd — neem mense God se sake in hulle eie hande. Dan maak hulle vir hulleself beelde wat aan hulle sigbare en tasbare sekerheid moet gee. Dan verloën hulle die geloof. Dan eer hulle nie meer die Here nie, maar stel hulleself gerus met dinge wat hulle eie ondergang verseker.

20 Oktober **Lees:** Eks. 32:9-14 **Teks:** Eks. 32:11

VOORBIDDING

Toe die volk met die goue kalf teen die Here gesondig het, wou Hy die volk verdelg en Hy het sy voorneme aan Moses te kenne gegee.

Moses kon geen verskonings vir die volk aanvoer nie. Daar was geen verskonings nie! Opsetlike, ongeduldige sonde kan nooit verskoon word nie. Al wat Moses kon doen, was om vir die volk voorbidding te doen. Dit het hy ook gedoen. En dat Moses dit waag om voorbidding te doen in die aangesig van daardie gruwelike sonde van die volk, lyk eintlik grensloos verwaand.

Tog het Moses voorbidding gedoen. Hy het hom egter nie op die volk se deugde of onkunde beroep nie. Hy het hom op God se weldade vir die volk, op God se guns en goedheid beroep. God het sy gebed verhoor. Moses het hom ook nie op sy eie deugde of verdienstes beroep nie. Hy het hom volkome op God se sondaarsliefde verlaat.

Is dit miskien die rede waarom ons so dikwels nalaat om voorbidding vir alle mense ook vir ongelowiges en vyande te doen? Dink ons nie dalk dat ons, ons eie of ander mense se deugde as grond vir ons voorbidding moet kan aanwys nie? Voorbidding is dan juis nodig waar daar net sonde en geen deugde aan te wys is nie.

Tog moet ons voorbidding doen en mag ons voorbidding doen. Want ons doen nie voorbidding op grond van menslike verdienstelikheid nie. Ons doen voorbidding op grond van God se goedheid en liefde. Daarom gee die kruis ons die vrymoedigheid om vir slegte mense by God te pleit.

21 Oktober **Lees:** Eks. 32:17-29 **Teks:** Eks. 32:19

GEEN NEUTRALITEIT, GEEN EIEGEREGTIGHEID

Die feit dat Moses vir die volk voorbidding gedoen het, beteken egter nie dat Moses die sonde van die volk goedgepraat of goedgekeur het nie. Hy het ook nie onverskillig daarteenoor gestaan nie. Hy kon nie. Die eer van God was op die spel. Daarom was hy diep geskok en vertoornd. Vir hom was neutraliteit nie moontlik nie. Hy het kant gekies vir die eer van God.

In sake wat die eer van God raak, kan 'n mens nie neutraal staan nie. Neutraliteit en onverskilligheid het presies dieselfde krag as vyandigheid en sonde teen God. Wie nie vir God is nie, is immers teen Hom.

God en sy diens raak ons lewe ten diepste. Daarom moet ons onder alle omstandighede kies. Vir die gelowige is daar nie twee moontlikhede nie. Daar is net een: wat ookal die gevolge daarvan vir homself en vir ander mag wees, kan die gelowige net vir die eer van God kies te alle tye en onder alle omstandighede. Anders skaar hy hom by die vyande van God.

Die ellendigste moderne siekte is juis dié van neutraliteit of onverskilligheid of verdraagsaamheid — mooi name wat die duiwel uitgedink het. Die mense is bang om aan mense aanstoot te gee, daarom verdra hulle allerhande God-onterende dinge, sonder kommer oor die vraag of hulle God aanstoot gee of nie.

Nou kies 'n mens ook nie vir God as hy in eiegeregtigheid alles self wil kort en klein slaan nie. Hy kies alleen in kinderlike nederigheid, voorbiddend en getuigend reg, want God kan self deur sulke nederigheid, voorbidding en getuienis sy eer beskerm en bevorder.

22 Oktober **Lees:** Eks. 33:12-17 **Teks:** Eks. 33:16c

GOD SE TEENWOORDIGHEID IS 'N ONDERSKEIDINGSTEKEN

Daar is baie verskille tussen mense onderling en tussen volkere en nasies. Hierdie verskille is werklik en moet seker ook aanvaar word as kenmerke van die verskillende mense en nasies.

Moses stel egter bo hierdie natuurlike onderskeidings die een saak wat allesbeslissend en allesoorheersend is. Dit is die vraag na God se teenwoordigheid by 'n mens of 'n nasie. Dit is presies dieselfde as om te sê: of 'n volk glo of nie glo nie. Met ander woorde: 'n mens of 'n volk word nie salig op grond van wat hy is nie. Hy word ook nie verwerp op grond van wat hy is nie. Hy kan nie salig word as God hom nie aanneem nie en as hy nie in God glo nie.

Daarom is dit duidelik dat mense en volke ook in God moet glo. En as hulle wel in God glo dan is dit 'n onderskeidingsteken wat die een nie meerwaardig bo die ander stel nie. Dan sou geloof hoogmoed tot gevolg hê. Dit kan tog nie!

Geloof laat mens nie in hoogmoedige meerderwaardigheid op ander neersien nie. Dit maak hom nederig dankbaar dat hy genade gevind het en dit maak hom ywerig besig om te bid en te werk daarvoor dat alle mense sal glo. Want toe die Here die mens goed en na sy beeld gemaak het, toe het Hy hulle só gemaak dat hulle vir Hom sal lewe en aan Hom alleen sal behoort. Hy het hulle só gemaak dat dié wat Hom nie geken het nie sal aankom na sy kinders toe ter wille van die Here hulle God.

Trek ons as volk nog mense na die Here toe?

23 Oktober **Lees:** Deut. 1-2 **Teks:** Deut. 1:30-31

TERUGBLIK

Die boek Deuteronomium verplaas ons na die grens tussen twee wêrelde. Dit spreek van die verlede en die toekoms. In die eerste hoofstukke is daar 'n preek van Moses opgeteken. Wanneer Moses hierdie rede uitspreek, staan hy aan die einde van sy taak. Hy moes die volk Israel uit Egipteland, op die lang woestyntog, na die land Kanaän, die beloofde land lei. Moses en die volk staan nou vlakvoor die bereiking van daardie doel. En nou het Moses hier natuurlik baie dinge om te sê. Hy begin deur na die verlede te kyk. Op die lang, moeisame woestyntog het daar baie met die volk gebeur. Daar was baie krisistye en talle ontberinge. Maar die belangrikste, die uitstaande kenmerk in die verlede was die sorg en liefde van God. Dit was die Here wat voor hulle uit getrek het. Hy het vir hulle gestry. Hy het versorg. Hy het in al hulle behoeftes voorsien. Gedurende die lang woestynreis, met al sy probleme en gevare het die Here sy volk gedra soos 'n man sy seun dra. Hy het hulle dus met die teerste sorg en liefde omring. Aan die goeie het dit hulle nooit ontbreek nie.

Maar tenspyte van al die sorg en liefde van God, het die volk steeds geweier om die Here te vertrou en in Hom te glo. Dit is die tweede uitstaande kenmerk in die geskiedenis van die volk: die ontrou van Israel. Daar was by hulle steeds 'n volgehoue onvermoë en onwilligheid om die goedheid en genade van die Here raak te sien. Hierdie houding van die godsvolk sou nog lank voortduur. Uiteindelik sou die Here ook die allerlaaste doen. Hy sou sy eie Seun stuur om die ongehoorsaamheid en onwilligheid van die wederstrewiges te dra. God sou self die laaste, die grootste offer van liefde in sy Seun Jesus Christus bring.

24 Oktober **Lees:** Deut. 3 **Teks:** Deut. 3:24-25

DIE GROOT VERLANGE

Nadat Moses al die groot dade van God in die verlede in herinnering geroep het, word hy oorval deur 'n groot verlange om ook die voltooiing van die werk van die Here te aanskou. Hy pleit hartroerend by God om hom ook te laat oortrek sodat hy die mooi land kan sien wat oorkant die Jordaan lê. 'n Mens kan hierdie begeerte van Moses goed verstaan. Die land van die belofte is só naby. Dit lê daar vlak voor hom. Om sy volk daarheen te lei, het hyself baie ontberinge verduur. Vir veertig jaar lank moes hy in die woestyn lewe om die God van Israel te leer ken. Daarna moes hy die volk vir nog veertig jaar deur die woestyn lei. Nou staan hy voor die land wat die dryfveer agter dit alles was. Sal die Here hom nie maar toelaat om ook die beloofde land in te trek nie? Maar die Here weier die versoek van Moses. Sy besluit oor hierdie saak staan vas. Moses word

selfs verbied om verder oor die saak te praat. Dit word egter aan Moses gegun om op die top van Pisga te klim. Vandaar mag hy die beloofde land in sy wye uitgestrektheid aanskou. Ook vir Moses geld wat die brief aan die Hebreërs van die aartsvaders sê: „in die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek."

Soek u ook? Deur Gods Woord en Gees het u die Weg gevind!

25 Oktober **Lees:** Deut. 4 **Teks:** Deut. 4:1

GEHOORSAAMHEID

Hierdie hoofstuk begin met 'n aanprysing van die wet. Die wetsonderwysing geskied hier nie op 'n abstrakte wyse nie maar in reekse van historiese herinneringe en vermaninge. Dit is eerder wetsprediking. Met 'n warm oortuiging vermaan Moses die volk om aan die wet van die Here gehoorsaam te wees. Israel moet onthou: oor die ganse lengte en breedte van hulle bestaan moet hulle lewe as volk van God te midde van die andere volke. Daarom word nie een onderdeel van die volkslewe buite rekening gelaat nie. Die verordeninge, die insettinge wat Moses die volk hier leer, is dan veral bestem vir die tyd wanneer Israel in Kanaän sal woon. As daar gevare en bedreiginge was tydens die omswerwinge in die woestyn, sal daar nog meer wees nadat die volk die beloofde land betree het. Moses waarsku die volk dringend teen die gevare waarmee hulle in Kanaän te doen sal kry. Daar wag vir hulle 'n lang en vreugdevolle lewe. Maar as hulle werklik die ryke seëninge waarmee die Here hulle sal oorlaai, wil geniet moet hulle gehoorsaam wees aan die wet van die Here.

As Israel dus soos 'n verantwoordelike volk wil lewe en sonder vrees en bekommernis die toekoms tegemoet wil gaan, moet hulle alle eiewilligheid en eiewysheid opsy skuiwe.

Die enigste goeie lewensmoontlikheid is daarin geleë dat hulle sal luister na die wet van God en dat hulle in sy weë sal wandel.

Gehoorsaamheid aan God en sy Woord is die weg na lewe want die vleesgeworde Woord Jesus Christus is die weg, die waarheid en die lewe. Ken u Hom?

26 Oktober **Lees:** Deut. 5 **Teks:** Deut. 5:15

GOD REGEER

Die belangrikste verskil in die teks van die wet van die Here in Eksodus 20 en Deuteronomium 5, is die uitbreiding en besondere beklemtoning van die sabbatsgebod in laasgenoemde. Die sewende dag is die einde van die week, en die oorgang na die nuwe week. Hierdie dag is die teken daarvan

dat alle dae aan die Here gewy moet word. Met die viering van die rusdag word eintlik erken dat die mens op aarde nie leef op grond van die arbeid van sy eie hande nie. Ons lewe deur wat God vir ons is en vir ons doen. Hierdie gebod het die volk Israel steeds onder die besef gehou dat dit God is wat rus, bevryding, oorwinning, heil en lewe skenk. Die volk kan dus steeds sorgeloos en onbekommerd in die sekerheid rus dat God alles sal voorsien wat vir hulle bestaan noodsaaklik is. Daarom kan die volk rustig die arbeid op die akker in die wete laat staan dat dit God is wat die wasdom gee.

Maar nou moes Israel by die onderhouding van hierdie gebod ook daaraan dink dat hulle self eenmaal slawe in Egipteland was. Hulle moes onthou dat dit die Here is wat hulle daarvandaan met 'n sterke arm uitgelei het. Hier word dit onderstreep dat dit God is wat mense bevry uit die greep van die knellende magte. God is dus die een wat regeer, en die mens moet onthou dat sy heil en verlossing nie geleë is in die dinge wat hyself kan vermag of in dit wat hy vir God kan doen nie, maar in dit wat God vir ons doen.

Só was dit ook gesteld met die groot verlossingsdaad van God in Jesus Christus. Hy het gewerk. Hy het gely. Hy het alles volbring. En ons mag jubel en bly wees. Ons mag rus want hy regeer.

27 Oktober **Lees:** Deut. 6 **Teks:** Deut. 6:5

LIEFDE

Die aanbod in hierdie tekswoord moet eintlik met albei hande aangegryp word. Dat ons die Here mag liefhê — dit is geen geringe saak nie. God bied hier aan 'n nietige skepsel die mooiste en die innigste verbondenheid aan. Ons mag die Here liefhê. Dit beteken dat die Here Hom diep moet neerbuig na ons mense. Maar nou is dit opvallend dat God juis hierdie wonderlike guns, hierdie hemelse gawe in 'n gebod en opdrag inklee. Waarom staan hier nie: julle mag die Here julle God liefhê nie? Waarom dan: julle moet? Dit staan hier só omdat die Here weet daar is by ons 'n neiging tot ontrou. In plaas van aan God, skenk ons ons liefde, ons trou en lojaliteit aan afgode. Dit laat God Hom nie geval nie. Hy wil ons hele liefde hê. Hy wil ons hart nie met ander deel nie. Selfs die skynbaar onskuldige indringing van heidense praktyke word hier hartstogtelik afgewys. Gods eie liefde kan dit nie verdra om half of verkeerd beantwoord te word nie. Sy liefde omvat die hele mens en Hy kan dus alleen tevrede wees wanneer Hy die hele mens onverdeeld terugkry. Omdat God in sy Seun alles gegee het, alles opgeoffer het ter wille van ons volkome verlossing daarom eis Hy ook ons hele onverdeelde liefde.

28 Oktober **Lees:** Deut. 7 **Teks:** Deut. 7:6-9

DIE GODSVOLK

In hierdie tekswoord word dit uitdruklik aan Israel gesê dat God hulle verkies het uit al die ander volke om die eiendomsvolk van God te wees. Hierdie onderskeiding het hulle nie te beurt geval omdat hulle meer en groter as die andere volke was nie. Hulle was trouens die geringste van almal. Hulle uitverkiesing het hulle te danke aan die liefde, die trou en goedertierenheid van God. En nou kom hier 'n gedagte tersprake wat te doen het met die absolute lojaliteit van God teenoor die volk wat Hy uitverkies het. Israel sal nooit nodig hê om te twyfel aan die trou van God nie. Soos Hy Hom in die verlede aan hulle geopenbaar het as die God wat in alle omstandighede sy woord hou, só sal dit ook in die toekoms wees. Hy sal steeds al sy krag en vermoë ten dienste van die heil van sy volk aanwend. Hulle het nie nodig om te spekuleer en te fantaseer oor wat die Here van hulle dink nie. Hy kon hulle wel verag en verwerp het. Hy het in wye genade juis sy hand na hulle uitgesteek omdat hulle Hom nodig gehad het. Maar omdat Hy Homself so volkome aan hulle verbind het, verwag die Here ook van sy volk volkome lojaliteit. Met die inwoners van Kanaän mag hulle hulleself nie vermeng nie. Die afgodediens van die Kanaäniete moet met wortel en tak uitgeroei word.

Die godsvolk van die nuwe testament, die kerk van Jesus Christus beklee ook hierdie unieke geseënde posisie. Dit is 'n groot voorreg om volk van die Here te wees. Maar dit bring ook sware verpligtinge en verantwoordelikhede mee.

29 Oktober **Lees:** Deut. 8 **Teks:** Deut. 8:18

DIE HERE GEE KRAG

Dit is die Here wat aan 'n mens en aan 'n volk krag gee. Hierdie woord is tot die volk Israel kort voor die intog in die beloofde land gespreek. Nou was dit 'n tydige woord. Nadat die lang woestyntog met al sy gevare agter die rug was, kon die Israeliete baie maklik dink dat hulle dit alles self bereik het. Hulle kon dink: dit was hulle eie krag en deursettingsvermoë wat hulle in staat gestel het om die ontberinge van die woestyn te oorleef. Daarom word dit nou hier by hulle ingeskerp: dit alles was te danke aan die Here. Hy het hulle gelei deur die groot en vreeslike woestyn. Hy het hulle bewaar teen giftige slange en skerpioene en in die dorsland sonder water, hulle dors geles. Hy is ook die een wat aan hulle in die goeie, geseënde land van oorvloed die krag sal gee om as volk staande te bly. Krag is die bekwaamheid of toerusting wat 'n mens in staat stel om iets te doen. Die volk Israel moes baie

dinge doen wat hulle nie kon doen nie. In die verlede het hulle krag nodig gehad om te midde van al die ongeluk en teleurstellings nie moedeloos en verbitterd te word nie. In die toekoms sal hulle krag nodig hê om wanneer dit goed gaan nie oormoedig, ydel en dwaas te word nie. Hulle sal krag nodig hê om in die beloofde land nog verantwoordelike volk van die Here te bly! Dit moes die volk dan onthou. Die krag kom nie van sterk en goed georganiseerde leërmagte nie. Die krag is ook nie geleë in ekonomiese rykdom nie. Dit is die Here wat ons krag gee. Die Here gee juis sy krag aan hulle wat hulle swakheid en onvermoë voor Hom bely. Aan hulle wat swak en nederig hulle leë hande na Hom uitstrek, gee Hy krag. Die apostel Paulus het die saak goed verstaan toe hy gesê het: „baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon, want as ek swak is dan is ek sterk."

30 Oktober **Lees:** Hosea 1 **Teks:** Hosea 1:2

ONTROU

Die eerste drie hoofstukke van die profeet Hosea, vorm 'n eenheid met 'n besondere boodskap. Onder die voorspoedige regering van Jerobeam het Israel tot selfgenieting verval, ontrou aan die Here en ook in afgodery. In die tragiese huweliksgeskiedenis van Hosea, die ontrou van Gomer, vind ons 'n sinnebeeld van Israel se ontrou teenoor die Here. Die ideale verhouding tussen God en sy volk word as 'n huweliksverhouding voorgestel. Israel se ontrouheid en afdwaling word as owerspel voorgestel: „. . . want die land het grootliks owerspel bedrywe deur van die Here afvallig te word" (Hos. 1:2).

In die geskiedenis van Hosea se mislukte huwelik, leer die Here sy volk wat Hy van hulle optrede dink en hoe Hy daaroor voel. Hy het hulle nog lief, maar dit is 'n teleurgestelde en vertoornde liefde wat die ontrou nie kan verskoon nie. Daarom die versekering van bestraffing. Ons het dus hier die aankondiging van Israel se naderende ondergang. Die name van Hosea se kinders by Gomer dui dit verder aan, naamlik Jisreël (=vergelding kom), Lo-Rugáma (=geen genade meer nie) en Lo-Ammi (=nie langer my volk nie).

Nieteenstaande dit alles, is daar tog nog die opsoekende liefde van die Here. Hosea (=die Here red) moes die owerspelige vrou gaan terugwen en loskoop.

Wat 'n beeld van Gods liefde teenoor die sondige afvallige mensheid! Jesus Christus het gekom om terug te wen en los te koop op die slawemark van die sonde. Gods liefde bly getrou ook waar ons ontrou word. Selfs in sy bestraffinge bied Hy nog genade aan.

31 Oktober **Lees:** Hosea 4 **Teks:** Hosea 4:4

ONKUNDE

In hierdie uitdagende hoofstuk word ons gestel voor:

'n Droewige toestand. Wat 'n beeld van sonde en verval skilder Hosea nie hier nie! Dit is byna ongelooflik as onthou word dat wat hier gesê word, van Israel gesê word. En dit het alle mense uit alle stande geraak, selfs die priesters het in sonde gelewe.

Straf word voorspel. Dit vind ons eintlik dwarsdeur die hoofstuk. Sonde en straf vul mekaar aan. Die loon van die sonde is die dood. Wat hier ontstel, is die feit dat God nie net straf verseker nie, maar dat Hy die volk vrye teuels sou gee om in sonde tot selfvernietiging te lewe.

Die oorsaak van hierdie toestand. Dit is geleë in „geen kennis van God nie". Waar die kennis van die Here ontbreek, floreer die sonde. Kennis is mag en die ware kennis van Christus is die ewige lewe. Die kennis van God en die hoedanigheid van ons lewenswandel, hang baie nou saam met mekaar. Die onmiddellike vrug van die onkunde is „geen trou en geen liefde nie". As ons God nie vrees nie, ontsien ons ook mekaar nie. En hierdie onkunde kan ons eie skuld wees.

Wat van vandag? Hosea kon net so goed vandag gelewe het. Dieselfde sondes en dieselfde onkunde heers ook vandag. Die wêreld se grootste gebrek is kennis van die ware God, kennis wat sal lei tot sondebesef en 'n terugkeer tot God.

Sien u, hier is ons groot opdrag: „gaan dan heen en verkondig!"

1 November **Lees:** Hosea 5:1 — 6:11 **Teks:** Hosea 5:15

OPROEP TOT BEKERING

Hier vind ons 'n verdere uiteensetting van Israel se posisie voor die Here.

Die ontsettende werklikheid. Die Here het Hom van hulle onttrek. Sy teenwoordigheid en beskerming, sy leiding en vertroosting, sy hulp en ondersteuning is hulle ontneem. Hulle sal Hom met hulle offers probeer vind, maar tevergeefs. Wanneer die storms van oordeel hulle tref, sal hulle besef hulle het op sand gebou.

Waarom het die Here Hom onttrek? Eintlik omdat hulle Hom verlaat het, ontrou aan Hom geword het, die grenslyne verlê het. Sonde is in wese die ontkenning van God en lei tot die verwerping en verlating van God. Hoe vreeslik kan die gevolge dus nie wees nie.

'n Ligstraal in die donkerte. Sy aangesig is bedek weens hulle sonde, maar sy liefde is onveranderd en wag op hulle terugkeer. Die aloue en beproefde pad vir elke afgedwaalde terug na God is: sondebelydenis en terugkeer. Maar dan moet

dit eerlik en opreg wees. Die Here let nie net op die dade nie, maar lees die hart en ken die gesindheid. Nie ons goedheid en godsdienstigheid nie, maar opregte liefde vind Hom altyd.

Ons word hier gestel voor die groot feit dat deur ons nalatigheid en afdwaling, die Here Hom van ons mag onttrek. Soos vir die dwase maagde kan die deur vir ons gesluit word.

2 November **Lees:** Hosea 8 **Teks:** Hosea 8:7

WAT JY SAAI . . .

Die boek Hosea bevat eintlik 'n aantal gerigsaankondiginge en gevolglik kry ons gedurig te doen met onderwerp van sonde en gevolge. Telkens word die sondes van Israel duidelik beklemtoon. As persoon het Hosea sy volk innig liefgehad en getreur oor die geestelike nood maar as profeet moes hy aan hulle die oordele van die Here aankondig. En hy doen dit op 'n onomwonde wyse. Hy spaar niemand en bedek nie die sondes nie.

In Hosea 8:7 het ons dan 'n treffende samevatting van hul leefwyse. „Want hulle saai wind, maar hulle sal storm maai." Hulle het wind gesaai — 'n beeld van nutteloosheid, ydelheid en wat na hulle oordeel geen nagevolge of wrange vrugte ten gevolge sou hê nie. 'n Sondige lewe is altyd nutteloos en baie meen ook vandag nog dat die gevolge vermy kan word.

Maar nou word Israel daaraan herinner dat die wind 'n storm saambring. Wat ons saai, oes ons, en in die reël oes ons baie meer as wat ons saai. Ook word die aard en karakter van die oes deur die saad bepaal: goed of sleg, koring of onkruid, 'n lewe in Christus of 'n lewe van sonde. Ons dade het onvermybare gevolge. Israel se leefwyse was nietigheid en ydelheid en sou 'n storm bring, naamlik die storm van teleurstelling, verwoesting, vernietiging, die oordele van God self. Hul hoop sal beskaam word, daar sal geen toekoms wees nie, maar algehele ondergang.

Dieselfde waarskuwing kom vandag tot almal. Klein sondetjies kan verreikende gevolge hê. 'n Enkele sonde stel ons doemwaardig voor die Here. Hoe versigtig moet ons nie wees nie!

3 November **Lees:** Hosea 10 **Teks:** Hosea 10:12

NOU — DIE WELAANGENAME TYD

Hoe wonderlik en onbegryplik is Gods genade! Ondanks al die gruweldade, sondes en ontrou van Israel teen die Here (en in hierdie hoofstuk word weer etlike voorbeelde genoem), en hoewel hulle byna aan die einde van hulle bestaan gekom het en met ondergang bedreig word, word hulle nog 'n kans gebied Omdat die Here liefhet, het Hy geen behae in die dood

van die sondaar nie (Eseg. 33:11). Daarom die vermaning: „. . . braak vir julle 'n braakland want dit is tyd om die Here te soek" (Hos. 10:12). „Braak die land." Israel het besef wat dit beteken. Maak die land skoon en gelyk, ploeg die ou stoppels, bossies en onkruid om, maak dit gereed vir saad. Dit is 'n opdrag wat ook tot ons kom. Ook in ons hart en lewe is daar struikgewasse wat vrugbare grond oorgroei, is daar onkruid en rotse wat goeie saad verstik. Die geestelike reën en dou val en die son skyn sonder welslae. Ons bly geestelik onvrugbaar. Die Here sê ook vir ons om dinge reg te maak: breek met die sondige gewoontes en keer terug tot die Here en sy Woord.

„Dit is tyd om die Here te soek." Vir Israel was baie min tyd oor en hulle moes hulle haas. Hier word wel 'n geleentheid aangebied, maar dan moet dit dadelik aangegryp word. Tyd snel verby, die einde is daar voordat ons dit begryp. Ons kan die tyd meet wat verby is, maar nie wat voor is nie en daarom moet ook ons die Here soek terwyl Hy nog te vinde is. Die Here self is gereed, verlangend om te kom en te seën soos ons herinner word, „totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën".

4 November **Lees:** Hosea 11 **Teks:** Hosea 11:9

GEOPENDE DEUR

In hierdie besondere treffende hoofstuk vind ons onder andere die werking van Gods liefde wat wil seën en sy geregtigheid wat moet straf, duidelik aangetoon. Teenoor die hardste bedreiginge is daar die heerlike heilsbelofte. Hy herinner Israel —

Aan wat Hy vir hulle gedoen het en nog wil doen. Hy het hulle sy liefde gegee en hulle verlos; hulle geleer loop en met bande van liefde getrek. Hy bemoedig hulle en verseker hulle van sy optrede ter wille van hulle. Hy het dus alles gedoen.

Hy herinner hulle aan wat hulle teenoor Hom gedoen het. Hulle het weggeloop en aan afgode geoffer; sy genesende hand nie herken nie; afvallig geword en na sy stem nie geluister nie. Sy liefde het hulle dus met sonde beantwoord en so regverdige vergelding uitgelok.

Hy bied hulle 'n uitweg aan. Bekeer jou tot jou God. Die deur is oop. Hulle moet hulle afkeer van die sonde en terugkeer tot God. Sy liefde en geregtigheid vind mekaar daar.

Vir ons is die boodskap nog dieselfde. Gods liefde en geregtigheid vind mekaar tot ons heil in die krag van die kruis van Jesus Christus. Dit is die enigste weg. Sonder dit — die oordeel. Ons kan die toorn van die sonde alleen afwend deur te kniel voor die kruis en ons Saligmaker Jesus Christus met sy verdienste te omhels en om genade te smeek.

5 November **Lees:** Hosea 14 **Teks:** Hosea 14:5

REDDENDE LIEFDE

Hoe anders eindig hierdie boek. Na al die aanklagte, veroordelinge, waarskuwinge en dreigemente, vind ons hier tegemoetkoming, genade en liefde. Treffend toon dit ons hoe genadevol God teenoor die sonde staan en dat Hy nie wil dat iemand verlore sal gaan nie. Sy liefde is lankmoedig, verdraagsaam en vergewend.

Ons vind hier 'n dringende beroep op Israel. Dit sluit in dat hulle tot die Here moet terugkeer (vers 2), tot gebed en skuldbelydenis moet kom (vers 3), tot danksegging en verering moet oorgaan (vers 3b) en met hulle openlike belydenis van die Here moet voortgaan (vers 4). Hierdie is almal noodsaaklike stappe vir elkeen wat in sonde verval en aan die Here ontrou geraak het.

Dink aan die goddelike versekeringe hier gegee. Hy sal hulle genees en vrywillig liefhê (vers 5); vir hulle soos dou wees (vers 6); daar sal vrugbaarheid en voorspoed wees (verse 7-8). Hoe wonderlik en oorvloedig is die verlossing en die genadegawes van God nie! Hy gee in liefde, na die rykdom van sy genade. Geen skepsel kan ooit die volle inhoud van Gods liefde peil nie. Hy kan vergewe tot die uiterste. Maar juis daarom is die oordeel ook finaal wanneer die liefde versmaad word. Die kruis bevestig sy liefde, maar verseker sy veroordeling. Hosea getuig van Gods geregtigheid wat straf en van Gods liefde wat red.

6 November **Lees:** Amos 1:1-4 en 7:14-15 **Teks:** Amos 7:14, 15

DIE MENS AMOS

Amos word gereken as een van die oudste Skrifprofete in die Ou Testament. Hy tree in die jaar ±760 v.C. op. Dit is ook die eerste profeet wie se uitsprake versamel en bewaar is. Buite sy boek verskyn sy naam nêrens nie. Volgens die opskrif van die boek is hy afkomstig van Tekoa, 'n klein dorpie waarvan die ruïne-heuwel vandag nog te sien is. Dit lê ongeveer 20 km suid van Jerusalem. Daar het hy gelewe as 'n kleinveeboer maar ook as 'n grootveeboer. Verder was hy ook 'n kweker van wildevyebome. Heelwaarskynlik het hy wildevyeboorde in die laer liggende dele van die land besit wat hy bewerk het. Hy het sy brood dus uit sy boerdery verdien en was nie afhanklik van die vergoeding vir beroepsprofete nie. Trouens Amos was 'n selfstandige man wat as veeboer en landbouman in sy omgewing uitgestaan het. As profeet het hy hoofsaaklik in die noordelike ryk spesifiek by die heiligdom van Bet-el opgetree. Uit die boek kan gevolgtrekkings gemaak

word dat hy miskien ook in die hoofstad Samaria en in Gilgal opgetree het. Die tydperk van sy optrede was vir 'n profeet egter baie kort. Heelwaarskynlik het hy vir minder as 'n jaar opgetree, 2 jaar voor die groot aardbewing.

Uit die roeping van Amos met hierdie agtergrond, is dit duidelik dat God enige persoon kan roep om sy boodskap oor te dra. So word nie net „enige" persoon geroep nie maar ook „elke" persoon. God het sy Seun nie gespaar om sy liefdewil aan ons te voltrek nie. Wat 'n voorreg moet dit nie wees om deur Hom bruikbaar gemaak te word, om sy heilsboodskap uit te dra nie. Ons hoor soms die opmerking dat ek hierdie opdrag nie kan uitvoer nie want ek is 'n „eenvoudige boer". Kyk na Amos en vervul u roeping.

7 November **Lees:** Amos 2 **Teks:** Amos 1:2

DIE TYD-SITUASIE VAN SY OPTREDE

Volgens die uitsprake wat Amos gemaak het, blyk dit dat hy goed op hoogte van die sosiale en kulturele toestande in Israel was. Vir sy tyd was hy 'n hoogs ontwikkelde man. Vanuit Tekoa as middelpunt het hy waarskynlik vanweë sakebelange, al die naburige lande rondom Palestina besoek. Hy het selfs Egipte besoek. Dit gee hom 'n radius van 500 myl. Vir sy tyd met die destydse beskikbare paaie en vervoermiddele was dit uitstekend. Die twee konings wat tydens sy optrede regeer het, was Ussia en Jerobeam 11. Jerobeam 11 was 'n sterk militêre figuur wat deur gebiedsuitbreiding die grense van Israel verplaas het, tot ongeveer dieselfde as wat dit was in die tyd van Salomo. Net so het ook sy tydgenoot naamlik Ussia van die suidryk, die Judese grondgebied na die suide uitgebrei. Hierdie uitbreidings was moontlik omdat die internasionale toestand dit in die hand gewerk het — Aram en Assirie, Israel se twee aardsvyande in die noorde het met mekaar oorhoops gelê. Eers het die Assiriers die mag van die Aramiers verbreek — daarna is hulle self deur die opkoms van die stad Ararat in die Armeense bergland vir 'n hele klompie jare in bedwang gehou.

Die Here God voorsien vir elke tydsgewrig sy gesante om sy boodskap vir die bepaalde situasie oor te dra. In die volheid van die tyd het Hy sy Seun gestuur om sy boodskap van heil in volle mate oor te dra en te vervul. Ons leef nou in 'n tyd wat ook weer besig is om vol te raak. By die volheid daarvan sal Hy weer kom om te oordeel tussen goed en sleg — nie tussen volke nie maar tussen sy gelowige volk en hulle wat nie glo nie. U is die boodskapper vir u tyd soos Amos dit vir sy tyd was. Sal u tyd vir u of teen u getuig omdat u gespreek het of omdat u geswyg het.

8 November **Lees:** Amos 3 **Teks:** Amos 3:15

DIE GEVOLGE VAN DIE TYD

Maar die gebiedsuitbreiding van Israel en Juda het nie net ekonomiese voorspoed gebring nie. Die sterk ekonomiese bloei het ook sosiale en godsdienstige misstande bevorder. Veral op die sosiaal-ekonomiese vlak, het die skeiding tussen ryk en arm groter en groter geword. Die boonste laag van die bevolking het van die voorspoed gedy. Weelde en oordaad was aan die orde van die dag. Duur en kosbare spogwonings is gebou. Ja, baie het selfs 'n winterhuis en 'n somerhuis besit. Verder is daar geëet, gedrink en feesgevier. Maar die rykdomme en sosiale behoeftes het groter uitgawes tot gevolg gehad. En dit het vervolgens weer winsbejag in die hand gewerk. Die pryse het gestyg, bedrog het toegeneem in die handel. Gewigte en skale is vervals en armes is vir 'n paar skoene verkoop. Daarom begin Amos op Gods bevel teen hierdie dinge in Israel profeteer.

Maar eers spreek hy die oordeel oor die buurvolke uit. Die eerste veroordeeldes is die inwoners van die stad Damaskus. Omdat hulle Gilead, 'n swak en ondergeskikte landstreek hard en meedoenloos behandel het, sou hulle eie dade hulle tref en sou hulle as ballinge in knegskap weggevoer word na 'n vreemde land.

Die skepping van God is ryk in sy oorvloed waarvan die mens kon neem en dit geniet vir sy lewe. Hy moet lewe om sy taak as die kroon van die skepping te vervul — dit is om voor te sing in die loflied van die skepping tot eer van die Skepper. Nou is die mens so geneig om hom so deur die oorvloed van alles om hom te laat beheers, sodat dit nie op gebruik nie maar misbruik uitloop soos Israel in die dae van Amos. Wat van ons tyd? Gebruik ons dit in dankbaarheid of misbruik ons dit in weelde? Sing die kroon van die „skepping tot eer van die Skepper of swyg hy ter wille van die genot van die oorvloed.

9 November **Lees:** Amos 1:5-2:3 **Teks:** Amos 1:2

DIE OORDEEL OOR DIE BUURVOLKE EN ISRAEL

Die tweede oordeel is gerig teen die Filistyne. Hierdie Filistynse volk wat meer as 'n duisend jaar v.C. vanuit die eilande van die Middelandse See Palestina binnegedring het, is deur Dawid teruggedryf na die kusvlaktes. Vanuit hulle vyf stede daar op die kusvlaktes het hulle van die Israeliete gevange geneem en hulle verkoop aan 'n woestynvolk suid van die Dooie See. Daarom sou daar niks van die Filistynse volk oorbly nie, sê die Here Here. Dieselfde oordeel word oor Tirus gevel omdat hulle ook skuldig was aan menseroof. Ook Edom, die broedervolk van Israel, die nakomelinge van Esau is veroordeel, omdat hy bloed tussen broers met die swaard laat

vloei het. 'n Hewige oordeel sou ook vir Amon die swerwende woestynvolk tref, omdat hulle swanger vroue oopgesny en die swakke liggame van vrou en kind deurboor het. Nog 'n volk wat hom teen die menslike vergryp het, was Moab. Hulle het die bene van 'n gestorwe vyand tot poeier verbrand om dit as 'n wêreldse artikel, as witsel, te gebruik.

Israel is geroep om die heilsboodskap vir die wêreld te dra. Uit Israel het die heil deur Jesus Christus vir alle volke en nasies gekom. Dus die roeping van een volk, beteken nie dat alle ander volke vir die honde gegooi word nie. Heil en oordeel „brul uit Sion en verhef sy stem uit Jersualem".

Uit die kerk, van elke gelowige Christen moet daardie boodskap steeds aan alle volke om ons klink.

Swyg ons as hulle hul doof hou? Of hou ons aan verkondig met die wet dat dieselfde God van Amos se tyd ook God van ons tyd is met onverminderde mag.

10 November **Lees:** Amos 5 **Teks:** Amos 2:11

DIE MINAGTENDE GESINDHEID VAN ISRAEL

En die laaste woord wat gevel word, is die teen Israel in die geheel, die uitverkore Gods volk. Sewe oortredings van hulle word genoem wat daarop dui dat hulle straf volledig sou wees. Want by Israel gaan dit nie net om die verkoop van menselewens, of net om die verdrukking van die armes nie. Die mishandeling en die minagting van die swakkes en die weerloses, is indirek minagting teenoor God self. En hiervoor kan hulle nie verskoning vra nie, omdat God self uit hulle seuns profete en nasireërs verwek het om aan hulle sy wil te verkondig. Maar na hierdie Godsmanne het hulle nie geluister nie en hulle doelbewus teegestaan. Sodoende het hulle ook nie na God geluister nie. Daarom word die skielikheid van die naderende oordeel beklemtoon. Daar sal algehele paniek en chaos wees. Militêre paraatheid sal van geen waarde wees nie. „Kyk, ek laat julle vasval op julle plek soos 'n wa vasval wat vol gerwe is." Die wat gou is, sal nie ontvlug nie en die held sal sy lewe nie red nie. Die spoed van die perd sal nie help nie en die dapperste onder die helde sal op die dag naak, sonder wapens wegvlug. En die dag was naby vir Israel. Dit was twee jaar voor die aardbewing.

Soos God vir elke geslag, vir elke tyd sy heilsboodskap hoorbaar maak deur mense uit daardie tyd vir die doel te roep, roep Hy hulle ook om die ander kant van die tweesnydende swaard voor hulle oë te swaai — die snykant van oordeel. Vir Israel en vir die volke om hulle het dit meedoenloos uit die mond van Amos geklink. Die lewe van Christus dra daardie boodskap van heil en oordeel oor alle tye heen.

Het u dit vir u tyd goed verstaan?

11 November **Lees:** Amos 6 **Teks:** Amos 3:2

GOD — DIE REGTER VAN DIE WÊRELD

Die Here is dus nie alleen God van die geskiedenis nie, maar Hy is ook wetgewer en regter van die wêreld. Daarom word volke tot verantwoordelikheid geroep. As wêreld-regter is God alwetend. Hy ken en beheer die lotgevalle van alle volkere. Voor sy oë is geen misdaad verborge nie. Die kernboodskap van Amos vind ons dan in ons tekswoord: „Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; daarom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede." Maar hierdie woord hang baie nou saam met die woorde van Jesus, wat in Matteus opgeteken is. Toe Christus 'n opsomming van die wet gegee het, het Hy dit gestel dat 'n mens in die eerste plek God moet liefhê en in die tweede plek jou naaste moet liefhê. Dit wil sê Jesus die Christus wil aan ons leer dat die naasteliefde alleen kan vrugdra op grond van die liefde teenoor God. Wie die naasteliefde eerste wil beoefen en dit wil losmaak van die liefde teenoor God — die is nie 'n Christen nie, maar slegs 'n „mooi mens", 'n sosiale hervormer. Dan ontaard die naasteliefde omdat dit nie meer uit die geregtigheid en heiligheid van God in Jesus Christus leef nie. Dan kan ons maklik verval tot dieselfde orde as die mense in die tyd van Amos. Maar Goddank vir Jesus Christus wat aan ons geleer het: eers die liefde teenoor God, daarna die liefde teenoor die naaste. As jou verhouding dus met jou God reg is, sal jou verhouding met jou naaste ook reg wees. En dit is alleen moontlik omdat God ons in Jesus Christus eerste liefgehad het.

12 November **Lees:** Amos 9 **Teks:** Amos 9:11

GOD — DIE BARMHARTIGE EN GENADIGE

In die heel laaste profesie van Amos vind ons 'n heilsboodskap. In ons teksvers lees ons: „En in die dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig." Dit is 'n belofte van herstel, van troos, van hoop en bemoediging. Daarom is die beeld van die hut wat hier gebruik word nie heeltemal vreemd vir die mense van destyds nie. 'n Hut was 'n ruwe konstruksie van pale wat met takke toegeslaan was. Daarin het die skaapwagters gewoonlik geskuil as die weer onguur was. So 'n hut het aan hulle sekerheid en veiligheid gewaarborg.

Maar as God sê dat Hy die vervalle hut van Dawid weer sal oprig — wat beteken dit eintlik? Beteken dit dat Hy die ryk en magtige koningskap van Dawid, wat reeds 2 eeue verby is, weer gaan oprig? Gaan Hy daardie koningskap herstel onder wie se vleuels baie volke en mense geskuil en veilig gewoon

het? Nee, dit is nie die bedoeling nie. Die vooruitsig van die herstel van die hut van Dawid is daar — maar dit is op die dag wat God sy oordeel sal uitspreek oor die lewende en die dode. Want God het reeds vir ons 'n ander koningskap, 'n ander hut, 'n nuwe verbond van veiligheid en geborgenheid opgerig. Dit is die heil en die verlossing en die redding in Jesus Christus. Dit is tog Hy wat vir ons sonde aan die kruis op Golgotha gesterf het, om ons onder die genade van God te stel. Dit is tog deur Hom dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep, gered sal word. (Hand. 2:21.) Ja, in Jesus Christus het God vir ons 'n hut opgerig by wie ons kan skuil en by wie ons veilig en geborge kan wees. Deur God se liefde kan ons by Hom tot in ewigheid inwoon.

13 November **Lees:** Sag. 1:7-17 **Teks:** Sag. 1:13, 14

DIE GOEIE TYDING

Dit is eie aan elke mens om te vergelyk. Daar is 'n oneindige verskeidenheid van sake wat ons teen mekaar kan opweeg. Ons kyk na onsself in vergelyking met andere. Dit gaan om ons voorkoms, ons besit, ons toekomsmoontlikhede — ja, noem op. Daar is soveel vergelykings moontlik as wat daar mense en lewenssituasies is. Selde sien ons onsself aan die voordelige kant van die vergelyking. Ons het voortdurend rede om te glo dat dit by ander of in ander tye beter is. Hoe ondankbaar kan ons nie in ons oppervlakkige beoordeling en waardering wees nie! Lyk ons eie omstandighede nie meestal mistroostiger as die ander s'n nie?

Baie keer skep ons moed. Daar is vertroostende en versterkende beloftes. Ons moet net glo, vashou en voortbeur. Tog gebeur dit dan ook met ons soos met Petrus wat die golwe van die see trotseer maar by die aanskoue van die windgeweld sy geloof verloor en begin sink. So staan ons dikwels op moedverloor se vlaktes. Wat van al die beloftes uit die Woord? Is dit dan kragteloos? Word dit nie ook vir my waar nie? So dink Israel ook as hulle tente daar tussen die mistroostige puinhope van Jerusalem staan en al hulle pogings tot heropbou deur elke vorm van terugslag teengewerk word. Dit is die toestand terwyl die troosvolle en hoopvolle woorde uit Haggai 2 nog vars in hulle ore is: Israel kry 'n ereplek onder die volke. Die skatte van die nasies sal hulle toevloei! Die nasies sal bewe. Die rapport van die ruiters wys egter op die teendeel. Daar is dit beter as by Israel. Die ganse aarde is stil en rustig. Van die beloftes skyn daar nie veel te kom nie! Nee. Luister: daar is goeie woorde, troosvolle woorde. God gee die antwoord. By die Ander is dit die beste. Maar die Ander is God. Hy gee dit aan my in die koms van Jesus Christus. Met Hom het ek hoop in my nagswarte omstandighede.

14 November **Lees:** Sag. 2:1-13 **Teks:** Sag. 2:4 en 5

GRENSE

God gee in sy genade aan ons mense die insig om gevaar te bemerk. Hy gee ook aan ons die moontlikheid om in verantwoordelikheid teen die bedreiginge voorsorgmaatreëls te tref. Die gevaar lê egter vir ons daarin dat ons die maatreëls so tref dat ons daarbinne so veilig en geborge voel dat ons geen hulp meer nodig het nie. Ons word so selfstandig en selfversorgend dat ons reken om selfs sonder God te kan klaar kom. Ons kan selfs ons grense so trek dat dit vir God 'n hindernis en struikelblok word. Dit pas dus die mens om eers te vra waar God die grens trek en dan binne sy begrensinge te leef en te beweeg.

As die jongman met die meetsnoer verhinder word om die opmetings vir die beoogde mure rondom Jerusalem te doen — dit moet oop bly — kom daar by ons onsekerheid. Lees ons dan nie in Nehemia 6 dat die muur onder Gods opdrag en seën gebou is nie? Daar is dit dan God self wat die muur voltooi het en hier verhinder Hy dit. Is dit 'n teenstrydigheid in die Bybel? Nee. Ons kan slegs teenstrydigheid vermoed as ons uit die oog verloor dat die Jerusalem van Nehemia en dié van Sagaria nie dieselfde is nie. Vir Nehemia is Jerusalem die politieke en religieuse hoofstad van Juda. Dit moet ommuur word om te dien as beskerming as die vyande rondom 'n bedreiging word. Die Jerusalem van Sagaria is die sigbare openbaring van die Godsryk wat aan die kom is. Hier kan die mensgemaakte muur slegs skadelik wees. Dit mag geen muur hê nie. Dit moet oop wees na alle kante toe. God wil self daar inbring wie Hy wil. Hy is self die vurige muur daar rondom. Sou die mens hier 'n muur wil voorsien — en hoe wil ons nie graag hier mure bepaal nie — dan word dit afgegrens. Dan word dit weer 'n stuk wêreld. Dan behoort dit weer tot die verganklike. Dit kan nie. Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk.

Die muur behoort egter by die Jerusalem van Nehemia. Alle aardse groothede moet 'n muur hê anders word dit onder die voete vertrap. Die staat het 'n muur nodig — sy leër. Die maatskappy het 'n muur nodig — sy wette. Die kerk het 'n muur nodig — sy belydenis en orde. Dit is selfs noodlottig om hierdie dinge sonder 'n muur te wil laat voortbestaan. Die muur hier kan dan alleen heilsaam en goed wees as dit ten diepste bouwerk van God is.

15 November **Lees:** Sag. 3:1-10 **Teks:** Sag. 3:9

GOD SE REGSGEDING

Josua is nie bloot verteenwoordiger van sy volk nie. Hy is eintlik tipe van elke sondaar soos ons in werklikheid daar uitsien as ons voor God te staan kom. In die voorbeeld sien ons nie slegs hoe ons daaraan toe is nie, maar ons behoort ook daarop te let dat hy niks ter verontskuldiging aanvoer nie. Die diepe besef van sy skuld snoer sy mond. Onomstootlik

staan dit vas: hy is skuldig en onwaardig. So maklik aanvaar ons dit egter nie. Só skuldig is ons tog nie! Waar ons nog skuld het, lê die aanleiding en grond daarvoor gewoonlik buite onsself. God en ook Satan weet dat ons verskonings sonder grond is. Onomstootlik staan dit vas: die vuil kleed is 'n weerspieëling van „hoe dit staan daarbinne met hart en sinne."

Ondanks ons toestand en teen die grondige aanklag van Satan kies God vir ons. Maar Hy keur nie dit wat verkeerd is goed nie. As Jesus Christus in die gelykenis van mense kom dan staan Hy met hierdie kleed wat ons s'n is. Hy dra dit nie net nie, maar Hy dra dit volkome weg. Die feeskleed wat God ons aantrek is niks minder as die kleed van geregtigheid van sy Seun nie. Op die een dag — die dag van die kruisiging neem Hy die sonde weg. Satan het geen grond meer vir die aanklag

16 November **Lees:** Sag. 5:1-11 **Teks:** Sag. 5:8

HY IS BESTEM VIR 'N VAL EN OPSTANDING

Die sesde en die sewende naggesigte behoort eintlik saam gelees te word. Hulle gee 'n beeld van gerig en genade.

Die vloekbrief is nie iets onbekends in die tyd van Sagaria nie. As iemand deur 'n ander verontreg is, het hy 'n vervloeking op 'n brief geskryf, dit in die wind gegooi om so na die vervloekte persoon voortgedra te word. So is daar verwensinge van gevangenskap, siekte en dood oorgedra. Die ongeletterdes het selfs deur middel van tekeninge hulle wraakgedagtes gelug. God, die kenner van die harte neem die gebruik oor om te toon dat sy vloek op die sonde van die mense van die dag rus. Hy rig Hom daarteen dat die mens in sy gevallenheid God en sy naaste haat. In sy haat besteel die mens sy naaste en sweer hy valslik by die Naam van die Heilige. God wil sy guns aan sy volk skenk, maar dan is gehoorsaamheid aan sy gebooie 'n eerste vereiste. Wie voortgaan met die haat teen God en sy medemens stuur op vernietiging en dood af.

Vir die totale genesing van die land is die uitroeiing van enkele sondes egter nie voldoende nie. God wil die beginsel van die sonde, die ongeregtigheid verwyder. Die ongeregtigheid, beliggaam in die vrouefiguur, word gevange gehou in die efa wat met die looddeksel afgesluit is. Die ongeregtigheid bly egter 'n aktiewe gevaar. By die geringste geleentheid wil sy ontsnap. Die goddelike krag wat dit gevange hou, is by magte om dit in te perk en aan bande te lê.

In die Messias wat aan die kom is, word die gerig en genade van God geopenbaar. In Hom het die gelowige die sekerheid dat God die ongeregtigheid weggevoer het. In Hom vind die onboetvaardige dat die toorn van God op hom bly.

17 November **Lees:** Sag. 9:9-17 **Teks:** Sag. 9:9

JOU KONING KOM!

Die koms van 'n nuwe koning gaan gewoonlik gepaard met trompetgeskal en feesvreugde. As dit goed is sal die koning sy stempel op sy onderdane afdruk. Rondom hom sal die volk versamel. Onder hom sal sy volk in onderhorigheid getrou wees. Agter hom sal hulle in eensgesindheid sterk wees. Die geskiedenis het egter geleer dat die hoë verwagtinge dikwels teleurgestel is. In hardvogtigheid kan 'n koning onderdruk, in tirannie kan hy verslaaf. Hoe kan die mens nie as hy bekend word, hom in hebsugtigheid hul nie?

Die Koning van Sion wat aan die kom is, is reeds voor sy koms bekend. In Hom is eienskappe wat Hom uitsonder bo alle ander konings. Sy krag lê in sy diens, sy triomf in sy offer. As die regverdige het Hy steeds die reg aan sy kant. Sonder skuld tree Hy vir die skuldenaars in. Hy is 'n oorwinnaar. Sy dienaars dra nie die swaard nie, maar met liefde loop sy Woord deur die wêreld. In nederigheid ry Hy op die vul van 'n esel. Die rydier wat vir oorlogsdoeleindes onbruikbaar is, is juis vir Hom geskik omdat Hy nie 'n aards-politieke grootheid beoog nie. Hy is die vredevors. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie maar tog moet die hele wêreld sy eiendom wat Hy gewin het, word.

Hy was vooruit bekend. Hy is so lank verwag. As Hy kom, het die wêreld nie plek nie en dan is daar geen fees nie. By sy dood moet Hy hoor: „ons het geen koning behalwe die keiser nie."

18 November **Lees:** Sag. 11:4-17 **Teks:** Sag. 11:12

DIE SLAWEPRYS

Die spreekwoord is bekend dat elke mens sy prys het. Jy staan eintlik vol in die handel. Jy kan gekoop word, maar jy moet soms self koper wees. Daarom is gradering en waardering so eie aan ons alledaagse bestaan. Die skatting van ons eie nood en behoefte bepaal ook die prys wat ons bereid is om te gee. Die een sal sy gewete verkrag vir stoflike voordeel. Die ander skroom nie om sy lewe vir ydele plesier te gee nie. Maar hierdie gewete en lewe wat ons so maklik tot 'n handelsartikel verlaag, bly nog skepping van God. Hy weet dat ek ten diepste onder die sonde verkoop is. Daarin wil Hy my nie laat nie. Hy wil my van hierdie dood en verdoemenis loskoop. As koopprys is Hy bereid om sy eniggeborene te gee, want „as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien."

Maar nou ken ons nie ons geestelike nood reg nie. Ons het nog nie die raaisel van Psalm 49 reg begryp nie. Die woorde: „niemand kan ooit 'n broer loskoop nie; hy kan aan God sy losprys nie gee nie (want die losprys van hulle siel is

te kosbaar en vir ewig ontoereikend!) het vir ons nie die nodige gewig nie. Daarom kan ons ook teenoor die Seun van God staan as hulle wat nie so 'n groot behoefte aan 'n Verlosser het nie. Na die maat van ons behoefte aan Hom maak ons ook prys. Dertig silwerstukke kan Hy vir ons werd wees. Ons dankoffers getuig te dikwels van ons geringskatting en ondankbaarheid. Wie sal, as hy sy nood nie reg ken nie, aan God reg dank kan bewys vir so 'n groot verlossing?

19 November **Lees:** Sag. 12:1-14 **Teks:** Sag. 12:10

SODAT EK HOM KAN KEN

Ons het met die profeet op die pad van die Christusverwagting saamgeloop. Berg-hoog het ons as't ware beweeg van piek tot piek om te kan sien. Wat is die heil wat God vir sy volk berei nie ryk en vol nie? Heerlik is sy goeie woorde in donker tye. Wêreldwyd, oor die grense van tale en volke bou Hy sy koninkryk. Genadig is Hy as Hy die skuld van die besoedelde sondaar wegneem!

Maar, asof ons nie dwarsdeur ruglangs oor die hoogtes kon beweeg nie, moes ons diepte toe afkom. Hier moes ons die mens in sy sondige en ondankbare minagting en geringskatting kom sien. Voor sy opstandige bloeddors moes ons stil kom word. Die Messias is nie net goedkoop verkoop nie. Hy is ten slotte deurboor!

Dit is asof ons wil vra: kan die mens dan nie verstaan nie? Spreek God dan so onduidelik? Is visioen en voorteken dan so raaiselagtig dat die volk nie reg kan verneem en verlangend kan verwag nie? Nee. Die mens in die sonde is blind vir God se tekens en doof vir sy Woord. Omdat hy vlees is, bedink hy vyandskap teen God. Eers as God ons deur sy Gees vernuwe, kan ons hoor en sien. Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees lei ons so in die waarheid van hoogte en diepte dat ons Jesus Christus reg kan ken. Ons moet opsien na Hom wat deur ons deurboor is.

20 November **Lees:** Sefánja 1:1-7 **Teks:** Sefánja 1:1

OORDEEL EN GENADE

Na die uiterlike geoordeel, is die boek Sefánja seker een van die kortstes in die Ou Testament. Die inhoud van hierdie boek is vir baie mense ook seker redelik onbekend. By die huisgosdiens sal daar eerder uit die profesie van Jesája of Jeremia of Hosea gelees word. Die oordeelsprediking waarmee Sefánja sy boek begin, kan nie juis bestempel word as aangenaam vir die oor nie. Op die oog af is dit ook nie aangrypend en interessant genoeg om die belangstelling van die leser te prikkel om verder te lees nie. Wie egter verder lees, sal baie gou agterkom dat die inhoud vir die gelowige van groot waarde

en betekenis is. Die leser sal merk dat Seféanja nie net Gods oordeel aankondig nie, maar dat sy woorde ook heilsverkondiging is. In die oordeelsprediking word die volk juis opgeroep om hulle tot die Here te bekeer. God laat die sondaar nie ongehinderd op sy kwaadwillige pad loop nie. God hou nie op om die mens op te soek en aan die spreek nie. Hy wys die dwaling en verkeerdheid aan die sondaar uit. Dit is genade. So word Juda en Jerusalem, hier in ons tekshoofstuk, deur die woord van die Here wat gekom het tot Sefánja, aangespreek en vermaan om geregtigheid te soek en die ordeninge van die Here te onderhou. Hierdie spreke van God tot die mens is dus ook genade betoning. Agter al die spreke van God, sit sy liefde vir die mens.

Wie ag gee op die spreke van God, wie gehoorsaam luister en sy verkeerde weg verlaat en na God toe lewe, sal deur God begenadig en ook vrygespreek word. Hulle egter wat in die sonde volhard, sal deur die toorn van God ingehaal word en van die aardbodem weggevee word.

God hou gerig met hardnekkige sondaars. God bewys genade aan boetvaardige kwaaddoeners. Daarom gee ag op die woord van die Here. Luister daarna. Welgeluksalig is hulle wat luister na Gods Woord. Weë hulle wat dit verag.

21 November **Lees:** Sefánja 1:1-13 **Teks:** Sefánja 1:2

SAAMSKRAAP EN WEGRAAP

Die hooftema van die profesie van Sefánja is die aankondiging dat „die dag van die Here" naby is. Ons teksvers sê vir ons wat op daardie dag sal gebeur. „Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aardbodem af wegvee spreek die Here." Die gerig van die Here is omvattend en vernietigend. God sal volkome alles van die aarde af wegvee. Wie en wat hierdie „alles" in ons teksvers is, word in die volgende verse vir ons duidelik. Soos in die tyd van die sondvloed, sal dit ook op „die dag van die Here" wees. Die oordeel van die Here sal op sowel die mense as die diere kom, op die voëls van die hemel sowel as op die visse van die see. Verder sal ook die struikelblokke, dit is die dinge wat die mens se val veroorsaak het — die afgodsbeelde — uitgeroei word. Ook hulle wat die afgode aanbid het, sal vernietig word.

Die oordeel van die Here sal begin by Juda en Jerusalem, sê die profeet; met ander woorde by die staat en hoofstad van die bondsvolk. Al die goddeloses en hulle goddelose praktyke, die oorblyfsels van Baäl en die Baälaanbidders; selfs die herinnering — die gedagte aan die afgodsdienaars — sal saam uitgewis word. Die sterrewiggelaars en daarmee ook almal wat die Here nie volg en in sy weë wandel nie, sal vernietig word. Met die vorste en prinse, dit is vermoedelik die seuns van die goddelose konings Manassa en Amon, en met die hoë beamptes, sal die Here op die dag gerig hou.

„Saamskraap, wegraap sal Ek alles van die aardbodem af weg, sê die Here." Laat ons ag gee op hierdie woord van waarskuwing en laat ons ons lewe aan die ewige woord van God toets. Is ons nie maar almal afgodedienaars en Baälaanbidders nie? Die „dag van die Here" is naby. En as ek gedryf deur my skuldgevoel, in angs en benoudheid vra: „waar berg ek my, waar vlug ek heen?", is daar net een antwoord: „kom na My toe almal wat uitgeput en oorlaai is." Wie hierdie uitnodiging aanneem, mag die derde vers van Ps. 180 verder sing:

„Maar nee ek mag, ek wil nie vrees nie.
U spreek my vry om Jesus bloed;
ek sal nie meer bekommerd wees nie —
in Hom is rus vir my gemoed."

22 November **Lees:** Sefánje 1:14-18 **Teks:** Sefánje 1:18

ALLEEN DEUR GENADE

In hierdie Skrifgedeelte word die gerig van God oor Juda in Jerusalem nader beskrywe. Die profeet wil die aandag van sy hoorders/lesers op twee dinge vestig. In die eerste plek beklemtoon hy die feit dat „die dag van die Here" naby is en in die tweede plek lê hy nadruk daarop, dat dit 'n dag van verskrikking sal wees. Dit sal ook 'n dag van oorlogsgeweld wees.

So angswekkend sal die dag van die Here wees dat selfs die dapperstes sal skreeu van vrees. Hulle sal probeer om die verskrikking en verwoesting van die oorlog te ontkom, maar al hulle pogings sal soos die onsekere en hulpelose rondtas van die blindes wees. Op hierdie dag sal die lewe van 'n mens niks werd wees nie, hulle bloed sal so nietig soos stof geag word. Niemand sal hierdie verskriklike vernietiging ontkom nie. Die rykes wat gewoond was om alles met geld reg te maak — met geld hulleself uit moeilike situasies gered het — sal ondervind dat hulle silwer en goud op „die dag van die Here", hulle nie kan help nie. God se grimmigheid, sy oordeel, sy strafgerig kan nie deur geld afgekoop word nie.

'n Sondige en vermoeide lewe kan nie deur onsself of deur silwer en goud reggemaak word nie. Geld kan die lewe wat ek verwoes het nie red nie. Geld kan my nie van die toorn van God oor die sonde vry maak nie. Nie geld nie maar alleen genade van God kan my op die dag van oordeel en strafgerig red. En hierdie genade van God is ook nie te koop nie, dit word aan ons verniet gegee. Daar is eenmaal aan die kruis van Golgota 'n prys betaal, 'n duur prys, 'n prys genoegsaam en voldoende sodat ons en baie ander aan die straf van God kan ontkom en weer tot sy genade kan kom.

Jesus Christus het in ons plek die straf van die sonde met sy geseënde liggaam opgevang. Jesus Christus is onskuldig tot die dood veroordeel, sodat ons voor die gerig van God vrygespreek sou word.

23 November **Lees:** Haggai 1:1-11 **Teks:** Haggai 1:2

VAN UITSTEL KOM AFSTEL

Die inhoud en die boodskap van die boek Haggai, is 'n vermaning en aanmoediging van die Here aan Juda om sy uiterlike plig teenoor die diens van die Here na te kom. In hoofsaak gaan dit in hierdie boek om die herbou van die tempel, na die terugkeer uit die ballingskap. Oor die vroomheid en opregtheid van die hart word hier nie openlik gespreek nie: tog laat die profeet sy hoorders duidelik verstaan dat . . . as die hart reg is teenoor die Here, sal die dade wat daaruit voortspruit, ook reg wees. Maar as die mens traag is om sy uiterlike pligte na te kom, spreek dit van die louheid van die hart.

In ons teksvers verwyt die Here die volk dat hulle hul gedurig verontskuldig met die gedagte: die tyd is nog nie geleë om die huis van die Here te herbou nie. Met baie verskonings sou die volk hulle sondige nalatigheid seker probeer goed praat het. Die Here sien egter dieper. Hy is die kenner van die hart, en daarom vermaan Hy die volk: „is dit vir julle self wel tyd om in julle betimmerde huise te woon terwyl hierdie huis in puin lê?" In die oë van die Here, is die nalagtigheid om die tempel te herbou, nie te wyte aan 'n ongeleë tyd nie maar is dit die gevolg van totale belangeloosheid teenoor die sake van die godsdiens. Vir die volk was daar wel tyd en het hulle die nodige middele gehad om aan hulle herboude huise paneelwerk en plafonne aan te bring, maar vir die herbou van die tempel, is daar nie tyd of geld nie.

In ons tyd gaan dit nie anders as in die tyd van Hagai nie. Die klag van die Here teen Juda is ook Gods klag teen ons. Wanneer dit vir onsself is, weet ons, hoe om met ywer en toewyding alle swarighede en probleme uit die weg te ruim maar as dit die diens van die Here geld, ontbreek die ywer geheel en al.

Gee ag op die vermaning van die Here hier in ons teksverse. In ons lewe moet dit ten eerste en ten laaste om die dienswerk van die Here gaan. Sorg eers vir die sake van God. „Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid en al die ander dinge sal vir julle by gevoeg word": sê Christus.

24 November **Lees:** Haggai 1:1-11 **Teks:** Haggai 1:56

GEE AG OP JULLESELF

„Gee ag op wat julle wedervaar het." Met hierdie woorde roep die profeet sy volk, nie net tot stilstand en nadenke nie, maar ook tot besinning en tot verandering. Hy wil dat die volk die gebeure met hulle sal raaksien en dat hulle daaruit 'n les sal leer dat hulle sal doen wat hulle nagelaat het en dat hulle sal regmaak wat hulle verbrou het. En asof die volk traag is om die gebeure raak te sien, wys die profeet hulle daarop. „. . . julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet,

maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink maar nie genoeg gekry nie; julle het julle geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in 'n stukkende beurs te steek." Die hemel het die reën en die dou ingehou; die aarde het geen opbrengs gelewer nie. Hulle moeitevolle arbeid was vrugteloos; hulle harde werk tevergeefs. Hierdie mislukkings sê die profeet, is die loon van hulle ontrou aan God. Dit is omdat hulle nagelaat het om die tempel te herbou en so die Here hulle God te dien.

Uit die gebeurtenisse met Juda in die tyd van Haggai is daar ook vir ons baie te leer. Die lewe, met God op die agtergrond geskuif, is een van vrugtelose inspanning en nuttelose arbeid. Ons moet ook stilstaan en oor alles nadink — en wie dit doen sal merk dat ons lewe nie reg is nie. Ons moet leer om reg te maak wat verkeerd is. Ons het ook baie nagelaat om te doen, en ons het baie gedoen wat verkeerd is. Ons is ook ontrou in die diens aan God. Ons eerste plig is om die Here te dien, Hom lief te hê, Hom te gehoorsaam en met Hom te lewe.

25 November **Lees:** Haggai 1:12-15 **Teks:** Haggai 1:12

DOEN WAT DIE HAND VIND OM TE DOEN

„Hoe salig is die volk wat luister na u woord." So sing ons in die sesde vers van Psalm 89 en hier in ons teksvers maak ons kennis met so 'n volk wat na Gods Woord luister en wat sy opdrag gehoorsaam.

Die bestraffing van die Here in die voorafgaande verse was nie tevergeefs nie. Op die teregwysing en vermaning was daar onmiddellike reaksie. Serubbábel die goewerneur, Josua, die hoëpriester en die hele volk het die bestraffing gelowig aanvaar. Agter al die teëspoed wat hulle ondervind het, sien hulle die hand van die Here. Die volk besef dat hulle versuim het om te doen wat gedoen moes word. Hulle besef dat hulle in hulle diens aan God ontrou was. Vervul met heilige eerbied en vrees vir die Here was hulle bereid om sy wil te doen.

In hierdie hoofstuk word twee datums genoem. In die eerste vers en weer in die laaste vers. Die eerste datum is die eerste dag van die sesde maand, en dui aan die dag waarop die bevel van die Here tot die heropbou van die tempel gekom het. Die in die laaste vers is die 24ste dag van die sesde maand en dui die dag aan waarop hulle die werk aan die huis van die Here begin het. Hierdie twee datums is betekenisvol. Tussen die opdrag en die uitvoering daarvan, het slegs 23 dae verloop. Hierdie keer was daar geen versuim nie. So behoort dit ook in ons godsdienstige lewe te wees. Hulle wat na Gods Woord luister, wat deur God genade 'n opdrag uitstel om die wil van die Here te doen, loop die risiko dat die tyd ongeleë kan word, dat allerhande swarighede mag opduik, dat baie verskonings gesoek sal word waardeur die dienswerke van God skade ly. Doen die wil van die Here. Doen dit onmiddellik.

26 November **Lees:** Haggai 2:1-9 **Teks:** Haggai 2:4

„EK IS MET JULLE"

Soos met alle bouwerk, was die werk aan die huis van die Here in die begin nie juis indrukwekkend nie. Vir die enkele oueres onder die volk wat die heerlikheid van die tempel van Salemo geken het, was die herbou van die tempel soos niks in hulle oë nie. Hierdie nietige begin moes hulle geesdrif en ywer seker baie gedemp het. Dit het waarskynlik ook 'n demoraliserende uitwerking op die volk gehad. Daarom stuur die Here sy profeet weer na hulle met die troosryke en bemoedigende woorde: „Ek is met julle." Die belofte in hoofstuk 1:13 word hier in ons teksvers herhaal. Die volk ontvang andermaal die versekering van God se bystand in die werk. Hierdie „Ek is met julle", sal op meer as een manier deur die volk ondervind word. Soos met die uittog uit Egipteland, sal die Gees van God ook nou in hulle midde werksaam wees. Sy Gees sal hulle besiel en vir die werk krag gee. Hy staan in die midde van sy volk. Hy is aktief werksaam.

Hierdie, „Ek is met julle", sal hulle ook ondervind in die manier waarop God die middele om die tempel te herbou, vir hulle bewerk het. God aan wie die silwer en goud van die aarde behoort, sal dit so bewerk, dat hulle skenkings van ander nasies sal ontvang. Uit die boek Esra verneem ons hoedat Darius, die Persiese koning beveel het, dat die koste verbonde aan die tempelbou, uit die staatskas betaal sal word. In dieselfde boek lees ons ook van die skenkings van koning Artasásta en sy raadsmanne. So was die Here dan met sy volk. God het die werk vir hulle moontlik en maklik gemaak.

Wie God in die lewe aan sy kant het, het nie nodig om vir die grootheid van die werk terug te deins of iets te vrees nie. Want wie sy dienswerk in die Naam en krag van die Here verrig, sal nie verleë en beskaamd staan nie.

27 November **Lees:** Jona 1:1-3 **Teks:** Jona 1:1 en 2

GOD VIR ALLE VOLKE

Jona kry opdrag van God om na Nineve te gaan en teen hulle boosheid te gaan preek. Nineve was die hoofstad van Assirië, waarvan die grondgebied hoofsaaklik ooreengekom het met wat vandag Irak genoem word. Die Assiriërs waarvan hier gepraat word, bestaan natuurlik nie meer vandag nie. Hulle was egter 'n heidenvolk, oorlogsugtig en wreed. Dit is ook hulle wat later die noordelike tien stamme van Israel oorweldig en weggevoer het.

Die Jode het van God verwag dat Hy die vyandige heidense volkere eerder sal straf en vernietig as dat Hy hulle sal laat waarsku oor hulle goddeloosheid. Dit is miskien een van die redes waarom Jona vlug, eerder as om aan die heidene die Woord van God te gaan verkondig.

Hoe dit ookal sy, God openbaar Homself reeds hier in die Ou Testament as dié God wat 'n God vir alle volke wil wees. Hy wil nie slegs aan Israel, die verbondsvolk, barmhartigheid bewys nie, maar aan alle volke.

So berei ook die boek Jona die weg vir die koms van Jesus Christus, wat gekom het om te ly en te sterwe vir alle tale, volke en nasies. Waar ons eersdaags sy geboorte herdenk, mag ons dit daarom ook nooit in 'n gesindheid doen asof Hy alleen vir die redding van ons volk of net vir 'n paar volkere gekom het nie.

God het 'n duidelike opdrag aan Jona gegee om sy Woord aan 'n heidense volk, wat vyandig gestaan het teenoor sy eie volk, te gaan verkondig. As kinders van die Nuwe Testament het ons 'n nog duideliker en dringender opdrag om die evangelie van Jesus as Verlosser, ook aan die heidenvolkere te verkondig. Selfs al sou hulle vyandig teenoor ons staan.

28 November **Lees:** Jona 1:1-10 **Teks:** Jona 1:7

SONDE EN STORMS

Omdat Jona nie bereid is om die Woord van God aan Nineve te gaan verkondig nie, probeer hy per skip na Tarsis vlug. Hoe pateties is dit egter nie dat 'n mens kan dink dat hy vir God kan vlug nie — want waarheen sal 'n mens gaan waar God nie is nie?

God werp 'n sterk wind op die see en skip en bemanning dreig om te vergaan. Die bemanning is oortuig dat hierdie ramp hulle tref as gevolg van die oortreding van iemand aan boord. En hulle is reg: die lot wys Jona as die skuldige aan. Daar is dus 'n direkte verband tussen die storm en Jona se oortreding. Die vraag wat nou by ons op kom, is of alle storms wat ons in die lewe tref, deur persoonlike sonde veroorsaak word. Is alle teenspoed God se straf oor ons sonde?

Die Bybel toon ons dat dit heel dikwels die geval is. In Amos 4 kan ons byvoordeeld lees hoe die Here die een ramp na die ander oor Israel gestuur het vanweë hulle volharding in die sonde.

Die Bybel toon ons egter ook dat teenspoed en lyding wat oor ons kom nie altyd 'n straf en beproewing van God is vanweë spesifieke sondes nie. Dink maar aan Job oor wie teenspoed gekom het, nie omdat hy gesondig het nie, maar om sy geloof te beproef.

Hoe moet ons houding dan wees wanneer teenspoed oor ons kom? Dit is altyd goed dat ons ons eers sal afvra of dit nie is as gevolg van sonde waarin ons volhard nie.

As ons dit nie doen nie, kan dit ook maklik gebeur dat ons op ons verkeerde weg voortgaan sonder om op God se waarskuwing ag te slaan. Dan kan God ook vir ons soos vir Israel in Amos sê, nadat Hy hulle reeds met baie strafgerigte getref het: „nogtans het jy jou nie tot My bekeer nie."

29 November **Lees**: Jona 1:11 — 2:10 **Teks**: Jona 1:17

GOD SE WONDERLIKE ALMAG

Jona bely ook self dat hy die skuldige is en dat God om sy skuld die storm gestuur het. Op sy eie versoek word hy in die see gegooi sodat die storm kan bedaar.

God wat in sy almag die storm beskik het, beskik nou ook die vis om Jona in te sluk en hom op hierdie wyse van 'n waterdood te red. Baie ongelowiges het al gesê dat dit darem te veel gevra is om dít te glo. Omdat dit vir hulle verstand moeilik is om te aanvaar, beteken dit vir hulle dan sommer ook dat dit gladnie moontlik is nie. Bejammerenswaardig is dié mens vir wie sy klein menseverstand die hoogste gesag is en wie nie rekening hou met die lewende God vir wie alle dinge moontlik is nie. Ons eer die vroom moeder wat verklaar het dat, al sou daar ook gestaan het dat Jona die vis ingesluk het, dit vir haar nog waar sou wees.

Na die drie dae en nagte van Jona binne die vis sou dié Een wat in die wêreld aan kom was, verwys toe Hy gepraat het van sy eie dood en opstanding. In Matt. 12:40 sê Jesus: „want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees."

As Jona se redding deur middel van die vis 'n wonder was, hoeveel groter en heerliker is die wonder van Jesus se opstanding uit die dode nie. Baie mense wil ook hierdie wonder nie aanvaar dat Jesus die dood oorwin het nie — soos Tomas aan die begin. Nadat Tomas met sy eie oë gesien het dat Jesus uit die dood opgestaan het, het Jesus vir hom — en vir ons — gesê: „omdat jy my gesien het Tomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het."

30 November **Lees**: Jona 3:1-10 **Teks**: Jona 3:4

OORDEEL EN ONTFERMING

As die Here vir 'n tweede keer aan Jona opdrag gee om sy boodskap aan Ninevé oor te dra, gehoorsaam hy. Die boodskap wat hy oordra, klink koud en hard. Dit is 'n kort en saaklike oordeelsaankondiging. Ons verneem hier niks van God se genadige ontferming nie. Jesus se oordeel het ook soms hard en onbarmhartig geklink, soos byvoorbeeld sy woorde aan die Skrifgeleerdes en Fariseërs: „slange, addergeslag, hoe sal julle die oordeel van die hel ontvlug?"

Andersyds was Jesus weer besonder sag in sy oordeel. Ons dink maar aan sy optrede toe hy tussenbeide getree het toe die Fariseërs en Skrifgeleerdes 'n vrou wat op egbreuk betrap is, wou stenig. Hy het haar weggestuur met die woorde: „Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie." Moet ons dan aanvaar dat God willekeurig optree teenoor die sonde: by die een hard en by die ander sag?

Natuurlik mag ons dit nie so verstaan nie. Veeleer moet ons dit so sien dat daar waar nog in die sonde volhard word nie al te veel van die genade van God gepraat kan word nie. Dit mag die sondaar net verder aan die slaap sus. Waar mense egter in berou oor die sonde gebuk gaan daar is die verkondiging van God se genade oorvloedig. So het die inwoners van Nineve dan ook ondervind dat God se skerp oordeelsaankondiging verander is in genadige vergewing toe hulle hul in sak en as bekeer het.

Wie volhard in die sonde, kan die oordeel van die hel nie ontvlug nie. Wie in berou oor sonde hulle toevlug tot Christus neem, ondervind dat geen sondeskuld te groot is om vergewe te word nie en dat die hel vir die hemel plek moet maak.

1 Desember **Lees:** Jona 4:1-11 **Teks:** Jona 4:2

GOD SE LANKMOEDIGHEID

Met reg bely Jona dat God genadig en barmhartig is, lankmoedig en groot van goedheid. Hy betoon dit teenoor Nineve deur hulle te spaar en Hy betoon dit ook aan Jona self. Wat 'n geduld en lankmoedigheid het Hy nie betoon met die wederstrewige Jona nie! Sy lankmoedigheid word tot die uiterste beproef as Jona aan die einde nog weer in opstand kom omdat God die inwoners van Nineve gespaar het. Ons staan verstom oor God se lankmoedigheid as Hy met groot geduld vir Jona deur middel van die wonderboom onderrig om hom van sy gruwelike selfsug te bekeer.

So eindig die boek Jona met 'n beklemtoning van God se genade en barmhartigheid, 'n genade en barmhartigheid wat op 'n nog meer verstommende wyse openbaar sou word in Christus Jesus.

Dink daaraan: Christus kom na ons toe om ons te red. Hy kom ter wille van ons mense. Ons mense wil Hom nie ontvang nie en tog volhard Hy om Hom met ons te bemoei. Ten spyte van groot smaad en hoon volhard Hy tot aan die bitter einde van 'n kruisdood. Dit is onbegryplike genade en goedertierenheid.

Onbegryplike lankmoedigheid van God is om vandag nog vir 'n honderd keer sy hand van liefde na sondaars uit te steek. 'n Honderd keer word dit weggeklap, maar vir 'n honderd keer strek Hy dit weer uit.

Laat elkeen wat God se barmhartigheid aanhoudend verag egter gewaarsku wees. In Rom. 2:4 en 5 lees ons: „of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie wil besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie? Maar ooreenkomstig jou verhardheid en onbekeerlike hart vergader jy vir jou toorn as 'n skat in die dag van die toorn en die openbaring van die regverdige oordeel van God."

2 Desember **Lees:** Habakuk 1:1-11 **Teks:** Hab. 1:2

GOD HET SY LIEFDE BEWYS

Die profeet kla by God omdat onreg en geweld seëvier en Hy doen daar niks aan nie. Dit is 'n klag tot God en 'n worsteling met God want dit kan vir die gelowige ondraaglik word as te midde van al die dinge wat lyding meebring, dit skyn asof God Hom nie daaraan steur nie, dit nie vir Hom saak maak nie.

God antwoord Habakuk. In vers 5 sê Hy dat Hy nie maar net dadeloos toekyk nie, maar beslis iets gaan doen. Hy gaan begin deur die Galdeërs as 'n tugroede op te wek. Dit beteken nog meer geweld. Maar uit ander dele van die Skrif weet ons dat die volk van die Here 'n tugroede nodig gehad het vanweë hulle sonde. Dit was ook nie so dat God vir hulle hulpgeroep doof was nie, maar hulle sonde het 'n skeidsmuur tussen hulle en God geword, sodat God hulle begin tug in plaas van vir hulle wat hulle vra te gee. Uiteindelik sal egter ook die Galdeërs geoordeel word, omdat ook hulle hul verhef teen God.

Ons mag ook soms voel asof God nie omgee dat ons ly nie, asof Hy doof is vir ons hulpgeroep, asof Hy gladnie daar is nie.

Ook in ons geval mag dit wees dat ons sonde 'n skeidsmuur tussen ons en God geword het.

Hoe dit ookal mag wees, toe God na ons toe gekom het in Christus Jesus het Hy vir eens en vir altyd bewys dat Hy nie ongevoelig teenoor ons nood staan nie. Hy het bewys dat Hy werklik vir ons omgee, dat Hy ons werklik raaksien. As dit nie so was nie waarom sou Hy dan anders so vêr gegaan het om selfs sy lewe vir ons te gee?

3 Desember **Lees:** Habakuk 3:16-19 **Teks.** Hab. 3:17-18

GODSVERTROUE

Watter wonderlike geloof en Godsvertroue word nie in ons teksgedeelte geopenbaar nie? Al rig al die geweld van 'n wêreldmag hom teen die Godsvolk en al is daar geen voedsel in die vorm van vrugte, graan of vee nie, nogtans is die profeet rustig in sy vertroue op die Here. Nie net rustig nie maar hy juig en jubel. Om te juig en te jubel onder sulke omstandighede, kan dit?

Ja dit kan as ons God vertrou soos ons Hom moet vertrou. Hy is immers die bron van alle dinge. Hy kan mos neem en gee soos Hy wil.

Om God waarlik te vertrou, kom daarop neer dat ons ons volkome in die hand van God stel en om dan bly en rustig te wees, want God is die almagtige God en God is die goeie God wat altyd ons ware heil bedink.

Die grootste struikelblokke in ons pad om God só te vertrou, is wanneer God nie waarlik vir ons die Almagtige is of nie waarlik vir ons die God van volkome Liefde is nie. So is

die diepste rede waarom ons God nie volkome vertrou nie, dikwels omdat Hy nie vir ons betrouenswaardig is nie. Al sal ons dit nie maklik aan onsself erken nie.

Soos Habakuk gekwel was oor die voortgang van die ongeregtigheid so was die digter van Ps. 73 gekwel deur die voorspoed van die goddelose en daarteenoor sy eie lyding.

Wonderlik is dit egter as ons ook soos Habakuk en soos die psalmdigter tot die vrede van volkome geloofsvertroue kan kom. Hy eindig sy psalm deur te sê: „Al beswyk my vlees en my hart — God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid."

4 Desember **Lees:** Jer. 1:1-19 **Teks:** Jer. 1:10

GOD SE MAN

Die profeet Jeremia word dikwels vanweë onkunde en 'n gebrek aan begrip verkeerd verstaan en beoordeel. Vele mense beskou hom as 'n uiters pessimistiese persoon en tipeer hom daarom as 'n klaagkous.

Hy is verreweg daarvan. Inteendeel, as mens was hy 'n realis en buitengewoon dapper met 'n ontsettende diep en innige liefde vir sy volk en land. Boonop was hy 'n volhardende gelowige en gehoorsaam aan die opdrag van die Here sy God. Hy was nie beïndruk met oppervlakkige godsdienstige verbeteringe of skynbaar geesdriftige hervormings op geestelike vlak nie. Hy het die volkome terugkeer van sy volk tot die Here hulle God gepreek en gesoek. Daardie weg het hy nie alleen verkondig nie, maar self ook bewandel om so die man van God te word wat heenwys na die groot gebeure wat sou kom: naamlik die groot suiwering wat die Here self in die midde van sy volk deur die komende ballingskap sou teweegbring.

Jeremia het in die jaar 620 v.C. begin om die opdrag wat die Here Hom gegee het en opgelê het, gehoorsaam uit te voer. Hy was die een wat te midde van allerlei teëstand en opposisie sou volhard met die woorde: jou heil lê nie in wat jy as mens vir jouself probeer losveg, of lospraat of lospleit nie. Jou heil lê nie in goeie politiek of sterk bondgenootskappe nie. Jou ware heil lê naas 'n goeie deurdagte lewenspatroon geskoei volgens God se woord, in 'n opregte geloof in die Here jou God. „Dit is jou heil, dit is jou redding," roep die boodskap duidelik uit.

Dit is hierdie waarheid wat die profeet verkondig en dit maak van hom wat ons teksvers sê: God stel hom aan as profeet om te verkondig en om te leer, te waarsku en te onderskraag. Om alles te doen al is die geestelike en politieke klimaat nie in sy guns nie. God het vrede met menslike oorweginge . . . wat tel is sy verlossingsplan. God wil dat sy skepping behoue sal bly, vir Hom teruggewin sal word. Hy doen dit deur sy skepping uit die vernietigende hand van die sonde te red en te verlos.

So is Jeremia se werk in die eerste hoofstuk reeds wegbereidend en heenwysend na die werklike EEN wat God oor nasies en koninkryke aangestel het, om uit te ruk en om te gooi, te vernietig en te verwoes, te bou en te plant . . . SY SEUN JESUS CHRISTUS ONS VERLOSSER.

5 Desember **Lees:** Jer. 2:1-22 **Teks:** Jer. 2:13

SELFGENOEGSAAMHEID IS SONDE

Die uiterlike hervormings van koning Josia het almal diep beïndruk. Die tempeldiens is herstel, die afgodediens afgeskaf. Die seremonies was weer aan die orde van die dag. Die godsdienstige verrigtinge loop vlot. Wat meer wil 'n mens hê? Een ding kom kort, sê die Woord: „gee my jou hart."

Wat help al die godsdienstige versiersels, die uiterlike godsdienstigheid . . . al die geestelike formaliteite sonder geestelike inhoud. Wat help hervorming sonder bekering, verandering sonder terugkeer tot God? Selftevredenheid en godsdienstige selfgenoegsaamheid is sielsvernietigend. Dit is betekenisloos en hou nie stand nie. Dit is inderwaarheid 'n groot dwaling soos die profeet dit ook beskryf: die fontein van die lewende water het hulle verlaat om hulle eie reenbakke uit te kap . . . gebarste reënbakke wat geen water hou nie. Dit het die Here teen sy volk gehad en dit het die profeet luid en helder verkondig.

Hierdie vermaning spreek ook tot die kerk van vandag . . . tot elkeen van ons . . . dat ons die gevaar loop om Jesus Christus die fontein van lewende water te vergeet deur Hom agter 'n gordyn van kerklike formalisme en godsdienstige gebruike, aangespoor deur persoonlike voorliefdes, te versteek. Dit gebeur wanneer 'n mens uit jou ervaringe put en werk volgens jou bereidheid en jou oortuigings inplaas van 'n lewe gerig, gelei en gebou op die onveranderlike trou van God in Jesus Christus. Dit kan fataal wees . . . want dan huiwer jy waar gevaar is, twyfel jy waar jou eer op die spel is, staan jy terug as jy iets te verloor het.

Jeremia het, gerugsteun deur God se troue woord, lynreg koers gevat en kant gekies teen die gemaksugtige godsdienstige selfgenoegsaamheid van sy tydgenote en gesê: „jou boosheid sal jou tug en jou afkerigheid jou straf . . . weet dan en sien dat dit verkeerd en bitter is dat jy die Here jou God verlaat het en my vrees nie by jou is nie, spreek die Here."

6 Desember **Lees:** Jer. 2:21-37 **Teks:** Jer. 2:35

WEES GETROU

Hoe rampsoedig is die gevolge van kompromieë nie. Israel het onder die leiding van Moses, gerig en gelei deur die onveranderlike trou van God en verhelderende woord, die land van die belofte met geloofssekerheid en vaste tred genader. Hulle geloof was eenvoudig. Hulle het geglo in die God wat hulle

uit Egipteland, uit die slawehuis gelei het. Hulle het onder leiding van Josua, bewus van die gevare, maar gewaarsku en voorbereid en gerugsteun deur God se genade die land met onbelemmerde sukses betree.

Toe kom die ellende. God en sy Woord moes plek maak vir heidense inheemse godsdienste vanweë onderstrouery met die heidense volke en vermenging met hulle godsdienstige feeste en instellings. Die ellende het tot die tydperk van die rigters en daarna gelei en het ook duidelik sy gevolge in die tyd van Jeremia getoon. Wat die ergste was, hierdie kompromieë het hulle boonop brutaal gemaak. Die volk het gesê: „ek het nie gesondig nie."

Die Here neem hulle antwoord op en hy toets dit aan die waarheid waaraan hy alles altyd meet. Hy meet dit aan sy maatstaf van waarheid en trou wat die hoogste eis . . . self vir Hom. Want kyk, die maatstaf loop op die krip in Bethlehem en die kruis op Golgotha uit.

Hierdie maatstaf van God waaraan hy alles meet, geld vandag nog en vorm vandag nog steeds die kern waar alles om draai. Dit toon dat God die sonde nooit verskoon nie, maar dat hy die sondaar wel genadig is. Maar dan volgens die reël waaraan hy alles meet.

Die aankondiging van Jeremia dat God die brutaliteit van die mens sal opneem, is 'n goeie boodskap . . . dit spreek niks goeds vir die sonde nie, maar vir die sondaar bring dit hoop. Dit toon dat God eerder sy Seun laat sterf om die sonde uit te delg, as om met die sonde 'n akkoord aan te gaan, mag te deel. Die weg van die kompromie met die sonde is die weg van vernietiging. Die weg van stryd teen die sonde is die weg wat op die oorwinning uitloop. God het die weg van die stryd wat uitgeloop het op die krip en die kruis gekies. Maar die gevolge van die kruisweg was die vrug van die oop graf . . . die volkome oorwinning wat Hy aan elkeen gee wat Hom alleen liefhet en volkome vertrou.

7 Desember **Lees:** Jer. 4:1-4 **Teks:** Jer. 4:3

WARE GELOOF

In die begin van sy prediking het Jeremia gepoog om Juda se sondige houding van die verlede oop te vlek . . . hulle boosheid en verkeerdheid voor hulle oë ten toon te stel. Daar is in die algemeen gepraat. Die oproep was: keer terug tot God . . . „Bekeer julle tot My", sê die Here.

En wanneer die volk na koning Josia se godsdienstige hervormings waartydens die tempelsdiens en gebruike herstel is, self tevrede voel — wanneer hulle reken dat hulle alles gedoen het wat nodig is, dan sê die profeet:

„Julle het nog maar net tot onder die vel gekom. Wat van julle hart, wat van al julle kragte, wat van julle hele siel? Wanneer keer julle geheel tot die Here?"

Die antwoord is: begin heel voor. Slaan 'n nuwe bladsy oop. „Braak 'n nuwe land en saai nie onder die dorings nie."

Dit is waartoe die woord van die Here elkeen oproep . . . kry 'n nuwe grond en fondament waarop jy jou lewe kan bou deur met die sondige lewenswyse van die ongeloof te breek. Kry so nuwe beginsels waarvolgens jy gaan lewe, die beginsels van God se Woord. Kry so 'n nuwe toekoms, ja, 'n heel nuwe toekoms waarna jy met verlange kan uitsien.

Daardie toekoms wat die Woord van God geskets het, het werklikheid geword toe die Here God sy Woord vlees laat word het en onder ons laat woon het. So het die nuwe fondament gekom, Jesus Christus. In die plek van die mensgemaakte godsdiens het die Godgegewe bediening gekom, in die plek van die aardse tempel dié wat nie met hande gemaak is nie, ewig in die hemel, in die plek van die verganklike die onvernietigbare en onverganklike en ewigdurende.

In die gawe van Jesus Christus het God voor begin, nie om te verbeter nie, maar om te herskep, volkome te verander en te wederbaar. Wie dit glo en aanhang en vertrou, ploeg op 'n nuwe land, hy het 'n nuwe begin en 'n nuwe einde in Jesus Christus. Dit is ware geloof . . . dieper as veldiep . . . dit gryp tot in die hart.

8 Desember **Lees: Jer. 4:30-5:6** **Teks: Jer. 5:1**

'N HOPELOSE SOEKTOG

Jeremia praat van die onafwendbare verwoesting wat vir hierdie sondige volk, wat weier om sy God te dien in alle opregtheid en waarheid aan die kom is. Hierdie volk wat volhard om God op húlle voorwaardes en sentimente te dien. Die ellende wat aan die kom is, is nie om sy volk te verdelg nie, maar juis om hulle van die mag wat van hulle hart besit geneem het, te red. God en sy profeet verlustig hulle nie in die ellende wat aan die kom is soos daar dikwels voorgegee word nie, nee, die komende ellende was doelgerigte straf . . . doelgerig daarin om sy volk tot Hom terug te bring. God se werk is altyd genade, ja, ook as Hy straf dan is dit vanweë sy genade om te behou wat anders verlore sou gaan as Hy die mens sou laat begaan.

Maar voor die strafgerig kom, gee God 'n geleentheid. Die profeet moet Jerusalem betree en een regverdige mens soek. Net soos Sodom van ouds sal die Here genade betoon, 'n ander werkswyse volg met sy volk. Maar daar is niemand nie, nie een nie.

En nou is daar genoeg rede om hulle heeltemaal te verdelg Maar doen God dit? Nee, al vind die profeet nie een nie, skenk God EEN . . . Hy gee sy Seun Jesus Christus. Die vrugtelose soektog van die profeet eindig in die antwoord van God . . . die gawe van sy Seun in die krip in Bethlehem . . . sodat Hy die een sal wees deur wie elkeen wat glo regverdiging uit genade en vergiffenis van sonde sal ontvang.

Dit was die doel van die koms van die Seun . . . om te soek en te red wat andersins verlore sou wees.

En nou kom die grote uitdaging. U het in Christus die regverdigmaking voor God ontvang. Leef dit nou uit deur vir die Here te leef en te werk. Breek met die sondige begeertes van jou hart deur met jou hele hart die hopeloosheid van die wêreld se soektog na geluk te verruil vir die hoopvolle fonds van Christus se soektog na jou.

9 Desember **Lees:** Jer. 5:8-31 **Teks:** Jer. 5:18

GOD SE OORDEEL IS GENADE

Die geweldige afwykinge in die lewe van die volk, word deur die profeet duidelik genoem, hoe hulle hulle oorgegee het aan die begeertes van hulle hart. En wat meer is, hoe hulle geestelike leiers, die wat as die segsmanne van die Here moes optree, die veroordeling en afwysing van die volk se ongehoorsaamheid nagelaat het en eerder hulle eie populariteit met mooi praatjies bevorder het. Hulle het geleef asof God nie sy eie wil en woord gehad het nie, maar van húlle wil en woord afhanklik was.

Maar God sal die teendeel bewys. Hy sal ellende oor hulle bring maar hulle nie vernietig nie. Hy sal sy tuin bewerk, maar nie uitroei nie. Hy sal sy wingerd snoei, maar nie uitruk nie of laat verdroog nie. Hy sal sy volk weer sy volk laat word, deur nood en ballingskap, deur vuur en water heen . . . Hy sal aan hulle sy mag en gesag openbaar.

Hy is die skepper en onderhouer van alle dinge . . . en Hy sal Hom ook as die herskepper en bewaarder van alle dinge betoon.

God se snoeiwerk aan sy volk sal uitloop op die gebeure in Betlehem . . . die kind in die krip en die Man aan die kruis. Daar sal Hy sy snoeiwerk voleindig met 'n nuwe uitspruitsel tengevolg — die opgestane Christus. En geloof in die opgestane Heer het tengevolg dat jy ook sal opstaan tot 'n nuwe lewe wat uitloop op die opstanding van die dode en die ewige lewe. Jy sal opstaan uit die sonde en deur Christus se versoenende dood die hoop en verwagting kan deel dat jy deur Christus se mag sal seëvier oor die mag van die dood en die graf. Hoe ver reik God se liefde nie na ons nie? Hy laat geen steen onaangeroer om ons tot redding te bring nie.

10 Desember **Lees:** Jer. 7:1-20 **Teks:** Jer. 7:4

TEMPEL SONDER GOD IS NIKS

So baie mense heg soveel waarde aan 'n gebou dat dit die simbool van hulle geloof en godsdiens word. Instellings, gebruike en tradisies is so belangrik vir so baie mense. Vir Israel van ouds was dit ook die geval. Na die wonderbare verlossing van Jerusalem tydens die beleëring deur die Assiriërs ruim 100 jaar vroeër (700 v.C.) het baie van die mense in

Jerusalem geglo dat die stad vanweë die tempel se teenwoordigheid nooit sal val nie, dat die Here nooit sal toelaat dat sy tempel deur heidense hande ontheilig sou word nie. So het die tempel die rol van 'n gelukbringer begin speel, 'n teken van God se teenwoordigheid en 'n waarborg van nasionale veiligheid. Op ander plekke en in ander stede was die mens in gevaar maar in Jerusalem was jy veilig, het hulle geglo.

Die profeet moes dié waasinnige geloof wortel en tak uitroei. God was anders. Sy verhouding met sy volk was op 'n ander vlak as die afgode en die heidense nasies. God was die gans andere . . . die hemel is sy troon en die aarde die voetbank van sy voete. En Israel het Hy tot sy eiendomsvolk gemaak 'n lig vir die nasies om te wees, 'n getuie van sy trou en genade sodat Hy in hulle midde kon woon om vir hulle hulle God te wees in wie hulle vertroue en vreugde gesetel was.

Maar hulle het Hom deur hulle optrede tot 'n nasionale God, 'n afgod naas andere, gemaak. Hulle uitdruklike uiterlike godsdienstigheid en geestelike versiersels het die spontane opregte geloof en afhanklikheid in hulle lewe doodgewurg en vernietig. En hiervan, dit is van hierdie wurggreep, moes hulle bevry word sodat hulle weer volk van die Here kon wees en Hy sy regmatige plek in hulle midde kon inneem en sy doel met hulle as sy volk kon bereik.

Die wingerstok, Israel, moes van al sy onnodige blare en nuttelose lote bevry word sodat daar vrug kon voortkom. God het dit gedoen en 'n nuwe loot laat uitspruit . . . Jesus Christus . . . die een wat die vrug van die gehoorsaamheid tot aan die kruis voortgebring het, Hy wat die ware tempel sou word, Jesus Christus, in wie God liggaamlik onder ons kom woon het. Hy is die Immanuel waarvan die Bybel praat.

Die Here se tempel is niks sonder Hom nie en die kerk is waardeloos sonder die gekruisigde en opgestane Christus.

11 Desember **Lees:** Jer. 8:4-13 **Teks:** Jer. 8:4 en 7

'N DWAAS KEER NIE TERUG NIE

Israel was besig om God, wat hulle verlos het, te vergeet. Hulle het die afgodediens begin aanhang. Maar die Verbondsgod laat vaar nie sy handewerk nie. Deur sy profeet roep Hy sy volk terug — 'n oproep tot bekering wat gepaard gaan met 'n aanklag en verwyt: as 'n man tot die ontdekking kom dat hy die pad byster geraak het, is sy logiese reaksie tog om daarheen terug te keer! Israel het so van die ware diens van die Here afgewyk en in die ruveld van afgodediens beland. In plaas van terugkeer egter, ploeter hulle op daardie onbegaanbare terrein steeds voort. Hulle is oppad na nêrens.

Wie bly nou lê as hy geval het terwyl daar tyd is om op te staan? Maar Israel weier om op te staan en terug te keer. Dit is 'n dwase optrede. Selfs die trekvoëls van die hemel is

slimmer. As dit tyd is, keer hulle terug. Hulle eerbiedig die eise en wette van die natuur, en dit is tot hulle behoud.

Maar Israel verontagsaam die woord van die Here. Hy vra ware diens — dit is wetsvervulling — 'n eis waaraan die volk van die Here nie kan voldoen nie. As hulle nie kan nie voorsien God self. In die krip van Betlehem word 'n kind gebore, Jesus, die Godmens. Hy het die wet vervul, aan God se eis voldoen. Deur Hom kan ons terugkeer tot die Vader.

Dit is die boodskap wat die kerk in die wêreld preek: keer terug na God en dit is: glo in die Here Jesus. Laat ons nie dwaas wees nie. Dit is noú tyd om in Christus te glo. Hy is ons behoud.

12 Desember **Lees:** Jer. 9:17-26 **Teks:** Jer. 9:25 en 26b

OPREGTHEID VAN HART BO UITERLIKE SKYN

Die besnydenis was 'n bekende gebruik by volke van die oud-Ooste. Dit is hoofsaaklik beoefen om higiëniese redes en as inlywingsritueel. Maar by Israel het die besnydenis 'n besondere betekenis gehad. God se Woord het daarby gekom. Hy sonder daardie bekende gebruik af tot die teken van die verbond. Elke manlike kind in Israel het later in sy lewe geleer wat daardie teken beteken, naamlik: dat hy aan die Godsvolk behoort wat genade in die oë van die Here gevind het. Dit was egter duidelik: nie die teken nie, maar God self sal die beloftes van die verbond waar maak, en dit vra geloof.

Daar kan dus nie op die uiterlike teken geroem word nie. As hulle hart, hulle hele lewe, nie getuig dat hulle God se volk is nie, dan het die uiterlike teken geen waarde nie. 'n Ongelowige Israeliet verskil niks van die heidene nie. Die heidene is ook besny, maar hulle harte is nie besny nie. Die uiterlike teken moet gestalte kry en deur die gesindheid van hart en lewe bevestig word. Dan is daar sprake van ware besnydenis.

Die besnydenis wys heen na die koms van Jesus Christus wie se bloed ons van al ons sondes reinig. Christus is ons besnydenis. Deur Hom word ons in die Godsvolk opgeneem. Daarvan is die doop nou die teken. 'n Teken vra om geglo te word. Wie op die uiterlike roem, is skynheilig. God ken ons binneste. Laat ons dan gelowig lewe as mense wat in hart en lewe aan Christus behoort. Dit is tog waarvan ons doop getuig.

13 Desember **Lees:** Jer. 10:1-16 **Teks:** Jer. 10:2

BLY AAN GOD VERBONDE

Jeremia skryf 'n brief aan die Israeliete wat in ballingskap verkeer het. Daar in die vreemde is hulle weg van die tempel en van Jerusalem. Hulle loop gevaar om die Here en sy diens te verruil vir die doen en late van die heidene wat hulle omring.

Hierdie gevaar het Jeremia gesien. Daarom waarsku hy: moenie die gewoontes, lewens- en wêreldsbeskouings van die heidene aanleer nie. Bly aan God verbonde. Die hemelliggame

en natuurgebeure staan alles onder die beskikking van dieselfde Here wat hulle in Palestina reën, sonskyn en vrugbaarheid gegee het. Saam met daardie heidene mag Israel die voor- en teëspoed van die land deel, hulle woon immers saam, maar nooit mag hulle die godsdiens van die heidene deel nie.

Maar die sondaarmens wil vanweë sy bedorwe natuur altyd van God afdwaal. Daarom hang die verbondenheid aan Hom, van God self af. Deur sy genade het Hy die moontlikheid daartoe met die koms van Jesus Christus geskep. Deur Hom kan die verbondsvolk die Here waarlik dien en aan Hom verbonde bly.

In ons land is die Christelike kerk omring deur die heidendom. Ons vyande wil die draers van die evangelie, uitwis. Vreemde gedagtes, wêreld- en lewensbeskouinge word op ons af geforseer. Die stem van die kerk wil hulle nie hoor nie. Werk ons nie daarmee saam met ons kerkloosheid nie? Teen die kommunisme moet ons vasstaan. Laat ons God se Woord in ere hou, deur in die geloof aan Hom verbonde te bly.

14 Desember **Lees:** Jer. 11:1-17 **Teks:** Jer. 11:10c

HOU DIE VERBOND IN STAND

In die Bybel se tyd het mense en volke ook met mekaar ooreenkomste aangegaan. So 'n ooreenkoms word 'n verbond genoem. Dit was altyd 'n sterk en magtige persoon, vors of koning wat met 'n weerlose persoon of volk 'n verbond gesluit het. Die mondelinge ooreenkoms is gewoonlik gevolg deur 'n simboliese handeling en 'n sigbare teken wat die verbondsluiting verseël.

Genesis 17 is 'n mooi voorbeeld van so 'n verbond. Dit is die sterk en alwyse God wat die inisiatief neem en met die swak mens 'n verbond sluit. Daarmee het 'n verhouding wat voorheen nie bestaan het nie tot stand gekom en daartoe was God nie verplig nie. Die Here het Abraham en sy nageslag Israel, verkies, beloftes aan hulle gemaak en die verbond tot stand gebring.

Die volk van die Here moet daardie verbond in stand hou deur Hom in waarheid te dien, te vertrou en lief te hê. Maar Jeremia verwyt sy volk dat hulle die verbond verbreek het deur ander gode te dien. Daarom sal hulle as volk ophou om te bestaan. Die vernietiging van Israel as etniese grootheid kan egter nie die toorn van God oor die sonde blus nie.

Maar God is genadig. In die krip van Bethlehem word 'n Seun gebore. Drie en dertig jaar later sterf Hy die vloekdood van die kruis. Hy het God se toorn gedra — meer nog, Hy het die verbond in die plek van die sondaarmens in stand gehou.

Die teken van die doop sê dat ons kinders van hierdie nuwe verbond is. Deur ons geloofsbelydenis het ons die beloftes en verpligtinge as bindend aanvaar. Alleen deur 'n opregte en vaste geloof in Jesus Christus kan ons die verbond in stand hou.

15 Desember **Lees:** Jer. 11:18 — 12:6 **Teks:** Jer. 11:19c

GELOOF DEINS NIE TERUG NIE

'n Mens hou nie daarvan om voortdurend aan jou foute herinner te word nie. Dit is menslik. Jeremia het sy volk voortdurend op hulle foute gewys. Dit was sy opdrag van die Here. In die dorpe van Juda verskyn hy kort-kort en dan beskuldig hy sy volk: julle loop agter ander gode aan; julle bly nie aan God verbonde nie; julle het die verbond verbreek. Daarmee saam kondig hy ook oordeel, straf en ballingskap aan.

Daarom was Jeremia alles behalwe bemind onder sy volksgenote. Die Here maak hom bekend dat daar mense is wat listige planne teen hom beraam om hom om die lewe te bring. God se woord wat hy preek, wil hulle nie hoor nie.

Nou neem hy sy toevlug tot die Here. God moet as regter optree, sy onskuld voor die mense bewys, die geregtigheid handhaaf. Die Here doen dit (v. 22 en 23), maar as Jeremia kla oor die swaar van sy profetiese ampsvervulling, maak die Here hom bekend dat sy las nog swaarder sal word. Sy eie familie, mense wat hy kon verwag het om by hom te staan, draai teen hom. Die draer van God se woord ondervind teenstand en vyandskap. Hoe dan anders? Godswoord staan teenoor die sonde.

Lyding, stryd en vyandskap was ook die lot van die vleesgeworde Woord, Jesus Christus. Van sy geboorte af tot aan die kruis het Hy gely en is Hy vervolg. Hy het gekom om wat verlore was, te soek maar sy eie mense het Hom nie aangeneem nie.

Waar God se Woord inkom ,is daar altyd stryd, stryd tussen die sonde wat die sondaar gevange wil hou, en God se Woord wat wil bevry en verlos. Ons as gelowiges en ampsdraers is draers van die lig van God's Woord. Ons is alleen voorbereid om alle teenstand te trotseer. deur die volle wapenrusting van God op te neem. (Ef. 6:12 vv.)

16 Desember **Lees:** Jer. 13:1-11 **Teks:** Jer. 13:11

BLY AAN GOD VERBIND

Jeremia moet 'n simboliese handeling verrig. Dit dien om die boodskap van die Here aan die volk meer verstaanbaar te maak. Hy gaan koop 'n linnegord, 'n outydse stuk onderklere. Hy moet dit op sy lyf dra en baie sorg daaraan bestee. Daarna gaan begrawe hy dit in 'n klipskeur langs 'n spruitjie naby sy tuisdorp. Heelwat later gaan grawe hy dit weer uit en vind dat dit heeltemal waardeloos en bedorwe is.

Israel is soos daardie lendekleed. Die Here het die volk tot sy eiendom gekoop toe Hy hulle tegemoet gekom het, uitgelei en verlos het van die slawerny, onderdrukking en ondergang in Egipte. Soos daardie sierlike linnegord het die Here sy volk beskerm en met groot liefde en sorg gedra. Hy het hulle aan Hom vasgebind om Hom tot roem, lof en sieraad te wees.

Maar Israel het van die Here losgeraak, daarom is hulle besig om te gronde te gaan. As hulle in ware diens, liefde en trou aan die Here verkleef bly, dien dit tot hulle behoud en liefdevolle versorging deur God. Los van God is daar verderf.

In Jesus Christus het God ons tot sy eiendom duur gekoop. Ons doop sê dat God ons aan Hom verbind het. So lank ons deur geloof, liefde en goeie werke as teken van ons dankbaarheid, aan Hom verbind bly, mag ons reken op sy bystand, sorg en beskerming — ook wat ons aardse lewe betref, wanneer gevaar ons bedreig. Die geskiedenis van ons volk lewer bewys daarvan. Ons dit aan Bloedrivier maar net so goed is daar dié bewyse: wie van die Here losraak, bevind homself baie gou in die diepste van ellende. Daaraan is daar helaas ook baie voorbeelde.

17 Desember **Lees:** Jer. 13:15-27 **Teks:** Jer. 13:16a

IS AL DIE PREDIKING VERGEEFS?

Die beeld van 'n skaapkudde kom hier na vore. In die velde rondom Jerusalem is die herders met hulle skape 'n bekende gesig. In die berge en tussen die heuweltoppe word dit gou donker as die son eers gesak het. Skape wat nie by die herder bly en op sy stem ag gee nie, raak gou verdwaal en verlore en val die ongediertes ten prooi.

So sien Jeremia sy volk as die kudde van die Here. Hy roep hulle op om by die Here te bly deur op sy woord en wet ag te gee. Maar dit het die volk nie gedoen nie. As straf sal die Here die donkerte, die oordeel oor hulle laat toesak. Met hulle verootmoediging en skuldbelydenis moet hulle voordat dit donker word aan God die eer gee.

Jeremia is egter bedroef want dit is vir hom duidelik dat al sy prediking en oproep tot bekering, tevergeefs is. So was die apostel Paulus ook vervul met groot droefheid en onophoudelike smart oor sy arbeid wat tevergeefs is.

As profete en apostels hierdie smart oor die goddeloosheid van hulle volk en gemeente ken, hoeveel te meer God self nie? Ja, daar is smart in die hemel oor die onbekeerdheid van die sondige menslike geslag.

Maar God se smart is tegelyk sy genade. Sy droefheid oor die sonde sê dat Hy nie 'n behae het in die dood van die sondaar nie, maar dat hy hom bekeer en lewe. God wil dat ons sal luister en terugkeer. Die Kind van Betlehem is die moontlikheid daartoe.

Die prediking van die kerk roep ons op tot geloof in Jesus Christus. Gaan ons in die sonde bly lê? Laat ons op sy Woord ag gee. Dit is betroubaar en die moeite werd.

18 Desember **Lees:** Luk. 1:1-4 **Teks:** Luk. 1:1

BETROUBAAR

Lukas berig dat daar in die verlede baie persone was wat 'n poging aangewend het om die geskiedenis van Jesus Christus neer te skryf. Dit is egter nooit na behore gedoen nie. Daarom het hy die taak op hom geneem om dit te doen. Lukas verwyt egter nie sy voorgangers direk nie. Hy beskuldig hulle nie daarvan dat hulle geskryf het oor dinge waarvan hulle geen grondige kennis het nie. Hy verklaar daarenteen dat hyself die geskiedenis van Jesus Christus ondersoek het.

Die Griekse woord wat Lukas hier gebruik, beteken eintlik: om dinge grondig te ondersoek en aan geen twyfel onderhewig te wees nie. Lukas het dus die geskiedenis van Jesus grondig ondersoek. Die dinge wat hy vir ons en ons nageslag neergeskryf het, staan dus vas. Dit is bo alle twyfel verhef.

Die apostel Paulus bevestig ook die betroubaarheid van die Woord van God met die woorde: „dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word."

Die geskiedenis wat Lukas aan ons beskrywe, is dus betroubaar. Dit kan ook ten volle aangeneem word. Meer nog, dit is nie alleen die geskiedenis wat betroubaar is nie, maar Hy wie se geskiedenis dit is, is die Betroubare en Geloofwaardige. Die geskiedenis betuig dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red. Wanneer Jesus sê: „Ek is die weg", dan weet ons dit is 'n betroubare weg.

19 Desember **Lees:** Luk. 1 **Teks:** Luk. 1:69

DIE HORING VAN HEIL

Na die lang maande van stomheid, was dit heel natuurlik dat Sagaria nou in 'n lofsang aan sy blydskap sou uiting gee. Sagaria besing die verlossing wat die Here reeds bewerk het. Die vervulling van die beloftes van God het reeds ingetree. Daar is 'n horing van heil opgerig. Die krag van 'n dier is as't ware gekonsentreer in die horings van die dier. Die verlossende krag van God wat aan die huis van Dawid toegesê is, is so gekonsentreer in Jesus Christus. Christus is vir ons 'n krag tot saligheid.

Sagaria sê: „opgerig". Die hoop van die heil is na die val van die troon van Dawid en ook die verstrooiing van die volk afgesny. Sagaria sinspeel ook op die godsprake van die profeet waarin 'n onverwagte herstel uit 'n radelose en jammerlike toestand belowe word. In Christus is die heil weer van nuuts af opgerig.

Die volle krag van ons heil is in Jesus Christus geleë. Maar terselfdertyd beteken dit ook dat hierdie horing tot skrik en verstrooiing van die goddelose dien. Die heil van Christus word soos 'n tweesnydende swaard opgerig. Dit dien om na

albei kante te sny. Die gelowiges word kragtig in die heil van Christus ingesluit. Die ongelowiges word met krag neergewerp en verpletter.

Van ons as gelowiges word verwag om soos die apostel Paulus onomwonde te kan sê: „want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo."

20 Desember **Lees:** Luk. 1:26-31 **Teks:** Luk. 1:31

JESUS

In die Bybel is die naam van 'n persoon beskrywend van sy karakter asook van sy taak. Die Naam Jesus is 'n Griekse vertaling van die Hebreeuse naam Josua. In die Ou Testament is daar 'n paar persone wat dié naam dra. Die bekendste is Josua die seun van Nun. Dit is opmerklik dat nie alleen by die name van Josua en Jesus nie, maar ook by hulle werk hier op aarde daar 'n groot ooreenkoms bestaan.

Josua het die volk Israel uit die woestyn in die beloofde land Kanaän gebring. Die naam Josua beteken: „die Here is Verlosser." In die werk van Josua het dit dan ook duidelik geblyk dat dit die Here is wat die volk uit hulle ellende verlos het. In Josua het ons 'n heenwysing na die groot werk van Jesus Christus.

Die Naam Jesus Christus beteken: „Verlosser." Deurdat God bekend maak dat die kind wat gebore sal word se Naam Jesus moet wees, word dit duidelik dat Jesus van Godsweë na hierdie wêreld gestuur word met die taak om te verlos. Dit veronderstel ook dat die mens in so 'n toestand moet verkeer dat verlossing van Godsweë noodsaaklik is. Daarom word ook gesê dat die Seun van die Mens gekom het om wat verlore was, te soek en te red. Die vraag is: wie sal verlos word? Die engel wat die berig van die geboorte gebring het, het gesê: „dit is Hy wat sy volk sal verlos."

Alleen deur die geloof kan ons van die volk van God deel word.

21 Desember **Lees:** Luk. 1:31-35 **Teks:** Luk. 1:35

ONTVANG VAN DIE HEILIGE GEES

Dit bly vir ons vreemd dat God mens geword het. Nog vreemder mag dit vir ons klink dat Christus uit 'n vrou gebore is, maar nie 'n menslike vader het nie. Christus het 'n mens as moeder. Dit toon ons dat Christus werklik mens geword het. Maar Christus het nie 'n mens as vader nie. Lukas berig dat Christus van die Heilige Gees ontvang is. Dit toon ons dat Christus ook inderdaad God is. Van Godsweë word Christus verwerk.

Op die bekendmaking deur die engel dat Maria 'n Seun sal baar, antwoord sy: „hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord." Maria ontvang hierdie nuwe lewe in haar skoot deur haar geloof. Die Heilige Gees

maak die skoot van Maria vrugbaar deur te spreek, te beveel en te seën. Maria ontvang dus as't ware deur haar oor. Sy hoor en sy glo.

Christus het so mens geword. Hy is die dieptepunt van die neerbuigende genade van God. Dit is die kern van die evangelie, die blye tyding. God het na ons gekom om ons van onsself te red.

Dit is die werk van die Heilige Gees om die geloof in ons te werk. Die Heilige Gees gryp egter nie dwingend in ons lewe in nie. Die Heilige Gees werk beskeie. Daarom moet ons vir die werking van die Gees in ons lewens ruimte skep. Ons moet 'n geopende oor hê vir dit wat die Gees aan ons wil sê.

22 Desember **Lees:** Luk. 1:32-38 **Teks:** Luk. 1:36

ELISABET, JOU BLOEDVERWANT

Maria, die moeder van Jesus Christus, is uit die huis van Dawid gebore. Maria was dus van koninklike geslag. Nou blyk dit uit die gelese gedeelte dat Maria ook familie van Elisabet is. Elisabet is afkomstig uit die huis van Aäron. Sy was dus van priesterlike geslag. Dit beteken dat die koninklike en die priesterlike lyn in Maria saamvloei. Dit word deur haar aan haar Seun oorgedra.

In die aankondiging dat Maria swanger sal word en 'n Seun sal baar, val die nadruk op die koninklike heerskappy van Jesus Christus. „Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word, en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en hy sal Koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid." Christus word dus as Koning gebore.

In die ontvouing van die evangelieverhaal tree die priesterlike aspek na vore totdat Christus Homself as offer aan die kruis bring. Die lewe van Christus op aarde is 'n priesterlike lewe. Hy bring die offerande vir die mensdom met sy hele lewe. Sy priesterlike werk bereik sy hoogtepunt op Golgota. Christus offer Homself.

As Koning heers Christus deur sy Woord en Gees oor ons. Ons word tot sy onderdane geroep. As Priester neem Christus alles wat skeiding maak tussen die sondaarmens en God weg. Tydens die kruisiging het die voorhangsel in die tempel middeldeur geskeur. Hy het vir ons die weg na God toe gebaan. Ons word geroep om Hom te volg.

23 Desember **Lees:** Luk. 2:8-14 **Teks:** Luk. 2:14

VREDE

Hierdie lofsang word deur die engele en die hemelse leërskare tot God gerig. Die lofsang bevat drie dele. Eers word die lof, heerlikheid en eer aan God gebring. Tweedens word aangekondig dat 'n bedeling van vrede op die aarde aangebreek het, en derdens dat God sy welbehae teenoor die mens betuig het.

By die geboorte van Christus gaan dit om 'n daad van goddelike ontferming. God het na die aarde neergedaal. Hy open vir ons die weg na verlossing van sonde. Daarom kom die eer, die lof en die aanbidding in die eerste plek God toe. God daal na die aarde neer om vrede te bring. Vrede het hier die betekenis dat daar nie meer 'n vyandskap tussen God en mens vanweë die sonde bestaan nie. Christus neem dus die oorsaak van die vyandskap weg en skenk aan ons vrede. Dit doen God omdat Hy in die mens 'n welbehae het.

Die vrede wat daar tussen God en mens bestaan, moet ook in die verhouding tussen mens en mens gestalte kry. Maar dan altyd eerstens vrede met God deur die geloof en dan vrede met die mens. Hierdie rangorde kan maklik deur ons omvergewerp word. Die mens mag nooit belangriker as God word nie. Want wat baat dit 'n mens om vrede met jou medemens te hê as ons nie vrede met God het nie? Laat ons eers vrede met God soek.

24 Desember **Lees:** Luk. 2:15-20 **Teks:** Luk. 2:15

REAKSIE

Hier word vir ons die gehoorsaamheid van die herders beskrywe. God het kragtig tot hulle deur die engele gespreek. Wat aan hulle gesê word, mag hulle nie ontgaan nie. Die geboorte van Christus is 'n gebeurtenis waarop hulle ag moet slaan. In gehoorsaamheid aan hierdie bekendmaking deur God wil die herders na Betlehem gaan. Hulle haas hulle om Christus te sien. Hierdie herders het maar nog net gehoor van die Seun van God wat gebore is. Maar reeds is daar by hulle die reaksie op die Woord van God.

Hoeveel te meer moet ons nie reageer op die evangelie wat reeds voluit aan ons geopenbaar is nie. Lukas toon ons dat ons nooit mag toelaat dat die evangelie vir ons maar net 'n blote klank word nie. Die evangelie moet 'n lewende wortel in ons word. Dit moet groei en ons sterk maak.

Die herders het ook die gevolge van hulle reaksie en haas gemaak. Hulle het die Messias in die stal gevind, in doeke toegedraai. Dit het hulle ook oral gaan bekend maak. Hulle kon nie swyg nie.

So begin die geloof deur te luister na die Woord van God en deur daarop te reageer. Wie die evangelie hoor, moet reageer. Wie die evangelie hoor, kan nie swyg nie.

Daar moet by ons die reaksie wees om na „Betlehem" te gaan om die Christuskind te soek. Daar moet by ons ook die reaksie wees om hierdie tyding aan almal bekend te maak.

25 Desember **Lees:** Joh. 1:1-5 **Teks:** Joh. 1:4

DIE RAAD VAN GOD

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Oor die duisternis wat daar heers, bring God die lig. Deur die ewige en die lewende Woord, Jesus Christus, roep God die wêreld in aansyn. Ook die mens word geskape: na die beeld en die gelykenis van God word hy geskape. Gehoorsaam aan God leef die mens in volmaakte gemeenskap met Hom. Maar deur ongehoorsaamheid en die begeerte om soos God te wees, val die mens tot sonde. Die volmaakte gemeenskap met God word verbreek. Van saligheid en ewige lewe is daar nie meer sprake nie. Die mens beweeg van die ewige lig na die ewige duisternis, van die lewe beweeg die mens na die dood. Van God af weg beweeg die mens na Satan toe. Die mens en sy hele nageslag se lot het die ewige dood geword.

Maar deur die vrederaad van God het God drieënig ons sondaars genadig aangesien. God, die Vader, sou op 'n gesette tyd sy Seun na ons sondaars stuur om ons van ons sondes te verlos. Die ewige en lewende Woord sou vlees word. Dit wat ons moes doen maar nie kon doen nie, sou Hy doen om so vir ons saligheid en verlossing en ewige lewe te skenk.

Dit is die boodskap van Kersfees. Die reddende genade van God het aan die wêreld verskyn. God het in die geskiedenis van die mensdom ingegryp. Hy het Hom met ons mense bemoei. Hy het ons lewe wat inhoudloos en sinloos geword het vanweë die sonde weer sin gegee. Die Woord het vlees geword. Die mens wat in die duisternis van die sonde was, word deur die lig van die lewe omskyn. Die mens wat dood was vanweë die sonde word lewend, want Jesus Christus, ons Verlosser, leef!

26 Desember **Lees:** Joh. 1:6-14 **Teks:** Joh. 1:14

DIE LIEFDE VAN GOD

Ons teks is 'n lofsang en pryslied. Dit is 'n sidderende jubel uit dankbaarheid — die Woord het vlees geword! Met hierdie woorde wil ons outeur ons laat besef wat die volle betekenis van die openbaring van God in Jesus Christus is. Dit wil ons die groot liefde van God laat sien. Dit wil ons die volle werklikheid van die koms van Jesus Christus na ons sondaarmense laat verstaan.

Die Woord het vlees geword. Die uitdrukking vlees is in die Bybel 'n aanduiding van stoflikheid, van sterflikheid, van skuldig wees, van sondaar wees voor God. Die Seun van God was bereid om dit te wees. God, die Seun, was bereid om Hom so te verneder dat Hy wat God is, soos ons mense sou word. Dit doen Hy om ons van ons misdade te verlos — misdade waarin ons self verval het omdat ons soos God wou wees.

As gestuurde van die Vader het Christus gekom om die wêreld te red, om die wet te vervul, om waarlik beeldddraer en gelykenis van God te wees. Aan hierdie waarheid van die evangelie moet ons goed vashou. Want God gee sy bedoeling met sy skepping nie prys nie. Eintlik was sy bedoeling dat ons mense self teenoor Hom sou staan, dat ons self sy beeld sou wees, dat ons sy gebooie sou bewaar. Maar toe ons deur ons vermenigvuldige sondes misluk, het God deur sy genade gehelp. Jesus Christus tree vir ons in, gaan staan in ons plek voor die regterstoel van God. Die wêreld word nie prysgegee nie. Die bedoeling van God met die wêreld word nie verydel nie.

Die Woord het vlees geword en ons het sy heerlikheid aanskou. Sy reddende genade het aan almal van ons verskyn. Deur die koms van Christus na hierdie aarde toe word ons almal onder die volheid van sy heil gestel. Deur die genade en guns van die almagtige en lewende God in Jesus word ons verlos, word ons weer kinders van God.

27 Desember **Lees:** Joh. 1:15-23 **Teks:** Joh. 1:16

DIE GENADE VAN GOD

God is die bron van die lewe, geregtigheid, deug en wysheid. God is volmaak, ewige en almagtig. Die mens is sondaar. In sonde word ons ontvang en gebore en as sondaar sterf ons.

Die mens is in homself onbekwaam tot enige goed, altyd geneig om die kwaad te doen. Voortdurend is ons geneig om God en ons naaste te haat. Voordat ons nog die goeie wil, is die kwaad reeds by ons teenwoordig.

Om die saligheid en die ewige lewe te kan ontvang, is dit vir die mens nodig om God goed en reg te ken, sy wil van harte te doen en sy gebooie te bewaar. Dit kan die mens nie want die sonde lê soos 'n onoorbrugbare kloof tussen ons en God. Ons kan nie God leer ken sonder dat Hy Hom aan ons openbaar nie. Ons kan nie sy wet behoorlik doen nie omdat ons van nature die kwaad kies en sy wet eis liefde.

'n Daad van God is nodig om ons te red en uit ons sondenood te verlos. Hierdie daad geskied in Christus. Weens die sonde van die mens is dit onmoontlik om uit homself gered te word. Deur God in Christus word dit moontlik. Dit is genade: God kom ons in Jesus Christus te hulp. Sonder dat ons dit verdien het, ontvang ons uit sy volheid die genade om uit die mag van die sonde en van die satan los te kom. Nou is ons lot nie meer die dood nie, nee, nou is ons begenadigde sondaars wat weet dat ons in Jesus Christus die ewige lewe ontvang het.

Wat 'n troos is dit nie vir ons sondaarmense nie? Sonder om dit te verdien, alleen deur te glo in Jesus Christus ontvang ons die genade van God en het ons deel aan alles wat Christus vir sy volgelinge belowe het.

Maar dit is ook 'n vermaning. Jesus Christus alleen, en geen ander weg is die weg van die lewe nie. Want sy genade is vir ons genoeg.

28 Desember **Lees:** Joh. 1:24-34 **Teks:** Joh. 1:29

DIE LAM VAN GOD

Jesus word deur Johannes die doper „Die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem", genoem. Met hierdie woorde wil Johannes die vernaamste amp van Jesus beskryf. Jesus is die Messias, die persoon wat ons mense se sondes op Hom sou neem. Jesus is Hy wat ons sondes kom uitdelg.

Die lam het nog altyd 'n baie belangrike plek in Israel verteenwoordig. By die ontstaan van die Israelitiese volk het 'n lam 'n sentrale plek ingeneem. Ons dink aan Isak die enigste seun van die stamvader Abraham. God voorsien aan Abraham 'n ram om te offer sodat Isak vry kon gaan en die nageslag van Abraham as God's volk bewaar kon bly. Ons dink aan die bloed van die lam wat in Egipte aan die deurposte gesmeer is sodat daardie huise die dood kon vryspring. Telkens wanneer die volk Paasfees vier, herinner die bloed van die lam hulle aan die verlossing uit Egipte. Die bloed van die lam herinner altyd aan die verlossing van die volk. Die bloed van 'n lam wys ook na die verlossing wat eenmaal vir almal sou kom ter wille van die verlossing van sonde.

Jesus is die Lam. Hy is die Lam van God wat ons nie alleen van Egipte red nie, nie alleen uit die hande van ons aardse vyande red nie, maar ons van ons grootste vyand, die sonde, die duiwel en die dood bevry. Jaarliks het die hoëpriester 'n soenoffer op die Groot Versoendag gebring om die volk se sondes vir die tyd te versoen. Maar op Golgota word die sonde vir ewig versoen.

Hierdie Lam van God het waarlik gekom en ook ons vir ewig van ons sondes verlos. Halleluja!

29 Desember **Lees:** Joh. 1:35-42 **Teks:** Joh. 1:42

DIE CHRISTUS GEVIND

„Ons het die Messias gevind." Kan daar vir 'n mens belangriker woorde wees om uit te spreek as hierdie? Om die Messias te vind, beteken verlossing, redding, saligheid en die ewige lewe. Om die Messias te vind, beteken geloof: „want niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het hom nie trek nie." (Joh. 6:44.) Dus gevind omdat God ons gevind het. En vir die gelowige is dit onmoontlik om oor Christus te swyg. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees, wat die geloof in ons harte werk, is dit onmoontlik om nie te spreek oor die Messias wat gevind is nie. Daarom gaan vertel Andreas dadelik sy broer Petrus van die Messias en lei hy hom ook na die Messias toe.

Deur die evangelie wat Sondag na Sondag gepreek word, werk die Gees ook die geloof in ons harte. Dag vir dag kan

ons uit sy Woord, die Bybel, van die groot dade van God in Christus bewus word. So kan ook ons die Messias vind, omdat Hy ons deur sy Woord gevind het.

Die gelowige wat die Messias gevind het, moet die voorbeeld van Andreas volg. Ons moet ons medemens wys dat ons Christus ken. Ons moet ons lig laat skyn. As gelowige mag ons ons deur niks die swye laat oplê om oor die openbaring van God in Jesus Christus te praat nie. Met vrymoedigheid en sonder vrees of skaamte moet ons die bly boodskap laat klink: ons het die Messias gevind!

30 Desember **Lees:** Joh. 1:43-45 **Teks:** Joh. 1:44

VOLG MY

Met die eenvoudige woorde: „volg My", word Filippus deur Jesus tot dissipel uitverkies. Hy is eenvoudig ook nie in staat om hierdie oproep ongehoorsaam te wees nie. Dadelik en gewillig reageer hy daarop.

Die woord dissipel beteken leerling. Van so 'n persoon word verwag dat hy alles inneem wat sy meester hom leer. Hy moet egter nie net inneem dit wat hy hoor nie. Hy moet dit ook kan weergee wanneer van hom rekenskap geëis word. 'n Dissipel is dus aanspreeklik om te getuig van wat hy gehoor het. Die opdrag wat die dissipel van Jesus Christus kry, is om van Christus te getuig en in sy Naam te handel. Hierdie opdrag is nie net vir 'n bepaalde tydperk nie, maar dit strek deur die hele lewe van die dissipel. Dit word sy hoogste roeping en daarvoor verlaat hy alles.

Ons as gelowiges is ook dissipels van Jesus Christus. Die Heilige Gees roep ons op tot diensplig en ons mag nie weier om Hom gelowig na te volg nie. As dissipels kry ook ons die opdrag: volg My. Maar om van Jesus te spreek moet ons egter gereeld sy Woord hoor. Want die Woord van God is die middel waardeur die Gees die geloof in ons werk.

Hierdie teks roep ons dus op om op te gaan na waar God se Woord gehoor kan word naamlik die erediens. Ook wil dit aan ons die vermaning rig dat ons elke dag, sonder versuim ons Bybel sal lees en bestudeer. En as ons dan God se Woord ontvang en gelees het, moet ons as dissipels van Jesus ook hierdie woord verkondig. Ons moet getuig dat Jesus Christus die Verlosser van sondaars is. Maar ook moet ons met die daad antwoord op wat Christus vir ons gedoen het. Ons dade moet daarvan spreek dat ons gelowiges is. Dit is die vrugte van die geloof. Geloof sonder die werke is dood. Ons is verplig om goeie werke te doen.

Laat ons daarom met onverdeelde hart en onverbreekbare trou, tydig en ontydig, ons dissipelskap volvoer.

31 Desember **Lees:** Joh. 1:46-52 **Teks:** Joh. 1:50

DIE KONING VAN ISRAEL

Die Joodse volk gaan onder swaar Romeinse verdrukking gebuk. Daarom is die uitsien na die koms van die Messias groot. Die Messiasverwagting gaan egter met 'n valse hoop gepaard. Die Joodse volk verwag 'n aardse koning wat die Romeinse juk gaan afwerp en Israel weer tot 'n groot nasie gaan verhef. 'n Messias wat kom om die wêreld van sy sondes te verlos, dink hulle nie aan nie.

Die Koning van Israel, Jesus Christus, die Seun van God, kom egter nie om as 'n aardse vors met prag en praal 'n aardse koninkryk op te rig nie. As werktuig in die hand van God, toegerus met die Gees van God, kom Hy om met die werk van God besig te wees. Hy kom om die sondes van die volk weg te neem en hulle met God te versoen. Hy kom om 'n nuwe volk deur sy bloed uit te kies — 'n volk om Hom te dien en eer — 'n kerkvolk van gelowiges.

Daarom noem Natánael Jesus die Seun van God, die koning van Israel. Want dit is Hy wat ons mense uit ons jammerlike ellende van sonde, dood en hel kom verlos. Deur Hom word die gebroke verhouding tussen mens en God weer herstel. Jesus Christus is ook ons Koning want Hy is Heer van die kerk. Na Hóm sien ook ons, die kerkvolk, die gemeente van die Nuwe Testament, op. Want deur Hom is ook ons sondes vergewe.

Maar dit is nie al nie. Want nou leef ons nie meer met die oog op hierdie lewe alleen nie. Ons het nou ook 'n toekomsverwagting. In Jesus Christus het ons die versekering ontvang dat ons kan lewe al het ons ook gesterwe. Deur Jesus Christus is ons sondes vergewe en het ons deel aan al sy beloftes. As Koning regeer Hy ons van die regterhand van die Vader af, beskerm en bewaar Hy sy volk en beskik Hy vir ons die beste. Jesus Christus, die Koning van Israel, is ook ons Koning!

MEDEWERKERS

1 — 8 Januarie	:	B. J. van Wyk
9 — 15 Januarie	:	A. D. Botha
16 — 22 Januarie	:	G. P. J. Grobler (jr.)
23 — 30 Januarie	:	M. J. Beukes
31 Januarie — 5 Februarie	:	L. M. Swanepoel
6 — 12 Februarie	:	F. H. van der Merwe
13 — 19 Februarie	:	M. J. van Schalkwyk
20 — 26 Februarie	:	G. J. J. Labuschagne
27 Februarie — 5 Maart	:	S. J. Swanepoel
6 — 12 Maart	:	E. P. Vosloo
13 — 19 Maart	:	J. C. Kruger
20 — 26 Maart	:	T. F. J. Dreyer (sr.)
27 Maart — 2 April	:	W. H. Swart
3 — 9 April	:	H. N. Botha
10 — 16 April	:	A. J. Conradie.
17 — 23 April	:	J. P. B. Blignaut
24 — 30 April	:	A. M. Swanepoel
1 — 7 Mei	:	N. C. J. Brayshaw
8 — 14 Mei	:	J. A. de Beer
15 — 21 Mei	:	P. J. van der Merwe (jr.)
22 — 28 Mei	:	L. A. Breedt
29 Mei — 4 Junie	:	T. F. J. Dreyer (jr.)
5 — 11 Junie	:	F. G. J. Loots
12 — 18 Junie	:	A. J. G. Dreyer
19 — 25 Junie	:	A. J. Zwarts
26 Junie — 2 Julie	:	G. J. van Staden (jr.)
3 — 9 Julie	:	J. P. J. Fourie
10 — 16 Julie	:	J. H. Viljoen
17 — 23 Julie	:	G. M. M. Pelser
24 — 30 Julie	:	D. J. Booysen
31 Julie — 6 Augustus	:	D. J. Dreyer
7 — 13 Augustus	:	A. J. Willemse
14 — 20 Augustus	:	G. C. van Staden
21 — 27 Augustus	:	F. J. Engelbrecht
28 Augustus — 3 September	:	J. P. Oberholzer
4 — 10 September	:	H. J. Botes
11 — 17 September	:	P. M. Smith
18 — 24 September	:	J. A. de Beer
25 September — 1 Oktober	:	J. A. P. van Tonder
2 — 8 Oktober	:	W. C. M. de Beer
9 — 15 Oktober	:	J. J. H. Engelbrecht
16 — 22 Oktober	:	J. I. de Wet
23 — 29 Oktober	:	E. C. B. Kotze
30 Oktober — 5 November	:	H. R. Visser
6 — 12 November	:	M. M. Seymore
13 — 19 November	:	C. J. Smit
20 — 26 November	:	J. L. van Staden
27 November — 3 Desember	:	M. J. Redelinghuys
4 — 10 Desember	:	C. J. A. Simpson
11 — 17 Desember	:	J. S. Naudé
18 — 24 Desember	:	R. M. Naudé
25 — 31 Desember	:	J. M. G. Storm

Het u al kennis gemaak met ...

ONS PROTESTANTSE ERFENIS. Uitgegee in opdrag van die Algemene Kerkvergadering deur die Raad vir die Handhawing van ons Protestantse Erfenis. 125 Bladsye. Prys R1,45.

JULLE SAL MY GETUIES WEES deur prof. dr. D. J. Booysen. 63 Bladsye. Prys R1,00.

DOOP- EN HUWELIKSKATEGESE deur prof. dr. F. J. van Zyl. 59 Bladsye. Prys R1,20.

RONDOM DIE GEWETENSKLOUSULE. Opgestel deur die professore J. P. Oberholzer en F. J. van Zyl en ds. J. G. M. Dreyer (Sr.). Uitgewers H.A.U.M. 43 bladsye. Prys 40 sent.

„OPSIG en TUG met verwysing na die afsnyding en die Ban". Prof. dr. A. D. Pont. Sagte band. Slegs 10 bladsye. Uitgawe N.H.W.-Pers. 1975. Prys 27 sent.

WAAROM IS EK LIDMAAT VAN DIE KERK. Proff. drr. F. J. van Zyl, P. S. Dreyer en ds. P. M. Smith. 14 Bladsye. Prys 20c.

HERBERG VIR DIE VREEMDELING. Dr. L. M. le Roux. 10 bladsye. Prys 15c.

SEKTE KENMERKE ... deur die Raad vir Sektewese. Harde band. 83 Bladsye. Prys R1,50.

DIE VRYMESSELARY deur prof. dr. F. J. van Zyl. Tweede druk. 15 Bladsye. Prys 20sent.

DIE JEHOWAGETUIES WEERLÊ. Ds. A. J. van Staden. 145 Bladsye in hardeband met netjiese omslag. H.A.U.M. 1975. Prys R2,50.

KERK OF SEKTE. Ds. A. J. van Staden. 95 Bladsye. Prys R2,50.

WOORD EN DIENS deur prof. dr. B. J. Engelbrecht. 45 Bladsye. Prys 30 sent.

BRANDWAGTE VAN GOD deur prof. dr. P. S. Dreyer. 91 Bladsye. Prys R1,00.

KEN JY DIE BYBEL? onder redaksie van prof. dr. F. J. van Zyl. Harde band. 63 Bladsye. Prys R1,00.

DINK AAN JOU SKEPPER 'n preekbundel vir die jeug, saamgestel in opdrag van die Raad vir die Belydende Jeug. Harde band. 91 Bladsye. Prys R1,45.

Bestel vandag nog by

HAUM

PAUL KRUGERSTRAAT 480, PRETORIA, TEL. 3-6417
POSBUS 460, PRETORIA 0001